

1994 012 456 01



UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



199701245601220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

19 JUN 1997

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 839.3635 BRI

**ANDRÉ P. BRINK : 'n Literêre sisteemondersoek**

deur

**MATILDA SOPHIA SMITH (geb. NIEBUHR),  
B.A., M.A., H.O.D.**

Proefskrif voorgelê te vervulling van die graad PHILOSOPHIAE DOCTOR in die  
DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS, FAKULTEIT LETTERE EN  
WYSBEGEERTE aan die UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

**Promotor : PROF. H.P. van COLLER  
Mede-promotor : PROF. J.C. STEYN**

**Bloemfontein  
November 1996**

*Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die navorser s'n, en nie bedoel as 'n weergawe van menings en gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.*



## BEDANKINGS

Proff. Hennie van Coller en Jaap Steyn vir hul kundige leiding.

Prof. Jan Senekal en Izette Bredenkamp wat 'n groot rol gespeel het in die ontstaan van hierdie proefskrif.

Mabel Erasmus vir haar idees en knap taalkundige versorging.

Ina van Rooyen wat my leer tik het.

My huishulp, Martha Leeuw, as 'n belangrike element in my ondersteuningsstelsel.

My ma wat moes probeer verklaar hoekom dinge in hierdie land was soos dit was.

My man, Willem, en my kinders, Robynne, Willem en Rudy vir urelange gesprekke oor die Afrikaner, die Suid-Afrikaanse gemeenskap, ons politieke bedeling in hierdie land en die rol wat die kerk in ons samelewing gespeel het.

*Vir my seun, Willem, wat my laat voel het dat ek  
hier met iets belangriks besig is.*

# INHOUDSOPGAWE

1	<b>INLEIDING EN VERANTWOORDING</b>	1
1.1	NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE NAVORSING	1
1.2	NAVORSINGSONTWERP	2
1.3	ALGEMENE WERKSWYSE	3
1.4	NAVORSINGSONTWERP	7
1.4.1	Inleiding	7
1.4.2	Die sisteembenadering	10
1.4.3	Sisteemgrense	15
1.4.4	Die omgewing van 'n sisteem	17
1.4.5	Literatuursosiologie en die Suid-Afrikaanse samelewing	18
1.4.6	Samevatting	21
2	<b>1974: DIE VERBOD OP KENNIS VAN DIE AAND</b>	24
2.1	INLEIDEND	24
2.2	OORSIG VAN DIE LITERÊRE, POLITIEKE EN SAMELEWING-SISTEME VANAF 1960 TOT 1979	24
2.3	SENSUUR SE INVLOED OP DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM VOOR 1974	43
2.4	KORRESPONDENSIE AAN DIE PUBLIKASIERAAD OM KENNIS VERBIED TE KRY	47
2.5	DIE TEMA EN INHOUD VAN KENNIS VAN DIE AAND	50
2.6	DIE GEREGTELIKE RAAMWERK	53
2.7	DIE BESLISSING OOR KENNIS VAN DIE AAND	56
2.8	DIE WET OP PUBLIKASIES, ARTIKEL 47(2) VAN 1974	64
2.9	REAKSIE VAN DIE PUBLIEK OP GERUGTE VAN 'N VERBOD EN DIE VERBOD SELF	65
2.10	REAKSIE VANUIT DIE LITERÊRE SISTEEM OP DIE VERBOD	71
2.11	REAKSIE VANUIT DIE JOERNALISTIEKE SISTEEM IN DIE VORM VAN SPOTPRENTE	77
2.12	REAKSIE VANUIT DIE BUITELAND	85

2.13	VERDERE UITVLOEISELS VAN DIE 1974-VERBOD OP KENNIS	86
2.14	ONTSTAAN VAN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSGILDE	90
2.14.1	Die relasie tussen die Skrywerskring en die Skrywersgilde as substeme binne die Afrikaanse literêre sisteem	90
2.14.2	Die grondwet van die Gilde	92
2.14.3	Aktiwiteit van die Gilde	93
2.15	SAMEVATTING	95
3	<b>SENSUUR NÁ 1974</b>	100
3.1	INLEIDEND	100
3.2	INTERAKSIE TUSSEN DIE GILDE EN ANDER SISTEME GEDURENDE DIE TYDPERK 1975 TOT 1980	101
3.3	DIE MAGERSFONTEINSAAK BRING UITSLUITSEL OOR LITERÊRE NORME	111
3.4	DIE VERBOD OP KENNIS WORD OPGEHEF	113
3.5	DIE GILDE SE ROL IN DIE LITERÊRE SISTEEM NA DIE OPHEFFING VAN DIE VERBOD OP KENNIS	119
3.6	AGTERNAPERSPEKTIEF OP DIE SENSUURSTELSEL	126
3.6.1	Sensuur: 'n politieke verskynsel	126
3.6.2	Min. Connie Mulder se sensuurmasjien	132
3.6.3	Intimidasie van skrywers	134
3.6.4	Vervreemding binne Afrikanergeledere	137
3.7	DIE UITWERKING VAN PRESENSUUR/VERSKUILDE SENSUUR OP DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM	140
3.8	SAMEVATTING	144
4	<b>BRINK EN DIE GEMEENSAP</b>	148
4.1	INLEIDEND	148
4.2	WORTELS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING	152
4.2.1	Kolonisering	159
4.2.2	Dekolonisering	164

4.3	BRINK SE UITLATINGS OOR BOIKOTTE TEEN SUID-AFRIKA	168
4.4	VERVREEMDING TUSSEN BRINK EN DIE GEORGANISEERDE KERK	170
4.5	VERVREEMDING TUSSEN BRINK EN DIE ESTABLISHMENT	174
4.6	BRINK SE SIENING VAN DIE AFRIKANER	179
4.7	DIE AFRIKANER AS ENTITEIT BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSISTEEM	182
4.7.1	Sienings oor die ontstaan van Calvinisme	184
4.7.2	Die Suid-Afrikaanse samelewing as dinamiese makrosisteem	193
4.8	BRINK SE ROMANS AS KOMMENTAAR OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSISTEEM	195
4.9	BRINK SE SIENING VAN DIE INTERSISTEMIESE VERBANDE TUSSEN SKRYWER EN GEMEENSAP	200
4.10	DIE MEDIA SE ROL IN INTERSISTEMIESE KOMMUNIKASIE	203
4.10.1	Inleidend	203
4.10.2	Brink op die voorblaaie	206
4.10.3	Brink se persoonlike lewe haal die nuus	212
4.10.4	Brink en die SAUK	213
4.11	SAMEVATTING	217
5	AFRIKAANS AS SISTEEMGRENS	221
5.1	INLEIDEND	221
5.2	BRINK SE UITLATINGS OOR AFRIKAANS	223
5.3	DIE STAND VAN AFRIKAANS: PERSPEKTIEWE VANUIT Gildegeledere	225
5.4	INTERAKSIE TUSSEN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM EN DIE POLITIEKE SISTEEM	231
5.4.1	Die politieke sisteem lê beperkinge op Afrikaans	237
5.4.2	Afrikaans word tot die stryd opgeroep	241
5.4.3	Verdeeldheid binne die Afrikaanse literêre sisteem	243
5.5	SAMEVATTING	244

6	<b>BRINK EN SY MEDESKRYWERS</b>	248
6.1	INLEIDING	248
6.2	DIE JONGER AFRIKAANSE SKRYWER	251
6.3	DIE SWART SKRYWER	258
6.4	DIE LUSAKA-SAMESPREKINGS MAAK OPSLAE	263
6.5	OORSIG OOR BRINK SE ROL AS KRITIKUS BINNE DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM	269
6.6	BRINK SE BOTSINGS MET ANDER AFRIKAANSE SKRYWERS	276
6.6.1	Brink en Breytenbach	277
6.6.2	Brink en Adam Small	279
6.6.3	Brink en P.G. du Plessis	279
6.6.4	Brink en P.J. Haasbroek	281
6.6.5	Brink en Wilhelm Liebenberg	281
6.7	DIE GILDE SE FUNKSIE GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE	284
6.8	SAMEVATTING	288
7	<b>SLOTHOOFSTUK</b>	292
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	301
	<b>OPSOMMING</b>	338
	<b>SUMMARY</b>	340

# INLEIDING EN VERANTWOORDING

### 1.1 NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE NAVORSING

In hierdie ondersoek word Brink as biografiese/konkrete/werklike skrywer - die mens self wat fisiek boeke skryf - binne die raamwerk van die sisteembenadering belig. Die saamvoeg van die werklike skrywer en die sisteembenadering hou duidelike tyd-ruimtelike implikasies in by die lees en interpreteer van die skrywer se werk (Van Coller, 1990/6: 49). Dit is dus belangrik dat Brink se werke, uitsprake en die reaksies daarop binne die konteks van die relevante tydperk en samelewingsstelsel beskryf sal word. Hierdie ondersoek wil in die eerste instansie erkenning gee aan Brink as prominente skrywer wat meer dikwels in die buiteland as in sy eie land vir sy werke en uitsprake vereer is; iemand wat sy tyd nie net ver vooruit was nie, maar 'wat ook etlike jare reeds 'n leidende rol op vele terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing en die letterkunde gespeel het. Die politieke, maatskaplike en literêre veranderinge wat in die afgelope jare plaasgevind het en wat nou nog besig is om plaas te vind, maak Brink se uitsprake van die afgelope twintig jaar steeds uiters relevant. Die doel van hierdie ondersoek is uiteraard nie om 'n omvattende sintese van alle aspekte van Brink se aktiwiteite te verteenwoordig nie, maar om die afgebakende terrein soos dit in hierdie hoofstuk uiteengesit word te bestudeer en te omskryf.

Omdat die sisteem- en die literatuursosiologiese benadering die ondersoek onderlê, kom veranderinge ten opsigte van die literatuurbeskouings van verskillende segmente van die Suid-Afrikaanse gemeenskap dienoreenkomstig aan bod ten einde die konflik tussen die verskillende sisteme te verklaar. Omdat literatuur as deel van 'n kommunikasieketting beskou word, bring hierdie ondersoek ook uiteenlopende perspektiewe en menings oor Brink byeen. In die proses lewer die ondersoek 'n bydrae tot literêre historiografie (literatuur- geskiedskrywing) en plaas dit baie van Brink se uitsprake, sowel as reaksies op sy werke en beskouings, in perspektief. Vir hierdie ondersoek is dit baie belangrik om te weet binne watter sosio-politieke konteks

Brink gewerk het om vas te stel in hoe 'n mate sy werke "nuut" en "anders", selfs epogmakend, was.

**Kennis van die aand** (1973a) is een van die min werke in Afrikaans wat geskiedenis gemaak het as gevolg van, onder andere, die verbod wat daarop geplaas is en die verwickelde resepsiegeskiedenis wat met die verbod gepaard gegaan het. In hierdie ondersoek word bepaalde kritiese norme wat vir daardie tydperk gegeld het, belig. Die interaksie tussen die politieke, religieuse, sosiale en literêre sisteme - waar Afrikaans as sisteemgrens dien en die media as deel van die kommunikasieketting beskou word - geniet deurgaans aandag. Hierdie invalshoek staan lynreg teenoor C.E. Ungerer (1969: 17) se stelling in haar verhandeling oor Brink se prosawerke: "Nou, niemand is in die minste geïnteresseerd in Brink se religieuse, politieke of wat ook al se omkerings nie - al wat wel ter sake is, is dat hy as gevolg hiervan wel op 'n ander manier as voorheen geskrywe het..." N.P. van Wyk Louw het in sy werk **Swaarte- en ligpunte** (1958) die skrywer as persoon ook as irrelevant vir die bestudering van die letterkunde bestempel. Die hele boek getuig van Louw se oortuiging dat die toespitsing op die teks die enigste teoretiese uitgangspunt is wat aanvaarbaar is. In die eerste dekades ná sy uitsprake in **Swaarte- en ligpunte** is min ondersoekte gedoen wat wyer as die teks self beweeg het. Hierdie teksgerigte ondersoekte het daartoe aanleiding gegee dat die geskiedkundige aspekte van die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur in baie Departemente Afrikaans en Afrikaans-Nederlands afgeskep is ten gunste van strukturele teksanalises wat op die teksinterne aspekte gekonsentreer het. Vandag beskou 'n letterkundige soos Cloete en andere (1992: 263) literatuurgeskiedskrywing in die eerste instansie as lesergeskiedenis.

## 1.2 NAVORSINGSONTWERP

Die uitgangspunt vir hierdie studie sluit by die voorafgaande doelstellings aan. Brink se werke en uitsprake het bygedra tot die polarisering in die Afrikaanse literêre sisteem, media, kerk en die samelewing, wat weer aanleiding gegee het tot die uitbreiding van die Afrikaanse literêre sisteem. Die veronderstelling word gemaak dat Brink se kontroversiële politieke en ander uitsprake meehelp om sy literêre beskouings



en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse samelewing te begryp. Daar word ook van die veronderstelling uitgegaan dat daar 'n verband bestaan tussen die publiek se reaksies en Brink se optrede. Sy polemiese ingesteldheid lok heftige reaksies uit. Die geweldig uiteenlopende reaksies van dese en gene binne die sosio-politieke milieu van 1960 tot 1990 word in hierdie ondersoek betrek. 'n Groot deel van die literatuur van hierdie tyd was normdeurbrekend en het nie meer 'n sisteembevestigende rol gespeel nie. Nog 'n veronderstelling is dat die Suid-Afrikaanse sosio-politieke milieu in 'n groot mate 'n uitvloeisel van eksterne en interne kolonisering is. Kolonisering beïnvloed aspekte soos die literêre sisteem, die media, die kerk en die politiek. Die houdings wat uit kolonisering vloei, het bepaal hoe Brink se werke ontvang is. In die laaste instansie word daar aangeneem dat Brink se teenstrydige uitsprake verband hou met sy voortdurende soeke na "waarheid" en 'n ontwikkeling in sy denkwyse.

In die soeke na antwoorde in hierdie ondersoek impliseer bogenoemde veronderstellings 'n komplekse verweefdheid van verskillende sisteme in samehang met onder andere tyd- en ruimteaspekte.

### 1.3 ALGEMENE WERKSWYSE

'n Vertrekpunt onderliggend aan hierdie ondersoek is dat elke navorser hom/haar deur sy/haar lewens- en wêreldbeskouing laat lei. Daar word in hierdie studie dus aanvaar dat die navorser vanuit sy/haar eie verwysingsraamwerk reageer. Hierdie uitgangspunt sluit dan ook aan by Brink se mening: "Niemand kán ooit, selfs in die mees revolusionêre situasie, 'nuut' of 'ongekondisioneer' begin nie" (Brink, 1989c: 103).

In hierdie ondersoek kom nuwe literatuursienings wat ná 1960 in Suid-Afrika inslag gevind het aan die orde, naamlik die poststrukturalistiese denke en die sisteembenadering. In 'n studie soos hierdie sou verskillende eietydse metodologiese benaderings gevolg kon word, byvoorbeeld ideologiesekritiek, semiotiek, resepsie-estetika, die sisteembenadering en/of literatuursosiologie. Praktiese oorwegings rakende die omvang van die ondersoek dwing my om slegs op twee hiervan te fokus, naamlik op dié twee wat die nouste aansluit by die tema van die studie. Uiteraard is

die sisteembenadering (vgl. 1.4.2 - 1.4.4), met aanvullend daarby die literatuursosiologie (vgl. 1.4.5), die twee bruikbaarste metodes waarmee Brink se plek binne die Afrikaanse literêre sisteem ondersoek kan word. Hoewel resepsieverlae ook in die ondersoek ontleed word, regverdig dit myns insiens nie die hybring van die resepsie-estetiese metode in sy volle konsekwensies nie.

Die fenomenologiese soeke na die betekenis van die teks word ondergeskik gestel aan die realiteit, die konteks en die leser - kortom die literêre praktyk. Hierdie ondersoek lê hom dus toe op die konteks rondom Brink se werke - die "spore en bane voor en buite die teks" (Senekal, 1987: 41). Hierdie "spore" en "bane" loop deur die samelewing met sy talle subsysteme sodat onder andere die lewe van die skrywer, die periode waarin sy/haar werke verskyn en teksgeskiedenis betrek word by literatuurstudies.

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die samelewing met sy sosiale en kulturele instellings beter verstaan kan word wanneer dit beskryf word as 'n stel subsysteme (histories, politiek, religieus, wetlik, ens.) wat voortdurend in interaksie verkeer. Hierdie subsysteme is dinamies en dus onderworpe aan verandering. Die sisteemdenkwyse is nie versoenbaar met outononistiese sienings wat die teks isoleer nie. Die uitgangspunt hier is dat geen teks in 'n vakuum geskryf of geresepteer word nie - elke teks is deel van 'n wye netwerk van institusionele tekste.

In aansluiting hierby is die leser se resepsie geknoop aan sekere historiese en sosio-kulturele raamwerke. Hierdie omringende konteks waarin die leser hom/haar bevind, kleur sy/haar interpretasie van 'n teks. So kleur ideologie, wat intrinsiek deel van 'n persoon of 'n groep persone se literatuuropvatting is, sy/haar reaksie op 'n teks. Met die term "ideologie" word daar aangesluit by Eagleton (1985: 116): "ideology, we might tentatively claim, is a set of discourses which wrestle over interests which are in some way relevant to the maintenance or interrogation of power structures central to a whole form of social and historical life". Met ideologie word hier 'n stel idees bedoel waardeur politieke en ander sisteme gerig word met die oog op mag en oorheersing. Mabel Rossouw (1991: 4) onderskei in haar proefskrif vier vlakke ten opsigte van ideologie: die epistemologiese vlak wat 'n mens se

wêreldbeskouing betrek; die vlak van politiek en ekonomies; die religieuse vlak en die sosiologiese vlak. Apartheid, liberale humanisme en sosialisme is voorbeelde van ideologieë (Thompson, 1984: 4).

Brink se literatuurhandelinge en openbare optrede word binne die konteks van die tydperk 1960-1990 ondersoek en daar word spesifiek aandag geskenk aan:

- \* Brink se omstrede werke en openbare uitsprake, asook die hewige openbare reaksie van die Afrikanerestablishment;
- \* die verhouding tussen sy omstrede uitsprake en die reaksie daarop vanuit die politieke sisteem;
- \* die intra- en interaksie binne en tussen die religieuse en die literêre sisteem;
- \* die rol van die joernalistieke sisteem en die aard van Afrikaans as sisteemgrens.

Daar sal verbande getrek word tussen politieke onderstrominge binne Afrikanergeledere en hoe dit reaksies op Brink bepaal het. Verklarings sal in die hieropvolgende hoofstukke gesoek word vir die teenstrydige reaksies wat Brink vanuit Suid-Afrikaanse geleedere ontlok het.

Hoofstuk 2 handel oor die verbod op **Kennis van die aand** en die sensuurbedeling soos dit in 1974 daar uitgesien het. Die kontroversie wat **Kennis van die aand** ontlok het, word belig. Met Brink as sentrale figuur word die funksies en bedrywighede van die Afrikaanse Skrywersgilde wat ná die verbod op **Kennis** gestig is, blootgelê. Die Gilde het as verhoog vir Brink se uitsprake gedien. Binne die raamwerk van hierdie ontwikkelings in die literêre sisteem, word daar in hoofstuk 2 aan die volgende aandag gegee:

- \* 'n Uiteensetting van die geregtelike raamwerk waarbinne sensuur in Suid-Afrika toegepas is.
- \* Die Wet op Publikasies, Artikel 47(2) van 1974.
- \* Korrespondensie met die Publikasieraad om **Kennis van die Aand** verbied te kry.

- \* Die berigging in 'n buitengewone Staatskoerant dat **Kennis van die Aand** verbied is.
- \* Die reaksie van die joernalistieke, religieuse, politieke, en samelewingsisteem.

Hoofstuk 3 handel oor sensuur ná 1974 en die ontbanning van **Kennis van die aand**. Die redes vir die opheffing van die verbod soos verstrek deur die Appèlraad op Publikasies, kom onder die soeklig. Die rol van die Afrikaanse Skrywersgilde en die deelname van verskillende subsisteme aan die gesprek oor **Kennis van die aand** kry aandag.

Die idee van kolonisering word in hoofstuk 4 onder die loep geneem. Die Suid-Afrikaanse samelewing word beskryf as 'n samelewing wat gebou is op eksterne en interne kolonisering. Hierdie beskouing verklaar talle subsisteme se reaksies op Brink en sy werk, en verskaf ook agtergrond vir die maatskaplike wantoestande waarteen Brink hom verset het. Die sluier word gelig oor die reaksie en die verdeeldheid binne kerkgeledere, regeringsowerhede en skrywers ten opsigte van literêre en maatskaplike aangeleenthede.

Hoofstuk 5 bekyn Afrikaans as sisteemgrens van hierdie ondersoek. Brink en die Gilde se uitsprake oor die Afrikaanse taal word binne hierdie konteks belig. Daar word gekyk hoe die grense van Afrikaans vanaf die jare sestig tot negentig uitgeskuif het na gelang daar veranderings in die verskillende Suid-Afrikaanse sisteme plaasgevind het. Hierdie verskuiwing van die grense van Afrikaans word weerspieël in 'n wyerkringende aanvaarding van die verskillende tongvalle en nuanses van Afrikaans se sprekers. Die verwydering tussen Brink en sy Afrikaanse medeskrywers in hoofstuk 6 bekyn. Hierdie polarisering in die literêre sisteem word belig binne die sosio-politieke konteks van die jare tagtig en die situasie waarin die Suid-Afrikaanse skrywer hom/haar bevind. Daar word vir outlaas gekyk na die rol van die Afrikaanse Skrywersgilde in die laaste jare van sy bestaan.

Hoofstuk 7 bied 'n samevatting van die vorige ses hoofstukke. Brink se rol in die Afrikaanse literêre sisteem en die ander sisteme, sowel as die reaksies vanuit die verskillende sisteme op Brink en sy werke, word in verband gebring met die koloniale

verlede van Suid-Afrika asook met sommige van die belangrike veranderings wat in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind het.

## 1.4 NAVORSINGSONTWERP

### 1.4.1 Inleiding

Gedurende die afgelope jare is diegene wat betrokke is en was by literatuur (as onderdeel van *Geesteswetenskap*), onder druk geplaas om die wetenskaplike aard van hul vakgebied uit te spel. Terselfdertyd het die ganse intellektuele wêreld - ook natuurwetenskaplikes - teorieë egter al hoe meer as relatief en verwarrend begin beleef. Die benaderings wat die literatuurstudie ten grondslag lê, word bevestig deur teoretici vanuit verskillende teoretiese benaderings: dekonstruktiewe, feministe, Marxiste, psigoanalitiese, resepsie-estetici, strukturaliste, poststrukturaliste, ensovoorts. In sy bespreking van teorieë wat veronderstel is om sosiale verandering te onderlê, sê Boudon (1986: 22) dat dit van anomalieë wemel:

*Many of the trends apparently discovered seem not to be confirmed by the facts, and many of the conditional laws proposed seem to be contradicted, as it were, by subsequent research. A case study may lead to the statement "if A, then B"; further research might suggest "if A, then not - B".*

Dit blyk verder uit Du Plooy en Viljoen (1992: 26) se ondersoek dat verskeie ideologiese vooronderstellings teorieë onderlê.

Uit die polemieë rondom die gebruik al dan nie van teorieë by literatuurondersoek, blyk dit dat geen teorie op sigself 'n meeserteorie is nie - veral nie teorieë oor multidissiplinêre aangeleenthede nie: Kreiswirth en Cheetham (1990: 6) wys daarop dat teorie dikwels van "name-dropping" gebruik maak, terwyl Readings (1990: 77) sy kommer uitspreek oor die feit dat artikels bloot op grond van die teoretiese inhoud gemeet word. Talle werke op die trant van dié van Olsen, wat ondubbelsinnig *The end of literary theory* (1987) betitel is, sien die lig.

Uit werke waarin die gebruik van teorieë voorgestaan word, blyk dit dat teorie tog sekere voordele inhou. Een daarvan is dat dit die studierrein wat ondersoek word, afbaken. Sake kan sodoende ter tafel gelê word waaruit 'n wetenskaplik-rasionele diskussie kan volg. 'n Wetenskaplike benadering hou ook die voordeel in dat 'n metataal ter sprake kom sodat konsepte omskryf kan word en as hulpmiddel kan dien in die bespreking van vrae. Hiermee word 'n stelsel van vooronderstellings ten opsigte van die objek in 'n groot mate blootgelê.

Die doel is om met behulp van teorieë deel te wees van 'n gesprek en nie om die laaste woord oor teorieë, André P. Brink of sisteme te probeer spreek nie. Sover moontlik is die idee hier om weg te beweeg van beperkende diskoerse.

Teorieë wat hier gebruik word, word nie as "die groot waarheid" aangevoer nie. Die uitgangspunt wat in hierdie ondersoek geld, is dat teorieë dinamies is en voortdurend in 'n evolusieproses verkeer.

Hierdie ondersoek wil ook nie 'n bydrae tot teorievorming lewer nie. Daar word gesteun op reeds uitgewerkte teorieë. In hierdie studie word daar veral aangesluit by algemene en literêre sisteemteorieë, sowel as die literatuursosiologie. Dié teorieë vul mekaar aan en staan, soos hulle hier gesien en aangewend word, binne 'n poststrukuralistiese raamwerk.

Die benaderings wat hier gevolg word, gaan van die standpunt uit dat die literêre teks nie outonoom is nie, maar dat dit binne sekere kontekste geskryf, gepubliseer, ontvang, gelees en geïnterpreteer word. In hierdie ondersoek gaan dit om sosiaal-teoretiese sisteme. Omdat dekonstruksie hierdie literatuuurdiskoerse wil omkeer en dus juis nie 'n sosiaal-teoretiese sistematiek bied nie, sal dekonstruksie as sodanig nie hier betrek word nie, hoewel dit deel uitmaak van die poststrukuralisme. Die Marxistiese benadering wat aktivisme, ofswel 'n politieke praxis vereis en veral op 'n vergelykende studie toegespits is, sal ook nie in hierdie ondersoek betrek word nie, alhoewel dit tog raakpunte met 'n studie soos hierdie kan hê.

Die poststrukturalisme val saam met die sogenaamde dekolonisering van die Weste (Kreiwirth, 1990: 240). Die wêreld van die literatuurstudie het as gevolg van hierdie nuwe benadering groot veranderinge ondergaan. Die konteks en die leser word nou by literatuurstudies betrek, terwyl strukturalisme literatuurstudies tot teksimmanente metodes beperk het. Kuns ter wille van die kuns word deur die strukturaliste bedryf, met dikwels groot verskille in menslike oordeel ten opsigte van die dele wat tot 'n geheel moet sluit en ander waarde-oordele. Uit die werke van Jacques Derrida (1976, 1978), leiersfiguur op die gebied van die poststrukturalisme, Paul de Man (1979) en Harold Bloom (1979) word dit duidelik dat poststrukturalisme juis verskille wil uitwys - dit wil dissemineer en universele waardes relativer. Hiervolgens word literatuurwetenskap as 'n sosiaal-wetenskaplike handelingsstelsel en 'n interdisiplinêre aangeleentheid beskou.

Poststrukturalisme kom kortliks daarop neer dat:

- \* literatuur deel van die alledaagse praktyk is;
- \* elitisme ten opsigte van die literatuur besig is om af te neem;
- \* genres en literatuurvorme se grense vervaag, hoofsaaklik weens die wedyersydse beïnvloeding van subsysteme sodat verskillende vorme deureenvloei;
- \* die leser die onderwerp van die studie word;
- \* tekste nie as outonoom gesien word nie, maar as dig verweef met hulle konteks; en
- \* die resente tegnologiese ontwikkeling as deel van literatuur aanvaar word.

Literatuur is hiervolgens die produk van 'n sisteemsamehang. Die belangrikste invloed van die poststrukturaliste lê daarin dat dit vroeë betekenis en betekenisgewing vra. Nog 'n vernuwing wat met poststrukturalisme saamgaan, is dat dit ook populêre literatuur by navorsing betrek. Navorsers verskil van mekaar oor die kollektiewe begrip "literatuur". 'n Stelling waarmee ek my vereenselwig, is die volgende: "Literatuur is geen ding, dat men aantreft, literatuur is een naam die men, gemotiveerd, aan bepaalde cultuurproducten geeft" (Van Luxemburg e.a., 1985: 135). Met die term "literatuur" waar Afrikaans as sisteemgrens dien, word in hierdie

ondersoek bedoel al die literatuur wat in Afrikaans geproduseer, versprei, ontvang en verwerk word as deel van die hele Afrikaanse literêre sisteem.

#### 1.4.2 Die sisteembenadering

Keuning (1973: 54) vat die hele sisteemidee mooi saam as hy na 'n sisteem verwys as: "A way of thinking". Hy noem hier dat Churchman die begrip sisteem as 'n abstrakte stuk gereedskap sien wat die ondersoeker help om konseptuele en konkrete of abstrakte verskynsels na te vors. Die sisteembenadering is met ander woorde 'n benaderingswyse tot die werklikheid. Daarom het dit heuristiese waarde. Die sisteemteorie het sy oorsprong in die kibernetika waarna dit deur ander wetenskaplike terreine oorgeneem is. Die Switserse taalkundige, De Saussure, (1857-1913) het die sisteemidee reeds op 21-jarige ouderdom in die taalkunde ingevoer. Hy het 'n sisteem beskou as "'n geordende geheel waarin alles met alles saamhang" (Van der Merwe, 1969: 25). Die Russiese Formaliste, soos onder andere Mukarovsky, se idee van vervreemding - norme waarvan daar afgewyk word - dien as agtergrond van die literêre sisteemteorie. Die Russiese Formaliste beskryf die literêre sisteem deur die teks se komposisionele en stilistiese eienskappe in oënskou te neem. Ooreenstemmende eienskappe is 'n aanduiding dat sekere tekste tot sekere sisteme behoort.

Tynjanov (1927) word as die grondlegger van die literêre sisteem gesien met sy siening oor onder andere die rol van relasies en literêre funksies binne die sisteem. Hy stel voor dat literatuur bestudeer moet word in terme van relasies en nie essensies nie. Hiervolgens word 'n sisteem gekenmerk deur 'n versameling relasies. 'n Relasie dui op die wyse waarop twee entiteite (as voor-die-hand-liggende gegewens) met mekaar verband hou. Waar relasies konstant is, is daar vergelykbare sisteme. Wanneer objekte en entiteite in 'n relasie tot mekaar staan, word dit as 'n sisteem beskou (Kramer en De Smit, 1977: 14, 16). Die posisie van die verskillende entiteite - in elke sisteem is daar een of meer dominante entiteit(e) - binne die sisteem en die afmetings tussen die entiteite (soos tyd en ruimte waarby teksgeskiedenis ingesluit is), is verdere aspekte wat die sisteem kenmerk (Vodicka, 1976: 36). Dit kom daarop neer dat entiteite so gerangskik is dat daar relasies bestaan tussen al die entiteite.



Volgens Vodicka is die skrywer en die leser sulke entiteite binne die sisteem. Verskillende sisteme kan in botsing met mekaar kom, wat tot 'n moontlike verandering in 'n sisteem kan lei (Tynjanov, 1927). 'n Sisteem kan ook verander as die dominante entiteite afslyt of deur minder dominante entiteite vervang word. Vodicka bou voort op Tynjanov se werk met sy uitgebreide beskrywing van relasies.

Niklas Luhmann is 'n Duitse sosioloog wie se sisteemteorie 'n aanhang in Duitsland en nou ook in Nederland geniet. Sy teorie konsentreer op die verlagings (reduksie) van kompleksiteit deur die uitoefening van keuses: "Sociale sisteme scheidende sich van die omringende wereld af door samenhangende selecties die bepalen wat uit die komplekse oewervloed van belevens- en handelingsmoegelykheiden geselecteerd word" (De Berg, 1992: 115).

Volgens Luhmann (De Berg, 1992: 115-117) se benadering maak sisteme die bestaan van kompleksiteit moontlik en andersom. Hoe meer die kompleksiteit gereduseer word deur middel van verwerking binne die sisteem, hoe ingewikkelder word die sisteem. Binne elke sisteem is daar strukture wat saamhang met verwagtinge. Luhmann se sosiale analise het nie individue as vertrekpunt nie, maar wel die vloei van kommunikasie tussen die individue binne die sisteem. Hierdie kommunikasie hang saam met die verwagtings van lede van die sisteem.

Volgens De Berg (1992: 117) beskou Luhmann sisteme as geslote omdat die sisteem se ontwikkeling nie deur ander sisteme bepaal kan word nie. Sisteme is hiervolgens hoofsaaklik aangewese op entiteite binne die sisteem wat die omgewing meet aan kriteria van die eie sisteem. Kommunikasie is ook nie 'n sender-ontvangersituasie nie. Uitinge word volgens hierdie siening gekleur deur die konteks sodat 'n uiting veel meer kan beteken as wat in woorde gesê word. Die literêre sisteem word as deel van die kunssisteem beskou saam met onder meer die beeldende kuns. Hierdie kunssisteem is ook outonoom en geslote en die gemeenskap kan net deur taal 'n invloed op die sisteem uitoefen.

Die belangrikste werk oor literatuur as sisteem kom van Even-Zohar wat die literêre sisteem as 'n polisisteem beskou omdat dit 'n oop en dinamiese sisteem is. Hy lê

klem op inter- en intrasistemiese wisselwerking en wys verder op die monitering van intersistemiese verhoudinge binne die polisisteesem met behulp van funksionele meganismes. Hy meen dat verhoudings belangriker is as essensies. Volgens hom is 'n sisteem 'n geslote netwerk van relasies en elemente wat hulle waarde ontleen aan hierdie onderlinge relasies (Even-Zohar, 1979: 291).

Die polisisteesemteorie verklaar die gedrag van 'n organisme op grond van "oop" en "geslote" sisteme. Volgens hierdie teorie is 'n "geslote" sisteem staties en interaksie met ander sisteme ontbreek, terwyl "oop" sisteme in kompetisie met mekaar is en sodoende dinamies en aanpasbaar is. Die vervreemdingsidee speel ook by die polisisteesem 'n belangrike rol. Fokkema en Ibsch (1992: 102) wys op die onduidelike onderskeid wat Even-Zohar tref tussen oop en geslote sisteme, en lewer kritiek op die feit dat hy nie kan uitwys watter elemente en aktiwiteite almal tot die literêre sisteem behoort nie.

Even-Zohar (1990: 15) beskou dit wat betrokke is by die kanoniseringsproses as daardie literêre norme en werke "which are accepted as legitimate by the dominant circles within a culture and whose conspicuous products are preserved by the community to become part of its historical heritage". Hiervolgens kan 'n kanon beskou word as literatuur wat deur sekere instellings aanbeveel word op grond van die mate waarin dit die belange van die heersende groep verskans. Die kanoniseringsproses is 'n sosiale aangeleentheid waarby verskillende instansies in die literêre sisteem 'n rol speel. Resensies in tydskrifte en koerante dra ook by tot die opname van werke in die kanon. As **Rapport** se resensent het Brink self lank hierin 'n groot rol gespeel.

'n Ondersoek wat Brink binne die konteks van die ontvangs van sy werke en die politieke en maatskaplike atmosfeer van die tyd plaas, is van groot belang. In 'n gesprek tussen Koos Human (1984: 60) en Etienne Leroux, sê Human: "Jy was gelukkig: Die 'establishment' het jou nodig gehad om teen André te monster en daarom het hulle jou werk met oorgawe bestudeer." 'n Mens kan hier egter nie uit die oog verloor dat, anders as by Leroux, die literêre gehalte van etlike romans van Brink deur kritici bevraagteken is nie.

Hierdie ondersoek het nie die literêre tekste self as besprekingspunt nie, maar fokus op intersistemiese verhoudings, op Brink en op die Afrikaanse Skrywersgilde wat hy tot 1987 as verhoog gebruik het om onder andere die sensuurstelsel te beveg. Hierdie ondersoek word derhalwe 'n sisteemondersoek veral in die lig van Even-Zohar (1990) se beskrywing van die sisteem as 'n samestelling van verskillende subsysteme, waar subsysteme verskillende doelwitte nastreef. Sodoende kom innoverende aksies te staan teen geïnstitusionele instansies se meer "behoudende" karakter. Hierdie behoudendheid gaan hand aan hand met die vorming en instandhouding van 'n literêre kanon. Die Afrikaanse Skrywersgilde word as 'n sub sisteem van die Afrikaanse literêre sisteem beskou, laasgenoemde word weer as deel van die groter Suid-Afrikaanse literêre sisteem gesien. Die Suid-Afrikaanse literêre sisteem is op sy beurt deel van die alomvattende Suid-Afrikaanse samelewingsisteem. Daar is raak- en sny punte tussen verskillende sisteme binne die Suid-Afrikaanse samelewingsisteem, byvoorbeeld tussen die religieuse, politieke, joernalistieke en literêre sisteme. In hierdie ondersoek word met oop sisteme gewerk. In al hierdie sisteme is al die lede deel van die geheel waar sekere prosesse verbande tussen die lede (entiteite) neer lê sodat daar verhoudinge (relasies) tussen die onderskeie lede (wat op 'n sekere manier "ge-rang-skik" is) bestaan. Die verskillende entiteite binne 'n literêre sisteem sal onder andere die skrywer, die teks en die leser insluit.

Degenaar se menings oor die samelewing wat hy by die Somerskool van sestig gelug het, is relevant ten opsigte van die sisteembenadering:

*'n Mens kan naas 'n geografiese en kulturele tipering ook 'n organisatoriese tipering van 'n samelewing gee. Daar is nie net 'n pluraliteit van samelewings en 'n pluraliteit van gemeenskappe in 'n samelewing nie, maar ook 'n pluraliteit van organisasies en institusies, bv. staat, kerk, universiteit, ekonomiese organisasies, kunstverenigings, ens. ens. Let wel: alhoewel die staat die reëls van saamlewe neer lê en die rol van skeidsregter speel in die geval van geskille, is die staat maar een organisasie binne die samelewing. Wil u 'n maklike tipering van totalitarisme hê? Hier is dit: 'n toestand wat ontstaan wanneer die staat die samelewing in alle sake monopoliseer en dus in alle sake prioriteit opeis t.o.v. kleinere samelewings, gemeenskappe en al die*

*ander organisasies in die samelewing. Daarteenoor kan 'n samelewing oop genoem word indien die vryheid van kleinere samelewings en gemeenskappe gewaarborg word en die outonomie van ander organisasies naas die staat binne die samelewing erken word. (Degenaar, 1973: 154)*

'n Oop (literatuur)sisteem toon die volgende eienskappe:

- \* Die geheel is belangriker as die dele. Die dele is interafhanklik.
- \* Sisteme en subsisteme is hiërargies van aard, sodat sekere sisteme gekanoniseer raak.
- \* Dit is selfregulerend en doelgerig.
- \* Dit verkeer in interaksie met sy omgewing.
- \* Dit is aanpasbaar.
- \* Dit bereik sy doel op verskillende maniere. (Fauconnier, 1981: 100)

Uit hierdie uiteensetting blyk dit dat 'n oop literêre sisteem nie net uit tekste, lesers en skrywers bestaan nie. Resepsie en produksie, met ander woorde die literêre praktyk, is hiervolgens literêr betekenisvol. Brink sien oop sisteme as 'n ontmoetplek vir die volle sosiale spektrum en as 'n kommunikasieproses waarby die ganse menslikheid van enkeling én gemeenskap op die spel staan. In so 'n situasie is avonture volgens hom moontlik (Brink, 1991b: 9).

Die waarde van die sisteembenadering lê daarin dat dit ruimte laat vir die feit dat 'n kunswerk 'n inter- en intrakulturele identiteit het. Die feit dat 'n werk ook oor kultuurgrense heen kan kommunikeer, verklaar hoekom werke verskillend geïnterpreteer word in verskillende tye en in verskillende kulture. "Die grootste voordeel van die sisteembenadering is dat dit die sintese van uiteenlopende literêre gegewens moontlik maak (Viljoen, 1992: 497)." Met behulp van die sisteembenadering kan byvoorbeeld die historiese betekenis op 'n bepaalde tydstip vir 'n bepaalde groep lesers redelik presies vasgestel word. Die sisteembenadering erken die pluralistiese aard van kontemporêre kulture, wat op sy beurt die uiteenlopende interpretasies van 'n teks verklaar. Werke word verskillend verstaan deur verskillende groepe, sonder dat die interpretasies noodwendig "verkeerd" hoef te wees.

Die belang van die sisteembenadering lê daarin dat die klem verskuif het van "het oeverloos interpreteren van individuele tekste na die studie van literatuur as sisteem" (Lefevere, 1981: 946).

### 1.4.3 Sisteemgrense

Volgens Kramer en De Smit (1977: 31) kan grense van sisteme soos volg afgebaken word:

- \* Deur 'n bepaling van relasies in die omgewing - daar waar relasies minder gekonsentreerd is, is die grens.
- \* Deur sekere vereistes te stel waaraan die relasies moet voldoen.

Literêre sisteme het natuurlike grense, soos byvoorbeeld taalgrense. Geografiese faktore kan ewe maklik as sisteemgrense dien.

*Die literatuurgeskiedenis gaan byna altyd van die veronderstelling uit dat die korpus literatuur wat in 'n bepaalde taal en land geskryf is, 'n organiese geheel vorm, waardeur dit onderskei is van die literatuur van ander tale en ander lande. Daar word uitgegaan van die standpunt dat daar iets is soos 'n Engelse, 'n Nederlandse, 'n Duitse, 'n Franse literatuur, iets soos 'n nasionale literatuur.* (Cloete, 1992: 333)

Afrikaans speel 'n belangrike rol in hierdie ondersoek omdat Afrikaans in sy vestigingsperiode so nou aan Afrikanernasionalisme gekoppel is en sodoende gestigmatiseer is as die taal van die onderdrukker. Afrikaans is deur sekere skrywers, waaronder Brink self, vanaf die laaste tasterjare as koloniserend beleef en die letterkunde daarvan is as ivoortoringagtig bestempel (vgl. hfst. 2, 2.2). Die Sestigers wou op hul beurt radikaal probeer breek met die nasionalistiese ideale in die Afrikaanse letterkunde. Omdat Afrikaans as sisteemgrens dien en omdat Brink hom telkens oor verskillende aspekte van Afrikaans uitgelaat het, sal Afrikaans in hierdie ondersoek 'n groot rol speel. Hiermee word die literêre sisteem in hierdie ondersoek

dan afgebaken tot die Afrikaanse literêre sisteem. Die taalgekoppelde diskoers word nogtans as 'n onderdeel van die groter Suid-Afrikaanse literêre sisteem gesien. Omdat die Afrikaanse literêre sisteem 'n relatief oop sisteem is, sal die interaksie met ander literêre sisteme ook ter sprake kom. Brink se literatuurhandelinge in Afrikaans kan nie geïsoleer word nie, veral vanweë die feit dat meer as 'n miljoen vertaalde kopieë van Brink se werke in die buiteland versprei is. Toekomstige ondersoeke behoort egter al hoe meer in die breër Suid-Afrikaanse konteks geplaas te word.

Behalwe vir hierdie **interkulturele** kommunikasie, soos dié oor norme en konseptuele raamwerke van literêre sisteme, vind daar ook **intrakommunikasie** binne die Afrikaanse literêre sisteem (tussen produsente, tekste, skrywers, lesers) plaas. Binne enige literêre sisteem kry 'n mens met geïnstitusionaliseerde instansies soos skole, kerke, uitgewers, media, sensuur, die skrywerskorps, ensovoorts te doen. Hierdie instansies verteenwoordig nie noodwendig **eenheid** binne die literêre sisteem nie. Uit Even-Zohar se artikel, "Polysystem studies" (1990), blyk dit dat terwyl een groep met innoverende aksies besig is, die ander groepe (instansies) sterk establishment-georiënteer kan wees. Hierdie stelling herinner 'n mens dadelik aan die Sestigters wat in Suid-Afrika taboe-temas in hul werke aangeraak het sodat hulle sekere aanvaarde norme met hul skryfwerk deurbreek het. Even-Zohar (1990: 39), wat die literêre sisteem as 'n samestelling van verskillende subsisteme sien, verklaar hierdie verskynsel (wat algemeen voorkom) só: "When the system is 'young', its repertoire may be limited, which renders it more disposed to using other available systems (for instance, other languages, cultures, literatures)" en: "All literatures started as 'young', and hence had to cope with conditions already alien to their mere established contemporaries" (Even-Zohar, 1990: 56).

Uit Vodicka (1976) se werk blyk dit deurgaans dat dit kenmerkend is van literêre sisteme dat die nuwe werke van sommige skrywers van ou norme verskil. Innoverende aksies spruit voort uit nuwe behoeftes na aanleiding van die gevoel dat die "...norms governing the system are no longer effective and therefore must be replaced" (Even-Zohar, 1990: 69).

Dit gebeur soms dat innoverende denke deur geïnstitusioneerde instansies soos 'n sensuurbestel aan bande gelê kan word. Hier in Suid-Afrika het die sensuurliggaam Afrikaanse skrywers se werk byvoorbeeld vanaf die sewentigerjare onder die vergrootglas geplaas. Die rede wat vir hierdie stap aangevoer is, is dat daar ter beskerming van die leser se belange opgetree is.

In Brink se geval het die innoverende denke interkommunikasie in die vorm van skerp reaksies vanuit die politieke, religieuse, joernalistieke en die samelewingsstelsel ontlok. 'n Sisteemonderzoek bied die geleentheid om die interaksie tussen hierdie sisteme te beskryf. Die sisteme het vir die doel van hierdie studie 'n verdere grens, naamlik 'n periodegrens van 1960-1990. Gedurende die tagtigerjare het daar byvoorbeeld groot veranderinge ten opsigte van sensuur ingetree - in ooreenstemming met die aard van oop sisteme. Hierdie veranderinge vind volgens Tynjanov (1927: 433-461) plaas weens die dominante entiteite wat verswak as gevolg van die feit dat dit so lank reeds in gebruik is. Die verswakke entiteite word mettertyd deur ander entiteite vervang. "Dit is vandag duidelik dat die grense van literêre sisteme so getrek moet word dat dit die teks, sy produsent en resipiënt insluit, plus ook die norme, postulate of konseptuele raamwerke waarbinne produksie en resepsie plaasvind" (Viljoen, 1992: 497). Hierdie semanties-semiotiese strukture wat buite die teks staan, vind ook neerslag in die teks self - soos dit duidelik uit Brink se werke blyk.

#### 1.4.4 Die omgewing van 'n sisteem

Daar word onderskei tussen 'n relevante omgewing wat in interaksie met die sisteem verkeer en 'n totale omgewing wat alles wat niks met die sisteem te doen het nie, insluit (Viljoen, 1985: 8-9).

Die relevante omgewing van die Afrikaanse literêre sisteem sal hoofsaaklik die Suid-Afrikaanse samelewing wees. In gevalle waar Brink se vertalings en sy uitsprake in die buiteland ter sprake is en waar vreemde invloede in sy werk geld wat reaksies by die Suid-Afrikaanse publiek ontlok het, sal die invloede van ander kulture betrek word. Volgens die teorieë wat in hierdie ondersoek geld, moet die kontekste van beide die skrywer en die leser se kommunikasieruimte verrekken word. Transkulturele

invloede kan nie buite rekening gelaat word nie, veral in die lig van die feit dat die wêreld na die Tweede Wêreldoorlog 'n kennisontploffing beleef het. Hierdie stroom van nuwe kennis het veroorsaak dat mense dwarsoor die wêreld aan nuwe denkpatrone blootgestel is (Roberts, 1987: 18). Die hele proses van produksie, sensuur, verspreiding en reaksies in die pers kom hier ter sprake.

Verdere sub sisteeme wat binne die Afrikaanse literêre sub sisteem onderskei kan word, is onder andere vroueliteratuur, kinderliteratuur en literatuur van swart skrywers. Die Afrikaanse literêre sisteem dek dus 'n wye veld; slegs dit wat vir hierdie ondersoek funksioneel is, sal beskryf word.

#### **1.4.5 Literatuursosiologie en die Suid-Afrikaanse samelewing**

Vanheste (1981: 4) definieer literatuursosiologie as: "de wetenskap die de wisselwerking tussen literatuur en die overige maatschappelijke verschijnselen bestudeert". Hiervolgens is literatuur 'n sosiale fenomeen, 'n onderdeel van die gemeenskap en deel van 'n sosiaal-historiese proses. Literatuur is ook deel van 'n kommunikasieproses waarby die skrywer, die literêre kanaal en die leser gemeoid is.

Vrae wat nou ontstaan is: In watter mate is protesliteratuur 'n produk van die gemeenskap? Baie skrywers was/is in opstand teen die heersende sosiale struktuur. Is hierdie sosiale klimaat waarteen Brink "gerebelleer" het nie dalk reeds tweede natuur by hom nie? Hoe beïnvloed literatuur die gemeenskap?

Die literatuursosiologie is nog nie in formele strukture georganiseer nie, maar sluit by die sisteemteorie aan omdat dit ook die oortuiging deel dat literatuur 'n sosiale verskynsel is sodat dit die hele literêre sisteem - die skrywer, leser, sensor, uitgewer, boekwinkel, kritikus, onderriginstansie, biblioteek, ensovoorts - as besprekingspunt het en nie bloot nóg 'n esoteriese bemeestering van 'n ingewyde verteenwoordig nie. Glicksberg (1972) wys uit dat literatuur nie in 'n vakuum geskryf en gelees word nie. Om te skryf is reeds 'n sosiale handeling wat die vrug is van die sosiale omgewing. Literatuur word hiervolgens die beste verstaan as dit teen die agtergrond van die sosiale en politieke klimaat beskryf word. Die literatuursosiologie erken verder die



feit dat betekenis nie net in die teks lê nie, maar ook geproduseer word deur persoonlike, historiese en sosiale faktore. Welck en Warren (1954) se kritiek op hierdie rigting was dat dit 'n ekstrinsieke benadering is wat die literatuur wil wegredeneer. Hein Viljoen (Cloete, 1992: 279) meen dié kritiek spruit voort uit 'n onkunde weens die vaagheid van die begrip "teks".

Daar is twee hoofstrome in die literatuursosiologie, naamlik die **Marxistiese literatuursosiologie** en die **Empiriese literatuursosiologie** - laasgenoemde is gebaseer op Max Weber se positivistiese opvatting van 'n waardevrye wetenskap. Hierdie twee strominge toon ooreenkomste, maar ook wesenlike verskille.

Literatuursosiologie het sy oorsprong in die Marxisme, maar Marx het nooit 'n teorie oor die verband tussen literatuur en die samelewing uitgewerk nie. Die **Marxistiese literatuursosiologie** fokus veel meer op die ontmaskering van ideologiese kodes en dwing die literatuur soms in historiese raamwerke in. Eksponente hiervan spits hulle verder toe op materiële faktore, soos byvoorbeeld hoe die ekonomiese raamwerk van die samelewing die literatuur beïnvloed (Viljoen, 1992: 276). Ampie Coetzee (1988: 1) meen dat die hele Afrikaanse letterkunde 'n "politieke diskoers" verteenwoordig, maar voeg dan ook by: "Dit wil hoegenaamd nie sê dat elke teks in die letterkunde politiek praat nie..." Die **Empiriese literatuursosiologie** waarvan Hall in sy boek, **The sociology of literature** (1979), 'n breë uiteensetting gee, spits hom meer toe op die samelewing se reaksie op die literatuur sodat sekere temas, genres, norme en groeperings groter aanvaarbaarheid geniet as ander. Die Empiriese denkrigting sien die skrywer as die beginpunt van 'n ondersoek wat die maatskaplike konteks ook in berekening bring. Navorsers wat die empiriese metode gevolg het, het soms vasgeval in losstaande detailondersoeke wat 'n gebrek aan sinvolle integrasie getoon het (vgl. Vanheste, 1981: 11).

In hierdie studie word daar by Vanheste (1981: 191) se siening van literatuursosiologie aangesluit, naamlik: "...bij een sociologische benadering gaat het uiteindelijk om de sociale functie van literatuur". Die skrywer se status in die samelewing, sy/haar beroep en sy/haar ras is sake wat ook aandag geniet. Daar word gekyk na die posisie wat die skrywer in establishment-instellings beklee. Die substelsiem (kinderliteratuur,

betrokke literatuur, ens.) waarvan die skrywer gebruik maak, kan ondersoek word. Uit so 'n ondersoek kan daar dan afleidings gemaak word oor hoe samelewingstendense vir 'n teks verantwoordelik is en dit kan die reaksies van die publiek op die teks van die skrywer ontleed. 'n Mens kan die Sestigercursus byvoorbeeld nie losdink van die ekonomiese hoogbloeit van die sestigerjare nie.

Hoe die uitgewersbedryf funksioneer ten opsigte van die publisering van die teks speel 'n deurslaggewende rol by die literatuursosiologie. Die uitgewer is in die eerste instansie die bepalende faktor of 'n manuskrip as publikasie die lig gaan sien of nie. Presensuur het by Brink se werke byvoorbeeld 'n bepalende rol gespeel wat uitgeloop het op die stigting van die "alternatiewe" uitgewery, Taurus (vgl. hfst. 3, 3.7). Presensuur hou verband met ekonomiese aspekte: 'n boek wat moontlik verbied kan word of 'n boek wat nie goed verkoop nie, kan ernstige finansiële implikasies vir 'n uitgewery inhou. Die rol van die kritikus geniet ook die aandag by 'n literatuursosiologiese ondersoek. Uit so 'n ondersoek kan die voor- en afkeure van die kritikus ten opsigte van literatuursoorte byvoorbeeld duidelik word. Watter boeke voorgeskryf word by onderriginstansies maak deel uit van die literêre sub sisteem wat besluit wat studente behoort te lees en waardeur.

Volgens Daniël Hugo (1992: 167) kan die interaksie tussen samelewing en literatuur uit verskillende hoeke bekyk word. Eerstens kan dit 'n studie van die skrywer se sosiale status wees (Brink het bv. top literêre posisies beklee). Tweedens kan 'n studie oor samelewing en literatuur teksintern gerig wees sodat die teks se sosiale strekking ontleed word. Derdens kan die navorsing oor samelewing en literatuur die gehoor se reaksie betrek. Sensors, kritici, uitgewers en die kerk se bydraes word dan hierby ingesluit.

Die doel van hierdie ondersoek is nie om 'n sosiologiese studie van die Afrikaanse literêre sisteem te maak nie, maar om die interaksie tussen verskillende sub sisteem en sisteme uit te wys. In hierdie geval gaan dit ook om die interaksie tussen die literêre sisteem en die omvattende sisteem, die samelewing. Die beskrywing van 'n samelewing as 'n sisteem met sekere sub sisteem verklaar hoekom 'n gemeenskap sekere verwagtings van sy skrywers en hulle werke het. Die praktyke van die tydperk

1960 tot 1990 word belig en sluit die volgende in: die media, sowel as morele, politieke, religieuse en algemeen kulturele subsisteme. Binne dié raamwerk word daar gezyk na Brink en sy werk en die reaksies wat hy ontlok het. In hierdie ondersoek gaan dit dus om semantiese en pragmatiese elemente.

#### 1.4.6 Samevatting

Om te verstaan hoe 'n literêre sisteem funksioneer, moet dit binne 'n spesifieke kultuursisteem beskryf word. Die hele kwessie van hiërargie (m.a.w. wat is hoog aangeskryf en watter werke word nie hoog aangeskryf nie), word in 'n baie groot mate verklaar deur die waardesisteme wat op 'n sekere tydstep in die gemeenskap geld. So kan een kultuur estetiese tekste bo etiese tekste verkies, terwyl 'n ander kultuur dit andersom wil hê (Senekal, 1987: 73). Die samelewing met sy sosiale en kulturele instellings kan op sy beurt weer beter verstaan en beskryf word wanneer dit as sisteme en subsisteme wat voortdurend in interaksie verkeer, beskryf word.

F.A. van Jaarsveld (1981: 3) beskryf die Afrikaanse situasie van die dertiger- en veertigerjare as 'n tydperk waarin volkseenheid nagestreef is. Gedurende hierdie tydperk het die nasionale bewussyn, waarin Afrikaans as aansporing gedien het, 'n groot rol in die Afrikaanse letterkunde gespeel. Hierdie letterkunde het die koloniseerder se gesigspunt weerspieël (Coetzee, 1990: 13). Dat die halfnaakte etniese vrou nog al die jare nie onder die sensore se skêr deurgeloo het nie, is volgens Hansie Pienaar (1984: 6) 'n uitvloeisel van kolonialisme waarin die witmens die swartmens as gesigloos beleef.

Van der Merwe som die Suid-Afrikaanse situasie en die rol van sensuur in 1983 byvoorbeeld (p. 167) só op:

*Suid-Afrika probeer die beeld handhaaf van 'n stabiele politieke demokrasie wat juis as sodanig van buite bedreig word. In feite vorm hy nie alleen 'n sterk pluralistiese maatskappy waarbinne sterk uiteenlopende sosiale, rasse-, taal-, kleur-, en kulturele belange 'n rol speel nie, maar bevind hy hom ook midde-in 'n konfliktsituasie van 'n evoluerende politieke stelsel, inderdaad*

*gekompliseer deur wêreldideologieë wat hulle daarby van buite wil laat geld. Wanneer die sensors hierbinne beslissings vel, beroep hulle hul oënskynlik in 'n poging om politiek-bepaalde motiverings te verbloem, per geleentheid op literêre kwaliteit.*

Vir Foulkes (1983: 106) is die interaksie tussen die literatuur en samelewingstrukture ook van kernbelang by literatuurstudies:

*The modes of perception which texts may produce, affirm or subvert must be understood as specific interpretative systems for dealing with reality, economic relationships, social formations, human behaviour, political institutions and so on. State controllers of literature, whether they act to censor texts or to promote certain types of text, have always assumed this relationship between literature and life.*

Foucault het in studies aangetoon hoe ideologie betekenis-toekenning deur die gemeenskap kan beheer (Foucault, 1978). Ook Derrida sien die samelewing as 'n sisteem wat uit relasies saamgestel is en waarop politiek 'n dominante invloed het. Hy veroordeel rassisme byvoorbeeld as "a system of marks [that] outlines space in order to close off borders. It does not discern, it discriminates" (Jones, 1990: 218).

Die verhouding tussen literatuur en gemeenskap is baie ingewikkeld. Polet (1972: 14) skryf hierdie kompleksiteit toe aan die feit dat daar meer as een werklikheid bestaan. Naas die konkrete werklikheid, stel hy die werklikheid van die mens se gedagte-wêreld, die bewussyn sowel as sy/haar verbeelding. Hierdie verskillende ervarings van die werklikheid vind weer neerslag in die literatuur. Erlich (1955: 177) roep in hierdie verband die Russiese Formaliste se standpunt op: "... what may seem on the surface to be a manifestation of reality may at closer range turn out to be an esthetic formula, superimposed on this reality".

Die vertrekpunt van hierdie ondersoek ten opsigte van sub sisteme binne die Suid-Afrikaanse samelewing, is dat dit 'n uitvloeisel van kolonialisme is. Viljoen (1985: 88) se ondersoek dui duidelik aan dat literêre sisteme in Suid-Afrika op hul

beurt die uitvloei van taal, politieke en religieuse sisteme is. Al hierdie literêre sisteme het 'n gemeenskaplike geskiedenis, naamlik die emansipasie uit voogdskap. Hierdie proses betrek aspekte soos sensuur en aanstellings, bevordering, befondsing, ensovoorts binne akademiese instellings. Volgens hom is daar twee sosiale ervarings wat alle Suid-Afrikaners gemeen het en dit is koloniserings en die oorgang van 'n landelike na 'n industriële en stedelike samelewing wat tans nog aan die gebeur is (Viljoen, 1992: 279).

Dit was binne hierdie opset wat Brink hom teen die samelewingsstelsel gedurende die tydperk tussen 1960 - 1990 uitgespreek het. Sy werke teken aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op waarin sekere persone en gebeurde geëien kan word. Hy het dit onder andere gehad teen die feit dat daar nie werklik vryheid van spraak was nie wat op sy beurt daarvoor verantwoordelik was dat misdrywe nie aan die lig gebring is nie. Daar word in die volgende hoofstuk onder andere gekyk na wat ten grondslag van hierdie samelewingsstelsel lê.

# 1974: DIE VERBOD OP KENNIS VAN DIE AAND

## 2.1 INLEIDEND

André P. Brink skryf as kind reeds romans. Hy was 'n begaafde leerling wat akademies goed presteer het. Ook het hy geskilder en goed klavier en tennis gespeel. Brink is 'n gebore Vrystater wie se ouers aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort. Sy jeugjare het hy op die platteland deurgebring en daarna het hy aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gestudeer. As student aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, was hy aanvanklik kampvegter vir Christelik-Nasionale onderwys (Van Wyk, 1986: 38-55). Jaap Boekkooi (*The Daily News*, 4/2/1974: 10) beskryf hierdie stadium in Brink se lewe as een wat reeds gekenmerk is deur dwarstrekkerigheid: "Back in Calvinist Potchefstroom as a student he was known as 'stroomop Brink'. He's still as contrary." Dit is interessant dat Brink se werk *Inteendeel (On the contrary)* juis dié eienskap vooropstel in 1993! Hierdie eienskap speel ook 'n rol by *Kennis van die aand* (1973a). Hierdie boek maak geskiedenis in 1974 as die eerste Afrikaanse roman wat onder die 1963-sensuurwetgewing in Suid-Afrika ongewens bevind is. Hewige en verwickelde reaksies volg hierna op die boek en op sensuur as sodanig. Die kontroversie wat met die verbod gepaard gegaan het, moet binne die konteks van die polities-maatskaplike konteks en die aard van die literêre sisteem van daardie jare gesien word.

## 2.2 OORSIG VAN DIE LITERÊRE, POLITIEKE EN SAMELEWINGSISTEME VANAF 1960 TOT 1979

In hierdie oorsig word net na sekere hoogtepunte of prominente gebeurde verwys. Daar word nie getrag om 'n volledige beeld van die jare sestig tot einde sewentig weer te gee nie. Hierdie tydperk sal uiteraard nie volledig behandel word nie, want die doel van die studie is slegs om 'n agtergrond te skets waarteen Brink sy dikwels kontroversiële uitsprake gemaak en sy boeke geskryf het. Enkele opmerkings oor ontwikkelings vanaf die sestigerjare asook die aanloop tot die sestigerjare is egter

onontbeerlik omdat dit so nou met die sensuurbedeling en met Brink se aktiwiteite saamhang. Een van die faktore wat deurgaans in gedagte gehou moet word, is dat die gegewens wat beskikbaar is oor sake soos onder andere die samelewing, kerk, literatuur en politiek uit verskillende vakwetenskaplike paradigmas kom.

Die doel met 'n literêre en 'n politieke-maatskaplike oorsig rondom Brink en sensuur, is om dié temas dadelik in 'n konteks te plaas. Uit die aard van die saak sal hier talle veralgemenings gemaak word om sekere tendense aan te toon.

Die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur in sy ontstaansjare het die opkoms van Afrikanernasionalisme en die vestiging van Afrikaans weerspieël en het plaaslik groot erkenning geniet. Steenberg (1975: 1) wys op die stagnering in die Afrikaanse letterkunde teen die helfte van hierdie eeu, voor die sestigerjare: "In die vyftigerjare was daar haas geen literatuur wat hom nie uitgespreek het oor die feit 'dat daar 'n stilstand in ons prosa gekom het' nie." Stories was "vaartbelyn" en die "mooi woord" het oorheers. Van Wyk Louw (1986a: 5-11) beskryf in 1936 hierdie skryfstyl as "gemoedelike, lokale realisme" met 'n plaas- of dorpsatmosfeer. In 1958 verwys hy in 'n radiopraatjie na 'n "rustige lokale realisme" (1986b: 127) wat vir 25 jaar al die botoon voer. Hierdie stagnasie was vir hom 'n saak van groot kommer, veral omdat skrywers so op die plaaslike, bekende werklikheid gekonsentreer het. Sy mening was dat dié tendens die Afrikaanse skryfwerk laat stagneer. Hy het voorgestel dat die skrywer sake moet aanraak oor die wêreld "...waarvoor jy desnoods brandstapel toe sou gaan" (1986b: 171). Steenberg (1972: 5) wys egter op die onrypheid van die skrywer voor Sestig en gevolglik die onrypheid van die leser, wat 'n lang aanpassing geveer het om aan nuwe tendense in die literatuur gewoon te raak. Sedert Sestig sou lesers hulle ingeburgerde opvattinge moes heroorweeg en hulle kennis verbreed om die intertekstuele verbande in die nuwe werke te kon snap.

Brink (1987b: 229) wys op 'n ander scenario in die Suid-Afrikaanse letterkunde, naamlik die tydperk van vyftig tot vroeg sestig toe 'n hele generasie swart skrywers deur 'n "pennestreek van die wetgewer" vir hulle tydenote en nakomelinge ontoeganklik gemaak is, sodat 'n gaping ontstaan het tussen skrywers wat uitgewyk het en ander wat in die land bly skryf het. Volgens Oliphant (1992: 520) is talle

swart skrywers se werke wat protes aanteken teen sosio-politieke verdrinking, in hierdie tyd saam met van die skrywers van hierdie werke verban.

Gedurende die sestigerjare voel die Afrikaner oor die algemeen veilig as die regerende groep. Na 1948 het Suid-Afrika 'n ongekende ekonomiese groei onder D.F. Malan beleef, wat onder J.G. Strijdom (1954 - 1958) en H.F. Verwoerd (1958 - 1966) voortgeduur het (Kannemeyer, 1983: 219). Daar bestaan min behoefte om aan nuwe invloede blootgestel te word. Ten spyte van kritiek op die regeringsbeleid en gevalle van binnelandse onluste, leef die meeste Afrikaners in die Verwoerd-era in 'n soort euforie as gevolg van die magposisie waarin hulle as regerende groep verkeer, die ekonomiese welvaart wat die witmense in die land ervaar en die waan dat alle politieke probleme deur 'n waterdige stelsel onderskep sou word (Kannemeyer, 1983: 220). Verwoerd het deur skeiding orde probeer skep vir 'n "blanke" Suid-Afrika. Tydens die Verwoerd-era word nasionalisme gesistematiseer. Verwoerd het die voortou geneem in die ontwikkeling van apartheidsdenke tot 'n koherente ideologiese sisteem. Die swart state wat Verwoerd en sy opvolgers geskep het, het sekere gebreke getoon. Daar was te min grond beskikbaar in die tuislande en daar is nagelaat om 'n snelgroeiende industriële ontwikkeling gevestig te kry. "Verwoerd's prohibition of investment by white entrepreneurs in the homelands constituted a severe blow to growth" (Giliomee & Schlemmer, 1990: 101). Die verarming van die swart state teenoor die welvarende Suid-Afrika was 'n noodwendige gevolg. Die Algemene Vergadering van die VVO het in 1971 die tuislandbeleid van Suid-Afrika veroordeel omdat dit ideologies onaanvaarbaar was. Maori's en Japannese in sportspanne is deur Verwoerd verbied om in Suid-Afrika deel te neem (Muller, 1989: 10). Sharpeville, 21 Maart 1960, waar sowat sewentig swart Suid-Afrikaners (ook kinders) tydens 'n protes doodgeskiet is en sowat 180 gewond is, kleur in 'n baie groot mate die politieke gebeurde van die sestigerjare.

Sharpeville was die groot keerpunt in Brink se lewe en verteenwoordig die beginpunt van sy kontroversiële loopbaan. Sowat sewentig swart demonstreerders is in dié jaar tydens 'n voorval by Sharpeville deur die polisie doodgeskiet. Brink hoor hierdie nuus tydens 'n verblyf in Parys, waar hy vir die eerste keer die "skok" ervaar het om saam met swartes aan tafel te sit (Onze Wereld, November 1985: 24). Dit was vanaf



die Sharpeville-gebeurde, en ná sy heseft in Parys dat swartes ook "mense" is, dat Brink hom bewustelik begin bemoei het met 'n wêreld wat volgens hom voorheen onbekend aan hom was weens sy beskernde lewe as blanke en plattelander (**Onze Wereld**, November 1985: 24).

Brink se skryfloopbaan het ná Sharpeville 'n verwickeling getoon wat hom allerweë een van die bekendste Suid-Afrikaanse skrywers gemaak het. Met **Lobola vir die lewe** (1962), wat hy tydens sy verblyf in Parys geskryf het, maak hy nie net sy deurbraak nie, maar verbreed hy ook die Afrikaanse prosa tematies (Kannemeyer, 1983: 386). Hiermee saam het werke verskyn soos Jan Rabie se **21** (1956), wat J.P. Smuts (1993: 104), Steenberg (1972: 18) en Brink (1974: 11) as die belangrikste werk in die aanloop na Sestig beskou. Ook met Peter Blum, vir wie Ampie Coetzee (1990: 33) dié voorloper van Sestig noem, betree die Afrikaanse literatuur 'n nuwe era, en word die tydperk van die Sestigters ingelui. Brink bly volgens Steenberg (1972: 12) deurgaans een van die hooffigure in hierdie Sestiger-"beweging". Die Sestigters word gekenmerk deur hulle verzet teen heersende plaaslike opvattinge op literêre sowel as maatskaplike gebied. As Sestiger het Brink reeds opslae gemaak met sy literêre werke sowel as sy openbare uitsprake.

Die Sharpeville-gebeurde het veral ook in die buiteland baie aandag getrek. In 1960 word Suid-Afrika in die Algemene Vergadering van die VVO op grond van die Sharpeville-voorval verdoem en die Veiligheidsraad bevind dat die Suid-Afrikaanse binnelandse beleid wêreldvrede bedreig. Hierna volg nog wegblyaksies en situasies waar passe in die openbaar verbrand is. In 1961 gaan die ANC ondergronds nadat dit verbied is. Die jaar 1960 word 'n jaar waarin die kloof van apartheid nog dieper deur Suid-Afrika loop. Terwyl bordjies by sportterreine, swembaddens, biblioteke, openbare vermaak en geriewe swart Suid-Afrikaners uithou, begin hulle hul al hoe meer gegrief voel oor hierdie stand van sake. Fatima Meer (1988: 119) beskryf hoe die blanke maghebber nie 'n duim toegee het nie, maar eerder vervolging van andersdenkendes op die spits gedryf het. Sy vertel dat al hoe meer wette uitgevaardig is totdat die swart Suid-Afrikaner feillik geen regte meer gehad het nie. Es'kia Mphahlele (1992: 53) sê hieroor: "After Sharpeville, anti-black legislation piled up. Political protest was all but muffled. In addition to the laws that drove several blacks

into exile, censorship has been cracking its whip since 1963." Hierdie groeiende inperkings van die swartmense vind in 'n stadium plaas wanneer die Sestigters (en die buitewêreld) hulle juis vir nuwe invloede oopstel (Galloway, 1987b: 75).

Volgens Galloway (1987b: 82) kan 'n mens nie anders nie as om die Sestigters se letterkundige werke en invloed binne die konteks van die politieke gebeurde van daardie era te sien. So kom daar byvoorbeeld tydens die Verwoerd-era botsings tussen politici en skrywers voor.

*Afrikanernasionalisme het in 1966 'n hoogbloei beleef... In dieselfde jaar was daar 'n botsing tussen die twee invloedrykste Afrikanernasionaliste van hul tyd: Van Wyk Louw en die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd. (Steyn, 1992: 262)*

Die woord "Sestiger" het vir menige 'n vloekwoord geword, wat volgens Bartho Smit (1964) en Brink (1964a) se artikels in *Sestiger* se Februarie-uitgawe in 'n groot mate ook toe te skryf was aan Abel Coetzee se eensydige uitbeelding van die Sestigterskrywer in die inleidingsartikel van *Sestiger* se eerste nommer. Die tydperk van die sterk en meesleurende Sestigerbeweging wat die Suid-Afrikaanse literêre toneel geheel en al oorheers het, was betekenisvol vanweë die vervreemding wat daar tussen skrywer en die samelewingsstelsel, en skrywer en die politieke stelsel, oftewel Afrikaner en Afrikaner, ingetree het. Die Afrikaanse literêre stelsel wat deur die Sestigters in nuwe banne gestuur is, word in hierdie tydperk deel van sensasieberiggewing. Tog wys Steyn in *Boekewêreld* (1992: 237-261) daarop dat die Sestigters se werk gunstig deur Afrikaanse koerante soos **Die Vaderland**, **Dagbreek** en **Sondagnuus** en **Die Volksblad** ontvang is. Met die veranderinge wat in die sestigerjare in die Afrikaanse literêre stelsel ingetree het, kan twee sake waarin Brink die hoofrol gespeel het, nie uit die oog verloor word nie, naamlik die Somerskool van Sestig en die Afrikaanse Skrywersgilde.

Dit was veral Brink en Jan Rabie wat in hierdie tydperk nuwe perspektiewe in Afrikaans open en krake in die literêre establishment veroorsaak. Die Sestigters is dikwels as vyande van die gemeenskap ervaar; mense wat die waardes van die gemeenskap ondermyn. Brink sê in 'n terugblik op die vorige dekade by die

Gildeberaad van 1978 dat die Sestigers die antwoord op Van Wyk Louw se aankondiging was: "En die enkele insident wat dié keerpunt gedefinieer het, was natuurlik die openbare botsing tussen Verwoerd en Van Wyk Louw reeds in die middel van die jare sestig" (Brink, 1985b: 59). As Sestiger beskryf Rabie sy persoonlike ervaring van die gaping wat tussen Afrikaners in die sestigerjare ingetree het:

*Die handhawers van apartheid het my straffeloos uitgeskel in die openbaar. "Volksvyand! Jy is geen Afrikaner nie!" en dies meer. Polisie het ons huis doggehou, ons foon is beluister en toe 'n foto van my saam met 'n Maleier by 'n onthaal in 'n aandkoerant verskyn, het iemand my oor die telefoon met die dood gedreig. (Rabie, 1987: 240)*

Gebeurde in hierdie tyd moet onder andere ook teen die agtergrond van die Paswet, die verbod op die PAC en die ANC, wat in 1961 ondergronds gegaan het, die feit dat swartes nie grond in Suid-Afrika mag besit nie en 'n minderwaardige onderwysstelsel vir swartes gesien word. In 'n persverklaring op 26 Junie 1961 (Meer, 1988: 143) stel Mandela sy mense se griewe só:

*Those who are voteless cannot be expected to continue paying taxes to a government that is not responsible to them. People who live in poverty and starvation cannot be expected to pay exorbitant house-rents to the government and local authorities. We produce the work of the gold mines, the diamonds and the coal, of the farms and industry in return for miserable wages. Why should we continue enriching those who steal the products of our sweat and blood who exploit us and refuse us the right to organize trade unions?*

Mandela voel dat vreedsame optrede hulle niks in die sak gebring het nie. Saam met ander swart leiers het hy gevoel dat die enigste oplossing in geweld lê (Galloway, 1983: 89) sodat verbode nasionale organisasies hul beywer het vir revolusionêre verandering. Hulle was verantwoordelik vir verskeie ontploffings. Gedurende hierdie tydperk word onder andere Mandela tot lewenslange tronkstraf gevonniss. Hy word

in die Rivonia-saak onder die Sabotasiewet skuldig bevind. Harvey Tyson, wat onder andere redakteur van **The Star** was, gee sy persoonlike mening oor hierdie tydperk:

*Looking back, we can now appreciate that mid-1961 was a critical moment in the life of apartheid. In that year the gates were already open to a new world beyond colonialism, and Africa was opening up for "freedom". Afrikaner nationalists in South Africa had seized power and squeezed it. Afrikaner nationalism, arrogated to itself - by hook and by legalised crook - an unassailable position. In 1961, the party held 105 of the 156 seats in the House of Assembly - the purified, all-white chamber that ruled the nation. Its domination would increase. The fanaticism of Hendrik Frensch Verwoerd was reaching its peak, and Balthazar Johannes Vorster's reputation of cool kragdadigheid (untrammelled power) had become his key to fame. At that moment, when the National Party was about to crush almost all white-Establishment opposition, it turned to deal with the potency of black nationalism.*

*Mandela's organisation was banned and had not yet spread its militant underground roots. He and his colleagues were about to be forbidden every public platform in the country. He had no access to state radio or to much of the media. To whom could Mandela turn to deliver his message? He turned instinctively to the English-language opposition press, the only free channel left in South Africa and almost the only public voice available to all ungagged citizens for the next quarter of a century. (Tyson, 1993: 9-10)*

Terwyl al hierdie ontwikkelings in Suid-Afrika aan die gang was, verskyn Brink se **Lobola vir die lewe** (1962) en word **Kennis van die aand** (1973a) verbied.

Gedurende 1963 is die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede deur die parlement geloods. Die spanning het veral hoog geloop tussen die skrywers van Sestig en die regering met die weiering van 'n visum in 1965 aan Yolande Breytenbach. As "verligte groep" het die Sestigers hul invloed gedurende hierdie tyd wyd laat geld.

Tog is hierdie invloed volgens Kannemeyer (1983: 232) in 'n groot mate onder die outoritêre gesag van adv. Vorster gedemp.

'n Groter verligtheid en kritiese ingesteldheid teenoor die Suid-Afrikaanse werklikheid kenmerk die Sestigerwerke. Die Sestigerwerke verteenwoordig 'n letterkunde wat swaar dra aan *Sturm und Drang*, eksperimentering en vernuwing. Die hele proses van vernuwing sit Brink in **Aspekte van die nuwe prosa** (1974: 13) uiteen as: "(a) 'n uitgaan van die relatiewe as romangegewe, nie meer van die absolute nie; (b) 'n al meer inborende ontginning van alle aspekte van romanstruktuur - wat uiteindelik 'n algehele verandering in die 'epiese wêreld' gaan meebring; (c) 'n spesifieke nuwe hantering en beskouing van tyd in die roman". In *Literêre terme en teorieë* (1992: 347) verwys Brink na die belangrike invloed wat die Franse *nouveau roman* op die vroeë Sestigskrywers wat op die woord gekonsentreer het, gehad het. Die *nouveau roman* wys na binne, na die teks self en nie na buite, die konteks, nie. Die nuwe roman gaan dus om kuns ter wille van die kuns, om estetisering. In **Aspekte van die nuwe prosa** wys Brink (1974: 12) egter daarop dat hy die nuwe roman in Afrikaans wyer as die *nouveau roman* beskou.

Die Sestigers het die kunswerk dus as outonoom beskou. Hierdie werke is kompleks en verg 'n breë verwysingsraamwerk van die leser. Die letterkunde van daardie tyd word gekenmerk deur vormvernuwing, uitbuiting van die woord en eksperimentering, aldus Brink (Kannemeyer, 1983: 230). Daar vind deur die letterkunde 'n spel met die leser plaas met groot klem op ironie. Seks en geweld was nou sterk fokuspunte. Net soos Van Wyk Louw dit gewens het, was hierdie skrywers besig met vernuwing: Hulle het nuut en anders gedink oor die Suid-Afrikaanse werklikheid, hulle sê nuwe dinge, pak nuwe temas aan op 'n nuwe manier en skryf nie meer vir die breë massa nie, maar vir 'n meer ingeligte lesersgroep. Hierdie werke, wat ryk aan intertekstuele verwysings is, dwing lesers om dié werke anders as op die tradisionele manier te lees.

Eksistensialisme, wat na die Eerste en Tweede Wêreldoorloë in onder andere die Franse literatuur op die voorgrond getree het, vier ook hoogty in die Sestigerwerke. Volgens Jean-Paul Satre se vertaalde werk, **Existensialism and Humanism** (1948), is die mens binne die raamwerk van die eksistensialisme 'n vreemdeling in sy eie

wêreld. Die mens is hom intens bewus van die sinloosheid van die lewe. Dit is deur onder andere kuns en politieke betrokkenheid wat die mens sy eie bestaan as opstand teen die sinlose lewe kan definieer. Brink (1969: 75) sien die mens wat binne die konteks van die eksistensialisme beskryf word as iemand wat verantwoordelikheid vir sy eie lewe moet aanvaar. Degenaar wy uit oor wat die eksistensialisme vir die Afrikaner inhou: "Die rasionalisasie om my beter voor te stel as wat ek is, word deurbreek. Ek is 'n blanke Afrikaner met vooroordeel in my lewe teenoor ander groepe; wat voordeel trek uit die bevoorregte posisie van die blankes op politieke gebied" (Degenaar, 1974a: 1).

Dit was veral Camus se humanistiese opvattinge wat 'n groot indruk op Brink gemaak het. Hy deel die teenkanting teen onderdrukking met Camus uit sy ondervinding met die Suid-Afrikaanse samelewing (Smith M.E., 1988: 203). Brink gee sy mening in **Aspekte van die nuwe prosa** oor die driehoekverhouding skrywer-roman-publiek gedurende die Sestigertydperk:

*Die prosa van Sestig het 'n reaksie ontlok wat die verhouding tussen 'n roman en sy samelewing opnuut in die brandpunt kom stel het. Van die kant van die publiek word bedenkinge gelug oor kuns wat dan "volksvreemd" sou wees of selfs die volk sou "ondergrawe"; daar word dan bedenkinge uitgespreek dat selfs in die werk van ernstige en Christelike skrywers (sê maar Graham Greene) die seksuele so 'n groot rol speel; die roman word selfs beskou as gevaarlik omdat hy die taboe's van die gemeenskap bestorm; hy is teneerdrukkend, weet nie meer wat "mooi" is nie; hy't 'n kuns vir kokkedore geword. (Brink, 1974: 109)*

Wat Brink met die begrip "sestig" bedoel, is blyke van relatiewiteit, nuwe tydskonstruksies en ontginning van die medium:

*Die tydskrif Sestiger het noodwendig mense hymekeer gebring wat in 'n nuwe soort literatuur belang gestel het, maar uit die staanspoor was die verskille tussen die werk van die groep opvallender as die ooreenkomste. (Brink, 1974: 15-16)*

Brink vertel in **Aspekte van die nuwe prosa** (1974: 15) waar die begrip "Sestiger" vandaan kom en wat dit behels:

*In die wydste sin van die woord sou die begrip "Sestiger" dui op 'n skrywer wie se werk behoort tot die beduidendste wat in die huidige dekade in Afrikaans voortgebring word ("beduidend" nie uitsluitlik op grond van kwaliteit nie - want dan sit ons maar met min - maar ook op grond van aard). In 'n enger sin, en dit is die sin waarin die woord oorspronklik gebruik is, dui dit op skrywers wat verbonde was aan die kwartaalblad van die literêre avant-garde Sestiger - d.w.s. in alfabetiese volgorde: Hennie Aucamp, Chris Barnard, André P. Brink, Abraham H. de Vries, Etienne Leroux, Jan Rabie en Dolf van Niekerk. Hierby sou gevoeg moet word die belangrike figuur Breytenbach; en ander wat meer op die periferie beweeg: Piet Venter, Coenie Rudolph, Anton Prinsloo. Omdat dit 'n vernuwing is wat hom in die eerste plek op die prosa toegespits het, val sulke boeiende figure soos die dramaturg Bartho Smit en die digters Adam Small en Ingrid Jonker buite die bestek van hierdie studie.*

Die buiteland neem kennis en toon belangstelling in Afrikaanse skrywers soos Brink en Breyten Breytenbach wat goed op hoogte met buitelandse tendense op die literêre front was (Malan, 1982a: 12-13). Die Suid-Afrikaanse staat en kultuurinstansies kon egter nie altyd met die ontwikkelingsgang wat hierdie en ander strydvaardige Sestigerliteratuur ingeslaan het, tred hou nie. G.C. Cilliers voer as ondervoorsitter van die FAK in die sewentigerjare hierdie rede aan as die oorsaak van die gaping tussen skrywer en volk (**Die Vaderland**, 8/7/1977: 11).

Brink (**Rand Daily Mail**, 20/6/1970) som die Afrikaanse skrywer se posisie binne die Suid-Afrikaanse konteks aan die einde van die sestigerjare só op:

*The Afrikaans writer has enjoyed a measure of liberty in his work. But he has interpreted that liberty as meaning: the liberty to say, "Yes Baas". There are a few - very, very few - writers not prepared to say this sweet yes. And if Afrikaans writing is to achieve any true significance within the context of the*

*revolution of Africa (of which we form part) and within the context of the crucible in which this country finds itself, it seems to me that it will come from these few who are prepared to sling the "No!" of Antigone into the violent face of the System.*

Daar was botsings tussen diegene wat teen verandering gekant is en diegene wat progressie en "openheid" voorgestaan het. Dié uiteenlopende menings het aanleiding gegee tot heftige en teenstrydige reaksies. Andersdenkendes wat hulle teen die amptelike beleid uitgespreek het, is van volksverraad beskuldig. Hiervan is Breytenbach, wat sy tyd sowat twintig jaar vooruit was (soos blyk uit sy briewe uit die tronk aan Brink) 'n goeie voorbeeld.

Brink het in Parys gedurende die sestigerjare intens bewus geword van lyding, ellende en onderdrukking. Hierdie bewussyn was nog steeds deel van Brink toe hy in 1969 Parys verlaat en na Suid-Afrika teruggekeer het. Hierdie ambivalente ervaring beskryf hy tydens 'n besoek by die UOVS in 1986 s6: "Dit was 'n terugkeer op soek na my wortels as enkeling, as mens, maar ook as Suid-Afrikaner en as Afrikaner en Kennis was die eerste poging om te antwoord daarop." Nadine Gordimer het dieselfde ambivalensie ervaar: "I myself fluctuate between the desire to be gone...and a terrible, obstinate and fearful desire to stay. I know that there must be many others who feel as I do..." (Clingman, 1988: 27).

Brink se ervaring en belewenisse wat uit die Sharpeville-gebeurde voortgevloei het, was "so intens dat die skryfdaad noodwendig en onvermydelik moet geskied" (Smith M.E., 1988: 201). Hierdie nuwe bewuswording het hom geplaas op die spoor van 'n soeke na WAARHEID - 'n woord en doelwit wat daarna sy werke, toesprake en uitsprake sou kenmerk. Hy neem in die proses standpunt in teen apartheid en begin 'n soektog na "die waarheid". Hy val die regering aan met sy verwysings na intimidasie, vrees, wantoestande, geweld en onreg wat skrywers, wit 6n swart, soms ondervind as gevolg van die inmenging van die owerheid: "'n Owerheid wat dus bereid is om geweld te gebruik ten einde die waarheid - of die soek na die waarheid - te onderdruk" (Brink, 1976b: 22). Hy huiwer nie om in hierdie soeke na "waarheid" die Staat aan te val nie - en wat hy as 'n leuen bestempel, openbaar te maak nie. Hy



laat hom byvoorbeeld tydens die 1978-beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde oor die houding van die Staat ondubbelsinnig uit:

*Die behoud van die Staat is met ander woorde belangriker as selfs die verspreiding van die waarheid. Selfs in 'n staat wat op verskillende maniere selfgewelddadig optree, of die leuen bestendig, mag die waarheid nie gepraat word nie.* (Brink, 1985b: 55)

Dit is duidelik dat Brink die waarheid hier ontmasker as die waarheid van die groep wat aan bewind was. Brink het dit hier veral teen Suid-Afrika se optrede in Angola wat strydig was met min. B.J. Vorster se verklaring dat dit regeringsbeleid is om nie in te meng met buurstate wat nie met Suid-Afrika inmeng nie, en die misleiding van die Suid-Afrikaanse publiek oor die eerste aanval in Angolese grondgebied.

Brink definieer nooit werklik die begrip "waarheid" nie. 'n Mens kan wel aflei dat hy met sy siening van "waarheid" onder meer in dié tyd bedoel dat die publiek op hoogte van sake (d.w.s. van die dikwels versweë werklikheid) gehou moes word. "Taal is die mens se primêre instrument in sy soektog na die waarheid", skryf Brink in **Standpunte** (1976b: 27). Hy laat hom só teenoor **The Weekend Argus** (27/10/1973: 4) uit: "But it will be a pity if people stare so blindly against their own anger that they do not see the truth behind the novel - a truth which too many South Africans do not see." Brink verwys hier na **Kennis van die aand**.

Uit sy openbare uitsprake, wat spreek van vernuwning ten opsigte van sy wêreldbeskouing, kan 'n mens verder aflei dat die "waarheid" vir hom ook die saambestaan van verskillende gesigspunte verteenwoordig wat ruimte laat vir groei en ontwikkeling in die mens se denke en ervaringswêreld, sodat hy soms van teenstrydige standpunte beskuldig is. Van hierdie beskuldigings reik terug na sy uitsprake wat hy reeds in **Sestiger** gemaak het.

Die oorgang na die sewentigerjare met sy groter politieke betrokkenheid van skrywers, word in 'n artikel in **Kol** (1968a) deur Brink voorspel met die woorde: "laat ons 'n slag waaragtig ons land ópskryf onder die son". Hy kyk terug én

vorentoe: "as Sestig die dekade van seks en simbole was, dan sou ek graag sien dat ons wat in Sewentig gaan skryf, deurbreek na die politieke en sosiale in sy wydste sin" (1968a: 4). Brink voel by die Somerskool van Sestig dat ivoortoringkuns plek moet maak vir "betrokkenheid in sy diepste sin" (1973b: 125). Met betrokke literatuur word hier bedoel die literatuur wat aantoonbaar ontspring uit en ingestel is op 'n herkenbare sosio-politieke werklikheid (Brink, 1985a: 79). Brink voel dat skrywers 'n bydrae tot die stryd teen onreg en uitbuiting moet lewer. By die Somerskool van Sestig sê Brink:

*Is ons darem maar te middelmatig en te middestanderig om werklik te wil risiko's loop? Dan sou ons stilsweye self 'n veroordeling word. Kom ons sê: Sestig is dood; lank lewe Sewentig!... Kom ons sê: ...ons laat ons nie doodpraat nie en bowenal nie doodswyg nie. Kom ons sê: Hier is die plek waar ons weer begin. En biedem die res.* (Brink, 1973b: 31)

Brink het by die Somerskool aanduidings gegee dat hy 'n nuwe rigting met sy werk wou inslaan. Hy het betrokke literatuur (*littérature engagée*) bepleit en hom gedistansieer van die outonome teks waar dit gaan om kuns ter wille van die kuns soos dit in die vorige dekade beoefen is. Dié nuwe rigting wat Brink inslaan, bring mens te staan voor die term "betrokke literatuur", wat soms onder andere as "aktualiteitsliteratuur" bestempel word, of selfs as "onkuns". Dorothy Driver (aangehaal in Galloway, 1987b: 74) som die skrywer van betrokke werke se situasie in die Suid-Afrikaanse bedeling só op in **South African Outlook**:

*The application of censorship is being carefully honed to minimize the amount of criticism from articulate and well-established spokesmen and to maximize the possibility of a value system shared by all who live in South Africa and their commitment to a common political ideology.*

Brink beskryf betrokke literatuur in Cloete se **Literêre terme en teorieë** (1992: 39) in terme van die gerigtheid van die teks:

*J.M. Coetzee se voorstelling van 'n wêreld vol ongeregtigheid wil met die energie van sy komplekse geladenheid die leser "beweeg" tot die vrye wilskeuse om ook sý volle menslike verantwoordelikheid t.o.v. sy wêreld vol ongeregtigheid te aanvaar.*

Brink beskou 'n sedeles of boodskap nie as iets wat so 'n beweging teweegbring nie. Volgens hom kan net 'n kunswerk dit doen. Brink haal in hierdie verband Satre, Camus en Brecht aan. Hiervolgens glo Satre vryheid moet verdedig word. Camus staan verset ten gunste van die waarheid en vryheid voor, terwyl Brecht betrokke literatuur sien as die gerigtheid teen die establishment (Brink, 1992: 40). Die **Don Quijote**, wat soveel intertekstuele verbande met Brink se werke het, was die eerste betrokke roman wat geskryf is. Die sosio-politieke konteks van Suid-Afrika waarmee die skrywer hom/haar bemoei, vind neerslag in betrokke literatuur. Brink beklemtoon dit dat betrokke literatuur nooit 'n maatstaf vir literêre gehalte is nie (1992: 40). In 1991 vertel Brink in 'n onderhoud met Christelle Terreblanche (*Vrye Weekblad*, 25/7: 8) dat hy betrokkenheid as 'n "private ache" sien: "Omdat apartheid my seergemaak het, en my vriende seergemaak het, omdat ek die dinge gesien het wat met Breyten gebeur, mense wat in die tronk beland het, mense wat verdwyn het en mense wat dood is, hoe my eie gesinslewe in baie opsigte in die jare sewentig ontwig is, het dit my 'private ache' geword."

In 1968 skryf Brink in *Koel* (1968a: 3-4): "Kan ek 'n boek oor liefde van 'n man en meisie gaan skryf terwyl duisende Afrikane in my distrik verhonger omdat hulle nie toegelaat word om elders te gaan werk nie en daar in die distrik nie meer werk is nie?" Hy voeg dadelik by dat hy nie 'n bewuste politieke skrywery bepleit nie, maar dat hy glo dat die skrywer hom minstens van die aktuele werklikheid moet vergewis. Hy vra die Afrikaanse skrywer tog af of hy/sy die kans om kontesterend te skryf gaan "benut". Ook P.D. van der Walt lewer by die Somerskool van Sestig byvoorbeeld kritiek op die eksperimentele aard van die Sestigers en bepleit betrokke literatuur:

*Daar steek tog 'n waarheid in die vrees dat die stem van die storieverteller dood is in die Afrikaanse romankuns, en dat daar te veel op tegniese truuks, neo-moralisme, neo-simboliek, neo-allegorie gesteun word, in plaas daarvan*

*om die "special explosive magic of the new idea" te laat ontvonk aan 'n meevoerende menslike verhaal. Miskien lê die groeipunt van ons prosa in hierdie rigting indien dit gemeenskapskuns wil bly of word. Want 'n lewende romankuns moet **engagé** wees, anders veryl dit soos die lied van Nijhoff se dwase bye, en wat help dit as 'n kunsvorm iets te sê het, iets dringend en noodsaaklik, en dit praat net met 'n paar professore? (Van der Walt, 1973: 48)*

P.G. du Plessis spreek hom ook teen die eksklusiewe aard van die Sestigerwerke uit by die Somerskool: "Net so sien ek geen sin daarin om die moderne tegnieke te verheerlik en tot die eksklusiwiteit te voer nie. Dit is net so gek as om die winste van die verlede - die vuur van Voltaire - ongebruik te laat" (Du Plessis, 1973: 81).

Ook Chris Barnard is bekommerd oor die elitistiese neiging in die skryfkuns van die Sestigters:

*Is dit nodig dat almal hulle skielik tot 'n eksklusiewe gehoor rig? Het ons dan niks meer vir die man op straat te sê nie? Het die eise van onderhoudendheid wat hy aan ons stel dan vir ons te hoog geword? Moet goeie letterkunde noodwendig esoteries wees? Is dit nie dalk nodig, dalk dringend noodsaaklik dat sommige van ons die ivoretoring verlaat en na die land rondom ons kyk nie? (Barnard, 1973: 98)*

Barnard (1973: 99) meen verder dat alle temas aangeraak is behalwe politiek en dat dit tyd geword het om van politiek in die Afrikaanse literatuur rekenskap te gee.

By die Somerskool van Sestig lê Brink swaar klem op veral die internasionale en kosmopolitiese aanslag van die Sestigerwerke. Ander wêreld as die Suid-Afrikaanse is in die Sestigerwerke verken. Die wegbeweeg van die plaaslike na die internasionale stel hy gelyk aan 'n "dekolonisering van die prosa" (Brink, 1973b: 17). D.H. Steenberg reageer op Brink se stelling in *Aspekte van die nuwe prosa* (1974: 132-133) dat die Afrikaanse literatuur internasionaal geword het waar ander maatstawwe as die volk se eie konvensie geld, en wel soos volg:

*Daarmee word die mens-in-sy-situasie in Suid-Afrika voetstoots gelykemaak met die "internasionale", en die Afrikaner se reg op individualiteit en oorspronklike benadering van sy situasieprobleme implisiet aan bande gelê. Dit verraaï 'n onaanvaarbare romantiese erkenning van die nie-eie as maatstaf vir die eie. (Steenberg, 1972: 63)*

In 1969 werp Ernst van Heerden uit 'n ander hoek lig op hierdie saak: "'n Volk is nie éénkleurig nie, dis 'n hele spektrum, en hy het daardie reënboog van kulturele en politieke verskeidenheid nodig om nie 'n vaal monotone eenselwigheid as sy eiendomlikheid aan die wêreld te vertoon nie" (1969: 17). Hy glo dat "vaderlandsletterkunde" kan lei tot 'n verenging van die begrip "vaderland" en dat dit aanleiding kan gee tot onverdraagsaamheid teenoor verskeidenheid (1969: 22).

Baie van die werke van die sewentigs word dan ook deur 'n verskerpte belangstelling in die politieke en sosiale gekenmerk. Kannemeyer (1983: 230) wys daarop dat dit 'n ietwat "verbete betrokke-skrywery" tot gevolg gehad het. Die verkenning van Afrika en 'n wegbreek van die Westerse establishment en sy besondere problematiek staan dikwels sentraal in hierdie werke. Daar is duidelike tekens van vervreemding tussen skrywers en owerhede soos blyk uit die vele artikels en briewe in die pers. In **Boekewêreld** beskryf Steyn (1992: 382) twee soorte verset wat verwydering tussen die Afrikaanse lesersgemeenskap gebring het:

*...die eerste was die teenkantiing van party Afrikaners teen die strekking van sommige literêre werke, en die tweede die weerstand van skrywers en letterkundiges teen die sensuurstelsel. Die Afrikaanse letterkundige wêreld het al hoe meer gepolitiseerd geraak.*

Dit was veral die Soweto-opstande van 1976 wat publikasies tot gevolg gehad het wat binne hierdie historiese en politieke raamwerk geskryf is. Hier dink mens byvoorbeeld aan die veragting waarmee sommige swart skrywers die blankes se literatuur verwerp het (Malan, 1982a: 18). Vir die letterkunde is dit betekenisvol dat Suid-Afrika gedurende die tydperk van sewentig in 'n veel groter mate deur verandering op sosio-politieke terrein gekenmerk is (Malan, 1983c: 10). Die

sewentigerjare verteenwoordig 'n era waar sekere van die mees blatante vorms van apartheid begin kwyn: aparte ingange, hysbakke, openbare geriewe, teaters, busse, strande, ensovoorts is oor 'n tydperk van vyftien jaar uitgefaseer. Aparte onderwysstelsels bestaan egter nog tot in die negentigerjare.

Gedurende die sewentigerjare betrek Brink in 'n nog groter mate die Suid-Afrikaanse aktualiteit, soos lyding, vervreemding en volkereverhoudings. Dit is veral Brink, Gordimer, Fugard, Coetzee en andere wat vanaf die middelsewentigerjare van ander bevolkingsgroepe se ervarings rekenskap probeer gee (Galloway, 1982: 17). Alhoewel Ampie Coetzee meen dat Brink die politieke situasie in sy werk verreken, wys hy daarop dat dit gepaard gaan met die behoud van "die esteties selfbewuste" (Coetzee, 1990: 42).

Daar is gedurende die sewentigs 'n wegbreek van die Westerse establishment en 'n groter Afrika-gerigtheid te bespeur - ook by die Engelse literatuur. 'n Patologiese angs, vereensaming en verontmensliking kenmerk hierdie werke. Gebeurde soos die Soweto-onluste, Steve Biko se dood en Breyten Breytenbach se tronkstraf staan sentraal in hierdie tydperk. Skrywers huiwer nie om hulle, net soos die tydenootlike swart skrywers, oor die heersende sosiale sisteem en die rassesituasie uit te laat nie.

Dat die sewentigerjare 'n tyd van woelinge en verdeeldheid vir Suid-Afrika was, is nie te betwyfel nie. Op politiese en sosiale gebied het Suid-Afrika die nuus gehaal. Die buiteland se negatiewe belangstelling in Suid-Afrika neem in hierdie dekade verder toe. Buiten die geweldige kontroversie rondom sensuur wat op Brink se **Kennis van die aand** en Leroux se **Magersfontein, o Magersfontein!** toegeslaan het, was dit ook die tydperk waarin televisie hier te lande ingestel is. Magreet de Lange (1993: 241) voel dat ondersoek oor sensuur binne die opset van die literêre sisteem noodsaaklik is omdat dit so lank oor die hoof gesien is en omdat dit die uitwerking van 'n sensuurstelsel op literatuur verreken. Vir baie inwoners van Suid-Afrika het dit 'n nuwe lewenswyse beteken. Kykers is aan nuwe invloede blootgestel. Die sewentigerjare sal verder onthou word as die tydperk toe inflasie en resessie die land in sy greep gekry het. Die jaar 1976 sal veral onthou word vanweë die Soweto-onluste. Hierdie opstande het 'n rewolusie ten opsigte van Swartes se

interpretasie van hulle eie mag gebring (Malan, 1987b: 6-7). Uit hierdie gebeurde groei die Soweto-poësie volgens Chapman (1987: 175-184) as subsisteem van die Engelse literêre sisteem. Die Soweto-onluste demonstreer duidelik dat Afrikaans as die taal van die verdrukker gesien word sodat Afrikaans se posisie en toekoms vanaf hierdie gebeurde in die gedrang gekom het (vgl. hfst. 5). Al hoe meer swart skrywers verkies om in Engels te skryf. Terloops: die woord "swart" word hier binne die konteks van Richard Rive (1983: 12) se beskrywing daarvan gesien, naamlik as 'n sosio-politieke konsep en nie as 'n rasse-etiket nie. Hierdie woord sluit almal in wat in daardie stadium nie stemreg het nie.

Die Soweto-literatuur het 'n sosio-literêre fenomeen in die sewentigerjare gevestig. Dit is duidelik dat Afrikaanse literatuur hierby aangesluit het en ook 'n wapen geword het in die bevrydingstryd. Brink sê in 'n lesing aan Witsstudente op 22 Februarie 1973: "Bram Fischer (eertydse leier van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika) sal nog eeue lank onthou word nadat John Vorster al vergeete is"; en: "Die toekoms van die Republiek sal deur almal bepaal word, beslis nie net deur die Blankes nie" (**Die Vaderland**, 23/2/1973). Hierdie lesing is ten tyde van 'n vergadering van SPROCAS (Study Project on Cristianity in an Apartheid Society) gelewer. Patrick Laurence berig na aanleiding van Brink se betrokkenheid by SPROCAS in **Rand Daily Mail** (5/1/1974) dat Brink en Breytenbach aan die spits staan van die Black Community Programmes. In dieselfde jaar waarin Brink hierdie wydgepubliseerde uitspraak maak, besluit die Algemene Vergadering van die VVO dat die Suid-Afrikaanse regering onwettig is. **Kennis van die aand** maak geskiedenis met die omstrede verbod in 1974. In 1975 val Suid-Afrika Angola binne en Breytenbach word skuldig bevind op aanklag van terrorisme. Korrupsie, wanbesteding van staatsgeld, 'n interne skeuring van die Nasionale Party en 'n verskerping in veiligheidswetgewing kenmerk 1977, terwyl die Inligtingskandaal rondom staatsondersteuning van **The Citizen** groot nuus is in 1978 (Kannemeyer, 1983: 224).

Die swart literatuur van sewentig, waar mondelinge tegnieke met Westerse epiese vorme vermeng word, is by uitstek protesliteratuur wat teen apartheid, geweld en ander sosiale probleme te velde trek (Malan, 1983c: 11). Protesliteratuur bied 'n uitlaatklep aan die stemlose swartmense. Hierdie literatuur val uiteraard binne 'n baie

spesifieke politieke en sosiale konteks. De Lange (1993: 243) wys daarop dat die posisie van die swart skrywer binne sy gemeenskap politieke betrokkenheid vereis wat alleenlik tot uiting kan kom in werk wat die swart gemeenskap se leefwêreld reflekteer. As gevolg hiervan was hierdie werk dan ook meer blootgestel aan sensuur. Protesliteratuur kry ook uitdrukking deur middel van slagspreuke, pamflette, T-hemde, plakkertjies en tydskrifte. Sodra hierdie literatuur 'n groot massa kan bereik, word dit egter maklik verbied (Pretorius, 1989: 90). Aanpassingsprobleme, verstedeliking, ou tradisies, verwestering en gesagstrukture wat verkrummel, vorm hoofsaaklik die temas van die swart skrywer se werk (Malan, 1982a: 16).

Malan (1987a: 19) beskryf die verhouding tussen die samelewing en die swart skrywer:

*Vir die swart skrywer wat in Engels skryf, is die stryd nie soseer teen die monster van sosiale misstande nie, maar teen 'n bestel waarvan die Blanke politikus die gehate simbool is. Vir die swart skrywers wat in hulle eie taal skryf, word die belangrikste konflikte uit basiese sosiale faktore gebore: die verval van stamtradisies en leefwyses, die oppervlakkige plesier en misdaad van die township, die verbrokkeling van gesins- en familielewe, ensovoorts.*

Dieselfde sosio-politieke skrywery kom van "ballingskrywers" (Malan, 1983c: 20). Malan (1982a: 16) verwys in hierdie verband na Gray se bekendmaking van die feit dat byna die helfte van skrywers in Engels teen die einde van die sestigerjare die land verlaat het. In hierdie verband moet dit in gedagte gehou word dat - ná die instel van die Sensuurwet in 1963 - dit aanvanklik slegs Engelse werke was wat deurgeloopt het.

Anna van Zyl (*Die Volksblad*, 5/7: 5) merk in 1979 oor verbode werke op: "Besware teen ernstige boeke swem steeds in die stroom van onkunde, oppervlakkige lees- en dinkwerk, valse vroomheid en nadruklike inkonsekwentheid."

Prof. Dian Joubert (*Hoofstad*, 2/7/1979: 3) wil as Sosioloog aan die Stellenbosse Universiteit weet: "Watter soort samelewing is dit wat politieke beheer oor letterkunde nodig vind?" Hy kom tot die slotsom: "Dit kom daarop neer dat volwasse beskerming



belangriker is as volwasse opvoeding." Hy moedig skrywers aan om vol te hou met hulle skrywery om die gemeenskap wat so bedreig voel en wat glo hulle is die slagoffer van 'n totale aanslag, tot insig te lei. Dit is binne hierdie omstandighede en in hierdie tydsgees dat **Kennis van die aand** sy verskyning gemaak het.

### 2.3 SENSUUR SE INVLOED OP DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM VOOR 1974

Afrikaanse boeke wat vóór **Kennis van die aand** (hierna net **Kennis**) verbied is, was slagoffers van politiek ná die Anglo-Boereoorlog. **My lewe en strewe** (1939) van genl. Manie Maritz is in 1941 kragtens die noodregulasies verbied, moontlik weens die anti-semitiese strekking van die boek. **Helkampe** (1941) van Ewald Steenkamp en **Só het hulle gesterf** (1940) van G. Jordaan, vertaal deur M.C. Hutton, is sowat 'n jaar later ook kragtens die noodregulasies verbied. Albei boeke handel oor die Anglo-Boereoorlog. **Helkampe** het dit oor die konsentrasiekampe gedurende hierdie oorlog. Gedurende die veertigerjare het al hoe meer stemme ten gunste van sensuur opgegaan. In **Boekewêreld** (Beukes, 1992) sit J. C. Steyn al die gebeurde oor die vroeë verbannings van Afrikaanse boeke uiteen op bladsye 88 tot 93. Hy vertel van die eerste Afrikaanse boek, **Ek rebelleer!** (1939) deur J. A. Smith wat deur die verbodpoging getref is. Smith was assistent-kommandant-generaal van die Ossewabrandwag. **Die Burger** en **Die Volksblad** het laat blyk dat van die verbiedinge 'n onderdrukking van die Afrikaner se geskiedenis is en dat dit die gevolg van 'n slegte gewete by die Britse owerhede was. Oor die algemeen het hierdie verbannings relatief min aandag by Afrikaanse en Engelse koerante geniet. Dit was 'n Afrikaanse koerant, **Die Volksblad** (7/7/1949), wat die mening uitgespreek het dat sensuur ongewens is: "...want sensuur behoort slegs as noodmaatreeël te dien en nie as middel om die volk se sedes en moraal te beskerm, te hervorm of te vervorm nie." Visser (1992: 487a) wys daarop dat koerante en joernale dikwels in hierdie tyd gesluit is as gevolg van koloniale sentimente. So is John Tengo Jabavu, 'n geleerde en swart leier wat hom vir die regte van die swartman beywer het, se koerant, **Imvo Zabantsundu**, gedurende die Anglo-Boereoorlog deur militêre owerhede gesluit omdat Jabavu pro-Boer was. "He was approached by the Afrikaner Bond to represent it in the 1904 election but he declined" (Cameron, 1992: 221).

Vóór die 1963-sensuurwetgewing deur die Volksraad is beheer oor boeke toegepas deur koloniale of provinsiale wette en bepalings in verband met die Sensuurwet van 1931 (Kannemeyer, 1983: 131). Sekere politieke temas in Afrikaans was ook die lot beskore om die wind makliker van voor te kry vanuit sekere geleedere in die tradisionele Afrikaner-gemeenskap vanweë die Noodregulasiewet en die Publikasiewet. In 1936 sê N.P. van Wyk Louw in 'n toespraak oor die moontlike rigting wat die Afrikaanse letterkunde sal moet inslaan, dat nuwe temas aangeraak sal moet word:

*Die Bantoe en die Kleurling is deur ons nog skaars raakgesien; ons het hulle so effens as vyande beskrywe, toe weer later simpatek-humoristies vanuit die burgerlike standpunt gesien; maar hulle moet nog in ons literatuur verskyn as mense, in boeke wat nie met eenvoudig-liberale "oplossinkies" kom nie, maar met die ganse las van die noodlot van ons nasie.* (Louw, 1986a: 10)

In 1930 waarsku F.C.L. Bosman teen 'n ander omstrede tema, naamlik die seksuele wat uit Afrikaanse boeke geweer word: "Ons samelewing ly erg, baie erg, aan preutsheid en valse skaamte waar dit dinge in verband met ons geslagslewe geld." En: "Soos dit is, dwing ons stelsel die kind om agterbaks en op verbode wyse die kennis omtrent sy eie groeiende liggaam te vergaar." Hierdie menings vorm 'n deel van 'n polemieks tussen onder andere Bosman en Langenhoven oor "prikkel-literatuur" in *Die Huisgenoot* in 1930. Van Wyk Louw (1986a: 406) sluit by Bosman se siening aan in 'n artikel wat in 1947 verskyn:

*Trouens ons laat dinge van Shakespeare en ander Engelse skrywers op skool lees wat nie in 'n Afrikaanse voorgeskrewe boek geduld sal word - en ons besef nie hoe ons hierdeur by die kind gedurig die gedagte wek dat Engels tog 'n veel ruimer, vryer wêreld is om jou in te beweeg nie.*

Brink se *Lobola vir die lewe* (1962) het 'n opskudding veroorsaak met die seksuele beskrywings daarin. Daarna het seks in die meeste van Brink se werke sterk gefigureer. In 1964 stel Brink sy saak in *Standpunte* (1964b, 33-40) onder die opskrif "Oor religie en seks". In hierdie artikel stel hy die geslagsdaad gelyk aan gebed. Hy het dit veral teen vormgodsdienst en vormhuwelike. Hy voel 'n volk wat

(vorm)godsdienste ken, maar religie (of 'n suiwer beleving) nie verstaan nie, sal ook nie kuns met die ekstase van bevrydende seks verstaan nie. Laura Milton (1988) het die seksualiteit in Brink se werke ontleed en dit in verband gebring met wat hy oor seks te sê het. Milton (1988: 229) kom tot die gevolgtrekking dat seks in sy werk oor 'n "lewensveranderende potensiaal" beskik en dat daar "min sprake van pornografie" is (1988: 233). Sy merk op dat Brink die seksuele binne die konteks van buitestaanderskap plaas. Valerie Lewis (1966: 58-60) wys egter op die tydelikheid van Brink se seksbeskouing, waar die seksdaad hom heelyd moet hernu. In sy artikel filosoof Brink (1964b: 35) verder dat die mens homself vind deur die uitstort in 'n Ander, waardeur tydelikheid opgehef word. Die afstroop van die klere loop vir hom parallel met die belydenis van sonde. In 1976 skryf Brink in *Standpunte* (1976b: 22) dat dit "onontkomaar" is dat seks 'n sentrale funksie in die kuns het.

By die Skryfskool van Sestig beklemtoon Brink weer eens dat hy glo dat daar 'n skakel is tussen seks en religie. Hy sê daar is vir hom 'n verband tussen die "grootdood van sterwe en die klein-dood van orgasme", en ook 'n verband tussen geweld en seks waar hy seks beskou as "kreatiewe geweld" (1973b: 19-20). Brink se eerste botsings met die kerk was rondom sy roman *Die ambassadeur* (1963) na sy artikel in *Standpunte* oor seks en religie.

Prof. D.H. Steenberg, dosent aan die Potchefstroomse Universiteit in die Departement Afrikaans-Nederlands en vroeër getroud met Brink se suster, wyle Elsabé Steenberg, laat hom ook uit oor Brink se uitkyk op onder andere die seksuele na aanleiding van Brink se genoemde artikel: "Geen erkele aspek van die menslike bestaan neem so 'n belangrike plek in Brink se denke in as die sekuele nie. Seks staan vir hom in die sentrum van die lewe en alle dinge" (Steenberg, 1982: 42). Hy wys daarop dat Brink die seksuele as die enigste antwoord op die dood beskou en dat Brink die geloof in 'n lewe hierna negeer. Brink se sienings sluit volgens Steenberg aan by die eksistensialisme waar die mens aan geen ander norm behalwe sy eie onderwerp word nie. Steenberg haal Spier aan wat glo dat iemand wat die seksuele so verabsoluteer, soos dit by Brink manifesteer, 'n verwronge uitkyk op die lewe het. Steenberg (1982: 44) spreek die mening uit dat Brink se uitkyk van totale vryheid op seksuele gebied op persoonlike gebied kan lei tot die vernietiging of die negering van die ander.

Bartho Smit (1968: 5) se kommentaar op 'n pleidooi van Brink (1968b) - in dieselfde uitgawe van *Kol* - vir groter betrokkenheid van die skrywer by die Suid-Afrikaanse werklikheid, en Brink se verwysing na Sestig as 'n "dekade van seks en simbole", betrek ook Brink se seksiening: "Ek herinner my dat Brink vroeër, toe hy nog in die volle gloed van sy geesdrif vir Sestig gestaan het, sy seksbeheptheid in sy werke verdedig het met die argument dat seks die enigste basiese bestaansreg is wat daar nog vir die moderne mens oorgebly het." Smit is verder bekommerd dat Brink se betrokke skrywery op 'n swart meerderheidsregering kan uitloop "ten koste van onself" (Smit, 1968: 8). In antwoord hierop sê Brink dat 'n skrywer se denke deur die jare ontwikkel en dat hy toegee dat hy van tyd tot tyd van standpunt verander, maar dat die standpunte mekaar nie weerspreek nie: die seksuele speel nog steeds 'n groot rol in sy werk en hy beklemtoon weer dat betrokkenheid en die estetiese mekaar nie noodwendig veronderstel nie, maar dat hy tog glo dat die sosiale en politieke dimensie in Suid-Afrika, die land van wit- én swartmense, meer aandag in letterkundige werke kan geniet (Brink, 1968b: 4).

In die Augustus-weergawe van *Kol* (1968a) op bladsy vier skryf Brink dan ook: "ek vra hoegenaamd nie noodwendig 'n blatante *littérature engagée* nie". Smit se antwoord in die volgende uitgawe van *Kol* verskyn in twee sinne na Brink se antwoord: "Nou maar vir wat het jy nie uit die staanspoor gesê wat jy nou sê nie? Dan het jy my mos die moeite en onaangenaamheid gespaar om my stuiwer in die armbeurs te gooi." In 1974, die jaar waarin *Kennis* verbied is, was Bartho Smit egter een van die voorstes om betrokke werke teen sensuur te help beskerm deur die stigting van die Gilde.

*Kennis* is deur 'n relatief klein en onbekende Kaapse firma, Buren, uitgegee. Die opspraak wat die roman gewek het, kan toegeskryf word aan die feit dat Afrikaanse romans vir 'n paar dekades vrylik gepubliseer is. *Kennis* maak in 1974 geskiedenis as die eerste Afrikaanse roman wat deur die Kaapse Hooggeregshof ongewens bevind word ingevolge Artikel 5(2)(b) van die toenmalige Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1963. Die verbod het eers gevolg nadat die eerste drukoplaag van sowat 2 000 boeke reeds uitverkoop is. Na hierdie opspraakwekkende verbod het die pas ten opsigte van verbodinge van Afrikaanse werke versnel. Ander Afrikaanse

boeke wat ook verbied is, is **Struisbaai-blues** (1975) deur André le Roux, **Skryt** (1976) deur Breyten Breytenbach, **Magersfontein, o Magersfontein!** (1976) van Etienne Leroux, **Keerkring** (1977) deur Welma Odendaal, **Donderdag of Woensdag** (1978) deur John Miles, **Te hel met ouma!** (1980) van André le Roux, **Kommas uit 'n boomzol** (1980) en **Sonneskyn en Chevrolet** (1980) van Dan Roodt (Steyn, 1982: 395 en 1992: 369).

## 2.4 KORRESPONDENSIE AAN DIE PUBLIKASIERAAD OM KENNIS VERBIED TE KRY

Op 20 Desember 1973 bevestig **Die Vaderland** op sy voorblad dat **Kennis** onder die polisie se aandag gebring is. Teen Januarie 1974, net voor die nuwe sensuurwetgewing van krag geword het, het verskeie klaers reeds by die Publikasieraad hul klagtes oor **Kennis** ingedien: Mev. S.A. Combrink het haar só uitgelaat oor **Kennis**:

*Ek voel my in landsbelang verplig om by u beswaar te maak teen André Brink se jongste stukkie pornografie, "Kennis van die Aand".*

*Die boek stel nie alleen ontug tussen Kleurlinge en Blankes in 'n gunstige lig nie, maar dit is boonop ondermynend. Die skrywer slaag nie daarin om sy simpatie vir ondermyners te verberg nie. Boonop spot hy met die Afrikaner.*

*As dit nog 'n goeie roman was, sou mens kon gesê het hierdie dinge is kuns, maar die boek is swak geskryf en is sekerlik net bedoel om geld te maak ten koste van dinge wat vir ons as Afrikaners heilig en dierbaar is.*

*Ek wil dus hiermee formele optrede versoek.*

Geldenuys (1977: 2) wys op die soms "absurde" ooreenvoudiging ten opsigte van wat pornografie is, naamlik illustrasies of tekste wat "seksueel prikkelend" is. So 'n siening sal volgens hom Bybeldele soos Genesis 19: 31-36 en Salomo se poësie in Hooglied as pornografie kon beskryf. Volgens Geldenuys (1977: 3) het pornografie

te doen met ontmensde seks waar die klem op organe en nie die mens nie geplaas word. Brink (1976b: 25) meen dat pornografie na 'n kompleks van gesindhede verwys wat ook nie altyd op dieselfde wyse by die individu teenwoordig is nie. 'n Voorwerp kan byvoorbeeld nie pornografies wees nie, maar wel die hantering daarvan. Brink (1976b: 26) stel die puritein en die pornograaf gelyk: "hulle is twee aansigte van dieselfde ding".

'n Ander klaer was dr. H.J. (Hennie) Terblanche, voorsitter van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans, wat meen dat 'n wit vrou nooit op so 'n onbehoorlike wyse met 'n bruinman sal omgaan soos dit in **Kennis** beskryf is nie (Lawrence, **Sunday Times**, 27/1/74: 3). Ironies genoeg verskyn 'n berig op 5 Januarie van dieselfde maand en jaar in **The Cape Times** (Crozier: 9) oor 'n wit vrou se verhouding met 'n bruinman. Hierdie vrou vertel onder andere die man "...offered me a love I had never known before". 'n Berig dieselfde week (**The Friend**, 31/1/1974: 6) wys daarop dat daar net in 1972 353 aanklagte op die Ontugwet was. In 1985, elf jaar later, is die Ontugwet geskrap. Die volgende aanhaling van 'n geskiedkundige, Sheila Patterson (1957: 243), probeer reaksies wat sekere verhoudings oor die kleurgrens misken, verklaar:

*As far as casual sexual relations between non-whites and whites are concerned, Afrikaners and indeed all Whites, many admit that white men occasionally stray across the colour line, but consider it unthinkable that a white woman could be involved by choice. Any sexual passage between a white woman and a non-white man is therefore translated in terms of rape or assault.*

Net voor die verbod op **Kennis** het dr. Terblanche sy mening oor **Kennis** uitgespreek: dat dit só lasterlik is dat die Veiligheidspolisie moet ingryp (**Die Transvaler**, 24/1/1974). **Oggendblad** (Jeanne Goosen, 19/1/1974: 1) berig dat Terblanche die boek aan die Veiligheidspolisie oorhandig het en 'n klag ingedien het, en dat hy dit aan die NG Kerk se Kommissie vir Openbare Sedelikheid voorgelê het omdat die inhoud "'n oortreding teen die volk van Suid-Afrika is". Hy glo daar is in geen ander taal 'n "viesliker" boek geskryf nie. Sy klag is net soos dié kerkmense se klagtes,

gelaai met volksnasionalistiese woorde (vgl. 2.11). Brink merk in hierdie verband in 1976 in **Standpunte** (1976b: 27) op dat klaers altyd oor die volk se sedes bekommerd is, maar nooit bekommerd is oor die uitwerking wat dit op die klaer self het nie. Hy wonder of dit 'n gesonde situasie is wanneer een klaer 'n boek verbied kry, terwyl duisende ander die boek geniet het.

In 'n berig op die voorblad van die **Oggendblad** (19/1/1974) word Terblanche aangehaal in verband met die moontlike verbod: "**Kennis van die aand** sal beslis verbied word. As die boek nie verbied word nie, is die Sensuurraad hopeloos en kan mense netsowel kaal in die strate begin loop." Terblanche sê hy is 'n woordeboekmaker en dat Brink al die seksterme wat in sy woordeboeke voorkom ook in **Kennis** gebruik het. Terblanche het kort voor die **Kennis**-debakel ook teen Brink se toneelstuk, **Die verhoor**, protes aangeteken. Volgens Brink was dit net Terblanche wat oor die toneelstuk gekla het (**Sunday Express**, 23/12/1973).

Alhoewel koerante berigte oor dieselfde tipe verhoudings plaas as waaroor Brink in **Kennis** skryf, spreek die **Oosterlig** (1/2/1974: 10) sy mening onder die opskrif "Perspektief" uit dat werke soos **Kennis** "varkkos" en "rioolvuil" is "wat totaal vreemd is aan ons tradisies". Ds. J.J. Swart van die NG-gemeente Parow voel dat die boek deur "die duiwel geïnspireer" is.

Ds. Swart, wat namens die ringskommissie vir openbare sedelikheid van die Ring van Parow die eerste klag teen **Kennis** gelê het, meen **Kennis van die aand** kwalifiseer om deur die wet verbied te word vanweë die aftakeling en bespottling van die godsdiens, die aftakeling van alles wat heilig is rondom seks, die aftakeling van die Afrikaner, en ook op grond van die verheerliking van die revolusiegedagte. Die boek is volgens die klaer "vol onbetaamlikheid, onwelvoeglikheid, aanstootlikheid en skadelike voorstellinge wat menseverhoudinge aftakel. Daarby kom die aftakeling van mense soos die Afrikaner en die polisie..." (**Die Burger**, 31/1/1974). Hy dien die klag in op 21 November 1973 en **Kennis** word in Januarie 1974 ongewens bevind. Op 28 Januarie 1974 lees 'n mens weer van Swart se mening oor **Kennis** in **Die Volksblad**. Hierdie keer maan hy die volk om versigtig te wees met die leesstof wat hulle vir kinders gee om te lees. Net die week daarna berig **Die Vaderland**

(4/2/1974: 1) op die voorblad dat 'n leerling **Kennis** uithuur teen 50 sent per week. Mev. A.A. (Cristine) van Wyk, 'n predikantsvrou, en mev. T.C. Pienaar, 'n skryfster, verteenwoordig nog twee stemme vanuit die vrouegeledere wat hul afkeer van **Kennis** uitspreek (Galloway, 1982: 17). Mev. Pienaar reageer sonder dat sy die boek gelees het:

*Mev. Pienaar erken dat sy nie self die boek gelees het nie, maar gereageer het op die "perverse" dele wat dr. Terblanche aan haar voorgelê het. Sy beskou dele van die roman as "perwers en aanstootlik en die hoogste daad van menslike verhoudinge word deur die modder gesleep". (Die Volksblad, 28/1/1974)*

Steyn (1980: 402) merk oor die feit dat boeke ongelees veroordeel word op: "Dit lyk of dié soort klaer, soos die armes, altyd met ons sal wees."

## 2.5 DIE TEMA EN INHOUD VAN KENNIS VAN DIE AAND

Oor die tema van **Kennis** sê Brink (**E.P. Herald**, 25/11/1973: 3): "The theme started to take definite shape when I was living in London in 1965. I had been toying with the idea for a couple of years. It was the Security Police raids in 1962 which were the initial shock igniting the spark." Van die mense wat deur die polisie-optredes geraak is, het hy later in Londen leer ken, maar die storie, sê hy, het begin as 'n liefdestorie. Oor die ontstaan van **Kennis** vertel Brink verder in 'n onderhoud met Etienne Britz (1993: 92) dat hy hierdie boek geskryf het "kort nadat ek uit 'n baie intense verhouding met 'n vrou gekom het. Ek het daardie vrou probeer herskep in my boek". Die bedoeling was volgens hom nie om te moraliseer nie. Brink sê in **The Weekend Argus** dat hy **Kennis** nie as 'n stuk propaganda bedoel het nie (27/10/1973: 4). Die **E.P. Herald** (25/11/1973: 3) haal Brink egter aan waar Brink die teendeel beweer, naamlik dat **Kennis** 'n poging was "...to tackle the peculiar South African racial and political situation in a novel". Met **Kennis van die aand** haal Brink hom die beskuldiging op die hals dat hy die sensuurstelsel uitgedaag het. Chris Barnard beweer juis die teendeel:



*Kennis van die Aand* is nie in die eerste en laaste instansie geskryf om 'n paar literêre vriende te laat lekkerkry nie. Dis ook en miskien veral, glo ek, geskryf om ons mense te herinner aan sekere sosiale misdrywe, om te wys op ongeregtighede wat gepleeg word in die naam van wet en orde, op politieke skynheiligheid, op 'n erfenis van wreedheid en eiegeregtigheid. *Kennis van die Aand* wil 'n politieke gewete aanspreek. (Barnard, 1985: 24)

Brink self sê oor die beskuldiging dat hy die regering uitdaag met *Kennis*: "Dit bly een van die naïefste argumente dat 'n skrywer iets skryf om dit verbied te kry. Die skrywer skryf ook nie om wenkbroue te laat lig nie, maar om iets van 'n ervaring beet te kry wat vir hom 'n bepaalde worsteling inhou" (*Die Volksblad*, 23/9/1980).

En tog sê Brink later in *Mapmakers* (1983a: 94):

*One of the results was a severe inhibition of Afrikaans writing in the 1970s; but at least some authors refused to be intimidated and went on to challenge the regime with each new book.*

Ten einde 'n begrip te kan vorm van die verbod en uitsprake oor *Kennis*, is dit nodig om na die inhoud daarvan te kyk. *Kennis* handel oor die bruinman se plek in Suid-Afrika. Die verhaal betrek liefde oor die kleurgrens heen in 'n paar eksplisiete sekstonele. Die sosio-politieke opset in Suid-Afrika, sy rasseproblematiek, polisieoptredes en die establishment word hoofsaaklik vanuit 'n bruinman, wat geneig is om soms te dramatiseer, se oogpunt beskryf.

In die 1982-uitspraak van die Appèlraad op Publikasies (gepubliseer deur die redaksie van *Standpunte* 164, April 1983: 30-31) word die inhoud van *Kennis* só opgesom:

*Kennis van die aand* gaan oor die lewe van 'n Kleurling, Josef Malan, wat op 'n plaas in die Paarlgebied grootgeword het en hom later na Kaapstad gewend het waar hy gaan studeer het en mettertyd 'n akteur geword het. Na sy studietydperk het hy Engeland toe gegaan waar hy verder studeer het en hom as akteur bekwaam het. Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy sy eie



*toneelgroep in die lewe geroep. Hy het egter oor die algemeen 'n opdraande stryd gevoer om die groep oral aanvaar te kry en toe die finale krisis in sy lewe aanbreek, was die groep feitlik tot niet.*

*Dit was terwyl hy besig was om sy groep op die been te bring dat hy, deur middel van die "liberale" Blanke skrywer, Richard Cole, aan 'n Engelse meisie, Jessica Thomson, voorgestel is. 'n Vurige romanse het tussen hulle ontwikkel maar, vanweë die Suid-Afrikaanse rassituasie, moes die verhouding so geheim moontlik bly. Dit het tot groeiende frustrasie by beide minnaars aanleiding gegee, welke frustrasie vir Josef vererger is en inderdaad tot krisissproporsies uitgebrei het toe Richard Cole sy liefde vir Jessica geopenbaar het en sy, in haar eensaamheid terwyl Josef op 'n toer was en nadat haar vertroueling, die geestelike, Vader Mark, uit die land gesit is, hom toegelaat het om met haar seksueel te verkeer.*

*Jessica het steeds haar liefde vir Josef verklaar ten spyte van Cole se pogings om die verhouding te beëindig en sy en Josef het beplan om selfmoord te pleeg. Van hierdie plan het niks gekom nie aangesien Josef haar in haar eie woonstel verwoeg het en hom later aan die polisie oorgegee het. Hy wou klaarblyklik hierdeur sy offer bring. Die oplossing deur selfmoord sou te eenvoudig wees - hy moes ly en aan die galg vir sy mense sterf.*

*Hy is daarna skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. Dit is dan ook juis vanuit die dodesel dat hy sy lewensverhaal vertel. 'n Onderliggende aspek wat na vore kom, is die analogie wat Josef tussen sy "lydensweg" en dié van Christus trek. Josef het ook verskeie buite-egtelike verhoudings en dit word dikwels redelik volledig in die boek beskryf. Sy groot liefde is egter dié vir die wit vrou, Jessica.*

**Kennis** is volgens Scholtz (1992: 441) 'n staatsroman omdat die staat hier die tematiese kern is. In hierdie soort roman "word gewoonlik òf 'n werklike bestaande polities-historiese bestel gebruik, òf daar word met behulp van fantasie 'n nie-bestaande ideale staatsbestel (utopie) as toekomsbeeld geprojektêr". Scholtz beskou

**Kennis** as 'n voorbeeld van die eerste genoemde soort. Sake wat in die verhaal beskryf word, is onder andere gewelddadige optredes teenoor slawe, onmenslike optrede van die polisie teenoor Afrikane, die Ontugwet, apartheid, rewolusionêre geweld, Swart mag, Wit haat en 'n vrou wat by Sharpeville geskiet is. Hierdie verhaal verbeeld 'n soeke na die waarheid, na die sin van die lewe en religie. Die "bruinmense" is die aandmense. Brink se klaarblyklike doel met die boek is om die leser insig in hierdie mense se lewe te gee.

Die Wet op Publikasies word vervolgens bekyk ten einde duidelikheid te kry oor die maatstawwe wat die gewenstheid of ongewenstheid van bogenoemde inhoud en tema van **Kennis** en ander publikasies bepaal. 'n Mens moet in gedagte hou dat **Kennis van die aand** van die eerste Afrikaanse romans was wat die sosio-politieke status quo konfronteer saam met werke soos M.E.R. se **Na vaste gange** en Jan Rabie se **Ons, die afgod** wat in die veertiger- en vyftigerjare reeds die vinger na diskriminerende houdings in ons land gewys het.

Die verbanning van **Kennis** word deeglik geboekstaaf in **Boekewêreld** (Beukes, 1992) en **Pornografie, sensuur en reg** (Geldenhuys, 1977). Hier word vervolgens slegs enkele aspekte van die verbanning uitgelig. Daar word in hierdie ondersoek meer gekonsentreer op die intra- en die intersistemiese wisselwerking in die vorm van reaksies op die verbod.

## 2.6 DIE GEREGETELIKE RAAMWERK

Na verskeie pogings om sensuur ingestel te kry, soos die Cronjé-kommissie van Ondersoek na "die euwel van onweloweglike, aanstootlike en skadelike leesstof" dit geïllustreer het (Steyn, 1992: 351), word die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede in 1963 deur die Parlement geloods. Beheer word daarvolgens uitgeoefen deur 'n Raad wat uit minstens nege lede bestaan. Ses van hierdie lede is veronderstel om 'n besondere kennis van kuns, taal en lettere of die regspleging te hê. Die Minister van Binnelandse Sake het die Raad aangestel. Hy het ook 'n paneel aangewys waaruit die Raad komitees kan benoem. Hierdie komitees het verslag gedoen oor boeke wat aan hulle voorgelê is. Die Raad se beslissings kan tersyde gestel word deur suksesvolle

appèl by die hooggeregshof. Volgens die wet is dit nie nodig dat die Raad redes vir 'n verbod al dan nie verstrek nie. Nog voor die wet aanvaar is, het skrywers hulle uitgespreek hierteen. N.P. van Wyk Louw was bang dat so 'n wet goeie Afrikaanse letterkunde sou knou en dat Afrikaanse skrywers dalk in Engels sal moet begin skryf (*Die Burger*, 18/3/1963). Op 19 Maart 1963 voorspel *Die Burger*: "Onnosel besluite van die Publikasieraad sou die raad veel meer kwaad berokken as die skrywer, omdat een ongunstige hofbeslissing met al die publisiteit wat daarmee gepaard sou gaan, die raad die spot van die land en die wêreld sou maak." Brink was daarvan oortuig dat die wet bloot 'n voortsetting van tradisionele waardes wil verseker omdat sekere politieke oogmerke daardeur bevorder word:

*This Act, ostensibly directed primarily against attacks on religious or moral values, is essentially a political instrument. The Government realized, as many writers at the time did not, that religious and sexual emancipation indeed has political consequences: and so, to safeguard a "traditional way of life" these newly won freedoms had to be curtailed in time. In this respect the South African Censorship Act is directly opposed to modern trends of liberalization all over the free world. It soon became abundantly clear how effectively the Act could be used. Apart from keeping thousands of books out of the country (including works by some of the world's greatest writers and philosophers) and banning almost 90 percent of all important overseas films, the Act had made it possible to ban the work of almost all the leading South African writers from the African and coloured groups, as well as that of several English South African writers, including Nadine Gordimer and Jack Cope.*

*Until now, no work by an Afrikaans author has been banned. It may be - as has been facetiously suggested - that no Afrikaans work has yet merited banning. But this may be due to other reasons too (because in several instances there have been very strong pressures from influential sections of Afrikanerdom to obtain bannings). These may include that mystical but extremely important sense of "Afrikaner unity": if an individual Afrikaner is reluctant to find himself driven into the wilderness, the Afrikaner establishment is itself reluctant to drive a "member of the family" out unless it becomes*

*utterly unavoidable. Again these probably has historical and geographical roots: one should not weaken the laager in the wilderness. And so, if the Afrikaans writer has been allowed more scope than his English-speaking, coloured, Indian or African compatriots, it may be because the establishment is afraid of open rifts and prefers - for the time being - to suffer more from its own children than commit the terrible act of ostracism. Unfortunately, it would appear that Afrikaans writers have not made sufficient use of this scope allowed them. They have had this comparative liberty: why have they not exploited it? (Brink, 1983a: 78-79)*

Die Sensuurstelsel wat in 1963 ingestel is, kon deur 'n enkele klag van enigiemand geaktiveer word. Lede van die komitees, waaruit die Raad saamgestel is, het populêre slapbandboeke gelees terwyl een van drie literêre deskundiges van die Raad boeke van letterkundige gehalte gelees het. Hy/sy het daarna 'n verslag opgestel en paragrawe onderstreep. Die ander twee deskundiges het dit gekontroleer. As hulle nie saamgestem het nie, is die werk aan drie ander deskundiges voorgelê (Lijphart, **De Gids**, Februarie 1979: 133).

Met die verbod op **Kennis** was die Sensuurraad soos volg saamgestel: G.C. Steyl was die Vise-voorsitter, mev. J.A. Ackermann, prof. R.E. Lighton en mev. P. Theron was die Sekretarisse van die Raad, en die komitee van deskundiges het bestaan uit proff. A.P. Grove, T.T. Cloete en H. van der Merwe Scholtz (Lijphart, **De Gids**, Februarie 1979: 136). J.J. Kruger was die Voorsitter van die Sensuurraad. Hy was 'n student van D.F. Malherbe en in 'n stadium was hy ook redakteur van **Die Transvaler**. Malherbe se invloed op Kruger blyk uit albei se pleidooi vir volksliteratuur. Malherbe vra op 11 Januarie 1936 in **Die Volksblad**: "Wat sou dit wees dat jonger skrywers van Afrikaanse verse op generlei wyse geroer word deur die skudding wat die nasionale gemoed van die Afrikaner op die oomblik beheers nie?" Op 6 Augustus 1938 word 'n resensie deur J.J. Kruger oor N.P. van Wyk Louw se **Die dieper reg** ook in **Die Volksblad** geplaas, waarin Kruger sy goedkeuring oor Van Wyk Louw se "gevoeligheid vir volk-wees" uitspreek. In 1950 spreek hy in die **Transvaler** (11/1), weer eens in 'n resensie oor 'n prominente skrywer, sy voorkeur ten opsigte van volksliteratuur uit as hy D.J. Opperman se **Joernaal van Jorik**, in teenstelling met

baie ander resensente, negatief ontvang: "...maar die volk kan daar - sy dit dan slegs as voorasnog - maar min aan hê" (Steyn, 1992: 76-98). Met die dispuut oor **Kennis** voel Kruger ten tyde van 'n radio-onderhoud hy kan namens alle Suid-Afrikaners praat asof dit 'n homogene groep is wat dieselfde waardes as hyself het: "Suid-Afrikaners het 'n Christelike norm as basis vir die sensuur op die letterkunde en kuns aangeneem" (5/2/1974: 3). Hierdie uitspraak ignoreer die feit dat hy deel is van 'n multikulturele samelewing. Kruger was oortuig daarvan dat Kommunisme aan die wortel van permissiwiteit lê en dat "die Kommunis" deur werke soos **Kennis**, saam met dwelms, ensovoorts, Suid-Afrika vir hom wil inpalm (Lijphart, **De Gids**, JG 137 No. 2, 1974). Brink sê oor die feit dat letterkundige werke dikwels normdeurbrekend is en dus buite die verwagtingshorison van die oningeligte leser val: "All serious literature is subversive because it challenges accepted structures and sets up the individual experience against the socially and politically conditioned one" (Margaret Smith, **Sunday Times**, 3/2/1974).

## 2.7 DIE BESLISSING OOR KENNIS VAN DIE AAND

Die Publikasieraad se besluit oor **Kennis** was van die begin af in groot geheimhouding gehul. Na dit rugbaar geword het dat die Publikasieraad tot 'n besluit daaroor gekom het, word Brink se reaksie in **Oggendblad** opgeneem. Brink het in daardie stadium by mnr. Jannie Kruger, Voorsitter van die Publikasieraad, navraag gedoen oor **Kennis**. Maar Brink is nie oor die uitslag ingelig nie:

*Mnr. Kruger het geweier om kommentaar te lewer. Hy het ook verduidelik dat die raad sy besluit net aan die persoon wat die boek vir oorweging ingedien het, bekend sal maak. Die logiese gevolgtrekking is dus dat die skrywer geen belang by sy eie werk het nie. (Oggendblad, 25/1/1974)*

In 'n ope brief aan die voorsitter van die Publikasieraad wat op 27 Januarie 1974 in **Rapport** verskyn, sit Brink sy gevoelens so uiteen:

*Liewe oom Jannie, toe ek Oom nou die môre gebel het, toe vra Oom wat se André Brink is dit nou eintlik wat praat. Ons het toe ooreengekom dat dit*

*Kootjie Emmer is wat praat - wat nie heeltemal waar was nie, want in die geval was dit toe nie oom Kootjie nie, maar oom Jannie self wat die emmer omgekeer het.*

*Ewenwel, dis toe dat ek die gedagte kry dat ek myself tog moet bekendstel aan Oom en Oom se klein gemeente van getuiebroers. Ek bedoel nou soos hulle in die Kaap sê "for future reference".*

*Ek sit hier en tik met my dogtertjie op my skoot. Sy is twee maande oud vandag en die mooiste ding wat ek nog gesien het, en ek sou veel liewers oor haar geskryf het, maar oom Jannie wil mos nou weet wie ek is.*

*Hoe moet ek nou sê, want hoeveel ekke is 'n mens nou op stuk van sake? Een van my ekke sou 'n kaalvoetseunijie wees wat in Griekwaland-Wes tussen doringhome rondloop en met homself praat en so op sy manier probeer stories skryf vir Die Jongspan.*

*Maar eintlik hoef ek nie van hom te vertel nie; dit staan mos al's in Kennis van die Aand; en ek hoop oom Jannie het die boek al gelees. Sô van die kaalvoetkind sal oom Jannie seker nie hou nie. Dan moet ek seker maar vertel van die student op Potchefstroom.*

*Twee maal elke Sondag in die kerk, voorsitter van die K.J.V., lid van die Nasionale Jeugbond, en stigterlid van die Ruitervag; want dis ook een van my ekke.*

*Maar dit val my by dat prof. Cloete van Potchefstroom seker weer nie daarvan sal hou nie, nou watter ek dan?*

*Die Paryse ene - maar dis nie hy wat in die boek rondloop nie. Eerder die ene wat teruggekem het oor hy nie sonder sy land kon bly lewe nie.*

*Ag ekskuus tog, maar dit staan ook in die boek en oom Jannie het mos nou klaar die groot sprook daaroor gesprak.*

*Dan weet ek nie so mooi nie.*

*Sal oom Jannie wil weet van die ek wat met sy kinders en die hond op die mat speel, of die een wat op 'n tafel sit met studente om 'n drama uitmekaar te haal, of die een wat altyd bietjie ontuis voel tussen ander mense en liever eenkant in 'n hoekie sit en Mozart luister?*

*Of die een wat dit geniet om die haba te bad?*

*Ag nee wat, dis tog seker nie die soort mens wat oom Jannie in belang stel nie.*

*En dis nou die moeilikheid, want ek is so 'n ordinêre mens. Een van die baie wat so 'n bietjie probeer dink oor ons lewe en wat met ons sal gebeur. Nie altyd reg dink nie, maar probeer darem om ons kinders se onthalwe - die kinders wat oom Jannie so mooi teen my boek probeer beskerm en wat hom dalk tog gaan lees.*

*Dus sit ek eintlik raadop. Ek wonder: in plaas van om te vra wie ek is, moet ons nie liever vra wie is die mense wat so 'n lawaai maak oor die boek, en wie is die mense wat so lekker kan besluit oor die toekoms van 'n boek nie? En uiteindelik nog wie is Oom self?*

*Ek sit so en wonder oor daardie klakouse. Miesies Sus van die Christelike Koeksistervereniging en miesies So van die Oudedoosgenootskap.*

*En dan natuurlik dr. Terblaans van die Terblaans-Afrikaans. Die man wat die orgasmes so mooi kan afstel. En al die lelike woorde in Afrikaans uit sy kop ken.*



*Ek moet oom Jannie dit vertroulik influister: ek het dr. Terblaans by die Veiligheidspolisie aangekla. Weet Oom daar staan woorde soos sabotasie en ondermyning en seks in sy woordeboek! En ek het 'n interdik van die Minister aangevra om die saak te bespoedig, maar ek belowe Oom ek sal vir niemand sê as dit deurkom nie, want sulke dinge moet ons liever onder die kometers hou; dis mos lekkerder daar.*

*Nou ja, en dan daardie mense, wonder ek ook, wat so saam met oom Jannie werk aan die groot stilbly. Ek ken hulle nie almal nie. Oom Jannie moet my tog aan hulle voorstel as ek weer in die Kaap kom. Maar oor drie van hulle sit ek veral en kopkrap. Ek bedoel nou oom van der Merwe en oom Theuns en oom Apie (wat so goed is met bloemlesing saamstel. Dit moet lekker wees om te weet 'n mens se naam word verewig deur ander man se moeie).*

*Ek bedoel: wat ek oom Jannie vra, is of die manne dan almal so breed is dat hulle dit heelyd regkry om twee stoele gelyk raak te sit.*

*Die stoele van die letterkunde wat hulle bevorder en die stoele van die letterkunde wat hulle "kondêm".*

*So 'n man moet tog soos die Oubaas van die Boendoe gesê het, naderhand geen rusplek vir sy holte hê nie.*

*Kom oom Jannie darem reg met hulle?*

*Snaaks, onthou oom Jannie wat Van Wyk Louw destyds gesê het. Hy het mos gesê: "Die Regering het 'n neus vir 'n vrot letterkundige soos 'n hond vir vrot vleis."*

*Ag, my vrae kry vandag ook nie end nie! Ek wou nog graag geweet het of oom Jannie nou rêrig dink mens maak 'n boek so dood? As oom Jannie nou 'n Rus was, sou Oom seker al geweet het hoe so 'n ding 'n nuk het om in 'n ander land se ondergronds te bly gedy. Maar ek is darem bly oom Jannie is*

*nie 'n Rus nie. Ek bedoel daar kan tog geen twyfel wees oor Oom se Afrikanerskap nie. Gaan Oom nie in die volgende verkiesing vir die Hertzogparty staan nie?*

*Maar soos ek sê dis Oom wat gevra het. Ek wil nie lastig en astant wees met al my terugvraery nie. Oom het my tog self oor die telefoon gesê dit gaan my nie aan of my boek verbied is nie, en ek verstaan dit goed.*

*Ek is tog maar net die skrywer daarvan. Hoe kan dit my nou raak? Ek wou nog die boek by Oom kom aankla het, maar toe spring die ander anties my voor. Volgende keer sal ek maar vroeër probeer roer, want daar sal wel weer ander boeke wees.*

*En as ek oom Jannie nie besig hou nie, wat word dan van al die belastingbetalers se geld? Hulle betaal Oom mos om in hul belang stil te bly.*

*So, liever as om aan te hou vra, sê ek maar: Groetnis, oom Jannie, dalk sien ons mekaar in die koort.*

*Met liefde en opregte dank vir al u onbaatsugtigheid en moete,*

*André Brink (dis nou Kootjie Emmer).*

In Januarie 1974 word 'n spesiale uitgawe van die *Stantskoerant* uitgereik waarin die verbod op *Kennis* aangekondig word. Gedurende dieselfde week is onder ander 'n bandopname van die oorspronklike Londense opname van *Jesus Christ Superstar* ook verbied in Suid-Afrika (*Oggendblad*, 2/2/1974: 3). Daar was in hierdie stadium nog geen rede vir die verbod verstrek nie - dit het eers tydens 'n latere hofspraak bekend geword (Galloway, 1982: 17). Die redes wat daar toe vir die verbod op *Kennis* aangevoer is, lui dat:

- a) dele van die boek godslasterlik is;

- b) dele van die boek onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes skadelik is;
- c) dele van die boek vir baie lesers skokkend of walglik is;
- d) dele van die boek skadelik vir volksbetrekkings is en dit staatveiligheid en vrede, groei en orde benadeel het. (**Hoofstad**, 16/4/1982: 3)

Die grootste teenstand van die Publikasieraad en die Hooggeregshof wat **Kennis** ontlok het, was rakende die vermenging van die religieuse en die seksuele (Van Rooyen, 1978: 67). Appèl deur die uitgewer na die Kaapse Hooggeregshof is op 10 Oktober 1974 van die hand gewys (Van Rensburg, 1990: 15).

Brink en sy uitgewer het geappelleer teen die verbod. Die saak het 'n aanvang geneem op 5 Augustus 1974. Op die regbank was regter-president J.T. Van Wyk en regters M.A. Diemont en J.H. Steyn. Adv. E.M. Grosskopf (bygestaan deur H.C. Nel) het namens Brink en Buren verskyn, terwyl adv. W. Vivier (bygestaan deur W. G. Burger) die Publikasieraad verteenwoordig het. Op 1 Oktober 1974 word uitspraak gelewer dat **Kennis** verbode leesstof bly. Sake wat aandag geniet het, volgens Geldenhuys (1977, 92-102), was onder andere wie die waarskynlike leser is. Regter-president Van Wyk het hom uitgespreek teen die mening dat **Kennis** binne 'n klein, uitgelese leserspubliek se belangstellingsveld sal val, aangesien baie die boek reeds gelees het. Regter Steyn het daarop gewys dat **Kennis** 'n beperkte, ingeligte leserskring het. Verder het hy gemeen dat die prys van die boek (R6,60) en die verteltrant **Kennis** tot klein lesersgetalle sou beperk. Regter Diemont het saamgestem dat die lesersgetalle nie baie groot sou wees nie. Alhoewel D.J. Opperman met Brink se verklaring in die hof saamstem dat alles binne die konteks van die roman fiktief is, voel regter Van Wyk en prof. A.P. Grové (ig. was toe saam met prof. T.T. Cloete lede van die Publikasieraad) dat **Kennis** nie regtig fantasie wil wees nie en dat Brink 'n vals beeld van die werklikheid onder die dekmantel van fiksie gee, wat verhoudingsprobleme in Suid-Afrika net verder kan vertroebel. Ook regter Van Wyk het skerp op **Kennis** gereageer weens die "valse verdraaiing" van die Suid-Afrikaanse regbank wat in dié boek sou voorkom, terwyl adv. Grosskopf, wat namens Brink en Buren-uitgewers opgetree het, daarop wys dat **Kennis** uiteindelik net fiksie is (**Die Transvaler**, 6/8/1974: 9). Die volgende dag berig **Die Burger** (7/8/1974: 1) dat

regter Van Wyk die vorige dag gesê het: "Die uitbeelding van die blanke bevolkingsgroep in Suid-Afrika as veragtelik, is prima facie die hoofrede waarom **Kennis van die aand** ongewenste literatuur is."

Oor die werklikheid en die roman sê Brink in **Aspekte van die nuwe prosa** (1974: 104):

*Ten eerste kán niks wat in enige "medium" weergegee moet word, ooit 'n volledige "werklikheid" net so herskep nie - daar moet áltyd seleksie, verwringing, herskepping bykom...ten tweede staan die "wat" van wat gesê word ook nie voorop nie, wel die "manier" waarop dit tot uitdrukking kom, die gestalte wat dit kry.*

Regter Diemont het gevoel dat Van Wyk se redes nie genoeg gronde bied om **Kennis** te verban nie en dat meer skade aan rasseverhoudinge berokken sal word deur 'n verbod. Sy gevoel was dat blankes nie deur sensuur beskerm moet word nie. Regter Steyn meen dat 'n verbod op **Kennis** van onverdraagsaamheid sal spreek en dat die roman in werklikheid nie die blanke as veragtelik uitbeeld nie.

Ook die seksuele in **Kennis** het regter Van Wyk ongewens gevind. Alhoewel regter Steyn gevoel het dat dit onnodig is om met die besware te handel dat die boek onder andere onbetaamlik en skadelik is vir die openbare sedes, was sy mening tog dat die seksuele nie werklik funksioneel is nie.

Daar was dus nie volle eensgesindheid onder die besluitnemers nie. Regters Steyn en Diemont se mening was dat die boek nie godslasterlik is nie. Regter Steyn se mening was dat daar "onjuisthede" in die boek voorkom, terwyl regter Diemont voel lesers kan wel aanstoot neem (**Die Burger**, 2/10/1974). Die volgende afleiding lyk dus geldig:

*Die verskille in die benadering van die drie regters onderstreep die ou waarheid dat wat gewens is al dan nie verskil van individu tot individu. Wat suiwer letterkunde of kuns vir een groep van die gemeenskap is, word verwerp*

*as vuil en aanstootlik deur 'n ander groep. Persoonlike keuse, voorkeure of afkeure is uiteindelik in 'n volwasse gemeenskap die enigste werklike kriterium wat nodig is.* (Geldenhuis, 1977: 102)

J.C.S. (dit lyk of dit J.C. Steyn kan wees) skryf in 'n brief aan **Rapport** (23/12/1973: 11) dat 'n skrywer op 'n eensydige voorstelling van die werklikheid geregtig is ten einde 'n sekere aspek van die waarheid duidelik te stel. Die volle waarheid lê volgens die brieffskrywer dikwels in al die standpunte saam. In **The Weekend Argus** (10/11/1973: 9) skryf Jack Cope dat **Kennis** midde-in die werklikheid staan. In 1990, sestien jaar na die verbod op **Kennis**, sê prof. Johan van der Westhuizen (**Evening Post**, 18/1/1990: 12) aan die Appèlraad dat wrede polisie-optrede 'n realiteit is. Hierdie stelling van hom het deel uitgemaak van sy betoog om die film **A dry white season** ontban te kry.

Die hofverloop is in 'n groot mate bepaal deur 'n lomp wet wat in sekere opsigte nie duidelike voorskrifte gegee het nie. Daar is byvoorbeeld bespiegel of enige karakter soos 'n prostituut of 'n moordenaar binne konteks beskryf mag word en of karakters in 'n boek mag vloek (**Rapport**, 11/8/1974: 5). Patterson se waarneming in 1957 (p. 91) lees so:

*The appointment of judges in South-Africa is in practice in the hands of the Minister of Justice. It may be coincidental that the majority of judges promoted since 1948 have been Nationalists, to the virtual exclusion of Jewish or liberally-minded candidates.*

Ander het onder meer kaspie gemaak teen die polisieklomp wat Brink in **Kennis** beskryf en dit as 'n leuen afgemaak (Van der Merwe, 1983: 154). Bartho Smit (**Oggendblad**, 24/12/1973: 3) het gevoel dat diegene wat so 'n uitlating wil maak eers met bewyse moet kom dat die weergawe van Brink se beskrywings vals is.

Regter-president Van Wyk se bevinding was dat die blanke veragtelik gemaak word in **Kennis** (Klopper, 1987: 86). Tydens hierdie woelinge rondom die verbod van **Kennis** meen Brink:

*'n Verbod op letterkunde is in beginsel 'n futiele prosedure, want as 'n boek swak is, sou dit in elk geval gou 'n natuurlike dood sterf. As die werk wel 'n stuk waarheid heet het, dan sou geen maatreëls en geen owerheid die werk kan stilmaak nie. (Die Burger, 25/1/1974: 1)*

Enkele jare later stel hy die saak só:

*In die lig van Regeringsoptrede wat al meer ingestel raak op geheimhouding, die verberging van feite vir die publiek en die bevordering van 'n situasie waarin leuens en gerugte floreer, bevestig ons as skrywers ons verpligting teenoor die waarheid in al sy vorme. (Die Oosterlig, 27/12/1979: 4)*

## **2.8 DIE WET OP PUBLIKASIES, ARTIKEL 47(2) VAN 1974**

Net voor die 1963-wetgewing deur 'n nuwe bedeling vervang word, is Brink se Kennis van die Aand dus gedurende 1974 verbied. Hierdie verbod geskied in dieselfde jaar toe die ANC en die PAC waarmemerstatus in die Spesiale Politieke Komitee van die Algemene Vergadering van die VVO gekry het. Volgens Kannemeyer (1983: 230-232) was die nuwe sensuurbedeling die resultaat van 'n kwynende vertroue in die ou bedeling. Die ou sensuurbedeling is bevestigteken en 'n algemene gevoel heers dat morele vervlakking en die ondermyning van goeie sedes die deur ooplaai vir vreemde invloede. Twee teenstrydige petisies sirkuleer in 1971 in Suid-Afrika. 'n Durbaniet, mnr. J.N. Noble, se anti-sensuurpetisie word onderteken deur onder andere Koos Human, Alan Paton, Uys Krige, Jan Rabie en Etienne Leroux terwyl die bekende sportmanne, Gary Player en Dawie de Villiers, hul steun uitspreek vir die Publikasieraad en selfs strenger sensuur bepleit (Geldenhuijs, 1977: 80). Daar het dus vanuit 'n heel ander konserwatiewe oogpunt ook talle vrae rondom die effektiwiteit van hierdie stelsel ontstaan sodat daar in 1972 'n kommissie van ondersoek aangestel is om dieper op die saak in te gaan. Die voorstel wat hieruit voortgespruit het, is dat die appèl na die Hooggeregshof deur 'n administratiewe beslissingsraad vervang moes word (Van Rooyen, 1978: 14).

## 2.9 REAKSIE VAN DIE PUBLIEK OP GERUGTE VAN 'N VERBOD EN DIE VERBOD SELF

Teenstrydige reaksies van die publiek is 'n verskynsel wat die ontvangs van **Kennis** van die begin af gekenmerk het.

'n Anonieme, ongedateerde brief wat persoonlik aan André P. Brink gerig is na die verskyning van **Kennis** lees só:

*Jy is so dekadent, jy is net soos 'n vark wat gedurig in vuil modder ploeter en nie iets beters en mooier kan verstaan en waardeer nie.*

*Jy is seks behep, en dan net met die vuil deel daarvan. Is jy miskien 'n pervers?*

*Nou nog 'n verraaier van jou land - laag gesonke.*

Telegramme ter ondersteuning wat Brink gedurende dieselfde tydperk ontvang het, praat 'n ander taal: "*Nou begin die Afrikaanse roman na iets lyk baie geluk*" (Ampie, Braamfontein, 5/9/1973); "*Kennis is groots aangrypend sterkte in stryd*" (Bosman, Port Shepstone, 30/1/1974). Vele ander korrespondensie in soortgelyke uiteenlopende en dikwels emosionele trant, het Brink ná die publikasie en rondom die verbod (en gerugte van so 'n verbod) op **Kennis van die aand** bereik. Daar was ook telegramme wat volgens **Die Vaderland** (5/2/1974: 2) daarvan getuig het dat die afsender ietwat in die duister was: "*Ons ondersteun die verbod op Kennis van die Nag!*"

Na die verbod bekend geraak het, is boekwinkels oorval met navrae omtrent die boek (**Hoofstad**, 29/1/1979). Persoonlike korrespondensie aan Brink waarin daar om 'n kopie van **Kennis** gevra word, was geen uitsondering nie. **Kennis** sirkuleer selfs teen betaling onder skoolkinders, soos reeds genoem is (**Die Vaderland**, 4/2/1974: 1). Verskeie skilderye van Marjorie Wallace, met **Kennis** as uitgangspunt, het gestalte aangeneem en in die André P. Brinkversameling (Departement Afrikaans UOVS) is

daar 'n gedig wat in **Kennis** 'n bron van inspirasie gevind het, geskryf deur C. Nötling en "3 Februarie, '74, op die sabbat" aan Brink gestuur is.

Tog was die publiek, kerklui en politici se uitsprake oor **Kennis** hoofsaaklik morele uitsprake. Baie van hierdie uitsprake het godsdienstige vooronderstellinge as vertrekpunt, terwyl talle daarvan spreek van onbeskroomde bevooroordeeldheid. Drie van die briewe wat op 8 Februarie 1974 in **Die Burger** gepubliseer is, wys op hierdie tendens: Ds. S.G. Jacobs van Monte Vista voel dat die Christen hom deur die Skrif moet laat lei in die beoordeling van 'n werk en dat die Christen werke soos **Kennis**, wat die leser kan besoedel, liefs moet vermy. Onder die skuilnaam "Teen smerigheid", skryf 'n ander persoon dat die Publikasieraad "moet waak oor die moraal van ons volk", terwyl L.M. Coreejes van Brackenfell voel **Kennis** maak die verlede van die Afrikanervolk bespotlik. Hy versoek die lesers: "Neem u pen op en steun die hande van ons wagters, sodat die bloed van ons kinders nie van ons hand geëis sal word nie." Dit word uit die reaksies in veral Afrikaanse koerante duidelik dat die publiek nie bedard op Brink reageer nie, maar dat reaksies heftig en veroordelend teen, of onvoorwaardelik vir Brink is. Dit is duidelik dat moraliteit bo literêre oorwegings gestel word; en dat die deursnee Afrikaner wat in die media reageer, hierdie boek afkeur. Ds. D.P.M. Beukes, voorsitter van die FAK in daardie jare; organisasies soos die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans; die SA Vrouefederasie; die NG Kerk se Kommissie vir Openbare Sedelikheid; en Aksie Morele Standaarde was onder diegene wat die verbod ondersteun het (Galloway, 1982: 268).

'n Mens kry die indruk dat die publiek 'n diepe respek vir die hof en gesag het - die wil om te konformeer is sterk gevestig (vgl. hfst. 4) en is by verskillende subsysteme te bespeur, naamlik die politiek, die kerk, die kultuur en die opvoedkunde. Volgens Geldenhuys (1977: 75) is daar 'n verklaring vir hierdie gedrag:

*Bestaande oortuigings in 'n gemeenskap kan dikwels maklik teruggevoer word na die invloed van enkele dominante persoonlikhede in so 'n gemeenskap. Dit kan gevorm en aangeblaas word deur politieke partye en veral nuusmedia.*



Die kerklike pers het byvoorbeeld die leiding geneem en 'n lang stryd gevoer om **Kennis** verbied te kry (**Die Vaderland**, 26/2/1973). Twee moderatore van die NG Kerk (dr. J.D. Vorster en dr. J.S. Gericke) en die FAK se voorsitter (dr. D.P.M. Beukes), asook die Voorsitter vir die Handhawing van Afrikaans, dr. H.J. Terblanche, het gevoel dat **Kennis** ongewens is en dat daar teen die boek opgetree moet word (Jeanne Goosen, **Oggendblad**, 19/1/1974: 1). Connie Mulder, toe Minister van Binnelandse Sake, het ook die verbod gesteun: "Ek het drie seuns en 'n dogter en ter wille van hulle is ek nie bereid om die boek in ons biblioteke toe te laat nie." (**Die Transvaler**, 2/2/1974: 7). Wat die mense klaarblyklik uit die oog verloor het, is dat Brink die boek nie vir kinders geskryf het nie. Hieroor laat Brink hom uit in **Aspekte van die nuwe drama** (1986a: 119). Hy wys daarop dat die grootste kuns van die verlede ook nie vir kinders bedoel is nie: "In plaas van dus te fulmineer omdat ons kinders nie meer alle boeke kan lees wat in Afrikaans geskrywe word nie, behoort ons dankbaar te wees dat daar eindelijk in Afrikaans boeke is wat kinders nie kan lees nie." Mnr. A.S. Horn het as hoofbibliotekaris van Pretoria se provinsiale biblioteek laat blyk dat hy **Kennis** nie graag op biblioteekrakke wil sien nie. Sy gevoel was dat die kerk en die plattelandse leser in aanmerking geneem moet word en dat dit in ag geneem moet word dat daar met die belastingbetaler se geld gewerk word (**Oggendblad**, 19/1/1974: 1).

Lede van die publiek wat in die pers of persoonlik aan Brink briewe gerig het, was nie altyd op die hoogte van letterkundige werke nie, en sou die boek onder normale omstandighede nooit gelees het nie. Vir baie word dit 'n beginselsaak om **Kennis** in die ban te doen - sonder om 'n oor aan ander menings te leen, die werklikheid van die bestaan van teikengroepe te erken en die "morele" veroordelings van **Kennis** te sien vir wat dit werd is.

Dit is duidelik dat die algemene publiek glad nie oor teikengroepe ingelig was nie. So byvoorbeeld skryf "Willem van Kaapland" in **Die Burger** (31/1/1974: 12):

*Laat my dadelik erken dat ek geen letterkundige geleerde is nie, maar ek neem aan dat die boek nie net vir diesulkes bedoel is nie, maar juis vir my en die duisende ander gewone Suid-Afrikaners. Om daardie rede is ons, die*

*versmaaide, swygende meerderheid, ook by hierdie saak betrokke en het ons seker die reg (en die plig) om ons stem te laat hoor.*

**Kennis** is in dieselfde asem as Kommunisme genoem. C.J. Steenkamp van Villiera (*Oggendblad*, 1/2/1974: 16) skryf: "Die jongeling wat dié tipe boek lees kan naderhand dink dat diegene wat 'n sedelike bestaan voer, die uitsondering is. Hiermee het Kommunisme in Suid-Afrika een van sy doelwitte verwesenlik." Ook die feit dat Afrikaanse koerante die Publikasieraad verdag probeer maak, sê brieffskrywer Steenkamp, het veroorsaak dat Kommunisme een van sy doelwitte verwesenlik het.

Polemieke rondom Afrikaanse skrywers se werke vind reeds jare lank plaas. N.J. Snyman se MA-verhandeling, *Misvattinge oor die literatuur in Afrikaans soos weerspieël in vier polemieke - 'n historiese oorsig* (1969), verwys na polemieke wat ontlok is deur werke soos *Di koningin fan Skeba* deur S.J. du Toit (1897), *Ampie* deur Jochem van Bruggen (1924), *Kersliedjie* deur D.J. Opperman (1952) en *Sewe dae by die Silhersteins* deur Etienne Leroux (1962). Snyman wys daarop dat beswaarmakers teen *Di koningin fan Skeba* hoofsaaklik oningewydes was. Wat baie interessant is, is die feit dat - anders as voorheen - teoloë en hul vrouens aan die polemieke deelgeneem het. Al vier hierdie werke het een ding gemeen gehad en dit was dat hulle in een of ander opsig "nuut" of "anders" was. Dit blyk verder dat hierdie werke ontoeganklik was vir baie van diegene wat beswaar aangeteken het. Die werke het buite hulle vooropgestelde verwagting van hoe 'n kunswerk moet lyk, geval. Dieselfde kan van **Kennis** gesê word.

In 'n verhandeling deur M.C.A. Seyffert (later mede-professor in Afrikaans en Nederlands aan die P.U. vir C.H.O.) in 1970 (pp. 13-14) (voor **Kennis** dus verskyn het) word daar reeds kommer oor Brink se werk uitgespreek:

*Hoewel Brink tot op datum 'n aansienlik hydrae tot die Afrikaanse prosaliteratuur gelewer het en seker nog sal lewer, moet die Christenleser beswaar maak teen aspekte van die verhaalstof en die lewenswaardes wat in al vier sy romans gevind word. 'n Mens besef dat die kunswerk beoordeel*

*moet word volgens sy eie intrinsieke wette, maar weet ook dat kuns die produk is van God se algemene genade. Kuns is 'n lewenswaarde wat nie los staan van die godsdienstige, die eerlike, die ware en die goeie nie.*

Van die reaksies op Brink se werk, het ook teenreaksies ontlok:

**Die Oosterlig** berig dat een van die klaers van **Kennis** hierdie boek ondermynend vir staatsveiligheid vind (20/2/1973), waarop C.N. van der Merwe, toe dosent aan die Randse Afrikaanse Universiteit en ook 'n familielid van Boerneef, 'n goeie aanduiding gee van hoe verskillend Afrikaners oor so 'n beskuldiging dink:

*Daar is gesê dat die boek ondermynend is. Vir wie? Vir die land in sy geheel, vir die blankes, of vir die Nasionale Party? Myns insiens nie vir een van die drie nie; selfs nie eens vir die Nasionale Party nie. Want 'n aanklag teen onreg is in die beste belang van almal wat daarby betrokke is. (Rapport, 3/2/1974: 10)*

Heelwat skrywers het hul misnoeë met die Nasionale Party in hierdie stadium getoon. 'n Paar jaar later het talle van die gewone burgers van hierdie menings met die skrywers begin deel (sien 2.10 vir skrywers se menings).

Oor die aanklag dat **Kennis** pornografie is (vgl. bv. die brief van mev. Combrink onder 2.4) wys Van der Merwe (**Rapport**, 3/2/1974) op die volgende: "Pornografie beteken dat die liggaamlike losgemaak word van die geestelike, dat die mens tot dier gedegradeer word. In **Kennis** gaan dit juis om die erkenning van die menswaardigheid in elke mens."

Aan die een kant pleit 'n briëfskrywer, W.P. Viljoen (**Oggendblad**, 4/2/1974: 8), dat Brink eerder kampvegter vir die skone in die volkskarakter moet word, terwyl 'n ander briëfskrywer, Titus van Pretoria, dit dieselfde dag in **Hoofstad** (4/2/1974: 12) uitspel dat die verbod 'n belediging vir die mens se intelligensie is: elkeen moet toegelaat word om van verskillende standpunte kennis te neem en hul eie waardebepaling daaraan te heg.

Mev. C.C. Smith (*Die Transvaler*, 4/2/1974: 8) meen "ons ou volkie" is "mal" oor die slaapkamertonele in **Kennis** en dat Brink liever in Engels moet skryf omdat Europa reeds so "verrot" is. "Ons Afrikanervolk is nog gelowig."

Net soos dit die geval met apartheid was, was daar in 'n veel mindere mate ook teenoor **Kennis** verdeeldheid onder kerkmense. Ds. J.C. Symington, 'n NG-predikant, wys op die parallelle tussen seks en religie en die inhoud van die Bybelboek Hooglied. Hy skaar hom hiermee by die skrywers en dus teen die verbod wat dit onder andere teen **Kennis** se parallelle tussen godsdiens en seks het (Van Rooyen, *Hoofstad*, 10/2/1982: 13). Uittreksels uit 'n brief met dieselfde strekking wat 'n teoloog aan **Rapport** gerig het, lees só: "As Afrikaner, sendeling en teoloog het dit my gegryp en geboei en gedwing om vir myself daarvan rekenskap te probeer gee", en: "Hierdie radikale werklikheid het jy, André P. Brink, sekuur uitgebeeld en oopgeskryf by monde van Josef Malan en sy meisie."

In hierdie situasie waar die hewige polemiek al wyer uitkring (hierbo is maar net twee argumente genoem), protesteer skrywers teen sensuur, uitgewers is die duiwel in en vele is in die verleentheid oor oorhaastige en kru woorde wat in die proses geval het. Letterkunde het in die sestiger- en sewentigerjare sinoniem met sensasieberiggewing geword.

Dr. Koot Vorster se woorde aangaande **Kennis**: "...dis die mooiste voorbeeld van septiese kuns. As dit kuns is, dan is 'n ontughuis 'n Sondagskool" (*Oggendblad*, 1/2/1974) - sou in vele Afrikaanse en Engels koerante herhaal word, dikwels in veel kruer terme. Hy bestempel hierdie verbode boek as godslasterlik; dit druis volgens hom teen sedelike norme in, dit ondermyn gesag en "volkse grense" word deur die werk afgetakel.

Brink voel egter juis dat betrokke skryfery 'n poging is om die waarheid te laat seëvier terwyl sensuur die samelewing van die waarheid weerhou en sodoende die leuen bevestig en "kulturele agterlikheid" (Brink, 1983a: 88) in die hand werk:

*In a society where human dignity is respected, this function of public-action of the private truth is held sacred. Whenever a society deviates from the ways of truth - for reasons of self-interest, "state security", accumulation of wealth or power or whatever - it feels insecure in the face of publication and takes steps to inhibit this vital process in order artificially and violently to survive itself. The truth is dangerous to the lie; the word poses a threat to silence. Hence, literature, and publication, are regarded as enemies, terrorists, saboteurs within a closed or corrupt society which celebrates and perpetuates the lies: not because they are in themselves instruments of terror but because the closed society cannot bear the truth. (Brink, 1983a: 211)*

Terwyl persone wat hulle hoofsaaklik buite die literêre sisteem bevind het morele kwessies aangeroeer het as redes ter verdediging van die verbod op **Kennis**, het skrywers en letterkundiges eerder op teksinterne aspekte, in ooreenstemming met die literatuurbeskouing van daardie tyd, gereageer. Daar was egter ook die enkeles wat morele kwessies die oorhand laat kry het in hul oordeel.

## **2.10 REAKSIE VANUIT DIE LITERÊRE SISTEEM OP DIE VERBOD**

Vir feitlik elke argument wat in die pers rondom **Kennis** geopper is, sou 'n teenargument ontspring: nie net die publiek was verdeeld oor **Kennis** nie, skrywers en akademici het ook hulle uiteenlopende menings oor **Kennis** gelug. Opperman, soos ook Ernst Lindenberg en I.D. du Plessis, het in die Hooggeregshofverhoor van die Appèlsaak 'n sterk pleidooi vir die verwerping van die verbod gelewer.

T.T. Cloete en A.P. Grové was lede van die Publikasieraad ten tyde van die verbod op **Kennis**. Grové het hom teenoor **Rapport** (11/8/1974: 4) uitgelaat oor die eensydige voorstellings in **Kennis** en die boek as opruiend beskryf. Brink kon op sy beurt moeilik daarmee saamleef dat persone wat in die Publikasieraad dien, ook in die redaksie van die literêre tydskrif **Standpunte** kon wees. In 1974 het Cloete en Grové teen **Kennis** in die Kaapse Hooggeregshof getuig. In 'n "geheime" voorlegging van 'n dokument, **Versetliteratuur onder die Sestiger- en Sewentigerskrywers**, aan die Afrikanerbroederbond, voer T.T. Cloete aan dat skrywers soos Brink, Breytenbach

en Fanie Olivier Afrikaans, die Christendom en die blankes wil benadeel en met geweld die bestaande bewind tot 'n val wil bring. "Hulle wil ook die jeug opsweep tot 'n gewelddadige revolusie en die omverwerping van die bestaande seksuele, morele, godsdienstige, politieke en rasseopvattinge" (Slabber, **Rapport**, 18/9/1983: 11). Cloete het dit ook teen Brink wat Afrikaans as 'n bastertaal sien, sy uitlatings oor BOSS (Buro vir Staatsveiligheid), die toestande waarin aangehoudendes verkeer en die feit dat Brink gelykheid tussen alle rasse in Suid-Afrika voorstaan. Cloete het egter later, naamlik in 1984, beken dat hy sake anders interpreteer as in die sewentigerjare (**Die Burger**, 20/9/1984: 8).

In die onthulling van die dokument van Cloete deur Kannemeyer, voer laasgenoemde aan dat Cloete van die gegewens uit **Versetliteratuur onder die Sestiger- en Sewentigerskrywers** gebruik het tydens die appèlsaak teen die verbod op **Kennis** (Galloway, 1987b: 173).

Net soos dit later met **Magersfontein, o Magersfontein!** van Leroux die geval sou wees, het alle resensente en literatore **Kennis** nie ewe gunstig ontvang nie. Letterkundiges en skrywers het nie net verskil oor die intensie van die skrywer van **Kennis** nie, maar ook oor die gehalte van die roman. Terwyl Müller wonder of **Kennis** op daardie tydstip moontlik as die beste roman in Afrikaans beskou kan word, veral op grond van die goeie komposisie van die verhaal en die dialoog (**Die Huisgenoot**, 21/12/1973: 80), maak Van der Walt **Kennis** af as 'n "poproman" (**Die Transvaler**, 17/12/1973). Hierdie uiteenlopende menings oor die letterkundige gehalte van **Kennis** was die aanloop tot die uiteenlopende reaksies op sy werke daarna (vgl. hfst. 4, 4.8). In 'n resensie in **Hoofstad** deur Elsa Nolte (1/2/1974: 3) spreek sy twyfel uit oor die literêre waarde van **Kennis**: "Retories is 'n woord wat hierdie boek goed tipeer. Die situasies is stereotiep, die karakters is geïk, en dit alles word aangebied in die bekende Brink-retoriek. So baie dinge is so oud in die boek." Madeleine van Biljon beskryf in haar kolom in **The Pretoria News** (4/1/1974) **Kennis** as 'n "naïve, sentimental, simplistic" boek. Jan Rabie skryf in **The Cape Times** (24/10/1973: 16) dat dit 'n revolusionêre werk is wat tog nie bevredig nie: "And yet one is dissatisfied at the end. Superficially because Brink's procession of sexy nymphs hardly advances the writer's quest for meaning...he has no real meaning of

what is called love, hope and charity." Jack Cope skryf in **The Weekend Argus** (10/11/1973: 9): "Brink is a prolific writer." Hy beskryf **Kennis** nie as foutloos nie, maar as struktureel goed genoeg om die foute oor te sien. E. Lindenberg (**Die Burger**, 8/11/1973: 11) sê **Kennis** is 'n mislukking al bring dit tematies vernuwing en al is dit "'n gedurfd roman in baie opsigte". Die verhaalgewe is volgens hom nie "oral geloofwaardig" nie. "As 'politieke roman' is Brink se jongste boek betreklik onskuldig. 'n Mens kan jou maklik veel skerper aanvalle op die blanke en sy wetgewing voorstel", meen hy. Die hoofkarakter is volgens Lindenberg 'n "wit" hooffiguur wat "in 'n bruin vel gestop is". Ironies genoeg skryf 'n bruin rubriekskrywer van **Rapport**, Gus Adams (19/1/1974), dat Brink miskien nie "die uiteindelijke boek oor die Kleurlinge geskryf het nie", maar dat hy "...die mees betekenisvolle roman tot dusver oor die Kleurling geskryf het". In **Die Vaderland** (25/1/1974) beskryf 'n ander bruin resesent, D. Coutriers, **Kennis** in terme soos "skitterend" en "asemrowend". G.J. Gerwel sê by die 1976-Gildeberaad:

*Josef Malan van die baie orgasmes is nou nie almal se koppie tee nie, by wyse van spreke. Die tegniese en ander besware wat ek al uit verskeie oorde teen dié roman gehoor het, is menigvuldig; maar **Kennis van die Aand** is een van die beste dinge wat nog met die Afrikaanse letterkunde gebeur het. (Gerwel, 1985b: 49)*

Van die resesente wat **Kennis** gunstig ontvang het, het sy latere werke negatief beoordeel. H.C.T. Müller (**Beeld**, 16/4/1984) wat **Kennis** en 'n **Oomblik in die wind** gunstig geresenseer het, het Brink later, op grond van **Muur van die pes**, gekritiseer vir "onvoldoende ontwikkeling" en "onegtheid" in sy werke. Hy voel dat "groot verhaalkuns buite sy vermoë lê" en dat Brink 'n "opdringerige bemoeienis met homself" het.

Oor die algemeen was skrywers en letterkundiges se reaksie op die moontlike verbod op **Kennis** (en later op die verbod self) egter een waarin daar teen uitsprake van die publiek wal gegooi is. Die verenigde front teen sensuur wat die Skrywersgilde ná die verbod op **Kennis** gevorm het, die geld wat na die Afrikaanse Skrywerskring se Brink-fonds ingestroom het, en prominente koerantopskrifte soos "Beroering onder

skrywers" (**Die Burger**, 26/1/1974: 1) en "Skrywers bal die vuus" (**Rapport**, 27/1/1974: 1) lewer genoeg bewys hiervan. Binne 'n tydperk van vier dae is 'n bedrag van R5 075 ingesamel waarvan R500 van Human & Rousseau afkomstig was (**Oggendblad**, 1/2/1974: 1).

Die volgende paar reaksies van skrywers op die (moontlike) verbod op **Kennis** het sekere (dikwels voorsienbare en minder voorsienbare) situasies soms ongelooflik raak opgesom:

**Ernst van Heerden**: "Wat baie doodslaners nie beseef nie, is dat die talentvolle skrywer die politiek ver vooruit is" en: "As die boek verbied word, sou dit die beste propaganda teen Suid-Afrika wees wat 'n mens kan kry" (**Rapport**, 6/10/1974: 1 en 5).

**J.C. Steyn** pleit dat "versetskrywers" se boeke op grond van die inhoud beoordeel moet word en nie op grond van die ideologiese raamwerk "wat deur die mens agter die boek geskep word nie" (**Rapport**, 6/10/1974: 4).

**Nadine Gordimer** (van hierdie Engelse skryfster se werke is in daardie stadium reeds verbied):

*I hope this will be a turning point, now that an Afrikaans writer's book has been banned. If they (Afrikaans writers) rise and defend one of their own I hope they will succeed where English writers, white and black, have failed so completely. They have the ear of the establishment. (Mail, 3/1/1974)*

**D.J. Opperman** skenk in Januarie 1974 honderd rand aan die Brink-fonds om "Kruger te bevog" (**Die Burger**, 29/1/1974: 1). Hy dink egter nie veel van **Kennis** as letterkundige werk nie (**Oggendblad**, 30/1/1974: 13). Ten opsigte van die seksuele beskrywings sê hy egter: "sexual scenes in the banned book **Kennis van die aand** were sentimental, tender and idyllic" (**The Argus**, 6/8/1974).



**Etienne Leroux:** "Wanneer 'n skrywer van André Brink se kaliber gesmeer word, het die toestand werklik ernstig geword. Dan bereik ons nou die Groot Stille" (**Die Burger**, 26/1/1974: 1).

**Chris Barnard** sê **Kennis** is 'n besondere en 'n belangrike roman, alhoewel hy nie met alles daarin saamstem nie (**Rapport**, 6/10/1974: 5):

*Dat André Brink die eerste Suid-Afrikaanse skrywer is wat slagoffer geword het van 'n sekere mentaliteit in hierdie land is immers blote toeval. Dit is oor die mentaliteit wat ek vanaand sekere vrae stel - die soort mentaliteit wat 'n kerk daartoe bring om teen gevolge te diskrimineer en die oorsake daar te laat.* (**Oggendblad**, 1/2/1974: 1)

In 1975 sê Barnard in sy lesing "Oor blindes, dowes en een-oë" by die Gilde:

*Uit 'n sekere hoek bekyk, is daar vir my tussen **Kennis van die aand** en die SAUK se *Sake van die Dag* bloedweinig verskil. Albei is doelbewus daarop uit om 'n eensydige prentjie te skilder van ons politieke werklikheid. Die enigste verskil is: die een het literêre meriete en die ander een nie.* (Barnard, 1985: 23)

Hy glo dat **Kennis** juis daarom min bereik het by die publiek.

**Bartho Smit** spreek die volgende gedagtes uit:

***Kennis van die aand** is nie in die eerste en laaste instansie geskryf om 'n paar literêre vriende te laat lekkerkry nie: Dis ook en miskien veral, glo ek, geskryf om ons mense te herinner aan sekere sosiale misdrywe, om te wys op ongeregtighede wat gepleeg word in die naam van wet en orde, op politieke skynheiligheid, op 'n erfenis van wreedhede en eiegeregtigheid. **Kennis van die Aand** wil 'n politieke gewete aanspreek.* (Malan & Smit, 1985: 24)

**Ampie Coetzee:** "Hulle wat die Afrikaanse taal en letterkunde lief het, gaan nou die Derde Afrikaanse Taalstryd binne. Hierdie keer gaan die stryd die hewigste wees, want die vyande van Afrikaans is nou van binne die eie Afrikaner-geledere." (**Rapport**, 3/12/1974). En: "Die aanklaers van boeke is gewoonlik nie die lesers van boeke nie. Hierdie aanklaers is soos sleutelgatloeders. Hulle sien net die bed in die kamer raak" (**Hoofstad**, 1/2/1974). Hy voel dat die Afrikaanse boek wat "begrawe" word, in 'n ander taal sal herleef.

**Kennis** word deur Ampie Coetzee as die eerste Afrikaanse "politieke roman" beskryf (**Rapport** 7/10/1973: 18). **Kennis** is deur bogenoemde skrywers hoofsaaklik as politieke roman beleef - moontlik as 'n antwoord en 'n reaksie op die beskuldiging dat die Afrikaanse skrywer nie sy verantwoordelikheid teenoor die Afrikaanse rassituasie nakom nie.

Johan Liebenberg skryf in die rubriek **Na my mening** (31/1/1974: 14) dat hierdie soort openbare protes deur klein minderheidsgroepe die establishment "stadig maar seker dwing tot 'n nuwe benadering". Hierdie uitsprake is 'n goeie aanduiding daarvan dat sekere skrywers se uitsprake dikwels profeties is. Hierdie profetiese aard wat van die menings aanneem, onderstreep die rol van skrywers as bewusmakers wat dikwels aan die voorpunt van verandering beweeg. In 'n artikel wat in Junie 1991 in **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** verskyn, vra C.F. Swanepoel homself af wie in die kol was met wat vroeg in die negentigerjare gebeur het: skrywers soos onder andere André P. Brink of die bewindhebbende politici "wie se oë maar heel onlangs vir die knellende behoefte oopgegaan het. Die stem van die storieverteller is dikwels die stem van die profeet" (Swanepoel, 1991: 174).

Die reeds genoemde reaksies van die publiek en die skrywers kom vanuit verskillende lae van die Suid-Afrikaanse geledere en teken 'n duidelike prentjie van verdeeldheid teenoor sensuur en teenoor **Kennis**. Willem de Klerk, prominente meningvormer, roskam al die partye wat die joos in is oor die gebeurde rondom **Kennis**. Van die skrywers sê hy: "Julle is, meer as toevallig, dikwels so moedswillig, katterig, parmantig, selfs brutaal, roekeloos en oneerbiedig." Die ander partye spreek hy ook aan: "Aan die ander kant moet die volk weet - sedebewakers, politici, kerk, kultuur

en ons 'gewone' mense - dat 'n volk wat sy skrywers en digters vervreem, homself skade aandoen" (**Rapport**, 6/10/1974: 14).


## 2.11 REAKSIE VANUIT DIE JOERNALISTIEKE SISTEEM IN DIE VORM VAN SPOTPRENTE

Die Engelse pers was oor die algemeen meer positief in hul beriggewing oor **Kennis** as die Afrikaanse pers. Die **Oosterlig** (1/2/1974: 10) het byvoorbeeld gemeen dat die boek verbied moet word as 'n jong mens die boek nie kan lees nie en dat dit reg is dat die kerkmense 'n rol speel in die verbanning van die boek: "Die **Oosterlig** skaar hom in hierdie saak graag aan die kant van die behoudendes." Volksnasionale spreek sterk uit woorde soos "volk", "volksmoraal", "gemeenskap", "tradisie" en uitlatings soos die volgende:

*Anders maak ons die deure eiehandig oop vir die pes van geestelike dekadensie wat die ondergang van hele volke kan meebring. Aan die suidpunt van opstandige swart Afrika kan die blankes dit nie bekostig nie. Selfs nie in een boek nie.* (**Oosterlig**, 1/2/1974: 10)

Die feit dat Brink die teiken van soveel spotprente was, is 'n bewys daarvan dat Brink as 'n openbare figuur gesien is. Die Afrikaanse koerante teken soms 'n ietwat meer negatiewe beeld rondom Brink en/of **Kennis** terwyl die Engelse koerante se spotprente Brink en sy verbode boek meer simpatiekgesind is. Die Afrikaanse Sondagkoerant **Rapport** skaar hom egter aan Brink se kant. Die meeste spotprente betrek die morele sy van **Kennis**.

- 1) Hier word met die skrywers en met Brink se onthutsheid oor die verbod gespot (Die Volksblad, 12/5/1979).




ANDRÉ P. BRINK: „Ruk op, skrywers — ons is 'n bedreigde spesie!”

- 2) Brink met sy tevrede glimlag word as die oorsaak van die groot twis binne Afrikanergeledere uitgebeeld (Die Transvaler, 4/2/1974).

## DIE VONKIE



- 3) Brink swaai sy vinger dominerend vir 'n koerantman terwyl die ander hand uitdagend op die heup lê - sy woorde wat demokrasie voorstaan, spreek van teenstrydigheid (Volksblad, 15/5/1975).



DR. ANDRÉ P. BRINK: „Moet my nie verkeerd rapporteer nie. Ek is nie 'n voorstander van malaria nie, maar ek het die grootste bewondering vir die muskiet se yser onder alle rasse en stonde en die hoogste waardering vir sy vernuf en menslievendheid . . .”

- 4) In **Rapport** (d.o.) word die spot met die sensuurraad gedryf. Hoekom is boeke soos Sneeuwitjie, parkeerkaartjies en die telefoongids (met "onbetaamlike" vanne) ensovoorts nie eerder verbied nie? ('n Telefoongids is in S.A. verbied op grond van 'n "stout" voorblad).



- 5) Die morele sy van Kennis word in hierdie spotprent van 'n onbekende bron ironies en/of ernstig onder oë gebring in hierdie spotprent van 'n onbekende bron as die kaalbasakteur nie kans sien vir 'n rol in Kennis nie. In daardie stadium het Brink reeds oorsese filmaanbiedinge vir Kennis gekry (sien volgende opskrif). Alhoewel Kennis se vernuwende kwaliteite bewonder word, word dit nie as letterkundige werk hoog aangeskryf nie.


## Sosatie



"Ja, ek het in Last Tango gespeel maar hiervoor sien ek goue nie kans nie!"





- 6) Daar word met Jannie Kruger se verontwaardiging oor die besit van 'n boek soos **Kennis** gespot (Rapport, 3/2/1974).



„JOU BERET, JANNIE, EK HET HET GESÊ EK HET GOEIE KENNIS VAN DIE EERDEKOR.”

- 7) Die **Rand Daily Mail** (30/1/1974 en 31/1/1974) steek die draak met Jannie Kruger deur te wys op die belangstelling in Kennis tydens gerugte van 'n moontlike verbod en die feit dat Kennis nie as kunswerk die verbod kan oorleef nie.



## 2.12 REAKSIE VANUIT DIE BUITELAND

Terwyl die Afrikanerestablishment **Kennis** as 'n belediging vir die volk en die Afrikaner ervaar het, het die buiteland na die verbod op **Kennis** ook oorgehaal sit en wag: "Banned in South Africa" het dieselfde implikasie ingehou as die eertydse "Banned in Boston" - naamlik dat dit nuuskierigheid gaan prikkel en dat die verbode boeke se leserstal die hoogte gaan inskiet. Die verbod op **Kennis** het ook beteken dat die buiteland hierin die gunde geleentheid gesien het om die vinger na Suid-Afrikaanse regeringsoverhede te wys. Vir hulle beteken die verbod net een ding: inmenging in die Afrikaanse literêre sisteem deur die politieke sisteem sodat die owerhede sy andersdenkende landsinwoners se menings subiet kortknip met die doel om hulself teen kritiek te beskerm.

Breytenbach het uit Parys profeties gereageer op die verbod: "The banning is an act that will go far beyond the borders of South Africa. It will establish Brink internationally" (**The Star**, 28/1/1974). Hierdie voorspelling het toe ook waar geword.

As gevolg van die kontroversie wat die boek ontlok het, kry Brink filmaanbiede vir **Kennis** vanuit Holland, Brittanje en die VSA (**The Star**, 28/1/1974). Terwyl Brink se **Kennis van die aand** hier verban is, is die Engelse vertaling, **Looking on Darkness**, baie gewild oorsee. Hierdie vertaling is in tien lande gepubliseer. Dit is in Frans vertaal en in Frankryk genomineer vir 'n prys vir die beste werk van vreemde afkoms wat in Frans vertaal is (**E.P. Herald** 31/12/1976: 21).

Oor die Suid-Afrikaanse sensuurbedeling skryf 'n leser 'n brief aan **De Volkskrant** (Berge, 2/2/1974) waaruit die volgende aanhaling kom: "De methodes die het wettige gezag hanteert om die generatie (en ook anderen) het leven zuur te maken, gaan in triestheid en doortraptheid elk begrip te boven." Die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Nederland het 'n brief ontvang waarin die "Vereniging van Letterkundigen" hul misnoë teen die verbod uitspreek.

Die omvang wat hierdie reaksies in die buiteland aangeneem het, veroorsaak dat veral oorsese media Brink met groot simpatie in dieselfde bootjie geplaas het as Solzjenitsin, wat toe pas uit Rusland verban is omdat hy 'n boek laat publiseer het wat oor gevangenis, konsentrasiekampe en strafkolonies in Rusland handel (*Die Vaderland*, 14/2/1974). Om Brink slegs as slagoffer en swartskaaap van die Afrikanerestablishment te sien, skets egter nie die volle prentjie nie: Brink het tog indirek gebaat uit die apartheidswetgewing wat hom die ryke stof van menige verhaal gebied het. Na die verbod op sy *Kennis* verkoop hierdie boek soos soetkoek. Hy is een van die mees gelese Afrikaanse skrywers en die vertalings van sy werke het gesorg vir 'n goeie inkomste. Hy sê met redelike vryheid wat hy wil in die openbaar en hy geniet op die koop toe die ondersteuning van 'n hele paar koerante en medeskrywers. Brink het reeds 'n paar topposisies in die Suid-Afrikaanse samelewing as dosent en as resesent van *Rapport* beklee; die staatsliggame van die uitvoerende kunste ondersteun Brink goed en hy word voortdurend deur universiteite en ander instansies, hier en in die buiteland, uitgenooi, om as spreker op te tree.

### 2.13 VERDERE UITVLOEISELS VAN DIE 1974-VERBOD OP KENNIS

Gedurende 1974 word die Wet op Publikasies 47(2) soos ons dit vandag ken, van krag. Hierdie wet lui soos volg:

*By die toepassing van hierdie Wet word 'n publikasie of voorwerp, rolprent, openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid geag ongewens te wees indien dit of deel daarvan -*

- (a) *onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;*
- (b) *godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;*
- (c) *enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak;*
- (d) *vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdeel van die Republiek skadelik is;*

- (e) *vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is;*
- (f) *met betrekking tot geregtelike verrigtinge -*
  - i) *enigiets openbaar maak wat onbetaamlik of onwelvoeglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;*
  - ii) *onbetaamlike of onwelvoeglike mediese, chirurgiese of fisiologiese besonderhede openbaar maak waarvan die openbaarmaking waarskynlik skadelik of aanstootlik vir die openbare sedes sal wees;*
  - iii) *vir die ontbinding of nietigverklaring van 'n huwelik of vir geregtelike skeiding of herstel van huweliksregte, enige besonderhede openbaar maak behalwe... (en dan word uitsonderings genoem)*

Die beheerstelsel bestaan na aanleiding van die 1974-wetgewing uit drie liggame wat skematies as volg voorgestel kan word (Van Rooyen, 1978: 44):

**Direkoraat van Publikasies**

**Komitees van Onderzoek**

**Appèlraad**

Die Direkoraat van Publikasies, wat die Publikasieraad vervang het, is deur die Staatspresident aangestel en geadviseer deur 'n paneel deskundiges by die voorlê van boeke. Hierdie Direkoraat, wat uit 'n direkteur, adjunk en 'n aantal onderdirekteure bestaan, het die administratiewe werk behartig, die komitees van ondersoek aangestel

en beskik oor die reg om 'n beslissing van 'n komitee verder te voer deur dit na die Appèlraad wat die finale seggenskap het, te verwys. Die Appèlraad het 'n regsgeleerde as voorsitter. Regter J.H. (Lammie) Snyman was die eerste voorsitter van die Appèlraad.

'n Enkele klage kon die sensuurstelsel se wiele aan die rol sit. Niks word egter permanent verbied nie. Twee jaar na 'n verbod kan die Direktoraat weer genader word om 'n bestaande verbod op te hef. Die geregtelike raamwerk word volledig deur Geldenhuys behandel in sy boek **Pornografie, sensuur en reg** (1977).

Die 1974-wetgewing skrap die rassistiese basis van die sensuurwet. Voorheen het sake soos die volgende byvoorbeeld aanstoot gegee:

*For Katrina (1969) the producer shot two endings. The first was true to the resolution of the original play where the characters emigrate. The other is ambiguous, but ideologically "correct": the white man rejects his coloured girlfriend because of their cultural differences. The PCB demanded the latter ending.* (Tomaselli, 1989: 15)

Buren-uitgewers, die oorspronklike uitgewers van **Kennis**, teken appèl aan op die 1974-verbod by die Kaapse hooggeregshof in 1980. Hierdie aansoek het weer mistuk. Die oorspronklike uitgewer het na die Hooggeregshof geappelleer. Weer eens is **Kennis** op grond van morele aspekte ongewens bevind - die sekstonele, die gebruik van Christus se naam en die analogie tussen die hoofkarakter en die Here is hiervolgens aanstootlike elemente vir die Christen (Galloway, 1982: 22). Die Appèlraad vind in 1980 met 'n meerderheid van vier teenoor drie stemme ook die Engelse weergawe van **Kennis**, naamlik **Looking on darkness**, ongewens. Op 11 Augustus 1974 (p. 4) berig **Rapport** dat sowat R8 000 vir die appèl teen die verbod bymekaar gemaak is.

Ten tyde van 'n latere weer eens negatiewe bevinding van die Appèlraad oor **Kennis**, laat Brink (dokument in die André P. Brinkversameling UOVS) hom só uit oor die verbod:

*In die sowat twintig lande waar Kennis van die Aand gepubliseer is of word, het hierdie titel by die publiek al sinoniem geword met die begrip van sensuur in Suid-Afrika. Ek het opreg gehoop dat die situasie sou verander met die hervoorlegging van die boek deur my Britse uitgewer, sodat ek met vrymoedigheid aan daardie lesers sou kon sê: "Kyk, ten spyte van alles is sake tog aan die verander. Gee ons kans. Want sensuur is 'n barometer van sosiale oopheid of benoudheid." Dit wil nou lyk of sinvolle verandering wensdinkery is.*

*Die illusie van 'n klein "Praagse lente" in ons sensuur is verby en dis duidelik dat dit nog presies dieselfde pes is wat in presies dieselfde duisternis wandel. (Connie Mulder moet in sy skik voel om te sien dat sy gees nog so loop.) Daar was skrywers, en lesers, wat begin dink het dat mens nou kan begin ontspan, dat die waarheid ietwat veiliger begin word het in ons midde, dat 'n soort détente met die owerheid bewerkstellig is. Maar soos die VSA in verband met Rusland moes leer, beteken détente dikwels net 'n ander naam vir 'n óú totalitarisme. Ons is gewaarsku. En die stryd gaan onverminderd voort - met watter middele daar ook al tot die skrywer se beskikking kom. Omdat, wat ook al gebeur, sy verpligting teenoor die waarheid hom nooit rus gun nie.*

*My enigste troos lê daarin dat die geskiedenis self eendag 'n finale uitspraak sal gee - nie die here van die Appèlraad nie, en seer sekerlik nie die klein bende wat so ongesiens skuilgaan onder die patetiese benaming van "letterkundige deskundiges" nie. Op stuk van sake is hulle maar net die werktuie van 'n bedeling wat - selfs onder die dekmantel van godsdiens - die leuen probeer bestendig, omdat hy dit nie kan verduur dat 'n roman die mens se geloof in geregtigheid, vryheid en die waarheid bevestig nie. So lank as wat die bruin (en swart) mens se menslikheid ontken word, so lank as wat 'n sinvolle en waardige nuwe bedeling vir hom net praatjies bly, so lank as wat skynheiligheid aangesien word vir opregtheid - net so lank sal Kennis van die aand in Suid-Afrika verbode bly.*

## 2.14 ONTSTAAN VAN DIE AFRIKAANSE SKRYWERSGILDE

### 2.14.1 Die relasie tussen die Skrywerskring en die Skrywersgilde as sub sisteem binne die Afrikaanse literêre sisteem

Die sewentigerjare se streng en onsimpatieke sensuurbedeling wat gekulmineer het in die verbod op **Kennis**, het die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde (hierna net die Gilde) in 1975 tot gevolg gehad. Die Gilde is gedurende die taalfeesjaar in die lewe geroep. Hierdie jaar is voorafgegaan deur heelwat opspraakwekkende gebeurde op literêre terrein wat nie van die sosio-politieke opset van die sewentigerjare losgesny kan word nie: Die instelling van 'n sensuur-appèlraad wat strenger beheer oor onder meer politieke en godsdienstige temas uitoefen (**Hoofstad**, 8/7/1975: 1); die verbod op **Kennis van die aand** en Brink se ander opspraakwekkende boek, **Oomblik in die wind**; en die vyandigheid jeens die sensuurbeleid in sekere kringe. Gesprekke in hierdie verband met Mulder, die destydse Minister van Binnelandse Sake, was vrugtelooos. Min. Connie Mulder het op 7 September 1977 verdere bewys gegee van sy afkeur van Afrikaanse boeke wat van die tradisionele afwyk, toe hy die Appèlraad oor Publikasies gevra het om die beslissing dat **Magersfontein**, o **Magersfontein!** ('n postmoderne roman) nie ongewens is nie, te heroorweeg (Human en Rousseau, 1990: 9). Apartheid - politiek dus - het die literêre sisteem in Suid-Afrika in die sewentigerjare bepaal.

Volgens Smit (Malan & Smit, 1985: 3) word die idee van 'n vakbond vir skrywers reeds vroeg in die sestigerjare geopper. In daardie stadium was die Afrikaanse Skrywerskring (hierna net Kring) die toonaangewende skrywersvereniging. Hierdie Kring was in 'n groot mate 'n kultuurvereniging wat hom nie met omstrede sake wou bemoei nie. Alhoewel daar tog 'n andersdenkende groepie binne die Kring se geleedere is, rig hulle nie veel uit nie. So het hulle byvoorbeeld op 22 Maart 1973 op uitnodiging van die destydse voorsitter, Jan Kromhout, die bestuur van die Johannesburgse Werkgemeenskap van die Kring oorgeneem, maar nogtans nie daarin geslaag om hul invloed wyer as dié groepie te laat geld nie (Malan & Smit, 1985: 3).



Die idee van 'n Afrikaanse Gilde vir skrywers in Afrikaans het in 1974 posgevat toe van die mees militante Kringlede - skrywers én literêre kritici - die sensuurbedeling te rigied gevind het. Die verbod op André P. Brink se **Kennis van die aand** was die olie op die vuur wat gekort het om die Afrikaanse Skrywersgilde op die been te kry. Met **Kennis van die aand** het Brink as 't ware 'n nasionale histerie ontketen. In 'n terugblik oor die ontstaan van die Gilde, onthou Bartho Smit:

*Toe André Brink se **Kennis van die aand** in Januarie 1974 verbied word, teken die Johannesburgse Werkgemeenskap van die Afrikaanse Skrywerskring in 'n verklaring in **Rapport ten sterkste beswaar aan en hy vra dat twee vooraanstaande letterkundiges wat in die Publikasieraad dien, onmiddellik moet bedank. Ons reël 'n protesvergadering vir 31 Januarie by Wits en stig 'n Skrywersfonds om vir moontlike appèl teen die verbod te betaal. Die fonds, wat ons nie aan die Skrywerskring wou koppel nie, word deur John Miles en Chris Barnard geadminestreer, en binne enkele weke is oor die R5 000 ingesamel.** (Malan & Smit, 1985: 3)*

John Miles, Chris Barnard, Ampie Coetzee en Bartho Smit deel daardie jare die gevoel dat 'n verbod op boeke nie rym met die bevordering van die Afrikaanse letterkunde nie (Kannemeyer, 1983: 240). Die nasionale voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring, mnr. J.J. Brits, het in die volgende Sondag se **Rapport** dit duidelik gestel dat die protesverklaring nie die Kring se mening verteenwoordig nie (Malan & Smit, 1985: 4).

Dit is opvallend dat die Johannesburgse Kringlede in hierdie stadium baie sterk na vore getree het. Die laaste hupstootjie wat nodig was om die Gilde finaal op die been te kry, beskryf Bartho Smit (1985: 4) só:

*Toe ek die dag voor ons protesvergadering die besturende direkteur van Perskor, mnr. Marius Jooste, nader vir 'n maatskappybydrae tot die Skrywersfonds, was sy antwoord: "Stig vir julle 'n behoorlik geregistreerde liggaam wat die fonds kan administreer, dan kan ons weer gesels".*

Hierdie vergadering het 'n goeie aanduiding gegee van die mate waarin Afrikaners onderling van mekaar verskil het. Die militanter skrywers het die Kring toe ook gedurende 1975 verlaat om die Gilde amptelik op 9 Julie te Broederstroom te stig onder voorsitterskap van Bartho Smit. Hierdie eerste Gildeberaad oortref alle verwagtings en word as die sterkste saamtrek van groot skrywers sedert 1973 se somerskool beskou (**Rapport**, 6/7/1975: 6). Nog 'n groep wat hulle ongemaklik binne Kringgeledere gevoel het, was die Vonkgroep wat Kringlede as "woordeboekmakers" bestempel het. Volgens 'n brief van die voorsitter van die Vonkgroep in **Hoofstad** (15/7/1975: 14) is laasgenoemde groep "'n vereniging van outeurs en nabestaande kunstenaars wat hulle van oproer, betogings, protesvergaderings of 'n plakkaatswaaier distansieer".

Die eerste Gildeberaad staan geheel en al binne die teken van die verbod op **Kennis van die aand**. Die grondslag van die Gilde is gedurende die eerste berade gelê. Die konsepgrondwet is tydens die eerste beraad reeds aangeneem.

#### **2.14.2 Die grondwet van die Gilde**

In die grondwet word die strewende, aangeleentheid rondom lidmaatskap, vergaderings, beheer en wysigings van die wet vervat.

Die doel van die Gilde was om 'n lewenskragtiger Afrikaanse skrywersliggaam daar te stel, die belange van die Afrikaanse letterkunde te beskerm en sensuur te beveg. Waar die Kring se lede eerder belangstellendes in die letterkunde is, bestaan die Gilde net uit skrywers en persone wat 'n verdienstelike bydrae tot die letterkunde gemaak het. Persone met 'n beperkende invloed op die letterkunde sou nie as lede aanvaar word nie. Persone wat in sensuurliggame dien, is hiermee outomaties uitgeskakel.

In teenstelling met die Kring en die Vonkgroep is die Gilde oop vir alle rasse en tale. Aanvanklik was die Kring net vir die manlike geslag oop - dit was eers in die veertigerjare dat dames by vergaderings toegelaat is (Fensham, 1984: 5). Die Gilde beywer hulle om Afrikaans as veelvokige taal uit te bou. Net 'n handvol gekleurde skrywers het hulle egter by die Gilde aangesluit.

Jan Rabie beskryf die Gilde gedurende 1984 as 'n soort vakbond met meer as 150 lede - 'n vereniging met 'n sterk ooredingsmag wat as waghond vir Afrikaanse skrywers en werke optree (Breytenbach, *Die Burger*, 31/3/1984: 8). So bestaan daar byvoorbeeld 'n skrywerskontrak wat as model by plaaslike uitgewers dien (Malan & Smit, 1985: 15). Die Gilde lê ook basiese voorwaardes neer om uitbuiting van skrywers te voorkom. Ter beskerming van die skrywers stel hierdie vereniging voor dat 'n werk in sy geheel beoordeel moet word, dat die estetiese waardes deurslaggewend moet wees, dat die waarskynlike leser in aanmerking geneem moet word en dat appèl na die Hooggeregshof moontlik moet wees (Kannemeyer, 1983: 240). Weens dié beskerming en indringende gesprekke oor gemeenskaplike samewerking, sowel as vanweë die blote bymekaarwees, het die Gilde inderdaad 'n soort Mekka vir talle skrywers geword.

### 2.14.3 Aktiwiteite van die Gilde

Dit is nie net uit 'n literêre oogpunt beskou dat die Gilde se berade veel stof tot nadenke gegee het nie: Onder leiding van mense soos Brink, Chris Barnard, Jan Rabie, Elsa Joubert, Bartho Smit, Abraham de Vries, Fanie Olivier, George Weideman, Jeanette Ferreira, Alexander Strachan en Charles Malan het politieke onderstrominge, dilemmas van die Afrikaanssprekende bruinman en die taalkwessie by verskillende geleenthede die aandag geniet. Die Gilde het byvoorbeeld Jeremy Cronin en Breyten Breytenbach se vrylating bepleit en samesprekings met die owerhede gevoer waartydens lede hulle teen politieke aanhouding sonder verhoor en die Noodtoestand uitgelaat het. Die doelwit van hierdie vereniging was aanvanklik nie om 'n frontorganisasie vir politieke bedrywighede te wees nie, maar om die Suid-Afrikaanse skrywer en daarmee saam die Suid-Afrikaanse letterkunde, te dien, soos duidelik blyk uit lesings by die berade. Malan & Smit se publikasie *Skrywer en gemeenskap* (1985) bevat heelwat van hierdie belangrike debatte rondom Afrikaans, sensuur en apartheid.

Die Gilde vorm veral 'n verenigde front teen sensuur. Uit die berade word dit duidelik dat baie skrywers na die verbod op *Kennis* die gevoel deel dat daar sekere aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing is waarvoor hulle nie mag skryf nie. Die

Gildeberade word ook gekenmerk deur gebeurde soos boekveulings en die toeken van die Ingrid Jonker-prys wat een jaar vir Engelse en die daaropvolgende jaar vir Afrikaanse poësie debute toegeken word. Die voorskryf van boeke op skool haal ook die agenda. Gildelede het hulle beywer vir die bevordering van Afrikaans en die Afrikaanse boek onder behoeftige andertalige leerlinge en studente. So kry van die lede borge om die verspreiding van Afrikaanse boeke in skole moontlik te maak. Skenkings is ook van **Huisgenoot**, **Sarie** en **Landbouweekblad** ontvang. Tantiemes aan skrywers en 'n mark vir Afrikaanse boeke in die buiteland het by die berade onder die soeklig gekom (Malan & Smit, 1985: 15-19).

Die indruk dat die Gilde in die beginjare 'n definitiewe, homogene denkrigting verteenwoordig het, is vals. Die Gilde sluit van die begin af regs en linkses in, maar hierdie verskille verskerp deur die jare in ooreenstemming met die toenemende verdeeldheid in Afrikanergeledere oor die algemeen. Die verdeeldheid binne die Gilde word deur die pers op die spits gedryf, soos dit uit die hieropvolgende hoofstukke sal blyk. Dit was aspekte soos verset teen die owerhede, die verdediging van **Kennis van die aand** en ander verbode boeke, asook die verdediging van die toe pas gearresteerde Breyten Breytenbach, wat aan die Gilde 'n rebelse kleur gegee het. Die Gilde en Brink se optrede en uitsprake sou uiteenlopende menings en heftige kritiek vanuit alle oorde ontlok.

Piet Roodt verwoord die situasie gedurende 1987 met 'n opskrif in **Insig** (September 1987: 61): "Die Gilde: 'n Onmoontlike moontlikheid". Hy wei soos volg oor dié stelling uit: "Miskien is die Gilde simptome van ons tyd, 'n produk van die verskeurdheid van ons land: dat hy ðf in regspartye uitmekaar moet spat ðf in onvermoë versink. As 'n mens alkant toe kyk, lyk niks in Suid-Afrika vir my maklik nie...".

Dit lyk dus of daar 'n mening ontstaan het dat die Gilde in die later jare nie veel uitrig nie omdat dit 'n te heterogene groep skrywers gehuisves het. Gedurende die tagtigerjare het jonger en gekleurde skrywers hul al meer verwyderd begin voel van die stigterslede van die Gilde. Die Gilde is verwyt dat dit "gekoaguleer het in 'n draagbaar van die gevestigde *establishment*" (Toerien, 1987).

Brink en etlike ander skrywers wil gedurende 1986 uit die Gilde bedank nadat dit in 'n bestaanskrisis gedompel is. Hierdie situasie het ontstaan nadat 'n mosie oor sensuur ongeldig verklaar is op 'n vergadering van die Gilde te Windhoek. Sommige Gildelede het dit as verraad bestempel omdat die mosie inderwaarheid ingedruis het teen die grondwet van die organisasie (sien hfst. 6, 6.7). Die hele kwessie het 'n swart wolk oor die Gilde gebring. Ander skrywersverenigings het begin opskiet en die oënskynlike onvermoë van die Gilde net verder beklemtoon. Swart skrywers het al hoe meer verkies om hul eie verenigings te hê. COSAW (Die Kongres van Suid-Afrikaanse Skrywers) was in die laat tagtigerjare volgens *Vrye Weekblad* byvoorbeeld die grootste skrywersorganisasie. Die sowat 400 lede bestry sensuur - naas die Gilde (Oberholzer, *Vrye Weekblad*, 2/12/1988: 3).

Brink bedank in 1988 uit die Gilde (*Beeld*, 21/7/1988). In daardie stadium hang daar 'n groot vraagteken oor die rigting wat die Gilde, met sy tradisie as die enigste Afrikaanse kulturele organisasie wat apartheid konsekwent deur al die jare verdoem het, gaan inslaan ná die Lusaka-samesprekings van skrywers met die ANC in 1989.

Die kwynende Afrikaanse Skrywersgilde se uitgediende rol in 'n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing word in Maart 1996 bevestig met die stigting van die Afrikaanse Skrywersvereniging. Skrywers wat nie meer tuis voel in die Gilde nie het onder die leierskap van Patrick Petersen aangekondig dat 'n nuwe begin gemaak word ná die bevryding van Suid-Afrika 'n realiteit geword het.

## 2.15 SAMEVATTING

Die tydsges van 1960 tot die einde van die sewentigerjare op literêre en sosio-politieke terrein is in hierdie hoofstuk belig. Brink se uitsprake in koerante oor die politieke situasie gedurende hierdie tydperk het hom by voorbaat 'n "gemerkte" man gemaak. Brink plaas reeds vanaf die sestigerjare nuwe elemente op die voorgrond binne die Afrikaanse literêre sisteem. Die klem verskuif in die sestigerjare van die plaaslike na die internasionale. Vanaf die sestigerjare voer Brink nuwe idees vanuit buitelandse literatuursisteme in na die Afrikaanse literatuursisteem met sy romans, vertalings en teoretiese werke. Ingeburgerde opvattinge van die Afrikaner

is in die proses heroorweeg. Die Sestigerbeweging en die kontroversie daaromheen laat die lig val op die verskille tussen Afrikaners onderling. Daar is 'n vervreemding tussen die skrywer as entiteit binne die literêre sisteem en die establishmentsisteem (met hierdie term word die Afrikanerestablishment bedoel), sowel as tussen die skrywer en die politieke sisteem. In die vroeë sewentigerjare het Brink bepleit dat die Suid-Afrikaanse politieke sisteem in letterkundige werke betrek moet word. Hierdie era verteenwoordig 'n wegbreek van die Westerse establishment en 'n groter Afrikagerigheid binne die Afrikaanse literêre sisteem. Dié vernuwing veroorsaak spanning tussen die histories bepaalde norme en die wysiging van hierdie tradisionele norme in die Sestiger- en Sewentigerwerke. As regerende groep wat veilig voel in hul denkwysse en groot stabiliteit op politieke en ekonomiese gebied ervaar, bestaan daar in hierdie stadium min behoefte onder Afrikaners om aan nuwe invloede blootgestel te word. Skrywers van die sewentigerjare wat die politieke en die establishmentsisteem in hul werke kritiseer, word beleef as mense wat die waardes van die volk ondermyn.

Gedurende 1974 kry sensuur in Suid-Afrika 'n nuwe betekenis. Die Wet op Publikasies van 1963 word deur die Wet op Publikasies 42(7) vervang - 'n wet waarbinne 'n mens met 'n wa en osse kon draai.

Brink was voor die verbod op **Kennis** reeds bekend as gevolg van sy gereelde skrywe in **Die Beeld** en **Rapport**. Die publisiteit wat Brink ná die verbod op **Kennis** kry, het hom egter 'n huishoudelike naam gemaak en het waarskynlik die verkope van die boek bevorder, want sowat 3 000 kopieë is binne enkele maande uitverkoop met 'n groot aanvraag na nog. Die wyse waarop die publiek op **Kennis** gereageer het, dikwels sonder om dit te lees, bewys dat die teks nie outonoom is nie, maar slegs teken is wat oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies. Brink se werk en die reaksie daarop moet teen die agtergrond van die val van Westerse koloniale ryke, die emansipasie van Afrika, die opkoms van onafhanklike swart state, dekolonisering en die verlies van blankes se mag regoor die wêreld gesien word.

**Kennis van die aand** het die sensuurbedeling, wat met sy een been binne die politieke sisteem en die ander been binne die (Afrikaanse) literêre sisteem staan, in 1974 voor

'n gedugte toets te staan gebring: die kunsaspek van Afrikaanse werke wat internasionaal aansien verwerf het, word aanvanklik deur sensuur hier te lande oor die hoof gesien. Om die waarheid te sê, net toe dit lyk of die Afrikaanse letterkunde sy kinderskoene ontgroeï het, het sensuur die samelewingsstelsel van volwasse oordeel ontnem. Terwyl die Gilde, 'n substelsel binne die literêre stelsel, hulle teen die politieke stelsel se hantering van sensuur uitspreek omdat dit die vrye vloei van inligting belemmer, was enkelinge binne die religieuse en die establishmentsstelsel verheug oor die beheer wat sensuur meegebring het.

Verskynsels wat uit die sensuurstelsel voortspruit en wat Brink en die Gilde ondervind het, is die onnatuurlike situasie wat boeke wat verban of onthef is, omhul. Mense lees hierdie boeke dikwels om die verkeerde redes. Hierdie bevooroordeeltheid teenoor sekere kunswerke geld veral in die beginjare van sensuur in Suid-Afrika toe pornografie en ernstige letterkundige werke oor dieselfde kam geskeer is. Daar heers onkunde oor wat binne die literêre stelsel aangaan, nie net by leiers as dominante entiteite binne die politieke stelsel nie, maar ook binne religieuse en kultuurstelsels (sien volgende hfst.). Baie skrywers voel dat kritiese denke en volwasse oordeel deur die stelsel (wat die belastingbetaler miljoene rande kos) gesmoor word. Die skrywers van verbode boeke is uitgeworpenes, hul geloofwaardigheid is bevraagteken en hulle is verdag gemaak deur hulle as vyande van die staat voor te hou omdat hulle inligting laat sirkuleer het waardeur die politieke stelsel hom bedreig voel en omdat hulle op politieke gebied standpunt ingeneem het. Sensuur het ook in soveel ander gedaantes in Suid-Afrika voorgekom dat dit baie effektief was in die smoring van inligting vanuit die joernalistieke en die literêre stelsels. Die Afrikaanse letterkunde is in die proses behoorlik geteer en veer. By die algemene publiek het Brink se verbode roman **Kennis van die aand** min bereik behalwe om hulle te laat glo dat sensuur 'n goeie ding is. Die man op straat se gevoel hieroor was dat Brink alles wat wit is as boos uitkryt en dat hy swart goedpraat (Barnard, 1985: 24). Brink is vanuit sekere geleedere daarvan beskuldig dat hy die regering met sy boeke tart, maar hy is ook verdedig op grond van die feit dat hy sekere inligting - die "waarheid", onder sy mense se aandag wil bring. Uit vele ander reaksies in die pers is dit duidelik dat Brink se bemoeienis met die politieke stelsel deur invloedryke verdedigers

goedgepraat word, maar dat dit deur die tradisionele Afrikaner-establishment afgekeur word en as verraad en verdraaiings beskou word (vgl. 2.8 en 2.9 van hierdie hfst.).

Baie persoonlike korrespondensie wat Brink gedurende 1974 in verband met **Kennis** gekry het, doen 'n beroep op die volkseie wat beskerm moet word. Hierdie oproep om te skryf vir "volk en vaderland" is in ooreenstemming met die onvoorwaardelike aanvaarding van die norme van die politieke sisteem - juis omdat dit op ekonomiese gebied so goed met die Afrikaner gegaan het.

Die feit dat redes vir die verbod op **Kennis** aanvanklik nie verstrek is nie, skep die indruk dat die boek in werklikheid op grond van sy onsimpatieke voorstelling van die Afrikaner, sy politiek en die Veiligheidspolisie verbied is, kortom om politieke redes. Die geweldige sterk invloed van die politieke sisteem ten opsigte van die samelewings-sisteem en die literêre sisteem kan nie misgekyk word nie. Die toepassing van sensuur het onder die dekmantel van etlike individue se persoonlike morele en sedelike opvattings geskied.

Dit blyk dat diegene wat op **Kennis** gereageer het, verdeel kan word in 1) die "indirect consumer", wat nie die primêre teks lees nie, maar inligting oor **Kennis** elders kry; 2) die leser wat die lees van **Kennis** as 'n "happening" beskou, met ander woorde hierdie persoon lees wel die boek; 3) die leser wat **Kennis** lees om dit verban te kry; 4) lede van kerke en Aksie Morele Standaard wat veldtogte voer om **Kennis** verban te kry; 5) resesente; en 6) ingeligte lesers. Die reaksies op die werk handel oor die struktuur van die werk; die voorstelling van die werklikheid; morele uitsprake oor seks, religie en politiek; en die vernuwung wat **Kennis** gebring het binne die Afrikaanse literêre sisteem.

Die verbod op **Kennis** en die reaksies daarop wys leemtes in die samelewings-sisteem en die literêre sisteme uit. Dit is duidelik dat die Wet op Publikasies voorsiening moet maak vir: 1) die estetiese waarde van 'n werk; 2) die beoordeling van 'n werk in sy geheel; 3) 'n beheerraad met integriteit wat in staat sal wees om werke met volwassenheid te beoordeel; en 4) die openbaarmaak van besluite. Die toepassing



van sensuur was aanvanklik dikwels willekeurig en inkonsekwent - 'n blote weergawe van individue se morele opvattings.

Die kaperjolle van Mulder en Kruger het die sensuurstelsel van die sestiger- en sewentigerjare belaglik gemaak. Hierdie onbillike sensuur het ook vir films en ander literatuur buiten **Kennis** gegeld. "He (Kruger) assailed any films which departed from strict Calvinism. **Debbie** (1965) was initially banned because Kruger believed that Afrikaans girls do not get pregnant out of wedlock" (Tomaselli, 1989: 15).

Terwyl die sensuurstelsel en talle lesers behoudendheid voorstaan, wil Brink juis die deure vir nuwe invloede oopgooi en die Afrikaner van sekere onaangename werklikhede binne die politieke en die samelewingsstelsel bewus maak. Sy gehoor was egter nog nie gereed vir sy boodskap nie. Die volgende hoofstuk wat handel oor sensuur na 1974 plaas hoofstuk 2 se inligting binne 'n breër konteks.

# SENSUUR Ná 1974

### 3.1 INLEIDEND

Naas Breytenbach is Brink die mees aangehaalde skrywer en sekerlik een van die produktiefste skrywers in die land. Brink verteenwoordig in sy ná-Sharpeville-gedaante 'n ongeveer unieke verskynsel op letterkundige front - 'n Afrikaanse skrywer wat buitelandse gewildheidslere haal; wie se werk nie net hier nie, maar ook in die buiteland op tersiêre vlak bestudeer word; wat dit inderdaad reggekry het om Afrikaanse letterkunde in Suid-Afrika prominent op die voorblaaie van Afrikaanse én Engelse koerante te plaas. Selfs die radio en TV kon die Afrikaanse letterkunde en Brink nie meer ignoreer nie.

Brink het 'n diepgaande invloed gehad op die literêr-teoretiese opvattinge van die Afrikaanse literêre wêreld. Prof. J.H. Senekal sê by **Donker weerlig** se bekendstelling: "Daar is geen ander Afrikaanse skrywer wat in hierdie tydvak 'n groter invloed op die literatuur uitgeoefen het en die ontwikkeling daarvan meer gerig het as André P Brink nie" (Slabber, **Rapport**, 20/11/1988: 30).

Persone wat hom persoonlik ontmoet het, het Brink dikwels lof toegeswaai: "As jy hom as mens ontmoet, is hy 'n absolute heer. Hy is ook een van die mees intellektuele mense wat ek nog in my lewe ontmoet het. Baie mense dink Brink is 'n harde mens. In werklikheid is hy sag en 'n wonderlike mens", sê Bedelia Basson as regisseur van die TV-program **Collage** nadat sy 'n program oor Brink gemaak het (Roos, **Beeld**, 20/11/1990: 1). Ook Charles Malan (1986: 12) laat hom uit oor die mens Brink: "Selfs wanneer Brink met die mees akademiese betoog besig is, openbaar hy 'n toeganklikheid, onderhoudendheid en elegansie wat niks aan diepgang inboet nie... In sy opstelle, wat meestal referate was, is hy egter die bedaarde, ewewigtige redenaar wat hom by uitsondering bitsige aanvalle veroorloof." As dosent in Afrikaans by Rhodes Universiteit, was Brink volgens Jaap Boekkooi (**The Daily News**, 4/2/1974: 10) baie gewild by sy studente. "No male writer has such a

following like him." Coenie Slabber (1995: 14) brei hierop uit as hy praat van Brink se "verstommende werkvermoë, sy dissipline, stiptelikheid en sy betroubaarheid" op professionele vlak en dat hy by vriende bekend is vir sy bedagsaamheid en deernis teenoor selfs die "eenvoudigstes".

### 3.2 INTERAKSIE TUSSEN DIE GILDE EN ANDER SISTEME GEDURENDE DIE TYDPERK 1975 TOT 1980

Die nasionale histerie wat die verbod op **Kennis van die aand** ontketen het (vgl. hfst. 2) en die ongewilde sensuurbedeling wat onder min. Connie Mulder se hand gedy het, vorm die rede en agtergrond vir die Afrikaanse Skrywersgilde se ontstaan. Hiervolgens is die Gilde se strewe (volgens die grondwet) om die belange van Suid-Afrikaanse skrywers en hul werke te beskerm. In hierdie strewe stel die Gilde hom ten doel om "enige vorm van sensuur" te beveg. Dit beteken egter nie dat die Gilde groter permissiwiteit bepleit nie - net 'n wyer keuse en meer selfstandigheid vir die volwasse leser.

Vanaf sy ontstaan beywer die Gilde hom vir 'n regverdiger vorm van sensuur. Die Gilde kom vroeg reeds met die voorstel dat daar 'n letterkundige verwysingsraad op die been gebring moet word sodat daar ag op die letterkundige meriete van 'n werk geslaan kan word. Die Gilde voel daar moet voorsiening gemaak word vir die waarskynlike leser. In die proses stel die Gilde 'n klassifiseringstelsel voor waar sekere boeke net vir volwassenes bedoel is (Malan & Smit, 1985: 11).

Nog voor die 1974-sensuurwetgewing van krag geword het en voor **Kennis** verbied is, tree Brink reeds in gesprek met die Minister en skryf hy artikels waarin hy waarsku teen sensuur en die klimaat van vrees wat daaruit kan voortvloei (Kannemeyer, 1983: 233).

Brink was ten opsigte van die kontroversiële vermenging van politiek en sensuur een van die mees uitgesproke skrywers. Hy verwys dikwels na die intimidasie en vrees wat skrywers, wit en swart, soms ondervind het as gevolg van die inmenging deur die owerhede. In reaksie op Verwoerd se eertydse vingerwysing na Van Wyk Louw:

"Wat is 'n volk? What is required of a writer, said the Prime Minister, is not a question but an affirmation" (Brink, 1983a: 234), sê Brink: "...it became symbolic of what the authorities tried to do with their writers" (*Sunday Times*, 7/9/1975: 11). In dieselfde trant as Verwoerd kondig Connie Mulder na die instel van die sensuurwetgewing aan: "Ons sal die wet wysig en weer wysig tot ons volle beheer het" (Rabie, 1978), en 'n LPR van die OVS, mnr. Nel, noem volgens Rabie skrywers soos Brink, Bartho Smit, Jan Rabie en John Miles in die Provinsiale Raad 'n "gespuis" (Rabie, 1978).

Oor die vermenging van politiek en sensuur het Brink van tyd tot tyd verskillende uitsprake gemaak. Sy voorstelle in hierdie verband spreek van gevoelens wat gewissel het van verontwaardiging tot diepe moedeloosheid. Op die 1975-Gildeberaad sê hy dat die Afrikaanse skrywers hulle duidelik en sterk teen sensuur moet uitlaat. Hy stel selfs voor dat skrywers soveel moontlik van hul boeke verbied moet probeer kry. Die volgende jaar voel Brink weer sensuur moet bloot geïgnoreer word (**Rapport**, 1/2/1976: 12).

Al het Brink sensuur streng veroordeel, het hy tog soms pogings aangewend om met sensuur saam te leef of om dit te laat verslap. Omdat hy sensuur as 'n politieke daad beskou het, het hy dikwels gesê dit moet beveg en afgeskaf word.

Op grond van die verbod op John Miles se roman **Donderdag of Woensdag**, stel Brink dit duidelik dat skrywers hul eie verspreidingsmetodes sal moet vind. Sensuur is nou een maal in die land en hy voel die onus rus op die skrywers om die beste van 'n slegte saak te maak (**Die Volksblad**, 17/30/1978: 1). Brink stel dit in daardie jare dat die owerheid normale kanale vir skrywers sluit. Hierdie houding van die owerhede het veroorsaak dat die kloof tussen owerheid en skrywer groter geword het sodat 'n vertrouenskrisis tussen die betrokke partye ontstaan het. Brink beskryf die reaksie van die skrywer op sensuur as *samisjdat*, *tamisjdat* en *lamisjdat*. Samisjdat impliseer 'n Russiese metode om manuskripte nie-amptelik ondergronds te versprei deur dit te fotokopieer ensovoorts, met die doel om te keer dat skrywers die swye opgelê word. In hierdie opsig gee Brink krediet aan die werk wat die uitgewery Taurus reeds gedoen het. Tamisjdat verwys na literatuur wat in die buiteland

gepubliseer word en dan teruggesmokkel word. Sekere Russiese skrywers het hul werk in die buiteland gepubliseer omdat die Sowjet-regering dit as ongewens beskou het op grond van ideologiese opvattinge. In Suid-Afrika beteken dit dat die Afrikaanse skrywer in Engels skryf. Lamisjdat beteken op sy eenvoudigste, aldus Brink, "Hou Lammie besig". Brink verwys hier na regter J.H. (Lammie) Snyman wat die eerste voorsitter van die Appèlraad was. Hierdie voorstel van Brink kom daarop neer dat die skrywer die waarheid moet oordra en in die proses by die owerhede verby moet probeer kom (Brink, 1985b: 65-67).

In hierdie Gildeberaadlesing wat oor *samisjdat*, *tamisjdat* en *lamisjdat* handel, wys Brink telkens op die konflik wat daar in Suid-Afrika tussen sensuur en die verspreiding van die "waarheid" heers. Die realiteit is eenvoudig: as jou vel wit is, is dit veel makliker om jou werk aanvaar te kry. Terwyl Afrikaans en sy letterkunde nog in hul kinderskoene gestaan het, is dit al vir politieke doeleindes ingespan. Toe het skrywers en Afrikanerleiers egter aan dieselfde kant geveg. Daarom praat F.I.J. van Rensburg van die leiers en digters van daardie jare as mense wat "saam in die loopgrawe was" (*Die Volksblad*, 22/11/1977: 6). Nogtans het die opvatting in die jare daarna begin posvat dat letterkunde sy hande liefs van politiek moet afhou. Hierdie houding volg nadat die skrywers volhou om die regering van die dag te kritiseer, selfs ná die Afrikaner aan bewind gekom het.

Omdat *Kennis* die eerste Afrikaanse roman was om binne die 1963-wetgewing verbied te word en hierdie gebeurtenis aan die ontstaan van die Gilde gekoppel word, is dit glad nie vreemd dat die eerste Gildeberaad sensuur as tema gehad nie. Soos verwag kan word, het Brink op hierdie beraad die groot woord oor sensuur gevoer. Die 1975-beraad het oor die plek van die Afrikaanse skrywer in Suid-Afrika gehandel.

Op die 1975-beraad kondig Brink aan dat daar appèl teen die verbod op Breyten Breytenbach se *Skryf* aangekondig sal word. Hy wys daarop dat indien die wet konsekwent toegepas word, alle groot werke in die ban gedoen sal word. 'n Klousule (wat Anna M. Louw voor 'n moeilike keuse te staan gebring het) word op hierdie eerste Gildeberaad aanvaar. Die klousule lui:

*Die Gilde spreek sy afkeer uit van staatsensuur oor letterkunde soos geformuleer in die Wet op Publikasies van 1974 en sal alles in sy vermoë doen om die nadelige uitwerking daarvan teen te gaan. Geen persoon wat hom verbind aan 'n staatsliggaam wat beheer wil uitoefen oor letterkunde sal derhalwe kwalifiseer vir lidmaatskap van die Gilde nie. (Malan & Smit, 1985: 8)*

Oor die keuse waarvoor Anna M. Louw gestel is om óf lid van die Gilde, óf lid van die Publikasieraad te wees, voel Brink dat sy die Gilde beter kan dien as sy nie in 'n komitee van die Publikasieraad dien nie - die Publikasieraad synde 'n staatsliggaam wat beheer oor letterkunde uitoefen. Louw het die Publikasieraad gekies, maar in latere jare weer bedank. Sy het pront verklaar: "sensuur deug nie" (Botha, *Die Transvaler*, 14/8/1982: 6). In 1979 het sy saam met ander afgevaardigdes samesprekinge met min. Schlebusch gevoer wat tot 'n billiker sensuurbedeling gelei het (Malan & Smit, 1985: 9). In 1986 teken sy op haar beurt kapsie aan teen die besluit van die Gilde dat proff. L.S. (Louis) Venter en P.H. (Piet) Roodt as lede van die Gilde mag aanbly terwyl hulle op die Appèlraad op Publikasies se Deskundige Komitee dien (Slabber, *Rapport*, 13/7/1986: 2). Die appèl na die howe word in 1979 vervang deur 'n Appèlraad. Die voorsitter van die Appèlraad word deur die Staatspresident aangestel. Besware vanuit 'n juridiese oogpunt is dat 'n komitee nou ook die besit van 'n publikasie kan verbied en dat die Minister enigiemand die magtiging kan gee om 'n perseel te betree om op boeke beslag te lê. Die Minister kry hiervolgens heelwat arbitrêre mag (Kannemeyer, 1983: 234-235).

In die laat sewentigerjare blyk dit dat daar geen skuiwergate in die Wet op Publikasies bestaan nie. Die wet stel dit baie duidelik dat 'n verbode boek nie versprei mag word nie - selfs al word 'n geheime drukpers gebruik. Die Publikasieraad kan in 'n mate omseil word deur die werk of dele van die werk in 'n koerant te publiseer. Koerante kan egter wel by die Persunie aangekla word al is hulle uitgesluit van die sensuurwetgewing.

Na afloop van die eerste beraad was die skrywers gereed om tot die sensuurstryd toe te tree. 'n Stewige band is tussen hulle gesmee met 'n gemeenskaplike doel - om sensuur hand en tand te beveg. Dot Serfontein (*Oggendblad*, 26/3/1976: 5) se vrees

jeens sensuur - nie sensuur van die staat se kant nie, maar wel vanuit die geleedere van "oningelige predikante" en "tant Sannies" wys reeds op die vervreemding tussen die literêre en die religieuse sisteem.

Die verbod op Welma Odendaal se **Keerkring** en Leroux se **Magersfontein** in 1977 het die aanval op die Publikasieraad vanuit Gildegeleedere verskerp. Bartho Smit sê as voorsitter van die Gilde dat hulle ontsteld voel as die beste Afrikaanse werke deur sensuur bedreig word. Die Gilde wil egter nie die stempel dra dat hulle emosioneel en oorhaastig optree nie (Goosen, **Hoofstad**, 4/10/1977: 10). Hulle wik en weeg tussen verskillende optredes:

- 1) om 'n beroep te doen op almal wat die belange van die Afrikaanse letterkunde op die hart dra om deel te hê aan 'n protesskrif (**Beeld**, 9/9/1977: 1);
- 2) om die Publikasieraad te ignoreer in die sin dat appèl en protes nie meer aangeteken sal word nie; en
- 3) om 'n fonds te stig wat uitgewers teen verliese sal beskerm.

Laasgenoemde opsie is gekies: die Gilde het besluit om 'n fonds te stig as 'n soort teenvoeter vir die sensuurbedeling (**Die Burger**, 24/11/1977: 3). Teen Desember 1977 kondig 'n opskrif in **Rapport** dan ook aan: "Skrwersgilde publiseer self" (4/12/1977: 11). Werke van letterkundige gehalte was van toe af in die pos beskikbaar. Die vryblaaie van die Gilde is uitgegee sonder enige winsbejag.

Na die **Magersfontein**-voorval en ander insidente, soos die beslag wat byvoorbeeld gelê is op werke van Andries Oliphant ('n toenmalige student aan die Universiteit van Wes-Kaapland) gedurende 'n nagtelike besoek, distansieer die Gilde hom met die ingang van 1978 heeltemal van sensuur (**Rapport**, 21/8/1977: 5). Die patroon van nouer samewerking tussen die Veiligheidspolisie en die Publikasieraad word deur die Gilde afgekeur.

Op die 1978-Gildeberaad is sensuur weer groot oor die agenda geskryf. Brink voel in daardie stadium dat dit die suksesvolste beraad ooit was omdat die komplekse verhouding tussen volk, owerheid en skrywer al meer gedefinieerd begin raak het (**Oggendblad**, 20/3/1978: 1). Die Gildeberaad van 1978 is voorafgegaan deur samesprekinge met min. Schlebusch. Die bal is aan die rol gesit met min. Ben Schoeman se verklaring dat hy jammer is dat hy sensuur nie teengestaan het toe hy dit kon doen nie. Net hierna volg 'n aankondiging in 1978 deur die nuwe Minister van Binnelandse Sake, mnr. Alwyn Schlebusch, dat hy bereid is om vertoë aangaande die wysiging van die Wet op Publikasies te ontvang. Hierdie aankondiging kom twee jaar ná die Gilde hulle voorstelle vir min. Connie Mulder deurgegee het (**Die Vaderland**, 19/1/1978: 13). Hierdie oproep van Schlebusch vind plaas in 'n tyd waarin sensuur besonder omstrede was. Min. Schlebusch het 'n komitee van deskundiges aangestel om die Appèlraad op Publikasies van letterkundige advies te bedien. Die Gilde het hulle uitgespreek teen so 'n komitee, omdat dit teen hul grein ingaan om met 'n bedeling wat die letterkunde ondermyn, saam te gaan (**Rapport**, 12/11/1978: 21).

Die entoesiasme oor die samesprekinge met Schlebusch het onder Gildelede nie vreeslik hoog geloop nie. Aan die een kant het hulle gevoel dat die samesprekinge onder verwarrende omstandighede plaasgevind het en aan die ander kant het Lindenberg dit sonder enige sukses gestel dat skrywers aggressief en moedswillig optree omdat hulle reeds so dikwels met min. Connie Mulder onderhandel het en dat hulle al moeg baklei is. Brink self het Schlebusch se oop deur as 'n illusie beskou (**Die Volksblad**, 18/6/1979: 3). Bartho Smit voel egter in 'n agternaperspektief dat die samesprekinge wel vrugte afgewerp het (Malan & Smit, 1985: 11).

Op die 1978-Gildeberaad het Brink dit veral teen sekere politici se houding en uitsprake oor sensuur, skrywers en andersdenkendes. Hy spreek hom soos volg uit oor die verskille in die beskouing van wat "obseen" is:

*Obseniteit hoef nie noodwendig te doene te hê met 'n paar drie- of vierletter-woorde nie, ek sou ter oorweging heelparty ander dinge kan opper: obseniteit is Jimmy Kruger wat sê: "Dit laat my koud." Obseniteit is Connie*



*Mulder wat praat van "plurale betrekkinge". Obseniteit is prof. Chris Barnard wat 'n onderhoud met Breyten in die tronk reël. Obseniteit is Marais Steyn wat belooft dat plakkershuisies met deernis gesloop sal word. Obseniteit is Lammie Snyman wat sê dat sy Raad namens my sal besluit wat ek mag lees en waarvan ek sal hou.*

Willem de Klerk het op die 1978-beraad oor sensuur gepraat. Die heersende vraag betreffende sensuur in daardie stadium was of 'n boek op grond van die skadelike invloed wat dit kan hê op mense vir wie die boek nie bedoel is nie, verbied kan word.

De Klerk het 'n gevoel, wat baie skrywers deel, raakgevat in sy veroordeling van Aksie Morele Standaarde. Hy verwys na die uittreksel van **Magersfontein** wat hulle gemaak en versprei het as 'n skending van kopiereg. Aksie Morele Standaarde het die sensuurwetgewing met oordrewe entoesiasme ondersteun. So het hulle in 1975 byvoorbeeld eksemplare van **Scope**, **Keur** en **Landbouweekblad** verbrand om hul punt te staaf (**The Star**, 10/9/1977: 2).

Gedurende 1979 bedank prof. Louis Eksteen uit die Komitee van Deskundiges van die Appèlraad op Publikasies omdat hy voel daar word nie veel ag op hulle mening geslaan nie en weens die onsimpatieke uitlatinge teenoor die Afrikaanse letterkunde in die openbaar deur regter Lammie Snyman. Een van laasgenoemde se stellings impliseer byvoorbeeld dat min van die skrywers iets oplewer wat die moeite werd is (Van Rooyen, **Beeld**, 11/9/1979: 1).

Brink verwelkom prof. Eksteen se bedanking en beskou dit as 'n verbrokkeling van die sensuurstelsel soos Connie Mulder dit ontwerp het (**Die Transvaler**, 12/10/1979: 3). Brink is wel ten gunste daarvan dat films gegradeer moet word. Hy stel kontrole voor in plaas van sensuur. Hy wys op die nadele wat geweld op die jong kind het, maar hy voel die volwassene moet self keuses kan uitoefen oor wat hy/sy wil kyk en lees (**Pretoria News**, 13/8/1983: 3).

Gedurende 1979 gaan die Gilde voort om die wêreld vir die skrywer makliker te maak deur vryblaaie uit te gee waarin politieke en ander aangeleenthede aangespreek kan

word. Dan Roodt is die redakteur van hierdie publikasie. Terwyl **Die Volksblad** (18/6/1979: 3) dit as 'n ondergrondse publikasie voorhou, voer **Die Transvaler** (Clear, 13/8/1979: 9) aan dat dr. Ampie Coetzee van die Gilde dit nie as 'n ondergrondse publikasie beskou nie.

Die Gilde bemoei hulle gedurende die sewentigerjare ook met sekondêre oorsake van sensuur, byvoorbeeld die voorskryf en verspreiding van boeke, biblioteke ensovoorts. Sake in hierdie verband wat publisiteit in die pers geniet, is die verlies van bykans tweeduisend rand wat die Transvaalse Provinsiale Administrasie gedurende die 1978-1979-boekjaar gely het weens verbode boeke. Sowat 260 eksemplare moes van biblioteekrakke onttrek word (**Die Transvaler**, 20/2/1980: 2).

Saam met die aankondiging van min. Schlebusch dat Van Rooyen die nuwe voorsitter van die Appèlraad is, is drie ander nuwe aanstellings in die Appèlraad aangekondig, van wie twee bekende letterkundiges was: Rena Pretorius en N.J.G. Sabbagha, albei van die Universiteit van Pretoria, wat die letterkundige geleedere van die raad aansienlik versterk het (**Die Vaderland**, 2/4/1980: 1). In 1990 skryf **Beeld** (7/4/1990) in 'n terugblik op Van Rooyen se termyn dat hy heelwat hervorming ten opsigte van die sensuurbeleid bewerkstellig het. Waar Suid-Afrika eens die bespotting van die wêreld was oor sy sensuurbeleid, het daar 'n groter verdraagsaamheid uit 'n publikasie-oogpunt gekom. Hiervan getuig die verskuiwing in regter Lammie Snyman se uitsprake.

Regter Lammie Snyman, eertydse hoof van Appèl, is in 1977 in **Beeld** aangehaal:

*Elke Afrikaner kan nie elke boek wat verskyn gaan koop en lees om te besluit of hy daarvan hou of nie. Nou is daar 'n liggaam wat dit namens hom doen. Ons sal vir hom sê of hy van die boek hou of nie. (Beeld, 23/11/1977: 3)*

Drie jaar later, ná sy aftrede, het regter Snyman egter volgens **The Star** (Mortimer 8/4/1980: 3) erken dat:

\* die sensuurstelsel nie werk nie;

- \* sy 5-jaartermyn 'n mislukking was;
- \* Afrikaanse skrywers rede het om te glo dat daar teen hulle gediskrimineer word;
- \* daar geen konsekwentheid in uitsprake van die sensuurraad is nie; en
- \* die verskillende interpretasies van die sensors 'n "Babelse verwarring" tot gevolg gehad het.

Volgens die berig bestempel hy die swart skrywers egter as "inarticulate people" wat niks met hierdie saak, naamlik sensuur, te doen het nie en daarom, sover dit sodanige sake aangaan, liefse geignoreer sal word. Hy erken: "Of blacks I have no knowledge at all."

In 1980 definieer die Hooggeregshof se appèlafdeling 'n sensuurkomitee egter nog as:

*An extra-judicial body, operating in an administrative capacity, whose members need have no legal training, before whom the appellant has no right of audience, who in their deliberations are not required to have regard to the rules of justice designed to have a fair trial, whose proceedings are not conducted in public and who are not required to afford any reasons for their decision.* (Grobler, **Hoofstad**, 24/5/1980: 4)

Volgens hierdie uitspraak van die hof het die skrywer in 1980 bitter min regte. Prikkellektuur in die vorm van sagtebandboeke staan nogtans kafees se rakke vol vir enigeen om te koop, terwyl verskeie letterkundige werke vanaf die middel sewentigerjare deur die wet verbied word. Gedurende die tyd toe **Kennis** verbode leesstof was, skryf T.T. Cloete oor hierdie dubbelstandaarde in **Die Kerkbode** (12/9/1979). Hy het dit veral oor die "tonnemaat ongewenste lektuur, in ons eie en verskeie ander tale, teen 'n paar sent bekombaar vanaf Hillbrow tot in die kleinste plattelandse kafeetjie op die kleinste en afgesonderdste plattelandse dorpie" wat sy gang gaan. Harvey Tyson roep in **Editors under fire** (1993: 269) 'n gedeelte wat hy in 1980 in hierdie verband geskryf het op:

*Some books are cleared for publishing; reviewed; and then banned. Some are banned outright for reasons you cannot fathom. Some books, paperbacks usually, come in for review and are so cheap and disgusting you throw them out automatically. You assume they are banned - but sometimes they are not.*

'n Saak wat allerweë hoofbrekens besorg het, was die kwessie van die maatstaf wat gebruik moet word by die beoordeling van 'n teks. So is daar rondgeval tussen die gemiddelde leser (wat soms as 'n engelagtige wese voorgehou is) as toetssteen of uitgangspunt en die verdeling van lesers in groepe. Aan die een kant beskou die owerhede die gemiddelde leser as 'n weerlose slagoffer van die skrywer terwyl die skrywer, aan die ander kant, dit as sy/haar plig beskou om die volwasse leser bewus te maak van die gebroke werklikheid waarin hy/sy hom/haar bevind (*Tempo*, 10/11/1978: 7). Die hele ongemaklike situasie rondom sensuur in die sewentigerjare kon moontlik vermy gewees het as literêre verdienste en die waarskynlike leser in die wetgewing betrek is.

Die Gilde het van die begin af die standpunt gehuldig dat 'n norm vir die gemiddelde leser ook gemiddelde literatuur beteken - literatuur wat konformeer en in onvermoë verkeer om die gemeenskap se gewete aan te spreek. Vir Brink (1985b: 54) beteken dit dat die strewe nie meer na die beste is nie, maar na die "gemiddelste", "ordinêrste", "gewoonste", die "mins aanstootlike", die "onskadelike"; waar die behoud van die Staat belangriker is as die verspreiding van die waarheid. Vir skrywers beteken dit in die praktyk dat gevoelens van diegene wat die boek nooit sal lees nie, deurslaggewend is by die bepaling van die gewenste of ongewenste van 'n werk. Daarom beywer die Gildelede hulle vir die waarskynlike leser as norm. Hulle beskou dit naamlik as 'n meer betroubare norm as die gemiddelde norm wat vir groot verwarring verantwoordelik was.

Kyk 'n mens na enkele interpretasies in daardie jare van die norm van die sogenaamde gemiddelde leser, lyk die prentjie só: Skrywer Chris Barnard sien hierdie mens as 'n geheel en al onbetroubare hipotetiese verskynsel. In die VSA is dit volgens hom reeds deeglik in 'n eksperiment bewys. Daarvolgens is die gemiddelde Amerikaner 'n huisvrou met beperkte letterkundige kennis. In 'n toets waar ongewenste literatuur

uitgewys moes word, is 'n teks uit die Bybel as immoreel bestempel (Naude, **Daily Dispatch**, 3/1/1978: 6). In die meeste gevalle het hierdie mense nog nooit eers van Etienne Leroux gehoor nie. Braam Coetzee, Direkteur van Publikasies, sien die gemiddelde kyker van televisie as iemand met 'n standaard sewe-opvoeding (Albrecht, **Die Vaderland**, 27/10/1980: 5).

### 3.3 DIE MAGERSFONTEIN-SAAK BRING UITSLUITSELOOR LITERÊRE NORME

Die **Magersfontein**-saak bring uiteindelik onderskeid tussen die gemiddelde en die waarskynlike leser. Uit die kritiek op die sensuurstelsel wat in 1977 'n hoogtepunt bereik, volg bepaalde riglyne sodat die totale gemeenskap plek moes maak vir die waarskynlike leser (Le Roux, **Die Burger** 2/2/1989: 4). Hiervoor het Brink, die Gildelede en die pers - veral met die **Magersfontein**-saak - hulle beywer. Die pers het die verbod op **Magersfontein** as 'n "oordeelsfout" beskou (Cluver en Botha, **Die Transvaler**, 25/3/1980: 2). Alhoewel die Publikasieraad dié werk nie ongewens bevind in 1977 nie, vra min. Connie Mulder dat hierdie beslissing heroorweeg moet word deur die Appèlraad. Twee jaar later het die uitgewer die Publikasieraad weer eens versoek om die boek te heroorweeg, maar die werk is ingevolge Artikel 47(2)(b) ongewens bevind. Teen hierdie verbod is daar opnuut appèl aangeteken en op 12 Maart 1980 is **Magersfontein** as aanvaarbaar verklaar (Van Coller, 1990b: 88-89).

Jan Rabie (in Februarie 1978, André P. Brinkversameling UOVS) som Snyman en andere se uitsprake in 1977 oor **Magersfontein** op: "Maak nie saak of 'n boek goeie letterkunde is nie, solank dit die gemiddelde leser (vermoedelik 'n soort bang dogtertjie van elf jaar) aanstoot kan gee, of solank dit die veiligheid van die staat kan benadeel, dan verbied ons dié boek."

In die stryd om **Magersfontein** onthef te kry, het Brink die verbod beskryf as "literêre geregtelike moord" (**Die Volksblad**, 22/11/1977: 6).

Die ontheffing van **Magersfontein** volg na twee nuwe beslissings wat deur die Hooggeregshof gemaak is, naamlik dat die waarskynlike leser nou die maatstaf is en

dat die gebruik van die naam van die Here nie as godslasterlik beskou word nie. Baie swart skrywers se werk bly egter nog verbode (**Oggendblad**, 25/3/1980: 10).

Die hofbevindinge oor **Magersfontein** het die weg gebaan tot veranderinge in die **Wet op Publikasies**. Die instel van 'n komitee van letterkundige deskundiges ná die **Magersfontein**-saak, het daartoe bygedra dat letterkundige werke meer na waarde geskat is. Die Appèlraad se beslissing mag nie meer op wanindrukke van die onwaarskynlike leser gebaseer word nie. Die instel van 'n komitee van deskundiges vind plaas terwyl Kobus van Rooyen as waarnemende voorsitter van die Publikasieraad optree ná Human en Rousseau se geskiedkundige aanvraag van 'n hersiening van die Appèlraad se uitspraak in die Hooggeregshof. Hier word beslis dat die Appèlraad fouteer het deur nie die waarskynlike leser in aanmerking te neem nie (Galloway, 1982: 221).

Met die invoer van 'n ouderdomsperk, soos Brink en die Gilde dit jare tevore reeds aanbeveel het, kry publikasiebeheer in die vroeë tagtigerjare 'n nuwe dimensie. Die jong en meer buigsame Kobus van Rooyen, professor in Strafrecht aan die Universiteit van Pretoria en Voorsitter van die Appèlraad op Publikasies, probeer om die sensuurstelsel meer soepel te maak. Onder prof. Van Rooyen word die maatstaf van die gemiddelde leser deur die waarskynlike leser vervang. Hy lê sekere riglyne neer wat daarop neerkom dat die sensor objektief in sy beoordeling moet wees en nie 'n bepaalde belang moet beskerm nie, en ook nie as 'n vervolger in die belang van sedes, godsdienst of staatsveiligheid beskou moet word nie. Die sensor se funksie is hiervolgens dus nie evangeliserend, opvoedend, keurend of prysend van aard nie, maar die sensor tree as arbiter tussen die belange van vryheid van spraak, godsdienstvryheid, kuns, tegniek, wetenskap, letterkunde en die belang van die waarskynlike leser op. Hierdie nuwe interpretasie van die sensor se funksie impliseer 'n groter mate van verligtheid ten opsigte van sake soos politiek, morele en godsdienstige aspekte (**Rapport**, 15/8/1982: 15). Brink prys Van Rooyen se diplomatie en bedagsaamheid teenoor almal wat deur sensuur geraak word aan, maar hy wys desnieteenstaande daarop dat die owerheid op die ou end nog die laaste sê het (**The Star**, 4/12/1978: 17). De Lange (1993: 24) wys daarop dat Van Rooyen se siening ten opsigte van die interpretasie van die sensuurwet teen die laat

sewentigerjare nog sterk Afrikanersentries was. Sy kritiseer sy woordkeuses soos "shameless" in sy bespreking van sensuur- en waardestelsels wat vir haar neerkom op Afrikaner Calvinisme (1993: 27).

'n Mens kan hierdie ontwikkeling in die literêre sisteem in 1980 nie los sien van die sosio-politieke situasie van die laat sewentigerjare nie. Hierdie veranderde situasie gaan hand aan hand met min. P.W. Botha se oorname in 1978 as Staatspresident waarna daar 'n groter aanvaarding van die plurale werklikhede van Suid-Afrika gevolg het. Die Afrikanerhegemonie het al meer krake begin toon. Die bewuswording by blankes van die swart en bruin gemeenskap se omstandighede en die diskriminerende aard van die bestel sluit in die tagtigerjare al hoe meer Afrikaners in. Die PFP is nie meer net 'n party van Engelssprekendes nie. Die Nasionale Party se monopolie op die Afrikaner se denke het begin kwyn - 'n feit wat realiseer in die opkoms van die DP en die hervormingsbeleid van die NP wat onder leiding van F.W. de Klerk mettertyd sterker sou aansluit by die DP se denkgting.

Sake soos apartheid en die Noodtoestand is aspekte wat Brink voel hy in die tagtigerjare steeds moet beveg. Brink se Ope Brief aan die Staatpresident, mnr. P.W. Botha, in die tagtigerjare is bedoel as 'n "breë versetsfront teen die noodtoestand" (*Die Burger*, 5/1/1988: 7). Sy ANC-verklarings en -betrokkenheid nie lank daarna nie, het opslae gemaak. Sy mening was dat die letterkunde deel moet wees van die stryd en dat dit aktief moet wees in die blootlê van die waarheid (vgl. hfst. 4, 4.3). Brink laat in 'n land van apartheid sy keuse op solidariteit met liberale waardes val. Hy huiwer nie om in die proses kritiek teen die blanke bestel uit te spreek nie. Ook sy romans is 'n duidelike aanklag teen die apartheidsbeleid (*Die Afrikaner*, 28/5/1976: 2).

### 3.4 DIE VERBOD OP KENNIS WORD OPGEHEF

In 1981 het Human en Rousseau na die suksesvolle appèl teen die hernude verbod op **Magersfontein, o Magersfontein!** deur Etienne Leroux besluit om Kennis aan die Appèlraad voor te lê. Adv. Anton Mostert en adv. Leon Kuschke het namens die

uitgewers opgetree. Die verhoor het op 8 en 9 Februarie 1982 plaasgevind. Op 16 April is die uitslag gegee dat **Kennis** nie meer ongewens is nie.

Die verbod op **Kennis van die aand** word dus eers in 1982, agt jaar na die instel daarvan, opgehef. Die maatstaf wat **Kennis** in 1982 uiteindelik ten goede gekom het, is dié van die waarskynlike leser as 'n leser wat in staat is om die werk te verstaan en te verwerk. Dat die maatstaf van die waarskynlike leser eers in die tagtigerjare in werking getree het, spreek van kortsigtigheid wat groepe en individue onnodig in opponerende posisies geplaas het. In 1973 reeds sê Brink in 'n brief aan **Die Burger** (14/5/1973: 10) dat 'n werk se estetiese waarde in aanmerking geneem moet word; die werk in sy geheel beoordeel moet word; die sensuurraad oor die regte agtergrond moet beskik; die beheerraad nie te lank behoort te dien nie ten einde burokratiese magsopstapeling te voorkom; en dat besluite in die openbaar gemotiveer sal moet word. D.J. Opperman kritiseer J.J. Kruger se kriterium vir letterkundige werke: "In sy boek **Beelde en Stemme** kom sy standpunt duidelik tot uiting. Die kind is sy kriterium: of 'n mens 'n kunswerk aan jou kind sal wys of nie. Kan 'n volk ooit grootword of ooit volwasse word as die kind sy kriterium is" (**Die Burger**, 29/1/1974: 1)? J.C. Steyn vat die gedagte en stryd rondom teikengroepe en waarskynlike lesers saam:

*Vir iemand wat swak lees, kan die goeie boek net so gevaarlik wees as 'n bottel goeie brandewyn vir 'n swak drinker. Die gedagte wat al meermale geopper is dat sommige boeke nie geleen of verkoop behoort te word aan bepaalde kategorieë lesers of kopers (byvoorbeeld onvolwassenes) nie, maar wel aan ander, soos volwassenes, verdien heelwat meer oorweging as wat dit tot dusver gehad het. (Steyn, 1980: 401)*

Hierdie rondvally om maatstawwe was maar een rede waarom daar agt jaar verstryk het voordat die Publikasieraad dieselfde boek onder dieselfde wet nié ongewens bevind nie.

Die toepassing van die wet het ook verander in hierdie tydperk, wat op die volgende vroeëre teenstrydighede wys:



- \* Die moontlike invloed van **Kennis** op kinders - wat glad nie die teikengroep van **Kennis** is nie - is genoem as 'n rede vir die verbod op **Kennis**.
- \* Dele van die boek is in isolasie beoordeel en derhalwe uit verband geruk.
- \* Die boek word as 'n alledaagse dokument en nie as kunswerk nie gehanteer.

Die beginsel van 'n ouderdomsperk is eers in 1981 bekragtig. Die Gilde en Brink het hulle 'n paar jaar tevore al beywer hiervoor, maar min. Connie Mulder, toe Minister van Binnelandse Sake, wou nie hieraan gehoor gee nie (Oberholzer, **Hoofstad**, 16/4/1982: 3).

Die instel van 'n ouderdomsperk op boeke beteken dat mense wat die werk werklik kan waardeer, dit nou te lese kan kry. Saam met 'n ouderdomsperk op **Kennis**, kan die boek ook net in hardeband uitgegee word wat **Kennis** in 'n heel ander perspektief plaas. Die fisiese vorm van die boek, met ander woorde die artefak, skep 'n bepaalde indruk van die inhoud. Die hardeband skep die indruk van 'n estetiese objek, wat die verspreiding van die boek aan die waarskynlike teikengroep koppel.

Al hierdie nuwe verwickelinge laat ruimte vir nuwe sienings soos dat 1) letterkunde 'n uitgelese/gesofistikeerde/ingeligte, relatief klein teikengroep het; 2) letterkunde sy ontstaan in 'n gebroke werklikheid het; 3) die boek in sy geheel beoordeel moet word; 4) die boek nie 'n morele bydrae hoef te maak nie, en 5) smaak verskil. Ook die samelewing het in hierdie agt jaar 'n verandering in sekere persepsies ondergaan wat **Kennis** ten goede gekom het. Die gemeenskap en die Afrikaner toon byvoorbeeld groter begrip vir die bruinmens se probleme en omstandighede (Van Rooyen, 1983: 37). Binne die sensuurbedeling self het persone van poste verwissel wat nuwe perspektiewe ten opsigte van die bedeling gebring het. So het die Appèlraad onder voorsitterskap van J.C.W. van Rooyen in 1982 die vorige bevindings aangaande **Kennis** afgekam deur te bevind dat:

- \* die analogie tussen die sogenaamde lydensweg van die hoofkarakter en die lydensweg van Christus nie ongewens is nie;
- \* die boek nie godslasterlik is nie;
- \* die Afrikaner nie veragtelik uitgebeeld word nie; en
- \* die boek nie nadelig vir staatsveiligheid is nie.

Hierdie nuwe interpretasie van **Kennis** kom daarop neer dat alhoewel die boek baie mense ergerlik kan maak vanweë die negatiewe uitbeelding van die polisie en die Afrikaner, asook weens die seksuele beskrywings, dit in 1982 nie beteken dat dit 'n verdere verbod op hierdie boek regverdig nie.

Omdat die 1982-uitspraak volkome teenstrydig is met vorige bevindings, het Brink en baie ander nog lank hierna bespiegel oor wat alles intussen verander het - was dit moraliteit, godsdienstige sienings, ontwikkelinge op politieke front, die instel van televisie of kan dit moontlik die gevolg wees van woelinge op maatskaplike front? Hein Viljoen (1992: 548) gee 'n moontlike antwoord:

*Literêre verandering is nie 'n eenvoudige literêr-immanente ontwikkeling nie, ook nie sonder meer die resultaat van sosiale veranderinge nie, maar 'n komplekse proses waarin estetiese, ideologiese en sosiale faktore 'n rol speel en wat bowenal nie 'n reglynige of kontinue proses is nie, maar 'n proses wat gate en spronge maak.*

Geldenuys weer (1977: 13) skryf literêre verandering hoofsaaklik toe aan "afstomping", 'n verandering in welvoeglikheidsnorme.

Ná die opheffing van die verbod stel Brink (André P. Brinkversameling UOVS) sy mening oor die redes vir die verbod op **Kennis** in 'n skrywe aan **Rapport** gedateer 14 April 1982 só:

*Kennis is in 1974 as politieke speelbal gebruik; en nou weer in 1982. Maar afgesien van waarvoor dit gebruik word, demonstreer die huidige situasie*

*opnuut die algehele mislukking van die sensuurplan (veral in sy Mulder-gedaante) in Suid-Afrika:*

- a) *Sensuur word ingestel om die verspreiding van idees te bekamp: sedert die verbod op **Kennis**, en in hoër mate as gevolg daarvan, het die roman voortdurend, en selfs toenemend, klandestien bly sirkuleer - aangehelp deur infiltrasie van vertaalde eksemplare uit Engeland en Nederland; méér mense het hom tot dusver gelees, danksy die verbod, as wat dit vermoedelik anders sou gedoen het.*
- b) *Sensuur probeer die skrywer isoleer van sy medeskrywers: die toename van sensuur in Suid-Afrika het juis skrywers van alle tale en rasse meer eensgesind bymekaargebring as ooit tevore; die Afrikaanse Skrywersgilde was maar een van die blywende resultate daarvan.*
- c) *Sensuur probeer die skrywer isoleer van sy lesers: die stapels briewe van lesers van **Kennis** - ook bruin en swart lesers, spreek heelwat vir die teendeel.*
- d) *Sensuur is ingestel op geheimhouding: **Kennis** en sy opvolgers is reeds in sowat twintig tale vertaal en het al miljoene lesers bereik - telkens met die boodskap daarby dat "hierdie boek in die land van sy herkoms verbode is". Die verbod het 'n bepaalde bykomstige gewig verleen aan wat die boek self te sê het. Natuurlik wil 'n opheffing van die verbod dit nou probeer teëwerk. Maar daarvoor was agt jaar iets te lank; die owerheid het met die verbod sy "punt gemaak", en handhawing of opheffing daarvan is nou al lankal nie meer ter sake vir die buiteland nie. Baie lesers mag die boek oorspronklik gekoop het omrede die verbod: maar daarna het sy opvolgers nie meer nodig gehad om 'n hupstootjie uit die oord te kry nie: hulle het nou hul eie momentum.*
- e) *Sensuur is 'n saak van grote erns: dit gaan mos om staatsveiligheid, om beskerming van sedes en dies meer. Wat die verbod op **Kennis** en*

*tientalle ander werke vermag het, was net om die sensuurbestel en die owerheid meer en meer belaglik te maak. Suid-Afrika het nog selde soveel spontane vermaak geput uit openbare spektakels as uit die now-you-see-me-now-you-don't-inkonsekwensies van ons sensuurbestel. En die blote feit dat daar nou gepoog word om die foute "reg te stel", is net nuwe bewys van hoe sinneloos die hele bestel van meet af aan was.*

Brink praat oor hoe hy gevoel het oor die opheffing van die verbod:

*Ja: ek is "bly". Maar ek dink daaraan dat dit sowat dertienduisend rand gekos het om destyds die verbod in die hof te beveg. Ek dink aan 'n kampanje van intimidasie en vervolging deur die Veiligheidspolisie wat daar sy momentum gekry het. Ek dink aan beledigings wat ek en my familie moes verduur oor die verbod. Ek dink aan dreigemente om my hof toe te sleep toe ek by geleentheid 'n paar eksemplare van my eie boek van my oorsese uitgewer ontvang het.*

*Maar: ek dink ook aan nuwe en wonderlike vriende wat deur die verbod na my toe gekom het. Ek dink aan honderde briewe van lesers wat my bemoedig het. Aan 'n jong blanke student wat geskryf het: "Kenniss het my vir die eerste keer laat beseef dat Bruinmense ook mense is wat voel en dink soos ek." Aan 'n uitgeweke Bruinman wat onlangs geskryf het: "As ek Kenniss vyf jaar gelede gelees het in plaas van nou eers, dan het ek Suid-Afrika nooit verlaat nie." Ek dink aan uitgewers in talle ander lande wat my persoonlike vriende geword het. Ek dink aan 'n onderneming soos Taurus wat gefinansier is uit die geld bygedra deur tallose Suid-Afrikaners om sensuur te beveg, en wat voortgaan om te waarborg dat sensuur beveg en oorwin word.*

*Ek dink daaraan: hoeveel van die mense wat meegewerk het om my boek te verbied, of verheug was daaroor, nou al - fisiek of polities of andersins - dood is, terwyl die boek nog lewe.*

*Agt jaar lank was my boek by wyse van spreke in die tronk. Hy moes nooit daar gewees het nie. Maar nou is hy minstens vry. Van nou af sal dalk kan begin gebeur wat ek van die begin af gehoop het: dat hy gelees sal word vir wat hy is, en beoordeel sal word volgens wat hy is: 'n roman, nie 'n politieke manifes nie.*

*En ja, goed: ek is "bly".*

*En, ingeval iemand gerwyfel het: Ek sal aanhou om te skryf presies soos ek sou geskryf het as daar geen sensuur bestaan het nie. En ek sal aanhou om hulle hel te gee ook.*

### **3.5 DIE GILDE SE ROL IN DIE LITERÊRE SISTEEM NA DIE OPHIEFFING VAN DIE VERBOD OP KENNIS**

Vanaf 1983 word daar minder gepraat oor sensuur binne Gildegeledere omdat die meeste Afrikaanse boeke onthef is. Maar swart skrywers se name hou aan om in die pers te verskyn op grond van ongewenste publikasies. Dit wil dus voorkom of daar in daardie stadium steeds meer genade vir seksuele as vir politieke beskrywings betoon is. Op dieselfde wyse as wat die blanke skrywer die veertigerjare en die tydperk ná die Publikasiewet ervaar het, net so voel swart skrywers dat hulle weerhou word om die waarheid te skryf. Brink, wie se werke sprekend is van die normatiewe standpunt wat hy inneem en van die beklemminge binne die polities-maatskaplike bestel (vgl. hfst. 4, 4.8), het hom vanaf die sewentigerjare daarmee bemoei om van die swart skrywers se werke onthef te kry. Gedurende die tagtigerjare is die Noodtoestand uitgeroep en polisieoptrede word verskerp. Brink het kapsie aangeteken teen die talle sterfgevälle onder mense wat sonder verhoor aangehou word en die verdeling van kultuur in algemene en eie sake (besluite oor sake waarby net 'n bepaalde groep belange het). Taalregte het byvoorbeeld onder "eie sake" geressorteer. 'n Mosie van Brink wat oor die grondwetlike bedeling handel, word op die 1984-beraad eenparig aangeneem:

*Die Afrikaanse Skrywersgilde neem met misnoeë kennis van die manier waarop die nuwe Suid-Afrikaanse grondwetlike bedeling ook die kultuur betrek, by die skeiding tussen sogenaamde algemene en eie sake, en wy hom opnuut toe aan die taak om alle vorme van apartheid teen te werk in ons lojaliteit teenoor die universele menswaardigheid, wat 'n voorveronderstelling van menswaardigheid is. (Greyling, Die Vaderland, 2/4/1984: 17)*

Hierdie periode word gekenmerk deur die instel van die Driekamer Parlement en die referendum in 1983 waardeur die Kleurlinge en Indiërs in die parlement toegelaat word. Twee jaar later word ander rasse aan blanke universiteite toegelaat. Die Lusaka-samesprekings tussen skrywers en die ANC (vgl. hfst 4, 4.9), en die oopstelling van strande sorg vir hoofopskrifte in koerante. Die skeuring in Afrikanergeledere na die Nasionale Party se terugslag met die opkoms van die KP, en die toenemende rol wat vakbonde in die demokratisering van die land speel, kleur die politieke prentjie van hierdie dekade. Die politieke en morele embargo op die oop gesprek word duidelik ten tyde van die gesprek tussen Suid-Afrikaanse skrywers en literatore en verteenwoordigers van die African National Congress by die Victoriawaterval in 1989. Daar is gesprekke gevoer oor die Afrikaanse skrywer, die toekoms van die vroueskrywer in Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse literatuur. Dit was op hierdie beraad dat Breyten Breytenbach die aanwesige Suid-Afrikaners se betrokkenheid by die ANC bepleit het (*Die Volksblad*, 10/7/1989).

J.C. Steyn (1980: 229) som die tydgees van 1980 só op:

*In die nuwe tydgees van omstreeks 1980 kyk baie Afrikaners krities na wette, maatreëls en handeling van Afrikanerregerings sedert 1948. Baie voel dat kleurdiskriminasie van dié tyd onreg en skade aangedoen het en dat sulke maatreëls om die wittes te beveilig, in beginsel onregverdig is en in die praktyk groot probleme veroorsaak het.*

Harvey Tyson (1993: 39) kyk terug na die tydperk 1950 tot 1990 en beskryf hierdie era só:

*The appalling and inhuman process of "classifying" and registering humans by the shape of their lips, the kink in their hair, the tinge on their fingernails lasted four full decades, from 1950 to 1990. Books, films and television documentaries have circled the globe on the subject. Newspapers reported the issues constantly and almost daily for years. Nothing stopped the process until F W de Klerk finally scrapped the legislation. The mad process was still destroying lives and families in the 1980's.*

Vanaf 1980 bemoei die Gilde hul al meer met die lot van die Swart Skrywer. Die verbod op **Forced Landing** saamgestel deur Mothobi Mutlootse, en op die werke van ander swart skrywers, stem die Gilde bekommerd. Die indruk begin binne hierdie geleedere posvat dat die sensuurbedeling daarop uit is om swart skrywers se werk van die blanke leserspubliek weg te hou (**Die Vaderland**, 26/6/1980: 40). Hierdie stand van sake duur voort selfs nadat Kobus van Rooyen in 1984 aangekondig het: "Wat Suid-Afrikaanse skrywers betref, kan geen een vandag meer sê dat hulle deur die Staat onderdruk word nie. Slegs drie boeke van Suid-Afrikaanse skrywers is nog op die verbode lys" (**Die Transvaler**, 21/8/1984: 13).

Nadat die Gilde die meeste van hulle doelwitte rakende sensuur bereik het, was Brink die een wat in 1985 'n skrywe aan die Gilde gerig het om die naam na PEN te omskep. Die doel hiermee was om aan die Gilde 'n "oopenheid" te gee sodat meer as net die Afrikaanse literêre saak gedien kan word, veral na 'n verslapping in die sensuurbedeling ingetree het. Hierdie naamsverandering het egter nie gerealiseer nie. Wessels som hierdie situasie in **Sunday Times** op (14/7/1985: 7):

*...the guild has often caused sensation with its treatment of controversial issues - both literary and political - and has been open to all writers, regardless of language or colour, since the first writers' summit of Broederstroom in 1975.*

*But there is a strong feeling that the time has come for the guild to enter a new era and that its open-door policy should be embodied in the name.*

Op 2 Februarie 1989 stel pres. P.W. Botha in 'n brief aan die NP se Parlementêre Kookus die standpunt dat die ampte van Staatspresident en hoofleier van die NP geskei moet word. Hierna is mnr. F.W. de Klerk tot hoofleier verkies. Die NP se Federale Raad het later weer besluit dat die poste herenig moet word en dat F.W. de Klerk die pos moet beklee (Ries, 1989: 9). In 1989 sien F.W. de Klerk as die nuwe Staatspresident van sy voorwaarde af dat geweld afgesweer moet word voor onderhandelinge met die ANC kan begin. Verskeie ANC-leiers is vrygelaat. 'n Ander atmosfeer begin posvat. "Ewe skielik word ANC-kleure vertoon, ANC-slagspreuke word geuiter en die oogmerke van die steeds verbode organisasie word oop-en-bloot bevorder" (Van der Linde, *Vrye Weekblad* se laaste uitgawe, 4/11/1988 - 2/2/1994: 11-12).

Hierdie verandering val saam met die ineenstorting van Marxisme en sosialisme in Oosbloklande. In 1989 en 1990 maak die nuus van polisiemoordbendes opslae en 'n mens kan nie help om die gebeurde rondom Kennis se beskrywings van moordbendes voor die oog te roep nie. Namibië kry sy onafhanklikheid, en van die Afrikanerkultuurorganisasies soos die Akademie vir Wetenskap en Kuns, gee hul raseksklusiwiteit prys in 'n poging om meer uitwaarts te beweeg. Kommunikasie met bannelinge en vervreemdes word 'n belangrike prioriteit. Onderhandelinge tussen die regering en die ANC het 'n aanvang geneem.

In die negentigerjare dra Suid-Afrika swaar aan die progressiewe ekonomiese agteruitgang wat in die sestigerjare begin het as gevolg van onder andere olieprysstygings, resessie, die daling in die goudprys, sanksies en groeiende politieke onsekerhede. Die media se berigte oor die verlies van hoëvlak mannekrag onderstreep Suid-Afrikaners se kwynende vertroue in die Suid-Afrikaanse opset. Postapartheid word in die laat tagtigerjare 'n nuwe realiteit binne Afrikanergeledere. Menseregte en federalisme wat nie op etniese grondslag berus nie, is sake wat geopper word omdat daar na maniere gesoek word om 'n beter magdeling te bewerkstellig teenoor die sentrale regering wat te veel mag het.

Kerkaangeleenthede is in die pers op die spits gedryf. Die vereniging van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika word in die wiele gery nadat een van die



hooffigure wat die Sendingkerk na eenheid met die NGKA moes lei, dr. Allan Boesak, se buite-egtelike verhouding bekend raak. Die NG Kerk word ook gekenmerk deur veranderinge. Prof. Willie Jonker vra sy swart broers plaasvervangend namens die NG Kerk om verskoning vir apartheid. Aartbiskop Desmond Tutu aanvaar dit plaasvervangend. Jonker word verguis deur regsies in die kerk, maar dit bring tog versoening tussen kerkmense wat 'n rol as vredemakers tussen verskillende politieke groeperinge wil speel (Van der Linde, *Vrye Weekblad*, 4/11/1988 - 2/2/1994: 15).

In 1991 word prof. Dan Morkel van die regs fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Van Rooyen se plek aangestel as voorsitter van die Appèlraad op Publikasies. Van die begin af laat hy blyk dat sensuurmaatreëls onder hom meer sal verslap. Hy beskou vryheid van spraak as 'n basiese mensereg. Dit is vir hom belangrik dat grense versit moet word na gelang die gemeenskap groei en verander. Uit berigte in die pers is dit duidelik dat hy voorsiening wil maak vir die behoeftes van die klein ingeligte gehoor (*Beeld*, 28/9/1991: 7).

In 1993 is 'n vooraanstaande ANC/SAKP-leier, Chris Hani, vermoor. Hierdie gebeurde plaas 'n demper op onderhandelings. Uitsprake van dr. Nelson Mandela dat 14-jariges stemreg moet hê, maak opslae. Baie blankes verlaat die land na aanleiding van die geweld. Die eerste demokratiese verkiesing vind plaas in April 1994. Hierna is die ANC aan bewind.

Op 16 Oktober 1994 berig Charlotte Bauer op die voorblad van *Sunday Times* dat, uit die 705 voorleggings vir verbanning van tydskrifte, koerante en boeke, die polisie 44 voorleggings gedoen het, uitgewers 48, een voorlegging het uit die geleedere van die publiek gekom, terwyl die Raad op Publikasies self 612 voorleggings gemaak het. Dit was hoofsaaklik pornografiese werke wat in hierdie jaar verbied is.

Alhoewel sensuur vanaf 1982 aansienlik verslap het en *Kennis* nie meer verbode leesstof is nie, is die werk van die Gilde nog nie afgehandel nie. Gedurende 1985 berig *The Star* (18/7/1985: 8) dat die Gilde die regering wil nader om die outomatiese verbanning van gelyste persone se werke af te skaf. Nogtans begin die

pers en individue grafskrifte rondom die Gilde se bestaansreg skryf. Hierdie pessimisme ten opsigte van die Gilde se voortbestaan verhewig ná die 1986-beraad.

Brink self begin hom algaande meer ongemaklik voel binne die Gildegeledere sodat hy in 1986 te kenne gee dat hy ongelukkig is oor die Gilde se "rigtingloosheid" wat deel is van die "chaos en onkreatiewe woelinge" binne die organisasie (Le Roux, **Beeld**, 21/7/1986: 4). Sy ontevredenheid met die Gilde moet in die lig gesien word van sekere ideologiese klemverskuiwings in skrywersgeledere wat gelei het tot die stigting van 'n groot en meer omvattende skrywersvereniging, naamlik die Congress of South African Writers (COSAW). In 1988 bedank Brink uit die Skrywersgilde, maar hy woon die volgende jaar die Watervalberaad saam met ander Gildelede by waartydens die Gilde hulle ten gunste van 'n breë gemeenskaplike Suid-Afrikaanse kultuur uitspreek.

**Donga**, wat as 'n avant-garde blad bestempel kan word, is in 1987 verbied. **Donga** vind sy bestaan in Mei 1976 by die tweede beraad van die Gilde. Hierdie blad is as die enigste hymeakaarkomplek vir skrywers van alle rasse en tale bestempel. **Donga** het 'n klein sirkulasie van vier- tot vyfhonderd lede gehad. Hierdie verbod op **Donga** volg na die enigste swart skrywersorganisasie die vorige jaar verbied is (**Die Vaderland**, 8/4/1987: 7). **Donga** is verbied op grond van aanhitsende en opruiende taal, aanvalle op die polisie en ander handhawers van die wet, uitbeelding van die verbreking van die Ontugwet, vuil taal en onbetaamlike beskrywings van die geslagsdaad (**Bruwer, Rapport**, 9/4/1987: 2).

Gedurende 1987 som Charles Malan (Stofberg, **Beeld**, 7/7/1987: 7) die krapperigheid wat die sensuurstelsel nog ontlok, só op:

*'n Knelpunt is die teenstrydigheid in die sensuurstelsel dat al keur 'n publikasiekomitee wat uit kenners saamgestel is 'n rolprent of 'n boek goed, kan die Direkoraat van Publikasies teen dié beslissing appèl aanteken.*

Die Minister van Binnelandse Sake beskik in hierdie stadium oor die bevoegdheid om die Appèlraad oor Publikasies te gelas om die publikasiekomitee se beslissing te heroorweeg.

Die skeuring in Afrikanergeledere raak die letterkunde, skrywers asook verskillende instellings en organisasies. Hierdie polarisasie raak feitlik alle sisteme binne die Afrikanerestablishment. F.W. de Klerk word byvoorbeeld na sy 1990-toespraak tydens die parlementêre opening deur sommige Afrikaners as 'n "verraaier" gesien en deur ander as 'n "redder". Hierdie skeur binne Afrikanergeledere herinner aan die Rebelle van 1914 toe Boer op Boer geskiet het. Dit herinner ook aan sowat 25 jaar later toe die Ossewabrandwag se Stormjaervleuel met sabotasie en in enkele gevalle selfs moord gereageer het uit protes teen Smuts se steun aan Brittanje ten tyde van die Tweede Wêreldoorlog. "In nie een van die twee gevalle het onderlinge haat so diep en breed geloop soos oënskynlik vandag nie" (Van Wyk, 1991: 10).

Met die heeltemal nuwe era wat in 1994 ingelui word na die ANC aan bewind kom, lyk dit of sensuur 'n al kleiner rol gaan speel in Suid-Afrika. Die Afrikaanse pornografiese publikasie *Loslyf* maak sy verskyning in die postapartheidjare. Die Handves van Menseregte wat in die nuwe Grondwet opgeneem is, verseker vryheid van spraak en die vryheid om kuns te beoefen. Dit sal van nou af in 'n veel groter mate die ouers se taak wees om die kind op te voed om self keuses uit te oefen. De Lange (1993) lewer kritiek op die sensuurwetgewing na 1994 met Van Rooyen wat nog steeds 'n rol te speel het en verbiedinge wat nog steeds die wenkbroue laat lig. Sy voel egter dat dit dalk te drasties sal wees om ná die rigiede sensuurgeskiedenis waaraan Suid-Afrika so lank onderwerp was, alle wetgewing in hierdie verband net op te hef.

Ahoewel Brink se siening in verband met sensuur (vgl. 3.3) hom reeds in die tagtigerjare reg bewys het, word dit in die postapartheidjare verder bekragtig met die verwagting dat die nuwe Wet op Publikasies van Braam Coetzee as direkteur van die Raad ontslae sal raak en die Raad en die komitee plek sal moet maak vir 'n nuwe struktuur (*Weekly Mail & Guardian*, 29/3/1996: 9). Dit is nie die doel van hierdie studie om in besonderhede op die sensuurstelsel in die postapartheidjare in te gaan nie

omdat sensuur nie Brink se werk toe meer bedreig nie en dit duidelik is dat Brink se siening oor sensuur reeds voor die negentigerjare bekragtig is.

### 3.6 AGTERNAPERSPEKTIEF OP DIE SENSUURSTELSEL

#### 3.6.1 Sensuur: 'n politieke verskynsel

Die begrippe "norm" en "moraliteit" word dikwels verskraal om slegs sekere aspekte daarvan te omvat. Van der Spuy wys daarop dat hierdie verskraling beteken dat sekere dade as "onsedelik" of "sonde" getipeer is, terwyl ander wanpraktyke gekamoeifleer of selfs geïgnoreer is:

*South Africa reflects a high degree of puritan ethics, as is for instance manifested by its strict censorship laws. There is of course, no necessary relationship between puritanism and true morality. Puritanical laws may be strictly kept while true morality, as reflected by integrity in interpersonal relations, honesty and respect for others, combined with a true regard for people as persons, may be entirely absent. It may be asked whether the South-African ruling establishment does not confuse puritanism with morality. (Van der Spuy, 1978: 7)*

'n Puriteinse ingesteldheid was soms sterk aanwesig by outoritêre persoonlikhede. Die Adjunk-minister van Binnelandse sake, mnr. Jimmy Kruger, sê op 4 Februarie 1974 dat Suid-Afrikaners 'n Christelike norm as basis vir die sensuur op die letterkunde geneem het (*Die Burger*, 5/2/1974: 3). Harvey Tyson beskryf min. Kruger as 'n man wat meedoënloos opgetree het teenoor diegene wat ander standpunte as hyself gehuldig het soos onder andere die Engelse pers. Tyson verwys spesifiek na die lot van een van Suid-Afrika se grootste koerante:

*The end of The World came without warning, and without explanation. Kruger never did give a coherent reason for his drastic action, let alone provide an official statement. He simply sent in his men to detain the editor*

*of the daily paper and of his weekly, and to shut down these publications of the largest and strongest newspaper group in Africa. (Tyson, 1993: 163)*

Hierdie tipe sensuur het vrae laat ontstaan of morele waardes afdwingbaar behoort te wees. Kan gesindhede deur wetgewing gevorm word? Het die staat die kompetensie om sogenaamde morele norme af te dwing? Wie moet die norm van moraliteit vasstel? Wie is "regdenkend"? Is dit die staat se taak om in te gryp in onsedelike praktyke in die samelewing en veldtogte teen immoraliteit aan te kondig? Met die wetgewing op Publikasies van 1974 en ná morele argumente wat rondom verbode werke betrek is, spreek die skrywers van **Censorship** (1983), dit is Van der Vyver, Brink, Boesak, McDonald en Du Toit, die mening uit dat letterkunde onder staatsbeheer geplaas is. Sensuur geskied hiervolgens onder die dekmantel van die beskerming van hierdie uiters vloei-bare morele waardes. Budlender sê juis in die voorwoord van hierdie boek:

*All the contributors of this book provide the same answer, although they arrive at it by different routes: censorship is a political process, "a cover for the decisions of the politically dominant group". It is a means of monopolising political power through the control of information.*

Hiervolgens is sensuur 'n politieke verskynsel en nie 'n morele een nie.

André Du Toit (Coggin, 1983), toe medeprofessor in Staatsfilosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, het hierby aangesluit met sy mening dat die staat wat toe nog 'n wit regering was, deur wette bepaal het wat die ampelike moraliteit moet wees. Polisie en doeanbeamptes het gesorg vir die handhawing van hierdie moraliteit. Die oortreding van die "morele" wette het die "oortreders" by die res van die gemeenskap verdag gemaak.

Dit is hierdie soort houdings wat skrywers warm onder die boordjie gemaak het en wat by hulle felle teenkritiek ontlok het. Gesien teen die agtergrond dat die beskerming van die politieke en samelewingsisteme belangriker geag is as opvoeding

van die publiek, is dit te verstaan dat die skrywer die staat as dodelike teenstander ervaar het:

*Since Van Rooyen himself places censorship in the political arena, his further comment that censorship is not about culture or morals "but involves underlying principles such as privacy and dignity", one can only surmise that the "privacy" and "dignity" that the censorship is trying to protect is that of the hegemonic classes. (Tomaselli, 1989: 28)*

Jack Cope (1982: 75) wys op etlike onvergeeflike blapse wat die regering op politieke sowel as letterkundige terrein in die vorm van sensuur begaan het:

*Black Beauty was banned (unread) in the belief that it promoted illicit interracial lovemaking. Black Power fell under the axe for reasons of the same racist phobia, though it turned out to be an historical account of the petroleum industry. A reprint of Hardy's Return of the Native (1878) was seized in the bookshops out of fear that the title alone could subvert the apartheid order...*

In *Censorship* (Du Toit, 1983: 84) word die volgende statistiek ter staving van sensuur as politieke verskynsel genoem: In 1975 het doeanebeamptes 56,2 persent van alle publikasies voorgelê, die polisie 21,8 persent en lede van die publiek 'n geringe 10,3 persent. Gedurende 1979 lyk die prentjie heelwat anders. Doeanebeamptes lê in hierdie jaar 38,4 persent van alle publikasies voor terwyl die polisie se groter aktiwiteit op hierdie gebied figureer in die 42,4 persent voorleggings. Lede van die publiek is vir 'n skrale 5,6 persent van alle voorleggings verantwoordelik - te midde van organisasies soos Aksie Morele Standaard wat die publiek aanhits om te kla (Pretorius, *Rapport*, 30/1/1983).

Gedurende 1982 is 54 persent van die boeke en voorwerpe wat ongewens verklaar is, weens politieke redes verbied (Du Toit, 1983: 85).

Die **Cape Times** (8/4/1986: 4) maak die volgende inligting bekend op grond van 'n verslag van die Departement van Binnelandse Sake:

*The police submitted half of the 1 278 complaints about publications and objections to the Publications Control Board in 1984/5 - and half the complaints were for publications possibly prejudicial to the security of the State.*

In 1987 lui een van die **Citizen** (28/11/1987: 14) se opskrifte: "Most banned books are political." Hierdie opskrifte skep weer eens die indruk dat die wet meer genade vir geweld en seksuele beskrywings as vir politieke betrokkenheid betoon. Interessant genoeg word politieke werke reeds in die negentienveertigs verbied. Hierdie verbannings is egter oor die algemeen deur die Engelse pers geïgnoreer. J.C. Steyn (1992: 89) wys daarop dat dit net die Nasionale koerante was wat berigte oor die verbod op **Helkampe** geplaas het. Volgens Jeanne Goosen (**Oggendblad**, 19/1/1974: 1) is twee of drie boeke van H.A. van der Merwe verbied in die vyftigerjare. Twee boeke wat sy in hierdie verband noem, is **Op die top van my mas** en **Meng my bloed met wyn**. 'n Ander boek wat in dieselfde dekade verbied is, maar weer ontban is, is volgens Goosen **Die Rietfamilie** deur H. van der Westhuizen (vgl. ook hfst. 2, 2.3.)

Met die verdere verslapping in sensuur wat gedurende 1988 intree, voel Brink nog steeds nie op sy gemak nie. Vir hom is dit net nog 'n politieke maneuver. Hy noem 'n paar politieke gebeurde wat hy meen meegewerk het tot hierdie verslapping:

*...in die náwater van Soweto, die dood van Biko, Jimmy Kruger se oorboord-gaan met die verbied van individue en organisasies, die Inligtingskandaal en so meer, het die regering dringend behoefte gehad aan bondgenote in die Weste. Toevallig was die dag toe ook net mooi aan die breek vir mense soos Thatcher, Reagan en Kohl wat dalk sou saamwerk...*  
(Brink, 1988c: 98)

Brink beskou die Sensuurwet nie as 'n literêre óf morele maatreël nie, maar as 'n politieke daad. Die uiteindelige doel hiervan, sê hy, is om beheer oor die gemeenskap se denke te kry. In *Mapmakers* (1983a: 240) skryf hy:

*The fact that pornography is branded as "communist infiltration" in South Africa and as "Western propaganda" in some Eastern-Bloc countries suggests that morals as such has very little to do with the matter. The moment a political regime wants to impose uniformity of ideology and demands total submission, the need arises to control, above all, the thoughts of the people; and since political liberalization more often than not goes hand in hand with moral - notably sexual - liberalization, censorship becomes the accepted weapon of the authoritarian regime.*

In feitlik elke verbod van 'n boek in die sewentigerjare was daar 'n predikant betrokke wat die indruk by die publiek geskep het dat sensuur suiwer om morele kwessies gaan.

Sommige predikante en kerke se uitgangspunt is dat letterkunde wat nie 'n Christelike inslag het nie, sonde is (*Die Volksblad*, 4/4/1978: 9). Heyns (1985: 113) het die skrywers op die 1980-Gildeberaad tot verantwoordelikheid gemaak met die woorde: "n Slegte roman maak die sinne wakker en verongeluk mense, 'n goeie roman maak die gewete wakker en red mense." W.A. de Klerk (1985) wys op die ongelukkige neiging binne die religieuse sisteem om alle vernuwing as rewolusionêr te sien. Skrywer Abraham de Vries waarsku ook teen die onoordeelkundige inmenging vanuit die religieuse sisteem. Hy voel dat solank die kerk sy kulturele gesag met behulp van drukgroepe afdwing en kritikeloos die sensors en die politieke sisteem steun, die optrede van die kerk 'n vernedering vir onder andere denkende Christenskrifers sal wees (*Gouws, Oggendblad*, 18/4/1980: 1).

Degenaar (1988: 51) sluit hom by die gesprek aan. Hy sê in reaksie op Heyns se artikel wat oor morele verval uitwei, dat Heyns die woord "permissiwiteit" so selektief toepas dat die staat skotvry kom: "Uit hierdie duidelike selektiwiteit blyk dit dat prof.



Heyns in die morele stryd reeds aan die kant van die staat gaan staan asof dit fundamenteel polities in orde is."

Willem de Klerk (1985: 69) gaan 'n stap verder en waarsku teen kragte wat sensuur versterk:

*Ons Christelike aggressie is dikwels oorvereenvoudigings en veralgemenings.  
Eie smaak en eie voorbehoude word Bybelse sanksie verleen.*

Hy voel daar bestaan 'n paternalistiese besorgdheid oor die moontlike besoedeling van die Afrikanerjeug deur die letterkunde en dat dit 'n ondiens is aan die kind (wat in elk geval inskripsies aan openbare kleedkamers se mure lees, in woordeboeke rondblaaï en snags lê en luister), om die kind deur middel van sensuurmaatreëls van die werklikheid te probeer verskans.

In 1988 kondig Stoffel Botha, Minister van Binnelandse Sake, aan dat die Staat dit as sy taak en verantwoordelikheid aanvaar om die gemeenskap te beskerm teen die gevare wat die misbruik van lektuur, kuns en vermaaklikheid vir die sedes, die godsdiens, die staatkundige vryheid en die openbare orde inhou. Verskeie kenners uit verskillende sisteme van die Afrikanergemeenskap gee hieroor hul mening. In hierdie uitgawe van **Insig** word daar weer opnuut bespiegel of Suid-Afrika te veel of te min sensuur het (**Insig**, Maart 1988: 50-56).

Die feit dat die Gilde in 1980 deur 'n groot aantal kerklike ampsdraers bygewoon is, is nogtans sprekend van die behoefte by skrywers en kerklikes om verhoudinge te verbeter. Die meeste beraadgangers besef - afgesien van etlike kwaai uitlatings - dat die hele maatskaplike bestel in Suid-Afrika aan vernuwings onderwerp word, sodat verandering op morele, godsdienslike en politieke front noodwendig moet volg.

Oor hierdie verandering en die rol van die letterkunde daarin, is kerk- en ander leiers dit glad nie eens nie. Terwyl **Die Kerkbode** vir strengere sensuur pleit en die Algemene Sinode met kommer kennis neem van die sedelike verval in die land (**Die Kerkbode**, 4/11/1987: 5), vra Anton Rupert begrip vir die feit dat die kerk se funksie

as gewete van die gemeenskap in 'n groot mate deur die media oorgeneem is. Nes die skrywers opper hy die gedagte dat die drie susterkerke die regering gedweë volg; hy wys ook op die geheime samewerking tussen die NG Kerk en die gewese Departement van Inligting en die dubbelsinnige uitsprake jeens bonusobligasies (Van Reenen, *Beeld*, 1/12/1979: 7). Abraham de Vries (*Die Volksblad*, 19/4/1980: 1) vul Anton Rupert aan deur die predikante op die 1980-Gildeberaad daarvan te beskuldig dat hulle hul deur die politici aan die neus laat lei: "terwyl die predikante rustig onder die waan verkeer dat sensuurwette daar is om die volk se sedes te beskerm, is die politieke owerhede in werklikheid besig om hul mag vir politieke doelwitte te misbruik en die Kerk doen rustig mee". In 1991 word dr. Beyers Naudé, wat weens sy aksies vir spraak- en godsdienstryheid en nie-rassigheid jare lank vervolgd is en persoonlik ingeperk is, erelid van die Gilde vir sy bydrae ter verwesenliking van spraakvryheid in 'n nie-rassige demokratiese gemeenskap (*Beeld*, 12/9/1991: 3). In die negentigerjare hang die NG Kerk nie meer 'n apartheidsideologie aan nie, wat aan dié kerk 'n ruimte vir politieke verskille gee.

### 3.6.2 Min. Connie Mulder se sensuurmasjien

In Brink se aanvalle, waarin hy dit onomwonde stel dat sensuur tipies is van die Suid-Afrikaanse minderheidsregering en 'n absolutistiese regime (wat volgens hom ooreenkomste met militêre owerhede soos Griekeland, Brasilië, Kuba en Rooi Sjina toon), het hy dit in die sewentigerjare veral gehad teen min. Connie Mulder wat vir die aanstelling van regter Lammie Snyman as hoof van die sensuurwetsel verantwoordelik was (*Rapport*, 1/2/1976: 12).

Tydens die 1975-Gildeberaad wys Brink op die gesprekke tussen die Gilde en min. Connie Mulder waar die Minister erken het dat die wet "oorhaastig" en "slordig" geformuleer is, maar dat hy nogtans nie bereid was om die wet te herformuleer nie uit vrees dat die woord die rondte sou doen dat hy aan die Sappe toegee. Hierdie uitspraak van min. Mulder sou geïnterpreteer word as 'n poging van sy kant om die regse politieke groepe met die Sensuurwet te paai. Die skrywers kon in hul onderhandelinge met Mulder geen vordering maak nie. Mulder het geweier om die Sensuurwet te verander uit vrees vir wat die regse groepe hiervan sou dink en vir wat

die linkse groepe met so 'n wet sou maak, selfs ná hy laat blyk het dat die Sensuurwet nie na wense geformuleer is nie. Hierdie omstandighede, naamlik dat die skrywer die onderspit moes delf as gevolg van politieke oorwegings, het skrywers ontevrede en dikwels opstandig teenoor die politieke sisteem gemaak. Volgens Rabie maak Senator Bamford drie jaar later in die Senaat die stelling dat selfs die waarheid in die letterkunde ongewens kan wees, waarop min. Mulder "Sekerlik" antwoord (Rabie, Februarie 1978).

Terwyl die skrywers voel dat die Afrikaanse literatuur in 'n bedenklike situasie verkeer en dat die verbanning van 'n boek 'n vernederende situasie vir die skrywer is, spreek min. Connie Mulder ook sy gevoel wat van kwesbaarheid spreek, uit: "Ons is kleinserig as daar kritiek uitgeoefen word op die Regering" (*Die Volksblad*, 8/9/1977: 11).

Gedurende 1977 som min. Mulder die kern van die Wet op Publikasies op. In die eerste instansie voel hy dat die Christelike strewende van die volk in ag geneem moet word by die beoordeling van 'n boek. In die tweede instansie moet die volk self oor die gewenstheid of ongewenstheid van 'n boek besluit. 'n Mens kry volgens *Die Volksblad* dus die idee dat 'n wye spektrum waardes by sensuur verreken word; ongelukkig word min ruimte gelaat vir letterkundige meriete en vernuwing.

Tydens 'n konferensie oor sensuur in Kaapstad in April 1980, is die blaam vir die situasie waarin die letterkunde onder sensuur verkeer het, nog steeds vierkantig op min. Mulder se skouers geplaas - 'n situasie wat deur 'n groot deel van die joernalistieke sisteem en die meeste skrywers bestempel is as 'n geval waar teikengroepe nie berekening gebring word nie sodat goeie letterkunde verlore gaan.

Die Inligtingskandaal waarby min. Connie Mulder in latere jare betrokke was, is in die pers oopgevelek. Mulder se betrokkenheid by frontmaatskappye het stuksgewys aan die lig gekom wat die politieke sisteem in 'n swak lig gestel het.

### 3.6.3 Intimidasie van skrywers

Die vervolging van skrywers deur die politieke sisteem is iets wat Brink hewig ontstel het. Hy het hom uitgelaat teen intimidasie in die huis, persoonlike briewe wat oopgemaak word en afluisterapparate in skrywers se telefone. Op die 1980-beraad van die Gilde beskryf Brink sensuurwette as 'n politieke ingrype in die kulturele lewe van die mens. Hy vertel ook hoe sy telefoongesprekke afgeluister is, sy pos onderskep is en van konfrontasie met owerhede by sy terugkoms na oorsese besoeke.

Die Suid-Afrikaanse sensuurbedeling het die doeanemense en die Poskantoor betrek. Enige posstuk (behalwe 'n brief) kon hiervolgens oopgemaak word (Geldenuys, 1977: 17). Terwyl Brink aan *Gerugte van reën* (1977) gewerk het, is sy tikmasjiene deur die Veiligheidspolisie gekonfiskeer. Hierdie boek is na sy voltooiing aanvanklik in embargo geplaas en deur regter Lammie Snyman ongewens verklaar (*Sunday Tribune*, 13/5/1979: 7).

Rosa Keet, digteres en destyds sekretaresse van die Gilde, se opsomming in *Rapport* (1/1/1978) van die stand van sake ten opsigte van sensuur teen die laaste helfte van 1977, vertel van skrywers wie se paspoorte weerhou is, skrywers wat die land uitgedryf is, die teistering wat skrywers van Veiligheidspolisie moes verduur en die konfiskering van manuskripte (Rabie, 1978). In 1979 is Brink se '*n Droë wit seisoen* verbied omdat dit daarop uit was "om die status van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie, wat 'n belangrike deel uitmaak van die Owerheid se Vredehouende masjienerie, dermate af te takel dat dit die Owerheid se vermoë om staatsveiligheid te verseker, sal ondermyn" (*Rapport*, 30/9/1979).

Brink beskou die swart letterkunde in Suid-Afrika, waardeur 'n stelsel van ondergrondse literatuur ontstaan het, as 'n middel tot politieke verandering. Toneelstukke is in die geheim opgevoer en gedigte is as pamflette uitgegee. In *Mapmakers* (1983a: 244) vertel Brink van 'n swart dramaturg wat vir drie jaar ingeperk is op grond van sy dramas:

*As recently as June 1982, the Rev. Mzwandile Maqina of Port Elizabeth, founder of the cultural organization **Roots** and writer of such highly successful plays as **Give Us This Day**, **Trial** and, most recently, **Dry Those Tears**, was served with a banning order for three years.*

Hierdie dramaturg moes tussen 06:00 en 18:00 tuis wees, en een keer 'n week by die polisie rapporteer. Hy mag by geen opvoedkundige instansie ingeskryf het of 'n vergadering (in Suid-Afrika beteken dit drie of meer mense) bygewoon het nie. Hy mag glad nie vir die publiek se oë iets geskryf het nie. Dit was ook verbode om hom aan te haal.

Brink (1983a: 245) kom in **Mapmakers** tot die gevolgtrekking: "A Government which disposes of powers such as these, and which uses them in ways such as these, hardly needs a Publications Act."

Brink neem Jack Cope se boek, **Dawn comes twice**, as voorbeeld om te illustreer hoe skrywers 'n politieke situasie kan vooruitloop en hoe sodanige skrywers se werke in die ban gedoen word, net om jare daarna hul eie waarheid bloot te lê en onthef te word:

*Today the handful who have read Cope's book are aghast - the book is no longer fiction. It has become historical fact.*

*It tells of Russian and Cuban military intervention in Angola. It describes how the fall of Lisbon opened a gateway through Mozambique and Angola for the forces of change in Africa. (Zille, **Rand Daily Mail**, 27/5/1976: 4)*

Brink wys ook op die belangrike rol wat die literêre sisteem ten opsigte van politiek speel. Hier in Suid-Afrika is pamflette en hofgetuienis wat verbode leesstof was weens persregulasies en Noodtoestandregulasies, openlik in romans gebruik, terwyl koerante nie toegelaat was om dit te publiseer nie (vgl. hfst. 4, 4.10). Hy wys daarop dat die funksie van koerante om die samelewingsisteem op verandering voor te berei,

deur skrywers van fiktiewe werke oorgeneem is - al word "die waarheid" dan net aan die enkeles wat die boeke lees, oorgedra (**Die Oosterlig**, 15/7/1980: 7).

Brink is ook bekommerd oor die mag van sensuur om 'n negatiewe beeld van die skrywer by die publiek te skep. Die skrywer wie se werk verbied is, word as 't ware 'n uitgeworpene, sy geloofwaardigheid word in twyfel getrek en hy word as vyand van die staat voorgestel (**Rand Daily Mail**, 31/7/1980: 3). Die verslapping in sensuur ten opsigte van die letterkunde wat gedurende 1987 intree, word deur Brink beskryf (**James, The Star** 18/7/1987: 8) as 'n fassade wat die regering gebruik om die media, die joernaliste met hul groot teikengehore, by te kom deur hulle vryheid van spraak in te kort: "...because whatever happens, people must not be allowed to find out - the Third Reich syndrome". Die groter inperking van die media gedurende die tagtigerjare wek die idee dat die sensuurbase óf gruweldade help toesmeer óf dat hulle meen dis 'n groter misdaad om daarvoor te skryf as om die dade te pleeg.

Brink se gevoel was dat die Noodtoestand wat deur die Regering uitgeroep is, tot 'n verdere smoring van menings gelci het - min mense sal uit hul pad gaan om onderdrukte menings aan te hoor.

Klas en ras was twee konsepte wat moeilik in die Suid-Afrikaanse opset geskei kon word. Die feit dat hierdie twee konsepte hand aan hand gegaan het, is 'n situasie waarin groepe mekaar name toevoeg en mekaar wedersyds etiketteer.

Binne Afrikanergeledere het daar ook onder mekaar etikettering plaasgevind: skrywers bemoei hulle onder groot emosionele gebare met politieke kwessies en politici laat hulle net so heftig oor skrywers en hul werke uit. Op die 1980-Gildeberaad som Charles Malan (1985a: 117) die probleem tussen politikus en skrywer juis op as een waar daar in terme van stereotipes van "liberalistiese ondermyner" en "ondermynende onderdrukker" gedink en gehandel word. Malan verwys in 'n latere artikel weer hierna, maar hy fokus meer op Brink:

*Vir Brink behoort sensors, politici, Afrikaanse kerkleiers en hekwagters van alle soorte tot submenslike spesies... Dit gaan skynbaar aan Brink verby dat*

*soveel van sy ideologiese opponente goeie mense kan wees en dat hulle hulle stukkie van die waarheid met ewe veel integriteit en eerlikheid as hy wil beskerm.* (Malan, 1986: 15)

Die kwessie van politieke sensuur word in 1990 herevalueer na aanleiding van president F.W. de Klerk se toespraak tydens die parlementêre opening waar die verbod op verbode organisasies opgehef is. Harvey Tyson skets die absurde situasie waarin die pers hom bevind só:

*Since F W de Klerk's 1990 watershed speech, the press has become freer than it ever was. We are today able to do the most extraordinary things, like quoting Joe Slovo and using Nelson Mandela's pictures!* (1993: 170)

Maar hy sê ook:

*We are now finding it difficult to adjust to the new found "freedoms". We have to deal with more dangerous foes in our communities. They are mainly faceless and the chilling fear is they could set anybody on fire - necklace you - for what you might or might not have written.* (Tyson, 1993: 70)

### 3.6.4 Vervreemding binne Afrikanergeleedere

Een ding wat sensuur in die sewentigerjare duidelik reggekry het, is om die kloof tussen skrywer en regering, en in die proses ook tussen skrywer en volk, met ander woorde tussen verskillende sisteme binne die Afrikanerestablishment, wyer te maak. Ook tussen lede van komitees, dit wil sê, binne die literêre sisteem self, is 'n wig ingedryf. So bedank lede van die Publikasieraad (H. van der Merwe Scholtz en Anna M. Louw) byvoorbeeld kort na die verbod op **Magersfontein** (Van Graan, **The Citizen**, 22/11/1977: 2).

'n Mens hoef maar net na briewe in die pers, lesings gelewer by die Gilde-berade en artikels wat sensuur as tema het, te kyk om te besef hoe wyd die kloof in werklikheid geword het. Hierdie polarisasie het veral gevolg na van ons voorste skrywers se

werke die sensuurstelsel ten prooi geval het. Sensuur het 'n soort agterdog jeens die skrywer by die publiek, lesers én nie-lesers, gesaai. Brink se heftige uitlatings jeens die Suid-Afrikaanse politieke bedrywe en sensuur was olie op die vuur. Veral sy uitsprake wat oorsese media gehaal het, het nie simpatie vanuit Suid-Afrikaanse geleedere ontlok nie. Ook die Gilde het nie altyd veel simpatie ontlok met hul pogings om die skaafplekke van sensuur onder die regering se aandag te bring nie. As voorsitter van die Gilde skryf Abraham de Vries op 21 Januarie aan die toenmalige Staatspresident, P.W. Botha, 'n brief waarin hy pleit vir die belange van die skrywer en waarin hy 'n mosie van die voorafgaande jaarvergadering onder Botha se aandag bring. Hierdie brief en die antwoord daarop word in die Gilde se nuusbrieff van Mei 1987 gepubliseer:

*Die Afrikaanse Skrywersgilde bly gebonde aan die beginsel van skeppingsvryheid en is gekant teen enige vorm van onderdrukking daarvan, hetsy deur middel van sensuur of andersins. Die regulasies promulgeer onder die huidige noodtoestand, met direkte perssensuur en die muilband van organisasies en persone en smoor die essensiële uitruil van menings sowel as die kreatiwiteit wat onontbeerlik is vir die groei van 'n gesonde samelewing en sy kultuur.*

In 'n brief gedateer 29/01/1987 antwoord pres. Botha só op die mosie:

*U sê u is teen alle perssensuur en die muilband van organisasies en die smoor van uitruiling van menings. Moet ek daaruit aflei dat u ten gunste daarvan is dat die Staat maar eenvoudig moet toelaat dat 'n Kommunistiese organisasie soos die ANC, wat direk deur die Kommunistiese Party beheer word en waarvoor daar genoegsame getuienis bestaan, sy kans moet kry om wanorde in hierdie land te skep en deur die chaos wat hy veroorsaak, die mooi en gesonde groei van Suid-Afrika en ook sy kunste in die wiele ry?*

*Ek kan nie vir een enkele oomblik glo dat die Skrywersgilde so 'n standpunt kan huldig nie.*



*Tweedens, is u bewus daarvan dat ek persoonlik uit my pad gegaan het om met die lede van die Persunie 'n ooreenkoms te bereik sodat hulle hulself kon dissiplineer, sonder inmenging van die Staat, en dat die Persunie-lede geweer het om my voorstelle te aanvaar en aan my geen ander keuse gelaat het as om die hele pers oor dieselfde kam te skeer nie?*

*Is u ook bewus daarvan dat daar op my inisiatief stappe geneem is om die kunste van die kant van die Staat te bevorder?*

*Is daar al ooit 'n woord van bemoediging van u kant aan my gerig om my hande in hierdie verband te sterk?*

*Ek hoop, dr. De Vries, dat daar weer 'n keer besin sal word voordat sulke briewe aan my gerig word.*

Dit is duidelik dat die Gilde niks bereik het deur hul skrywe aan die Staatspresident nie en dat Botha voel dat sensuur noodsaaklik is. Nadat skrywers in 1989 met die ANC gaan praat het, 'n stap wat lei tot die opstel van 'n konsepmanifes van die Gilde waarin die Gilde hom in 1990 verbind tot deelname aan die algemene demokratiseringsbeweging en die onderskrywing van die Vryheidsmanifes van 1955, ontvang die Gilde hewige kritiek vanuit die Afrikaanse joernalistieke sisteem se geledere maar ook van Gildelede self.

Kobus van Rooyen tree as voorsitter van die Appèlraad in 1982 in die bresse vir skrywers wat die Suid-Afrikaanse aktualiteit in hul werk betrek: "In politics and national relationships, derogatory criticism has to be tolerated to preserve democracy and freedom of speech" (Galloway, 1985: 94), terwyl regter Lammie Snyman aan die ander kant voel dat publikasiebeheer aan die polisie oorgelaat moet word. Dit is opmerklik dat die polisie 'n aggressiewe rol ten opsigte van sensuur gespeel het. Oor die verhouding tussen die literêre, politieke en samelewingsisteme laat Brink hom só uit op die beraad: "'n Sensuurstelsel wat opereer volgens glad geen voorspelbare patroon of konsekwente maatstawwe nie, vervreem die hele intellektuele moot van die volk" (Brink, 1985b: 59); en:

*...tensy die owerheid aanvaar dat dimensies verander het waarby hulle nog nie aangepas het nie, kan hierdie vertrouensbreuk - Van Wyk Louw se mooi woord was "gloofkloof" - net groter word.*

*Ook tussen "volk" en skrywer het die gaping ontstaan. Min of meer om dieselfde redes. Maar dit het 'n ander soort uiting gevind: pertinent in die verhoor van Breyten Breytenbach. Hier, met 'n betekenisvolle verwarring van die skrywer se werk met sy persoon, het die volk bevestiging gevind vir wat hy in die loop van Sestig vaag en verward begin vermoed het: dat "sy eie" skrywers begin het om hom "in die rug te steek". Dat skrywers ipso facto verraaiers geword het. 'n Verbysterende slag vir die volk, wat tot kort tevore nog vas geglo het dat skrywers ook op die voorpunt van 'n volk se politieke stryd om erkenning en emansipasie en politieke en ekonomiese mag ook oor so 'n lang tydperk presies saamgeval het met die taalstryd en die literêre stryd. Om vir jou taal te stry was om vir jou volk te stry. Wat die volkmassa nie wou insien nie, was dat ook hierdie dimensies verwissel het. Waar 'n skrywer soos Celliers en selfs Leipoldt "namens die volk" 'n situasie deurdink en deurvoel het, en daarom ook geskryf het in 'n taal toeganklik vir die hele volk, daar besef die skrywer in vandag se verwarde wêreld al meer die eensaamheid van sy ambag. (1985b: 59-60)*

Wetgewing wat tot sensuur lei, is nie tot die Wet op Publikasies van 1974 beperk nie. Wette soos die Verdedigingswet van 1957, die Wet op Beskerming van Inligting van 1982, die Wet op Binnelandse Veiligheid ook van 1982, die Wet op Terrorisme, die Wet op Amptelike Geheime, die Gevangerswet en die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme impliseer die reg tot ingryping op publikasies. Dan was daar ook die noodregulasies wat verdere beperkings opgelê het.

### **3.7 DIE UITWERKING VAN PRESENSUUR/VERSKUILDE SENSUUR OP DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM**

Nog voordat 'n Afrikaanse roman verbied is, met ander woorde voordat amptelike sensuur ingestel is, het presensuur sy verskyning in die Afrikaanse skryfkuns gemaak.

Brink vertel in **Mapmakers** (1983a: 249) hoe sy roman **Lobola vir die lewe** in 1962 deur 'n drukker weggegewys is op grond van 'n dreigement van 'n kerk om hul drukwerk te onttrek. In 'n gesprek wat Etienne Leroux met Koos Human (Leroux, 1984: 55) gevoer het, vertel Human dat **Lobola** (onder die titel **Naakfiguur, Kers en Ruit**) eers aan Nasionale Boekhandel gestuur is, wat die werk op sy beurt aan W.E.G. Louw gestuur het vir keuring. Alhoewel Louw die boek aanbeveel het vir publikasie, het hy bygevoeg dat Nasionale Boekhandel, weens hul verbintenis met die kerk en die staat, self moes besluit of hulle **Lobola** wil uitgee. Nasionale Boekhandel het teen die publiseer van die werk besluit en Human het aan Brink in Parys geskryf om die manuskrip vir Human en Rousseau in die hande te kry vir publikasie. **Lobola** was een van die eerste Sestigerwerke en 'n berig in **Die Vaderland**, (2/10/1962) voorspel reeds dat dit 'n "bohaai" sou veroorsaak. Leon Rousseau vertel dat 'n drukker die druk van die boek beleefd geweier het, maar dat 'n volgende drukker dit aanvaar het. Die setter was egter geskok deur die werk en het telke male sekere sake uit die boek "aan sy base gaan rapporteer" (1978: 54). 'n Paar maande later blyk dit dat dr. H.J. Terblanche, wat toe voorsitter van die Vaktaalburo was, die boek verbied wou sien. Daar het egter niks van gekom nie (Steyn, 1992: 241-242).

Presensuur het te doen met die oordeel wat gevel word vóór publikasie of 'n boek 'n slagoffer van die Sensuurwet kan word aldan nie. Vandat boeke in Suid-Afrika verbied word, word presensuur in hierdie land dus 'n al groter werklikheid. Op die 1976-Gildeberaad is hierdie probleem reeds aangespreek. Vier uitgewershooftde het hulle standpunte hier gestel: Danie van Niekerk van Tafelberg, Schalk van der Merwe van Perskor, Koos Human van Human en Rousseau en Peter Randall van Ravan Press. Alhoewel hulle almal teen presensuur is, erken mnr. Randall, wat later verbied is om as uitgewer te werk, dat dit al gebeur het dat hy noodgedwonge presensuur móés toepas (Malan & Smit, 1985: 12). Veral klein uitgewerye was bang vir die finansiële terugslag wat 'n verbod kon meebring. Drukkers was ook aan vervolging onderworpe.

Die oorspronklike uitgewer van Brink se **Kennis van die aand**, mnr. Daantjie Snyman, het in 1974 ongeveer R10 000 skade gely met die verbod op hierdie boek (**Weekend Argus**, 31/3/1979: 11). Na hierdie geldelike verlies is dit te verstane dat

drukkers en uitgewers daarna huiwerig sou wees om onder andere Brink se boeke vir publikasie te aanvaar. Uitgewers pas dus presensuur toe uit vrees vir moontlike finansiële verliese. Human en Rousseau het **Kennis** en 'n **Oomblik in die wind** byvoorbeeld geweier. Hierdie stand van sake het die uitgewers saam met die skrywer midde-in die stryd teen die owerhede geplaas. In 1980 het die uitgewer Koos Human byvoorbeeld tydens 'n konferensie oor sensuur by die Universiteit van Kaapstad geweier om die verhoog met regter Lammie Snyman te deel (Wilkins, **Sunday Times**, 20/4/1980: 8). Op die 1980-Gildeberaad vryf Human die ontevredenheid wat politici se inmenging in sensuursake onder skrywersgeledere veroorsaak verder in: "Daar is nie een mens in die Parlement met genoeg verstand tussen die ore om 'n boek soos **Sophies's Choice** te verstaan nie" (Louw, **Oggendblad**, 19/4/1980: 3).

Brink het laat blyk dat hy baie sterk daarvoor voel dat presensuur meer skade aanrig as sensuur self: 'n Boek wat reeds gepubliseer is, het 'n groter kans op oorlewing as een wat in die kiem gesmoor is. Hy spreek hom heftig teen presensuur uit nadat Perskor voorstel dat Wessel Pretorius se **Storm Sevenster** in 1983 voor publikasie reeds aan 'n Publikasieraad voorgelê moet word (**The Argus**, 11/10/1983).

Ook die Gilde het hulle sterk teen presensuur uitgespreek. Die Gilde wil nie met die besluite van uitgewers inmeng nie, maar hulle betreur die feit dat uitgewers met presensuur finansiële oorwegings bo gehalte plaas. Die Gilde het dit immers teen enige vorm van sensuur, volgens die grondwet. Jan Rabie, toe die voorsitter van die Gilde, skryf in hierdie verband 'n brief aan Perskor wat aanleiding gee tot 'n vergadering op 31 Oktober in Johannesburg. Rabie, Piet van Heerden, Frans Wessels (senior hoofbestuurder van Perskor), Chris Barnard en Bartho Smit het die vergadering bygewoon. Perskor verklaar hier dat dit nie hulle beleid is om presensuur toe te pas nie. Van Heerden erken dat sy optrede teen Wessel Pretorius 'n fout was en dat hulle voortgaan om **Storm Sevenster** uit te gee (**Die Vaderland**, 2/11/1983: 7).

Die "alternatiewe" uitgewery Taurus, gesetel in Johannesburg, het in die sewentigerjare tot die skrywer en die Gilde se redding gekom. Hierdie uitgewery met sy klein teikengroep ontstaan net soos die Gilde binne die spervuur van die

sensuurbedeling en is met geld uit die Brinkfonds - oorspronklik bedoel vir appèl teen die verbod op **Kennis van die aand** - befonds. Taurus was dus 'n uitvloeisel van die gebeurde rondom **Kennis** en die ontstaan van die Gilde. Hierdie uitgewery is oorspronklik gestig om 'n **Oomblik in die wind** te publiseer. Daar is binne 'n week sowat 1,200 eksemplare van dié boek verkoop. Nog voor die verbod op 'n **Oomblik in die wind** van krag geword het, is 'n tweede oplaag van 1,000 verkoop (**Rapport**, 16/9/1979). Brink (1985b: 66) voel dat Taurus baie gehelp het om die boek aan die lewe te hou. Onderdrukking van die literêre sisteem vanuit die politieke sisteem met die doel om innoverende denke te knou, het dus, ironies genoeg, aanleiding gegee tot uitbreidings in die literêre sisteem.

Taurus was 'n nie-winsgewende instansie wat deur die vennootskap Ernst Lindenberg, Ampie Coetzee en John Miles bestuur is. Die hele aansporing vir Taurus was om veral Afrikaanse boeke wat deur ander uitgewers wegge wys is vanweë kontroversiële temas, te publiseer. Hiermee neutraliseer Taurus as 't ware presensuur. Hierdie uitgewery het slegs manuskripte wat reeds die stempel van presensuur dra, aanvaar. 'n Gees van geheimhouding het alle transaksies by Taurus omhul omdat die regering oor die reg beskik om die perseel te betree en suspisieuse boeke te kaap (Ester, **De Nieuwe Boeken**, 26/19/1979). Hulle gee onder andere **Blomskryf** van Breyten Breytenbach; **Donderdag of Woensdag** en **Stanley Bekker en die boikot** van John Miles; **Laaste middagmaal** van Wilma Stockenström en **Te hel met ouma!** van André le Roux uit. Vir een en 'n half dekades het Taurus 'n rigtinggewende rol ten opsigte van die Afrikaanse literatuur gespeel. 'n **Oomblik in die wind** was byvoorbeeld 'n bliitsverkoper. Die volle oplaag is bestel nog voor die boek verskyn het. Brink het elke boek met die hand geteken. Eers toe die boeke in die pos was, is daar amptelik verklaar dat die boek verskyn het.

Taurus het 'n **Droë wit seisoen** gepubliseer omdat Human en Rousseau dit vir publikasie afgekeur het weens die finansiële verlies wat hulle gely het na die **Magersfontein**-episode (Human, 1984: 57). Taurus het nou 'n uitgewery geword met wie ander moes rekening hou. Om politieke redes het Antjie Krog en Koos Prinsloo van Taurus gebruik gemaak. Koos Human het 'n onderonsie met Taurus gehad wat deur Steyn (1992: 376-378) in **Boekewêreld** bespreek word. Hiervolgens het Human

in 'n onderhoud met Leroux vir *Tydskrif vir letterkunde* (1984: 56) gesê dat Taurus om die verkeerde redes ontstaan het en dat Taurus 'n klomp gemors uitgegee het. Ook Rousseau skryf in *Standpunte* (1978: 56) dat bestaande uitgewerye die sensuursituasie kan hanteer en dat dit nie vir die Gilde nodig is om sy eie uitgewery te stig nie. In 1993 is die argief van Taurus aan NALN (Nasionale Afrikaanse Literatuur Navorsingsmuseum) in Bloemfontein oorgedra.

Presensuur het in die tagtigerjare verder uitgekring om meer as net uitgewers en drukkerie te raak. Vanaf 1986 beskik die polisie oor die mag om boeke van kafec- en winkelrakke te verwyder - sonder enige goedkeuring van die Direkoraat of die Appèlraad op Publikasies. Waar uitgewers vroeër presensuur uit vrees vir finansiële verliese toegepas het, begin winkeleienaars dieselfde doen uit vrees vir vervolging. Sels koerante het advertensies en resensies wat 'n verhoog vir kontroversiële boeke bied, begin vermy (*Newsweek*, 28/7/1986: 44).

Die besluit om sekere boeke nie in te voer nie omdat dit polities ongewens kan wees, en politieke werke wat net in universiteitsbiblioteke beskikbaar is, is alles vorme van verskuilde sensuur (Pretorius, 1989: 91). Verder was daar boonop 'n hele aantal ingeperkte mense en verbode organisasies wie se publikasies ook indirek verbied is.

### 3.8 SAMEVATTING

Aksie Morele Standaarde - "wat menige minister laat bewe het onder 'n vloed verontwaardigde telegramme" (Van Rensburg, 1987: 14) - het gedetermineer die stryd teen wat hulle beskou het as die morele bedreiging van die volk aangesê. Hulle het gesorg vir georganiseerde protes.

In die sewentigerjare is die Gilde, 'n sub sisteem binne die literêre sisteem, se aktiwiteite rondom die Connie Mulder-sensuur gesentreer met Brink se *Kennis* as vertrekpunt. Dit was Mulder se uitlatings, soos byvoorbeeld dat die Wet op Publikasies "slordig" en "oorhaastig" geformuleer is, maar dat hy dit nie kan verander nie omdat die Sappe dit sou uitbuit (Brink op die Gildeberaad van 1975); dat die wet weer en weer verander sal word tot die Staat volle beheer het (Rabie, 1978), wat die

Gilde genoop laat voel het om op te tree. Enkelinge binne die politieke sisteem neem egter nie genoë met die Gilde se versoeke nie. In 1976 berig **Die Afrikaner** (28/5/1976: 2) dat politici die Gilde as 'n politieke drukgroep, "nes soortgelyke organisasies oorsee", beleef.

Die Gilde het as uiters prominente skrywersvereniging in hul bevegting van die inheerende en inkonsekwente sensuurbedeling, tesame met die veranderinge wat in sleutelposte van hierdie sensuurstelsel plaasgevind het, bygedra tot die sensuurbedeling soos dit vandag daar uitsien. Die feit dat sommige letterkundige werke (waaronder Brink se latere romans), negatiewe kommentaar op die politieke sisteem lewer en die apartheidsbeleid aanval, het die aanknopingspunt tot menige lang en duur sensuurgeding gevorm. In die praktyk het Brink en die Gilde die sensuurstelsel op sy beurt as 'n apparaat beleef wat vrye demokrasie in die wiele ry. Dat Brink binne die Gilde 'n groot rol op politieke gebied gespeel het, is inderdaad so. Wat die politieke sisteem in Suid-Afrika betref, maak die Gilde dit duidelik dat hulle sekere eise aan die regering stel. In 1990 word baie van die griewe van die Gilde ongedaan gemaak met president F.W. de Klerk se aankondiging in die parlement, waartydens onder andere die verbod op sekere organisasies, soos byvoorbeeld die ANC en SAKP, opgehef word. Alhoewel die sensuurstorms gedurende die tagtigerjare aansienlik bedaar het, het die hele kwessie rondom politieke sensuur egter weer sterk onder die soeklig gekom in 1989, in die besonder met die Lusaka-besoek.

Die Gilde het nie net in die skrywers se menings belang gestel nie, hulle het ook lede van die religieuse, joernalistieke, politieke en samelewingsisteme die geleentheid gebied tot interkommunikasie met die Afrikaanse literêre sisteem tydens Gildeberade. Talle koerante (Afrikaans en Engels) spreek hulle deur die jare teen sensuur uit. Met die verbod op **Kennis** praat die Engelse en Afrikaanse joernalistieke sisteem oor die algemeen met een stem teen die verbod, selfs al het verpolitisering onder Engelse en Afrikaanse koerante tot uiteenlopende ideologieë aanleiding gegee. **Die Volksblad** (8/10/1974), **Die Oosterlig** (3/10/1974) en **Die Burger** (13/8/1974) het na die verbod op **Kennis** by tye skrywers verkwalik oor die politieke betrokkenheid in hulle werke. Brink se uitsprake in hierdie verband is dikwels deur die media onder sensasionele hoofopskrifte oopgegooi, asook die reaksies op sy uitsprake en sy romans. Uit

resensies en artikels hier en in die buiteland blyk dit dat daar 'n waterskeiding is tussen diegene wat Brink ondersteun en dié wat Brink se betrokke skryfery en sienings verwerp. Die rol van die joernalistieke sisteem word in die volgende hoofstuk belig. Die Gilde bied Brink en ander skrywers in die sewentiger- en vroeë tagtigerjare die geleentheid om hul menings te lug binne die raamwerk van 'n vereniging met 'n sterk oordeelingsmag. In die middeltagtigerjare distansieer Brink hom egter van die Gilde (vgl. 3.5).

Onder prof. Van Rooyen het die sensuurbedeling in die tagtigerjare tot 'n goed geoliede stuk masjinerie ontwikkel. Sensuur het ontwikkel van toestande in die vyftigerjare toe tonele waarin 'n witman en 'n swartman hande geskud het gesny is, tot veel groter wasdom en nuwe persepsies (*Sunday Tribune*, 29/6/1984: 23).

Die sensuurstelsel het vanaf 1974 tot 1982 dus heelwat verslap en die samelewingsstelsel het ook meer verdraagsaam geword. Hierdie ontwikkeling is in ooreenstemming met die feit dat die samelewing 'n oop sisteem is wat aan verandering onderworpe is. In 1960 sou dit byvoorbeeld ondenkbaar wees dat verskillende rasse binne dieselfde swembad sou klim terwyl dit in die tagtigerjare meer aanvaarbaar word. Norme het egter verander, wat 'n groter verdraagsaamheid by die Afrikaner bewerkstellig het. Blatante vorms van apartheid soos aparte ingange vir verskillende bevolkingsgroepe en reservering van publieke fasiliteite het teen die tagtigerjare reeds verdwyn. Roberts (1987: 18) skryf hierdie verandering hoofsaaklik toe aan transkulturele invloede en die kennisontploffing na die Tweede Wêreldoorlog wat mense aan nuwe denkpatrone blootgestel het. Die instel van televisie in suid-Afrika in 1976 het verder bygedra tot die invoer van nuwe invloede waaraan die breë Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel blootgestel is. Hierdie nuwe invloede het van die ou opvatting begin vervang sodat tradisionele sienings binne die makrosisteem begin wankel het en verhoudings binne Suid-Afrikaanse sisteme begin verander het (vgl. bv. die ander aanslag wat die sensuurstelsel in die tagtigerjare gekry het). Die stereotipering van die Afrikaner as Calvinisties, landelik en nasionalisties hou al minder water. Gedurende die vroeë negentigerjare knoop die Gilde indringende gesprekke aan oor die stand en toekoms van Afrikaans. Hierdie interaksie tussen die samelewingsstelsel en die Afrikaanse literêre sisteem wat geheel en al omvat word



deur hierdie makrosisteem is die tema van die volgende hoofstuk. Daar word dus in hoofstuk 4 dieper ingegaan op die Suid-Afrikaanse samelewing as 'n dinamiese makrosisteem.

# BRINK EN DIE GEMEENSAP

### 4.1 INLEIDEND

Uit die vorige twee hoofstukke het dit duidelik geblyk dat Brink se kontroversiële werke en uitsprake meer as een keer 'n opskudding veroorsaak het wat die voorblaaie van koerante gehaal het. Die kontroversie is van groot belang omdat dit die wese van sensuur, as 'n stelsel wat tekens inhibeer, raak. Net so aktueel is die reaksie vanuit die religieuse, politieke en samelewingsstelsel op Brink en die Skrywersgilde se uitsprake en handelinge op literêre sowel as sosio-politieke terrein. Die joernalistieke stelsel was die hoofmedium waarin menings oor Brink gelug is. In dié proses is Brink se persoonlike lewe soms oopgevelek.

Brink het dikwels sterk negatiewe reaksies ontlok by die publiek, politici, kerklui en skrywers. Hy is beskryf as emosioneel, idealisties, en as iemand wat homself by geleenthede weerspreek (Van Zyl, 1988: 13, 17). Die skrywer P.J. Haasbroek bestempel Brink as die "Big Brother" van die Afrikaanse letterkunde (Engelbrecht, Die Volksblad, 5/1/1988: 18), en Die Volksblad (22/5/1976: 9) berig van Rialette Wichahn se beskuldiging op die 1976-beraad van die Afrikaanse Skrywersgilde dat Brink 'n "gewelddadige" kritikus is wat buite-literêre maatstawwe in sy kritiek laat geld. Brink is dikwels van idealisme en eensydige politieke propaganda beskuldig; daar is ook gesê dat hy met sy uitlatings daarop uit is om aandag te trek in lande waar sy boeke op die mark lê (buitelandse sisteme dus): dat hy in werklikheid 'n manteldraaier is (Oosterlig, 16/7/1986: 4).

Koos Human (Rapport, 2/7/1985: 11) meen dat Brink heel moontlik deur die breë gemeenskap as 'n Kommunist beskou is. Brink sê vroeër reeds dat die etikettering van hom as Kommunist strydig is met sy uitsprake wat bewys lewer daarvan dat hy teen enige vorm van 'n totalitêre staat gekant is (The Star, 2/4/1984: 7). In die sestigerjare skryf Brink reeds in 'n redaksionele kommentaar dat Kommunisme "een van die mees versmorende, nivellerende, ont-mensde stelsels is wat nog bedink is"

(Brink, 1965b: 6). Hy eer egter in 1970 Bram Fischer as 'n persoon wat bewys het dat die Afrikaner anders as net onderdrukker kan wees (Galloway, 1987b: 178). In 1976 het **Rapport** (23/5/1976: 15) berig dat Brink gewys het op "Fischer se blindheid om te kan glo dat die Kommunisme uitredding kan bring" (**Rapport**, 23/5/1976: 16). Hier verwerp Brink ses jaar later volgens **Rapport** vir Fischer as Kommunis.

In meer as een opsig het Brink se politieke denkwysse met verloop van tyd radikaal ontwikkel. Hierdie fluktuerende menings van Brink skep by mense die indruk dat hy iemand is wat teenstrydige uitsprake maak. Oor die verandering wat mense in hulle denkwysse ondergaan, sê Brink in **Aspekte van die nuwe prosa** (1974: 116):

*Maar 'n mens is nie 'n meganiese ding nie. In sy massagedaante mag hy kategorieë en wette aanvaar; maar as enkeling het hy sy eie blik op die wêreld - 'n wêreld wat altyd verander. En hy sêlf verander. Groei is immers 'n onskeidbare attribuut van lewe; en groei is anders-word.*

Te midde van al hierdie kontroversie en die teenstrydighede wat Brink omring het, berig **Beeld** in die middel tagtigerjare (25/5/1985: 3): "André P. Brink, hoogs omstrede Afrikaanse skrywer en tans hoof van die departement Afrikaans en Nederlands aan Rhodes Universiteit in Grahamstad, is die gewildste skrywer in Suid-Afrika." Hierdie berig spruit uit 'n nuusbrief van die RGN. Hiervolgens toon navorsingsresultate aan dat Brink, wat aanvanklik naam gemaak het as 'n redelik ontoeganklike skrywer, 'n leserstal van altesame 37,7 persent van die blanke leerspubliek gedurende 1984 vir hom ingepalm het. Onder bruinmense was Adam Small die gewildste, gevolg deur Brink, daarna Nadine Gordimer en vervolgens Es'kiel Mphahlele. Só suksesvol was veral Brink se latere romans (waarvan meer as 'n miljoen kopieë in die buiteland gepubliseer is), dat in literêre kringe hier te lande dikwels bespiegel is of hy nie maar net nog 'n skrywer van blitsverkopers is nie (**Die Volksblad**, 5/10/1985: 7). Die populêre appèl wat sy latere werke op lesers het, is nie beperk tot Suid-Afrika nie - in die buiteland word sy werke wyd gelees. "Latere navorsing het getoon dat hy, Alan Paton en Elsa Joubert ook die skrywers is wat die meeste invloed het op lesers se siening van rassebetrekkinge" (Steyn, 1992: 231). Die RGN-onderzoek in 1984 bring aan die lig dat blankes juis Brink se boeke die graagste

lees. Hierdie gewildheid van Brink se werke word toegeskryf aan die feit dat sy boeke vertaal word en dat hy publisiteit geniet. Nog 'n bevinding in hierdie ondersoek is dat baie min mense deur die sosio-politieke inslag van 'n literêre werk beïnvloed word (Brynard, **Die Vaderland**, 2/8/1984: 5), in teenstelling met die navorsers wat Steyn aanhaal.

Te midde van die verdeeldheid rondom Brink in Suid-Afrika neem sy populariteit vanaf die sewentigerjare hand oor hand in Wes-Europa en die VSA toe (Van Harn, **De Tijd**, Maart 1983). Alhoewel Brink buitelandse sisteme binnegedring het en internasionaal roem verwerf het, is hy minder dikwels in sy eie land vereer - selfs die SAUK het in 'n stadium onderhoude met Brink vermy (sien 4.10.4). Coenie Slabber wys in 'n artikel in **Insig** (1995: 13) daarop dat Brink "seker die mees miskende literêre figuur in sy eie Afrikaanse gemeenskap" is. Die toekennings wat hy ontvang het, nie net vir sy werk nie - wat in 28 tale (Britz, 1993: 90) vertaal is, maar ook vir sy diens aan die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel, spreek boekdele. Hy word veel meer lof in die buiteland as in sy eie land toegeswaai. Brink ontvang in 1974 die Reinhold Niebuhr-toekening vir sy volgehoue en selfopofferende diens vir geregtigheid en vrede in Suid-Afrika. Hy verower die Martin Luther King Memorial Prize (1980) en die Franse Prix Etranger (1980) vir 'n **Droë wit seisoen**. Hy is vir heelwat ander pryse genomineer, soos die Nobelprys vir Letterkunde (1980) en die Bookerprys (1976 en 1978). In 1982 ontvang hy die Chevalier de la Legion d'honneur van Frankryk. In 1983 is hy as ridder van die Franse Legioen van Eer ingehuldig en in 1987 is hy vereer met 'n offisiërskap van die Franse Orde van Kuns en Lettere. In 1992 ontvang Brink in Swede van die Universiteit van Uppsala 'n toekening vir sy bydrae tot die bevordering van menseregte (**Rapport**, 28/4/1992: 19). Frankryk vereer Brink verder in 1993 met die Commandeur de l'Orde des Arts et des Lettres. Sy vertaalde roman **A dry white season** is deur 'n buitelandse rolprentmaatskappy verfilm. Van sy vertaalde werke is en word nog steeds aan tersiêre inrigtings in onder andere Frankryk (Sorbonne, Nice) en Australië (Universiteit van Townsville) bestudeer. Hiervan getuig die talle briewe wat Brink van buitelandse studente ontvang.

In Suid-Afrika ontvang Brink die Eugène Marais-prys vir *Cesar* en die Reina Prinsen Geerlings-prys vir *Lobola vir die lewe* in 1963. Die CNA-prys word drie keer aan hom toegeken - in 1965, 1978 en in 1982. In 1971 word die Suid-Afrikaanse Akademieprys vir vertaalde prosa aan hom toegeken. Die Universiteit van die Witwatersrand vereer hom in 1985 met 'n D. Litt. (honoris causa). In 1994 word die Gustav Prellerprys deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Brink toegeken, maar hy weier die prys. Hy voel dat sy bydrae tot die Afrikaanse letterkunde sedert 1990 nie die prys regverdig nie, aangesien hy hom in die later jare in 'n groter mate met die Engelse letterkunde bemoei het (*Die Burger*, 30/8/1994: 8).

Net soos Langenhoven en N.P. Van Wyk Louw, wat elk ook politikus, joernalis en skrywer was, speel Brink 'n groot rol op vele terreine. Hy word ook as toonaangewer van 'n verskeidenheid tekssoorte beskou. Sy veelsydigheid as skrywer blyk uit die feit dat hy die Afrikaanse literatuur met opstelle, dramas, kortverhale, reisverhale, romans en selfs gedigte verryk het. Hy skryf ewe maklik humoristiese ontspanningsliteratuur en literêr-teoretiese werke as hoë letterkunde (waarvoor hy eintlik bekend is). Brink is ook bekend as vertaler, hoogleraar in Afrikaans (tans doseer hy Engels) en wyn- en brandewynkenner. As vertaler van vele boeke en as teoretikus (vgl. bv. sy boeke oor narratologie) bring hy die Afrikaanse literêre sisteem in aanraking met ander/buitelandse ideologieë. Die menings in buitelandse koerante oor Brink se werk word ook verreken in die Afrikaanse literêre sisteem by wyse van ondersoeke soos hierdie. Saam met ander invloede en nuwe denkpatrone wat die Suid-Afrikaanse samelewingsisteem binnedring met die kennisontploffing na die Tweede Wereldoorlog, die instel van televisie, boikotaksies teen Suid-Afrika wat Brink soms onderskryf het (vgl. hfst. 6, 6.4), word invloede soos kolonisering en Calvinisme wat jare tevore na Suid-Afrika ingevoer is, verdag gemaak. Brink het nie net nuwe invloede in die Afrikaanse literêre sisteem ingebring nie, hy het ook sy invloed in die buiteland laat geld met sy werk wat daar vertaal is en sy kontroversiële uitsprake.

In 'n soeke na redes hoekom Brink te midde van sy vele prestasies 'n "miskende figuur" in sy eie land is, soos Coenie Slabber dit gestel het, sal daar voorts na die

Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel en ook na die rol van die religieuse stelsel gekyk word.

#### 4.2 WORTELS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

In 'n soeke na die oorsprong van die aard van die Suid-Afrikaanse samelewing en die optrede van die politieke stelsel teen literatuur, sal daar kortliks by kenmerke van die koloniserende magte/koloniale stelsel en die invloed wat dit op die gekoloniseerde het, stilgestaan word. Die konsep van kolonialisme sluit aan by die teoretiese vertrekpunte wat in hierdie studie gehandhaaf word, naamlik dat poststruktureel saamval met die dekolonisering van die Weste. Brink neem in sy werke self sterk standpunt in teen kolonisering. Hierdie standpunt inneem die hewige reaksie ontlok. Verder onderlê kolonialisme ook die optrede van die religieuse, politieke en samelewingsstelsel (vgl. ook hfst. 5 en 6).

Kolonisering en slawery is dikwels binne religieuse en opvoedkundige stelsels in 'n romantiese en sentimentele konteks geplaas deur die Afrikaner, wat veroorsaak het dat die konsep vir hierdie tydperk in die wêreld gery is. Hierdie deel van die geskiedenis is hoofsaaklik uit die oogpunt van die Voortrekker en die koloniseerder vertel sodat dié eensydige blik nie altyd die ware verhaal van menslike lyding en onreg in Suid-Afrika vertel het nie, maar eerder die gewete gestil het.

Van die subopskrifte in die Afrikaanse Kinderensiklopedie Deel 5 (1968) onder die hoofopskrif **Slawery in ons land** (p. 1970), lui byvoorbeeld só: "Die slawe is goed behandel en Lord Charles Somerset sê die slawe is gelukkig." Hiervolgens het Lord Charles Somerset in 1820 gesê dat "geen deel van die bevolking beter behandel is of gelukkiger was as die huisbediendes in Suid-Afrika nie." Hierdie uitlating volg na klages ontvang is dat Afrikaners wreed teenoor slawe en bediendes optree.

Van Rensburg se mening oor kolonialisme en grondbesit in Suid-Afrika beklemtoon weer die sogenaamde "voordele" wat die blanke se koms na Suid-Afrika meegebring het:

*Die beskuldiging dat die Blanke Setlaar al die beste grond vir homself opgeëis het, hou nie altyd stand nie want die pre-koloniale benutting van dieselfde grond was minimaal en die "vrugbaarheid" van die grond is eers deur Blanke bewoning en bewerking blootgelê. En die dorpe, myne, fabriek, tabakskure en hidro-elektriese kragentrales is bepaald nie van die Swartmense "gesteel" nie. Dit is die vrugte van 'n onderneming waaraan die Blanke en Swartman gesamentlik gewerk het, maar waarin die Blanke altyd die entrepreneur was wat inisiatief en kapitaal verskaf het. (Van Rensburg, 1979: 261)*

Hy sien die probleem as een waar die blanke glo dat hy "Afrika in staat gestel het om die vrugte van sy teenwoordigheid te pluk", terwyl die swartman glo dat hy "verontreg" is (Van Rensburg, 1979: 262).

Macmillan (1968: 11) meld egter in hierdie verband die volgende:

*There is in the English language no comprehensive word or phrase, like Economic Imperialism, which adequately describes the graduate subjugation of uncivilized native peoples and the absorption of their lands, not by exploiting capitalists, but by the remorseless advance of white agriculture colonization. Strictly, no doubt, this is "colonization" but the word has been so glossed over as to lose most of its real significance.*

Deur die gekoloniseerde as "primitief", "bygelowig" oftewel minderwaardig te bestempel, regverdig die oorheerser sy dominasie op geestelike gebied en terreine soos die tegnologie. Sathyamurthy (1983: 26) voel die koloniseerders volg in hierdie geval die logika van "die doel heilig die middele" aangesien die koloniseerder voortdurend sal aanvoer dat dit alles ter wille van modernisering en ontwikkeling moet plaasvind.

In John Ure se boek **Prince Henry the Navigator** (1977), word beskryf hoe die hoogs winsgewende slawerny deur ideologie geregverdig is. Slawe wat van hul families verwyder en verkoop is, is eers in die naam van Christus gedoop. Eileen Riley beskryf in haar boek **Major Political Events in South Africa** (1991) hoe die regering en die kerk in die slawetyd aandadig was aan massamoord op Boesmans. Groot

getalle Boesmans is egter ook deur die Hottentotte en die Bantoe uitgewis oor veediefstalle (Van Jaarsveld, 1975: 16).

Die Afrikaner het volgens Duvenhage (1978: 165) nie aanvaar dat hy 'n neo-kolonis en 'n neo-imperialis is nie, maar sien homself as boorling van Suid-Afrika. Hierdie houding van menige Afrikaner is deur talle navorsers as tipies Calvinisties ervaar, naamlik dat van die land besit geneem is en die inboorlinge onderwerp is aan sekere wette omdat God die Christendom na Suid-Afrika gebring het tot verheerliking van Sy naam, soos E. Verwoerd (1985: 1) dit verwoord het.

Hierdeur is dominasie op politieke en geestelike gebied oor die swart Suid-Afrikaner geregverdig (Macmillan, 1968: 23). Die tydperk van apartheid sal onthou word vir die poging om 'n verenigde blanke front teen aanslae van buitelandse sisteme te vorm.

Calvinisme (wat toe reeds nie meer met Calvyn se oorspronklike idees ooreengestem het nie), is eeue gelede wêreldwyd ingespan om die wit nasie se voortbestaan te verseker. Britse Protestante wat hulle in Noord-Amerika gevestig het en Nederlandse Protestante wat ander dele van die wêreld hulle tuiste gemaak het, het geglo dat Christene nie met nie-Christene moet meng nie (Van Jaarsveld, 1975: 37). Daar word by 4.7.1 in hierdie hoofstuk dieper ingegaan op Calvinisme.

Tydens 'n kongres oor openbare sedelikheid en liberalisme (Conradie, 1965) word apartheid verdedig in die lig van die feit dat swartes nooit gelyke status kan hê met die Afrikaner met sy lang Protestants-Christelike verlede nie. Die teenstelling Christen/Heiden; Beskawing/Barbarisme is op die spits gedryf. Predikante van die NG Kerk (hierna NGK) het op hierdie kongres oor openbare sedelikheid (sien 4.7.1) uitlatings gemaak waaruit blyk dat kuns wat nie die Christelike leerstellings uitdra nie, ongewens is en dat die Afrikaner met sy vier eeue van Protestants-Christelike beskawing nooit as gelykes met die afstammeling van primitiewe kulture gesien kan word nie.



Gedurende die tagtigerjare het die NGK rassediskriminasie verwerp. "In addition, it was no longer prepared to base its support for apartheid on traditional policy or, as some church ministers has done many decades earlier, Old Testament episodes such as the Curse of Ham" (Giliomee en Schlemmer, 1990: 48). Strauss (1995: 14) wys in hierdie verband op die invloed van die Nederlandse Calvinis, Kuyper, wat hierdie idee dat swartmense afstammeling van Gam is, verkondig het. Alhoewel Kuyper ook gesê het dat Calvinisme demokraties is, geld dit slegs in 'n Calvinisties georiënteerde samelewing, wat die breë Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel nie was nie.

Apartheid is volgens Van Jaarsveld 'n oorblyfsel van die tydperk van Westerse kolonialisme in die vyftiende en die sestiende eeu toe die inheemse bevolking van gekoloniseerde lande nie as mense bestempel is nie (Van Jaarsveld, 1975: 1). Ook Patterson tref hierdie vergelyking: "By the end of the eighteenth century 'white man' and 'Christian' were synonymous terms... In succeeding years, Christianity spread to hundreds of thousands of non-whites, and the Christian-heathen and white-black dichotomies could no longer be made to coincide" (Patterson, 1957: 9). Van Jaarsveld spreek hom só hieroor uit:

*...the Protestants who colonised other countries saw themselves as a chosen people with a calling and viewed the outside world as a sort of Canaan in accordance with their Calvinist principles. They believed they had the right, as Christians, to subjugate the world and reap the material rewards.*

Apartheid, wat Afrikanermag verskans het deur die klem nie op individue te plaas nie, maar op etniese groepe, word by die Kongres van die Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die NGK, OVS verdedig. Hierdie kongres het op 3-4 september 1965 in Bloemfontein plaasgevind. Referate het die liberalisme as tema gehad wat in 'n kongresblad saamgevat is. In hierdie blad word dit deurgaans gestel dat die kerk van skrywers verwag dat hulle die rug moet keer op liberalisme met sy volksondermynde invloed. D.J. Louw (1965: 45) het dit teen die gelykstelling van die kuns van die "primitiewe volke" en die "moderne mens" waar ander groepe se kulture as "net so goed en beter" beskou word as die eie kultuur. Oor die gedig van

Ingrid Jonker, **Korreltjie sand**, sê hy die volgende: "Ons sien hierdie volksondermynde Liberalisme in ons letterkunde. Dit lei tot nihilisme." 'n Jaar na hierdie kongres verklaar die VN se Algemene Vergadering apartheid as 'n misdad teen die mensdom. Apartheid wat hier deur die religieuse sisteem verdedig word, word in dié tyd deur feitlik die hele wêreld afgekeur as die resultaat van nasionalisme en kolonialisme waardeur politieke mag bevoordeling van die Afrikaner en uitbuiting tot voordeel van die Afrikaner bewerkstellig - alles onder die dekmantel van aparte ontwikkeling. In Suid-Afrika kon Griekse en Portugese immigrante byvoorbeeld stem en in die blanke gemeenskap opgeneem word, maar nie die Kleurling nie. Skrywer John Miles (1985: 99) roer hierdie teenstrydigheid op die 1979-beraad aan met sy verwysing na Rooms-Katolieke immigrante "wat nie noodwendig buite die Afrikanervolk val nie".

Hanf en andere (1981: 35) wys daarop dat sekere kerke in 1950 baie pertinent aangevoer het dat dit God se wil is dat rasse apart sal leef - elkeen met sy eie taal en kultuur. By die 1982-Gildeberaad beskryf Brink die verband tussen die verskillende Suid-Afrikaanse subsisteme en beklemtoon hy die rol van die religieuse sisteem daarin:

*Om te kon slaag as ideologie en as praktyk, moes apartheid veel verder gevoer word as 'n politieke beleid: dit moes 'n proses van geestelike imperialisme in werking stel om so na as moontlik die totale lewe in Suid-Afrika te betrek. Onderwys, kultuur, sosiologie, alles het algaande meegewerk. En ook die kerk. Spesifiek die kerk. Spesifiek die N.G. Kerk se rol in die apartheidspolitiek oor die afgelope dekades was nie maar toevallig of periferaal nie, maar fundamenteel: sonder die aktiewe steun wat die kerk gebied het, sou apartheid nooit die monster kon word wat dit geword het nie. (Brink, 1985c: 167)*

Met "kerk" en "die religieuse sisteem" word hier hoofsaaklik die drie (tradisionele) Afrikaanse susterskerke bedoel. Die Engelstalige kerke staan in die tydperk waaroor die ondersoek handel, oor die algemeen 'n meer liberale tradisie van gelykheid tussen verskillende groepe voor (Villa-Vicencio, 1988: 24).

Uit navrae wat **Die Vaderland** (Mocke, 17/9: 4) in 1982 onder skrywers gedoen het, blyk dit dat die meeste Afrikaanse skrywers nie aanklank by hierdie tradisionele Afrikaanse kerke gevind het nie. Hulle voer apartheid (wat hulle met onderdrukking gelykstel) as die rede hiervoor aan. Hierdie kwessie is deur Brink op die voorgrond geplaas nadat hy die NGK tydens die 1982-Gildeberaad daarvan beskuldig het dat die kerk skeiding tussen die blanke en die gekleurdes bewerkstellig deur gekleurdes nie in die kerk toe te laat nie. Die persepsie dat die Afrikaanse kerk en die regering dieselfde oortuigings deel, het in so 'n mate posgevat dat daar by tye na die NGK verwys is as "die Nasionale Party in gebed" (Muller, 1989: 11). Die verbintenis van Afrikaans met die Nasionale Party word deur Gerwel beklemtoon op 'n Gildeberaad as hy verwys na Premier Vorster se woorde in 1968: "Die Nasionale Party het Afrikaans en die Afrikanerdom tot stand gebring" (Gerwel, 1985b: 41).

Nog voor die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, aanvaar die NGK van Transvaal op 'n sinode reeds 'n voorstel om apartheid en rasseskeiding te handhaaf. Die volgende uitgangspunte het hier gegeld: "Die beleid van die kerk is gegrond op die beginsel van rasse-apartheid en voogdyskap, soos in Gods woord vasgelê"; en: "As algemene beginsel is vasgelê dat Gods vloek op die opheffing van grense rus, maar die seën op die eerbiediging daarvan" (Muller, 1989: 10).

Binne kerkgeledere was daar nie eenstemmigheid rakende die interpretasie van rasse-aangeleenthede nie. Gedurende 1982 het die NGSK (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) apartheid byvoorbeeld as sonde bestempel en 'n Skriftuurlike verdediging van apartheid as kettery aanvaar. Hulle het dit ook so in hul konsepbelydenis aanvaar (Wiese, **Beeld**, 24/1/1984: 9). Die siening van die NGSK dat apartheid kettery is, plaas groot stremming in die verhouding met die blanke NGK. Dit was eers onder J.A. Heyns se leiding dat die apartheidsteologie in 1984 verwerp word. Hierdie nuwe interpretasie lei egter tot kerkskeuring (Muller, 1989: 11). In 1986 verklaar die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke apartheid ook tot kettery (König, 1989: 22) en in 1989 voer die NGK se leierskorps op Vereeniging eweneens aan dat die ideologie van apartheid kettery en in stryd met die Bybel is (Muller, 1989: 10).

Volgens 'n De Klerk-toespraak soos dit in **Die Transvaler** (6/8/1990) verskyn het, blyk dit dat die toenmalige President glo God wil hê die Afrikaner moet op 'n versoenende manier sy voortbestaan saam met ander vind. Aan die ander kant beleef die tagtigerjare ook nog enkele opvattinge soos dié van 'n Bybelkenner wat swartes na aanleiding van 'n paar Bybeltekste as diere sonder siele "bewys". Hierdie publikasie, wat verbied is (**Die Vaderland**, 24/12/1980: 40), illustreer duidelik dat die aanhaal van Bybeltekste buite konteks net so 'n skewe beeld kan gee as wat die geval met fiktiewe tekste is. Die feit bly staan dat die Bybel deur verskillende predikante en instellings verskillend verstaan word, dikwels in ooreenstemming met verskillende ideologieë. Dit sluit aan by sienings binne die resepsie-estetika dat betekenis by die leser lê en nie (net) in die teks nie.

Uit die reaksies op **Kennis** het dit in hoofstuk 2 en 3 duidelik geword dat daar reeds tekens was van verdeeldheid binne die Afrikaanse religieuse en kultuursisteem. Volgens Van der Walt ('n hoogleraar in Kerkgeskiedenis) was dit politieke verdeeldheid wat tot die kerkskeuring in Afrikaanse kerke aanleiding gegee het. Geen teologiese gronde kan volgens hom in die ontstaangeskiedenis van die NGK en die Nederduits Hervormde Kerk onderskei word nie. Verder is die toenadering van Engelse kerke deurentyd verwerp (Van der Walt, 1987: 14). Met die benaming "Engelse kerke" word bedoel die kerke wat lede van die SA Raad van Kerke is en die Katolieke Kerk, wat groot getalle swart lidmate het.

Die politieke sisteem het dus nie net die literêre en die samelewingsisteem verdeel nie, maar ook die religieuse sisteem. Dit greef die skrywers dat die Afrikaanse kerke die regering soms blindelings volg en die Skrif dienooreenkomstig interpreteer. In die tagtigerjare staan kerke, en selfs lidmate van een kerk, lynreg teenoor mekaar in hul standpunte oor sake soos onder andere apartheid en sensuur. In 1990 voel Johan Heyns dat die kerk se taak nie dié van 'n partypolitieke organisasie moet wees nie, terwyl Allan Boesak meen die kerk moet apartheid pertinent bestry (Van der Linde, 1990: 19).

#### 4.2.1 Kolonisering

Gedurende die agtiende eeu het humanitêre denkwyses in Brittanje en Europa begin posvat. Slawehandel is veroordeel en dit word in die negentiende eeu afgeskaf, ook in Suid-Afrika, maar Brittanje sit sy kolonisering gedurende hierdie tydperk toenemend voort.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar 'n stigma aan kolonisering gekleef. Die Suid-Afrikaanse regering, met sy apartheidsbeleid op die wetboeke, is dwarsdeur die wêreld aangekla weens kolonialisme, imperialisme, fascisme, onderdrukking en die verontagsaming van menseregte (Duvenhage, 1978: 164). Van der Merwe sê in die werk **Breaking Barriers: Stereotypes and the changing values in Afrikaans writing 1875-1990** (1994) dat Afrikaanse literatuur aanvanklik geskryf is vanuit die wit manlike Calvinistiese oogpunt met 'n negatiewe stereotipering van die "ander". Van der Merwe meen daar is 'n ideologiese verband tussen die drie soorte literêre stereotipering (naamlik die etniese, geslagtelike, en religieuse/Calvinistiese stereotiperings) wat uit hierdie literatuur gegroei het in die vorm van Calvinistiese, nasionalistiese patriargie. Margreet de Lange beskou Van der Merwe se werk egter nie as 'n genuanseerde ondersoek op die gebied van stereotypes nie (1995: 142-144). Brink beskryf die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog as 'n era waartydens daar 'n soort "inbuig-drang" geheers het. Hy bring ook die latere oorlog in Viëtnam in verband met die taak wat hy as skrywer op hom neem:

*...iets soos die oorlog in Viëtnam het oor die hele wêreld 'n nuwe sin vir kollektiewe verantwoordelikheid laat wakker word wat in die roman móés deurwerk. En gepaard met Viëtnam het rasseverhoudinge vir die wêreld belangrik geword: nie as tydverdryf of inmengerigheid nie, maar omdat dit die voortbestaan van die mens self raak. Terwyl ons in Suid-Afrika juis in die hart van so 'n situasie sit, kan ek nie meer vandag daarvan ontkom nie. Trouens, toe ek in 1969 uit Parys teruggekem het, was dit uitsluitlik met die doel om voortaan my verantwoordelikheid in die situasie te aanvaar. Ek kan nie meer sit en skryf oor 'n liefde tussen twee mense as sodanig terwyl daar kinders om my doodgaan van die honger nie. Dit het vir my 'n sweer in Sestig geword.*

*Dit is deel van die landskap wat in die roman óópgeskryf moet word. (Brink, 1973b: 118)*

Hierdie pleidooi vir betrokke skryf sluit aan by wat hy in 1968 in *Kol* geskryf het (sien hfst. 2, 2.2), naamlik dat hy nie bloot oor 'n romantiese liefde kan skryf terwyl mense in sy land honger ly nie.

Teen 1900 was die hele Afrika met uitsluiting van Liberië en Ethiopië gekoloniseer. Dit was in die na-oorlogse jare dat nasionalisme in Afrikalande ontwaak het. Hierdie nasionalisme het veroorsaak dat hulle onafhanklikheid van koloniale magte geëis het. In Afrika het koloniale beheer sowat honderd jaar geduur, tot ongeveer 1970 (Boahen, 1987: 91). Suid-Afrika is aanvanklik deur Nederland en later deur Engeland gekoloniseer. Net soos dit die geval met die ander Afrikalande was, het ons hier volgens Hanf met **eksterne kolonisering** te doen. Dit beteken dat die onderdrukker en onderdrukte in verskillende lande is. Die Suid-Afrikaanse situasie van ná die einde van eksterne kolonisering tot redelik onlangs, beskryf Hanf (1981: 46) as **interne kolonisering**, wat hy as veel meer ontwrigtend as eksterne kolonisering beskou. Hiervolgens was die Suid-Afrikaanse opset - demokrasie vir net een kategorie van sy inwoners - tiperend van hierdie patroon wat koloniale Westerse demokrasie gevolg het. Hanf noem in sy werk 'n paar kenmerke van die patroon wat koloniale Westerse demokrasieë gevolg het. Een van die kenmerke is dat koloniseerders plaaslike hulpbronne uitgeput het. Koloniseerders (blankes) het volle politieke regte geniet terwyl inboorlinge aan outoritêre magte onderwerp is. Die gekoloniseerdes het wesenlik geen deel aan besluitneming op regeringsvlak nie en liberales, oftewel diegene wat gelykheid tussen verskillende groepe voorstaan, se menings is onderdruk. Die minderheid het voordele geniet ten opsigte van nasionale inkomste. Geboortebepanking word deur gekoloniseerdes geïgnoreer as uiting van "biologiese nasionalisme".

Hanf reageer op die Wet op Bantoe-onderderrig van 1953 as hy die stelling maak dat die onderwysstelsel op só 'n wyse funksioneer dat die gekoloniseerde geen bedreiging vir die koloniseerder inhou nie. Hierdie onderskeidmaking kom neer op 'n minderwaardige onderwysstelsel (Hanf, 1981: 26). Giliomee en Schlemmer wys op

dr. Verwoerd se verklaring in 1954 as Minister van Bantoesake dat swart kinders nie voorberei moet word om in 'n wit gemeenskap opgeneem te word nie: "There was no place for him (the Bantu) in the European community above the level of certain forms of labour" (aangehaal in Giliomee en Schlemmer, 1990: 52). Verwoerd het gevoel dat swart kinders se onderwys afgestem moet wees op hulle eie gemeenskapsbehoefes.

Carpenter (1937: 57) wys daarop dat wette swartes die besit van grond in Suid-Afrika ontsê het sodat daar nie juis 'n ander keuse vir hulle was as om op die blankes se plase en in myne te werk nie. Nie net kolonisering het die swart Suid-Afrikaner van sy grond beroof nie, ook die Groot Trek en grensoorloë het 'n verlies aan grond by die swartmense tot gevolg gehad. Die 1913 "Naturelle Grond Wet" het onder andere bepaal dat alle grondtransaksies tussen wit en swart onwettig is. Hierdie wet was sekerlik een van die wette met die verreikendste gevolge op politieke gebied, want dit het die swak betaalde arbeider immobiel op die plase gelaat. Verdere wetgewing in 1939 het bepaal dat geen swart- of bruinmens grond buite gereserveerde terreine mag besit nie (Macmillan, 1968: 20-21). Die verbod op huurkontrakte met werkers is eers in 1986 opgehef, maar toe was die swart- en bruinmense reeds geweldig verarm en gedwing om as arbeiders te werk. Dit was gedurende hierdie tye dat die stamstelsel begin ontbind het en families opgebreek is. Vanaf die tagtigerjare mag swartmense huise koop en is handel meer geïntegreerd, maar die groot meerderheid beskik oor geen ekonomiese mag nie.

Gekoloniseerdes het volgens Van Jaarsveld (1975: 39) as 'n bron van goedkoop arbeid gedien tot voordeel van die koloniseerder. Die blankes van Suid-Afrika het juis om hierdie rede nie die inheemse bevolking uitgeroei soos dit in die Verenigde State gebeur het nie; hulle is gebruik in die opbou van die ekonomie. Werksituasies was van so 'n aard dat die swartmense nie 'n bedreiging vir blankes kon wees nie. "The condition of successful exploitation is abundant cheap labor" (Carpenter, 1937: 57).

*Consequently, Africans should exercise and have rights only in their own areas and communities. Economically, white workers should be*

*protected in the labour market to enable them to maintain their living standards.* (Giliomee en Schlemmer, 1990: 54)

Groot verskille in inkomste en besittings het langs kleurlyne geskied. Klas en ras was twee konsepte wat moeilik van mekaar geskei kon word. Dreyer skryf in sy inleiding tot 'n boek wat sogenaamde Afrikaner-liberalisme as tema het, oor die welvaart wat "ons" (hiermee bedoel hy klaarblyklik Afrikaners) na die Tweede Wêreldoorlog beleef het:

*Binne enkele dekades het ons iets vir die eerste keer beleef wat in ons hele geskiedenis nie bestaan het nie, nl. dat 'n groot aantal Afrikaners baie ryk is, dat groot Afrikaanse maatskappye tot stand kom, dat niemand hom oor werk hoef te bekommer nie en dat elkeen wat wil werk, goed kan verdien.* (Dreyer, 1977: 22)

Vanaf 1979 is werkreservering vir blankes eger wetlik ophef in Suid-Afrika (Giliomee en Schlemmer, 1990: 124). Nog 'n kenmerk was dat die tradisionele politieke struktuur van die gekoloniseerde in die nuwe politieke struktuur van die koloniseerder geïnkorporeer is om onder andere belastinginvordering en onderwysinstellings te akkommodeer. Met die inkorporering van die tradisionele by die nuwe, verloor die tradisionele volgens Sathyamurthy, (1983: 22) sy legitimiteit sodat die gekoloniseerde dit uiteindelik verwerp. Hy sê vervolgens dat ideologiese gebaseerde standpunte ten opsigte van gekoloniseerdes gebaseer is op mites aangaande rasse en hulle religie (Sathyamurthy, 1983: 23). In Suid-Afrika is die swartman soms as "heiden" en "tribesman" beskou, aldus Hanf (1981: 29). Hierby sluit Brynard (1989: 24-25) aan:

*Onder die oumense is die bruin- en swartman te dikwels beskou as ons mindere. Hy is 'n arbeider, 'n slaaf. Ons kom uit daardie orde, daardie patroon. Uit die tyd dat ons ons rol in terme van voogdyskap gesien het, dat ons gemeen het ons moet die bruin- en swartmense "opvoed en kersten".*



Macmillan (1968: 23) beskryf dié situasie soos volg:

*The Boers, indeed, with all their qualities and virtues, carried Puritan manners and tradition into the nineteenth century, and applied the Old Testament as their standard of conduct towards the coloured races. The curse of Ham was taken as gospel. Or again the dark races were Amalekites and Canaanites to be smitten hip and thigh, and wherever possible driven out: but there was always a reservation in favour of sufficient Gibeonites to be hewers of wood and drawers of water.*

Velkleur was die hoofkriterium van differensiasie. Die Transvaalse Republiek het byvoorbeeld in sy grondwet van 1858 bepaal dat daar geen gelykheid tussen Swart en Wit is nie, nie in die Staat of in die kerk nie (Patterson, 1957: 73).

Geweld is volgens Sathyamurthy (1983: 27) een manier waarop gekoloniseerdes hulle situasie hanteer. Dit lei daartoe dat die betrokkenes ondergronds gaan en hul aktiwiteite op daardie manier voortsit. Sathyamurthy (1983: 29) beskou geweld as 'n natuurlike uitvloeisel van koloniserings.

Volgens Boahen (1987: 109) is die ergste sosiologiese gevolg van interne koloniserings sielkundig van aard, naamlik die vernedering van die gekoloniseerdes wat lei tot 'n verlies aan menswaardigheid. Daar bestaan egter onder navorsers uiteenlopende menings en teorieë oor hoe die slaweverlede afstammeling se sosiale identiteit beïnvloed het. Die uiteenlopende menings hieroor maak dit dus moeilik om werklik tot gevolgtrekkings te kom oor die slawetydperk se invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing. R. Ross (1983) se teorie is dat daar min sprake van 'n gevoel van gemeensaamheid ('n gebrek aan die geleentheid om 'n gemeenskap te vorm) onder slawe-afstammeling is, terwyl Adhikari (1989) te kenne gee dat daar wel 'n groepsidentiteit bestaan op grond van velkleur.

Wat die Suid-Afrikaanse situasie as interne koloniserings tipeer, kan in 'n groot mate binne die wêreld-konteks beskou word: in 1948 is die verklaring van menseregte deur die Verenigde Volke aanvaar, dié jaar waarin die Nasionale Party aan bewind gekom

het en apartheid op die wetboeke geplaas is. Volgens Anton Steenkamp, kandidaat-prokureur van Johannesburg (*Vrye Weekblad*, 12 - 18/7/1991: 28), is menseregte in daardie jare in Suid-Afrika as 'n bosc ideologie voorgelou. Afrikaners is volgens hom nooit ingelig oor menseregte nie, of verkeerd ingelig. Johan Degenaar (1993: 239) definieer 'n mensereg as "'n *morele* aanspraak op menswaardige behandeling". Hy wys daarop dat persepsies oor menseregte van mens tot mens verskil: die **sosialistiese beskouing** laat die klem op die regte van die samelewing as geheel val en bemoei hom met die skep van sosio-ekonomiese kondisies waarbinne alle persone in staat sal wees om hulle regte uit te oefen: die **liberale beskouing** laat die klem val op die vryheid van die individu terwyl die Dêrwêreldbenadering die aandag vestig op die stryd om oorlewing, die uitwissing van hongersnood, armoede en koloniale strukture (Degenaar, 1993: 248). Dit is nie te sê dat ander lande nooit hierdie basiese menseregte geskend het nie - rassediskriminasie het reeds 'n lang pad gekom en rassese segregasie was in Suid-Afrika en ook ander lande soos Amerika 'n lewenswyse. Wat die internasionale gemeenskap egter negatief teenoor Suid-Afrika gestem het, is die feit dat apartheid as wetlike instelling lynreg in teenstelling met hulle wetlike en normatiewe opvattinge was, naamlik die reg wat ontsê is ten opsigte van selfbeskikking, diskriminasie en misdade ten opsigte van die onderdrukte deur die politieke sisteem. Hieroor het daar na die Tweede Wêreldoorlog internasionale konsensus bestaan. Die Suid-Afrikaanse politieke sisteem is sodoende geïsoleer in hulle denkwysse. Die buitelandse politieke sisteme het dit veral teen die wetboekdiskriminasie gehad en dat die ontkenning van menseregte oor die boeg van velkleur gegooi is, in 'n tyd toe demokratiese idees ná die trauma van die Tweede Wêreldoorlog wyd posgevat het.

#### 4.2.2 Dekolonisering

In Verwoerd se tyd neem 'n poging tot dekolonisering en die verwydering van die "gevaar van swart oorheersing" in Suid-Afrika die vorm aan van onafhanklike state. Charles Malan (1990a: 28) meen heeltemal tereg dat hierdie stap nie sonder probleme was nie:

*Hoewel apartheid 'n deurslaggewende rol in die verdeeldheid gespeel het, was dit natuurlik hoegenaamd nie die enigste ideologiese sondebok nie. Nadat die breuk met 'n koloniale verlede vanaf 1948 in alle erns begin is, was die spoke van kolonialisme, imperialisme en Europa-gesentreerdheid op kulturele vlak nog lank nie verdryf nie.*

Die uiteinde was 'n nuwe soort kolonialisme en klein, arm, swart tuislande wat afhanklik is van 'n groot, ryk, wit Suid-Afrika waar 'n minderheidsgroep die meeste mag gehad het (Hanf, 1981: 46).

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het in die sewentigerjare getoon dat dit in die praktyk op blanke bevoorregting neergekom het. In 1990 verskyn 'n artikel van J.N.J. Kritzinger in *Die Suid-Afrikaan* (1993: 30) waarin hy beweer dat Britse kolonialisme in 1910 beëindig is, maar dat die Suid-Afrikaanse samelewing nog steeds kolonialisties is vanweë die patroon van grondbesit en die feit dat die regte van die swart meerderheid, onder 'n wit minderheidsregering, nie in die grondwet verskans is nie. Volgens hom vind koloniale rassisme uiting in dade soos die onteiening van grond, gedwonge verskuiwings, paswette, trekarbeid, werkreservering, minderwaardige onderwys en swak mediese dienste. Hy praat van 'n "koloniale bewussyn" wat tot stand gekom het deur die "materiële omstandighede van ekonomiese en politieke mag wat witmense oor swartmense het".

Dit is teen sodanige omstandighede dat Brink dit in sy werk en in sy openbare optrede het. Sy ideologiese uitgangspunte manifesteer hulle in sy romans én in van sy nie-fiktiewe werke. In *Mapmakers* (1983a: 162), 'n werk wat die sosiale en politieke wahtoestande in Suid-Afrika uitwys, stel hy sy doelwit as "konkrete" skrywer duidelik. Hy wil die werklikheid van die Suid-Afrikaanse situasie soos hy dit ervaar, aan sy lesers openbaar. Hy spreek hom onder andere teen die koloniserende kragte uit as hy sê: "And it is part of the horror of the South African situation in 1978 that the slave-owner mentality exemplified in the case of 1825, still forms a main ingredient in the social and political thinking of this government." Brink skryf op dertienjarige ouderdom 'n ongepubliseerde jeugverhaal, *Vakansie in die Noorde* (Brinkversameling UOVS), in dieselfde jaar waarin apartheid by ons op die wetboeke

geplaas is, waarin hy slawerny afkeur. Hierdie tema is in ooreenstemming met latere werke soos **Kennis en Hou-den-bek** (1982) wat ook van 'n sterk sosiale bewussyn spreek.

In Mei 1991 sê Brink (1991a: 7) by Stellenbosch in 'n lesing getiteld **Art and freedom: aesthetics redefined**:

*In exactly the same way as missionaries, usually with the best of intentions!, brought Christianity to Darkest Africa in order to inculcate in poor heathens the patience to accept their oppression as their immutable fate offering them a recompense hereafter; and in the same way as Verwoerd manipulated Bantu education to ensure that blacks would never rise above their station, culture - and specifically the arts, literature - has been used since time immemorial to insure that the boat of power is not rocked by the deprived and the so-called "depraved".*

Dit is duidelik dat Brink die politieke sisteem en die Afrikaanse literêre sisteem nie los van sy geskiedenis van kolonialisme, slawerny en apartheid kan sien nie. Oor die prosa van die sestigerjare wat op die estetiese toespits was, sê Brink: "Die Afrikaanse prosa het in die loop van die afgelope dekade 'n bewuste stryd gevoer om van kolonialisme tot selfregering te vorder" (Brink, 1968a: 2). Die sestigerjare met sy nuwe temas noem Brink (1973b: 26) die tydperk van die dekolonisering van die prosa in Suid-Afrika.

Hy voel die intellektueel moet die blanke publiek bewus maak van die eksploitasie van die gekleurde en spreek hom uit teen die diskriminerende Bantoe-onderwys (vgl. hfst. 5, 4.8). Daar is byvoorbeeld meer geld aan die wit kind se skoolopleiding spandeer as aan die swart kind s'n. Hein Willemsse (1993) vertel van Piet Uithalder, 'n swart rubriekskrywer by die tydskrif A.P.O., se rubriek wat "Straatpraatjies" geheet het. (In 1996 verskyn die boek **Straatpraatjies** onder leiding van Mohamed Adhikari). Die tydskrif waarin hierdie rubriek verskyn het, was die lyfblad van die African Political Organisation/Die Afrikaansche Politieke Organisasie en het die bruinman as teikengroep gehad. Willemsse haal die rubriekskrywer aan uit A.P.O. 23/10/1909

(1993: 73). Volgens Willemse (1993: 71) moet hierdie stuk gelees word as 'n belangrike beginpunt in die stryd teen interne kolonialisme en die Afrikaner oorheersing wat toe reeds begin het: "...Stoffel se hij het gehoor dat die rede waarom hulle minner edekatie ver die bruine wil ge is hom ons te veel die A.P.O. lees, en die goed wil te veel op die Kiezers lijst kom." Terwyl die Afrikaner hulle dus nasionaal gemobiliseer het, het van die bruinmense hulle stemme dik gemaak.

In 1979, sewentig jaar na Uithalder se protes teen interne kolonialisme, verskyn 'n boek van S.S. Barnard oor **Blanke onderwys in Transvaal** waarin hy die saak rondom die blanke opvoedkundige sisteem só sien:

*Die onderwysstelsel is dus eie aan 'n bepaalde volk, dit wil sê van 'n groep mense met dieselfde herkoms, religieuse oortuiging, taal, territoriale gebied, politieke soewereiniteit, ens. In die (nasionale) onderwysstelsel is 'n normatiewe korrelasie van kultuur - waaronder ook die onderwysstelsel en die betrokke grondmotief noodsaaklik. Versteurings van die nodige korrelasie kom dikwels in oorgangstye voor, veral wanneer 'n volk onder vreemde beïnvloeding kom. (Barnard, 1979: 1)*

Volgens Barnard (1979: 4) is 'n slaweskool in 1658 gestig wat dit ten doel gehad het om die slawe Hollands te leer sodat hulle godsdiensoonderrig kon ontvang ten einde aan hulle eienaars beter diens te kan lewer. Villa-Vicencio (1988: 44) sluit hierby aan:

*The Christian Express, mouthpiece of the missionaries at Lovedale, was remarkably explicit in an editorial written in 1878, in defining the social goal of the Christianization process: "We want to see the natives become workers... And...we believe Christianity will be a chief cause of their becoming a working people."*

Brink (1991b: 8) meen in 1991 dat die proses van dekolonisering nog nie voltooi is nie, want die land bevind hom in 'n staat van revolusie wat nie tot uitvoer gekom het nie. Brink het in daardie jare boikotte om veranderinge in die land teweeg te bring, ondersteun.

### 4.3 BRINK SE UITLATINGS OOR BOIKOTTE TEEN SUID-AFRIKA

Die opvoedkundige sisteem was vir Brink 'n teer saak wat hy gevoel het dringende aandag verg. Oor 'n enkele onderrigstelsel vir alle rasse, voel Brink (1983a: 92), moet daar druk uitgeoefen word:

*However, for as long as the Government refuses to accept a single education system for all races - as recommended in 1981 by its own De Lange commission - this will remain one of the danger points in the country. It certainly is a territory where increasing pressure for cultural change should be exerted; and it seems to me that universities can play a major role in establishing a proper basis for such development. The possibilities, however small, have been created. What is now required is sustained and unremitting pressure.*

Die feit dat die beleid soos hy dit hierbo voorgestel het sedertdien ingestel is, wys op die profetiese aard van sy gesprekke oor die samelewingsisteem van Suid-Afrika. Hy het ook die sportboikotte heelhartig ondersteun. Sy aanbeveling was: "Since sport has proved to be an Achilles heel in the body of apartheid, this form of pressure should be used until the whole organism is destroyed" (Brink, 1983a: 92). In **The Star** van 20 Junie 1984 berig Roy Carson oor Brink se uitlatings in verband met 'n ekonomiese boikot: "The world should 'bombard' South Africa with liberal ideas instead of organising boycotts in opposition to apartheid, says South African writer André Brink." Hiervolgens voel Brink dus dat 'n ekonomiese boikot Suid-Afrika eerder verswak as help.

Brink het gedurende die jare van boikotaksies teen Suid-Afrika taamlik konsekwent onderskei tussen kultuur se "verbruikersdimensie", waar hy boikotte ondersteun het, en kultuur as betekeniskeppende aktiwiteit (boeke, film, drama ens.), waar hy boikotte teengestaan het. Gedurende die tagtigerjare het boikotaksies uitgebrei. Met die instel van nuwe boikotte (wat meer as net sport insluit) deur Europese lande, beleef Suid-Afrika in 1980 ook kulturele boikotte. Brink loods aanvanklik 'n striemende aanval op die betrokke lande. Hy wys daarop dat hierdie lande

kapitalisme, imperialisme en kolonialisme as 'n groter sonde beskou as Kommunisme. Hierdie mening word in **Trouw** - 'n Nederlandse koerant - gepubliseer (**Die Republiein**, 11/1/1980: 6). Brink gee in 1970 te kenne dat hy nie in 'n kulturele boikot glo nie. Hy praat hier van 'n boikot in die sin van boeke, opvoerings en buitelandse persone wat nie toegelaat word om die land binne te kom nie. Sy rede is dat dit verandering teenwerk.

Oor hierdie kulturele boikotte huldig hy egter later verskillende standpunte. In 'n hoofskrif in **Onze Wereld** (November 1985: 22) word Brink aangehaal: "Sla Suid-Afrika zo hard als je kunt." Hy voel ligte vermaak moet geboikot word omdat Suid-Afrikaners hulleself bluf dat die buiteland gebeurde in Suid-Afrika aanvaarbaar vind as gevolg van besoeke van kunstenaars wie se sterre nie meer so helder skitter nie. Namate hy meer by die ANC betrokke geraak het in die tagtigerjare, het hy die ANC se beleid oor boikotte al hoe meer onderskryf. Sedert die ANC ontban is, het hy hom egter nooit weer ten gunste van boikotte uitgespreek nie.

Brink skud Suid-Afrika in 1988 met sy verklaring uit Parys dat hy die ANC steun. Op die vooraand van die negentigerjare skaar Brink hom by die ver-linkes met sy ondersteuning van die kulturele boikot. Die verhouding tussen Brink en 'n groot deel van die samelewingsstelsel kom hierdeur weer op 'n ongelukkige wyse in die gedrang. As een van die sowat veertig skrywers wat in Lusaka samesprekings met die ANC voer in 1989, ondersteun hy die kulturele boikotte:

*Wat boikotte verdien is persone: akademici, sportlui, kunstenaars, kulturele persoonasies en dies meer wat eenvoudig om selfsugtige redes die land wil binnekam (of in die buiteland wil gaan reis) sonder dat die stryd vir demokratisering 'n jota daardeur bevorder word... Want die doel van die boikot is nie inhibering nie, maar bevryding; en derhalwe die isolering van die apartheidsbewind op elke denkbare manier, insluitende die kulturele. (Brink, 1989c: 105)*

In 1990 gee Brink in 'n onderhoud met die SAUK in die kunsprogram **Collage** te kenne dat hy die boikot nog steeds ondersteun: "Apartheid is nie iets van die verlede

nie en ons leef steeds in 'n hoogs abnormale gemeenskap" (Roos, **Beeld**, 20/11/1990: 1).

Brink het gevoel dat boikotte ten opsigte van betekenisheppende aktiwiteite tog wel hulle doel dien as die regime kultuurprodukte gebruik om sy eie magsbasis te verstewig. In al sy optredes oorsee het hy dit benadruk dat die enigste mense wat oor boikotte mag besluit, die swart Suid-Afrikaners is, omdat hulle die mense is wat die hoogste prys moes betaal. Brink se gevoel in hierdie verband was dat dit vir hom as blanke obseen sou wees om "boikot!" te skree as dit hom nie sou raak nie, maar die swart Suid-Afrikaners wel.

Ten tyde van die kultuurberaad by Stellenbosch in 1991, word dit byvoorbeeld duidelik dat Brink die kulturele boikot in heroowering neem: "Die behoud van die kulturele boikot kan nou binne landse kreatiwiteit strem en buitelandse begrip van koers af bring" (**Beeld**, 7/5/1991: 1). Brink het by hierdie beraad as spreker opgetree. Sy onderwerp het oor kuns en vryheid in die Suid-Afrika ná 1990 gehandel. Alhoewel hy 'n nuwe siening oor die boikot huldig, meen hy dat dit 'n goeie doel gedien het. "Die boikot was daarop gemik om 'n regime te isoleer, nie 'n volk nie" (**Die Burger**, 14/5/1991: 7). Hy voel die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel moet met nuwe idees gehombeerde word.

Brink het jare lank bande met die ANC in die buiteland gehad. Sy Lusakabesoek is in koerantopskrifte uitgehasuin. Hy bepleit die wettiging van die ANC en ander politieke organisasies, die vrylating van die politieke gevangenes, die onttrekking van troepe uit die swart woongebiede en die opheffing van die Noodtoestand. Brink kritiseer ook die religieuse sisteme wat apartheid voorstaan. Hy voel hy kan hom nie vereenselwig met die sogenaamde Christen wat direk of indirek meewerk tot die onderdrukking van sekere groepe in die land nie.

#### **4.4 VERVREEMDING TUSSEN BRINK EN DIE GEORGANISEERDE KERK**

Brink skok Suid-Afrika as hy die volgende sê:



*Vandag is ek voor God skaam om te moet sê dat ek 'n Afrikaner is, dat ek in Afrikaans skrywe, dat ek 'n volk en taal moet dien wat al verder wegdryf van alle norme van die Christelike beskawing. (Die Burger, 31/5/1965)*

*Die Afrikaanse kerk skaar hulle by die haatdraers en die verdagmakers. (Die Vaderland, 23/2/1973)*

*Feitlik niemand wat in die naam van Christus praat, kan in die naam van die Afrikaner praat nie. (Die Vaderland, 11/12/1975)*

*Ek is geen Christen nie en ek benader my onderwerp van sommige aspekte van kultuur en apartheid dus nie as 'n Christen nie. (Die Vaderland, 7/7/1976)*

*Ons skryf los van die Kerk en die Bybel. 'n Afrikaanse skrywer hoef hom nie aan die waardes van sy Kerk in die Bybel te hou nie. (Dagbreek, Mei 1976)*

*...sonder die aktiewe steun wat die (NG-)kerk gebied het as basis en inspirasie vir die hele ideologie, sou apartheid nooit die monster kon word wat dit geword het nie. (Brink, 1985c: 167)*

Terwyl Brink hierdie uitlatings gemaak het, was **Kennis** nog verbode leesstof. Kritiek wat hy in hierdie tyd kry, is dat sy werk nie "ophouend" en "mooi" is nie: "Daarom, professor, kan kuns met seks en perversiteit as tema nie in hierdie faksie van ons volk aanvaar word nie", sê 'n brieffskrywer in **Die Vaderland** (9/1/1976).

Onder die skuilnaam Eng na binne, na buite verlig (**Beeld**, 23/10/1975: 10) laat 'n brieffskrywer hom/haar onder andere só uit teen Brink:

*Kan prof. Brink dan nie begryp nie dat ons as publiek en jong mense na iets soek met 'n opheffende tema?!!! Ek kan nie verstaan hoekom die verlagendste menseverhoudings en optrede dan die enigste temas is wat kan dien as letterkundige werke nie!*

*Indien prof. Brink en sy medeskrywers dus oor niks anders kan skryf nie, moet hulle maar gerus al hulle werke in Brittanje laat "verskyn".*

*Mag ons dierbare Suid-Afrika bewaar word van dieselfde ondergang as Brittanje! Aan ons regering ál ons dank en agting vir hulle enge optrede na binne, want juis dit gee hul die stukrag om verlig na buite op te tree.*

'n Groot deel van wit Suid-Afrika neem nie genoeë met die feit dat Brink hom soms in oorsese dagblaie teen die Suid-Afrikaanse bestel uitspreek nie, al het hy dieselfde uitlatings in Suid-Afrika gemaak. 'n Koerantopskrif in **Die Burger** (26/5/1980: 9) lui byvoorbeeld s6: "Brink vertel Franse hy word dopgehou." Volgens die berig sou Brink op 'n Franse televisieprogram gesê het dat die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie hom dophou. Kerklui het soms striemende aanvalle op Brink geloods. In **Die Kerkbode** word Brink, Elienne Leroux, Breyten Breytenbach, en ander Afrikaanse skrywers as "diensknegte van die bose" beskryf. Dit is veral die eksistensialistiese strekking van die werke waarteen die skrywer, M.T.S. Zeeman, dit het. Hy meen dat die letterkunde in baie gevalle ná die Tweede Wêreldoorlog as draers van anti-christelike gedagtes funksioneer. Kru taal en die lelike wat uitgebeeld word, is in sy oë "onkuns" (**Die Onsterlig**, 9/2/1978: 9). Dr. Koot Vorster beskryf skrywers op sy beurt as "vuilspuite met stinkasems". Hy sê ook verder: "Teen skrywers wat as die vuilspuite van die samelewing opdrif, moet voortdurend opgetree word. Hulle ruineer ons volk" (**Oggendblad**, 12/4/1981: 4). Hy beskou D.J. Opperman se **Komas uit 'n bamboesstok** as "smerige abbarasies" en meen die bundel is totaal ontdaan van kuns (**Oggendblad**, 12/4/1981: 4).

Dit was egter Vorster se verwysing na skrywers as "vuilspuite" wat die verhouding tussen skrywers en kerkmense kwaai geknou het. In reaksie op Vorster se uitspraak word 'n mosie van Abraham de Vries, waarin sterk standpunt teen Vorster ingeneem word, op die 1979-Gildeberaad aangeneem:

*Die Afrikaanse Skrywersgilde het van tyd tot tyd met diepe verslaentheid kennis geneem van uitsprake deur dr. Koot Vorster oor Afrikaanse skrywers en hul werke, wat hy soms gelees het, soms nie.*

*Ons vind dit aanstoortlik dat hy sy uitlatings aanbied as die amptelike standpunt van die kerk. Ons weier om hierdie beeld van die kerk te aanvaar en versoek hom om in die vervolg sy uitsprake veral skriftuurlik te ondersoek of te laat ondersoek. (Die Volksblad, 2/7/1979: 2)*

Hierdie tipe konflik kom egter 'n ver pad. In 1964 met die bekroning van Sewe dae van Etienne Leroux met die Hertzogprys, het die waarnemende Scriba Synodi namens die Moderatuur van die NGK in Natal sy afkeer van hierdie boek uitgespreek in **Die Transvaler** (7/7/1964). Dr. A.P. Treurnicht en dr. J.D. (Koot) Vorster reageer ook negatief op hierdie werk in **Die Burger** (25/8/1964). **Die Volksblad** (22/8/1964) berig op sy beurt dat die Vrystaatse NGK nie met die bekroning van Leroux se werk saamstem nie. In 1965 skryf Brink in **Sestiger** (1965b: 7):

*In die taamlik eensydige stryd teen die letterkunde word daar voortdurend uit kerklike geleedere net die stemme van 'n klein groepie here gehoor wat namens die Here spreek, en wat daarvoor verkieslik 'n verbete, verbitterde, apodiktiese toon aanslaan. Word dit nie tyd dat die Kerk as instansie hom stadigaan ook begin bekommer oor party van dié sprekers in sy eie geleedere nie - of moet ons werklik aanvaar dat die stem van dié paar Savonarolas inderdaad die stem van die Kerk sêlf is?*

Ds. De Vos van Bloemfontein het skrywers egter gedurende en ná die 1978-beraad in talle briewe in die pers verdedig. Hy veroordeel onder andere Aksie Morele Standaard op grond van sektariese moralisme (Bekker, **Sunday Tribune**, 26/3/1978: 17). 'n Naamlose predikant van Johannesburg (**Die Vaderland**, 30/1/1974: 7) sê oor die reilegieuse sisteem se rol in die verbod op **Kennis**: "Met sulke optrede wis jy die simptoom uit, terwyl die siekte nog voortwoed. Brink raak beslis aspekte van ons samelewing aan wat sorg baar." Uit hierdie reaksie is dit duidelik dat dr. Vorster nie namens die hele kerk praat nie. Dr. Willem de Klerk maan ook op een van die Gildeberade: "Ons Christelike aggressie is dikwels opvallende moralisme wat met reëls en regulasies die sedelikheid wil red" (1985: 69). Hy voel dat Christelikheid in sulke gevalle soms onchristelik kan wees. De Vos se optrede by die 1980-Gildeberaad word soos volg deur **Die Transvaler** (Gous, 16/4/1980: 3) opgesom: "Dominee

striem teoël." Hierdie houding is direk in teenstelling met dié predikante s'n wat dankbaar staan teenoor die politieke sisteem vir die beperkings wat gelê word op die Suid-Afrikaanse literêre sisteme.

In 1979 kom ds. Vorster op die idee van die Credo-prys vir "skoon" letterkunde. Hierdie prys sou deur die NG Kerkuitgewers uitgelooft word as teenvoeter vir die Hertzogprys en "septiese kuns". Vir hierdie doel was daar reeds in daardie stadium R25 000 beskikbaar. Die skrywers het die draak gestee met hierdie prys. Brink spot dat selfs Hooglied nie aan die standaarde van die Credo-prys sal voldoen nie. "Die pryse vergelyk net so min met mekaar as 'n paddastoel en 'n roos", is die slotsom waartoe hy kom (Kritzinger, **Rapport**, 12/8/1979: 7). Alhoewel dit duidelik is dat daar wrywing tussen die literêre en die religieuse sisteme is, word die krale binne die religieuse sisteem al hoe meer sigbaar.

#### 4.5 VERVREEMDING TUSSEN BRINK EN DIE ESTABLISMENT

Brink (1976b: 21) sien in die vervreemding tussen die religieuse, politieke en die literêre sisteme of die samelewingsstelsel en die literêre stelsel iets "oer-gesonds", solank die "Toynbeaanse 'challenge' nooit te groot raak vir die 'response' nie". J.J. Degenaar (1985: 125) omskryf by die 1981-Gildeberaad vervreemding as: "'n verwydering tussen twee entiteite met negatiewe implikasies deurdat die kreatiewe moontlikheid van gemeenskaplikheid nie verwerklik word nie." Volgens hom ontstaan politieke vervreemding "wanneer een organisasie, byvoorbeeld die staat, die ander ruimtes só oorheers dat die individu nie die vryheid van assosiasie gegee word om sy moontlikheid in die ruimtes te verwerklik nie".

In hoofstuk 1 is daarop gewys dat tekens en die betekenis wat aan 'n teks geheg word kultuurgebonde is. Hiervolgens blyk dit dat literatuur as 'n sosiale produk gesien moet word wat vervleg is met die kulturele, politieke, religieuse en ander substelsel. Hierdie tipe interaksie tussen die literêre en die samelewingsstelsel, die boek en die leser, is 'n arena waarbinne hoogs emosionele uitlatings en botsende waardes hulle telkens afgespeel het in Suid-Afrika. By al hierdie substelsel speel ideologiese ondertone 'n rol. Die woord "gemeenskap" word in hierdie hoofstuk hoofsaaklik

binne die konteks van die Afrikanerestablishment of "volk" gebruik. Degenaar definieer 'n gemeenskap by die Somerskool van Sestig (1973: 153) as mense wat saam gegroep word op grond van 'n gemeenskaplike kultuur, taal, godsdiens, ideologie, selfbeeld, ensovoorts: "Wanneer 'n mens na 'n samelewing kyk, nie op geografiese grondslag nie, maar op kulturele grondslag."

In die sestigerjare stel Brink die volgende vraag in verband met die interaksie tussen die literêre sisteem en die samelewingsisteem: "Die sogenaamde massamens vind dit al moeiliker om die roman te verstaan, maar was die kuns ooit bedoel vir die breë massa?" (*Die Transvaler*, 15/4/1975: 6). Twintig jaar later antwoord hy egter op aantygings dat hy blitsverkopers skryf dat die idee dat iets goed is as dit net deur 'n sekere elite verstaan word, 'n "totaal ongelukkige" verskynsel is (*Die Volksblad*, 5/10/1985: 7). Brink se werke van veral die sewentiger- en tagtigerjare is 'n direkte aanklag teen die wit oorheersde Suid-Afrikaanse samelewing. Op die 1975-Gildeberaad sê hy dat diegene wat betrokke literatuur wil skryf, nie gekeer moet word nie: "Dit sou skrikwekkend wees as 'n hele fase van die literatuur moet verbygaan waar geen seismografiese registrasie was van wat op die oppervlak van die volk aangaan nie" (Brinkversameling UOVS). Dit is duidelik dat Brink die literêre sisteem as barometer van die samelewing sien.

Brink lui hierdie fase met die uiters omstrede anti-apartheidsboek **Kennis van die aand** (1973a) in. Tydens die verbodtydperk op **Kennis** publiseer Brink 'n **Oomblik in die wind** (1975), **Gerugte van reën** (1977) en 'n **Droë wit seisoen** (1979). Hy probeer om die publiek, wat oningelig is weens sensuur, daarvan te oortuig dat apartheid onregverdig en onmenslik is. Hiermee haal Brink hom skerp kritiek op die hals vanuit politieke, gemeenskaps- en kerkgeledere.

Die afgelope aantal jare beleef Suid-Afrika 'n lewendige debat oor die hele spektrum van sosio-politieke vraagstukke. Hierdie debat word ook tydens besprekings by Gildeberade en ander letterkundige kringe gevoer. Die temas wat hulle in hierdie verband voorgedoen het, sentreer rondom vroeë soos: Staan die skrywer nie te afsydig teenoor sy gemeenskap nie? Is dit nog geldig of waar om te redeneer dat die pen die skrywer se swaard is? Watter rol moet skrywers, akademici en die literatuur vervul

ten opsigte van die kulturele boikot teen Suid-Afrika? Is die kulturele boikot net nog 'n vorm van sensuur? In watter mate is skrywer en gemeenskap vervreem? Het betrokke skryfery die geografiese of die mens in die samelewing as maatstaf? Die Franse het Brink in die tagtigerjare beskou as "Un Boer en colère" - 'n boer wat (vir sy gemeenskap) boos is (Beeld, 15/10/1983). Maar wat is die implikasie van 'n boer wat vir sy eie mense "kwaad" is - 'n skrywer wat hom sonder veel voorbehoud op die sosio-politieke terrein begewe? Kan so 'n skrywershouding tot die hervorming van 'n gemeenskap bydra? Hoe reageer so 'n gemeenskap teenoor die betrokke skrywer?

Brink was een van die persone wie se kontroversiële uitsprake die publiek ideologies in verskillende kampe verdeel het, terwyl sy gewildheid oorsee vanaf die sewentigerjare toegeneem het. Hy word deur die establishment-Afrikaner beskou as 'n verraaier. Ongeag die feit dat Brink die **Rapport**-resensent was en dat hy baie aanhangers hier en in die buiteland gehad het, is Brink weens die feit dat hy apartheid nie ignoreer nie en van sy werke sodoende verbied was, deur die publiek in die eerste instansie as die skrywer van omstrede romans wat klokslag verbied is, beskou. Op die 1978-heraad sê hy dat die volk die skrywer as verraaier sien, want "tot kort tevore" het die volk dit nog ondervind:

*dat skrywers ook op die voorpunt van 'n volk se politieke stryd staan: te meer omdat die Afrikaner se hele stryd om erkenning en emansipasie en politieke en ekonomiese mag ook oor so 'n lang tydperk presies saamgeval het met die taalstryd en die literêre stryd. Om vir die taal te stry wás om vir jou volk te stry. (Brink, 1985b: 59-60)*

In 1982 spreek Brink sy gevoel uit ten opsigte van hoe hy glo die gemeenskap hom ervaar:

*Afrikaners beskou my as 'n verraaier omdat ek een van hulle is. Hulle beskou my as 'n mes in die rug van ons volk. Ek word slegter behandel as 'n Engelsprekende Suid-Afrikaanse andersdenkende. (Rapport, 15/8/1982: 15)*

In 1990 sê Brink op **Collage**, 'n TV-program van die SAUK, dat hy sy Afrikanerskap nog nooit verraaï het nie, dit was 'n geval van dat hy sy Afrikanerskap verbreed het (Roos, **Beeld**, 20/11/1990: 1).

In Ermelo is Brink se boeke uit die biblioteek verwyder. Selfs na die verbode organisasies soos die ANC gewettig is, is Brink se goedgunstigheids jens die ANC teen hom gehou. **Die Burger** (6/3/1990: 4) wys daarop dat ander skrywers wat ook in gesprek met die ANC was, se werke nie uit die biblioteek verwyder is nie. Die skryfster Marlene van Niekerk het byvoorbeeld na aanleiding van die Watervalberaad in 1989 in die skrywers se konsep van die verklaring laat inskryf dat instansies soos Nasionale Pers, Perskor en die SAUK geboikot moet word, maar die ANC het dit geïgnoreer en voorgestel dat almal binne die establishment moet bly werk (Barnard, 1989a: 44). Die Gilde het volgens Charles Malan namens die Gildelede hom vanaf 1974 teen verskillende apartheidspraktyke uitgespreek, soos onder andere beheer deur biblioteekowerhede, sensuur, aanhouding sonder verhoor, inperking, morele heksejag, voorskryfkomitees en die SAUK (Malan, 1990b: 12). Die meeste van die Gildelede was van die begin af by politieke kwessies betrokke. Maar hulle is nie in dieselfde mate as Brink geëtiketteer nie.

Terwyl die Suid-Afrikaanse establishment onverdraagsaam teenoor andersdenkendes reageer, staan Brink juis verskille voor. Hy gee sy redes hoekom verskille vir hom so belangrik is tydens 'n lesing getitel "Art and freedom: aesthetics redefined" te Stellenbosch aan die hand van die komplekse Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel: "But because our enormously complex cultural situation **demands** the widest possible range of responses. The broader that range, the richer our literature and our culture" (Brink, 1991a: 15). By die 1978-Gildeberaad sê Brink (1985b: 60) dat die volk en die owerheid die skrywer aan bande lê omdat hulle bang is dat die skrywer onverantwoordelik sal optree en dat die skrywer dalk dinge "van hulleself oor hulleself" sal openbaar.

By die Somerskool van Sestig plaas Degenaar die verhouding tussen literêre en die samelewingsstelsel in perspektief. Hy meen die samelewing is selfstandig: "...die

samelewing is nie herleibaar tot dit wat die woordkuns daarvan sê nie" (Degenaar, 1973: 155). Maar die woordkuns moet ook sy selfstandigheid behou:

*...die letterkunde skep 'n verbeeldingryke wêreld in eie reg waardeur die samelewing homself beter kan verstaan; dit hou 'n spieël voor die samelewing waarin die individue en groepe hulleself kan herken...* (Degenaar, 1973: 156)

Hy waarsku teen eensydige opvattinge soos, eerstens, dié van kuns ter wille van die kuns waar die kunstenaar hom as 't ware verdiep in sy vervreëding:

*wanneer hieronder verstaan word 'n geïsoleerde bestaan van die kuns wat afgestem is op die solitêre gevoel van die kunstenaar. Veral die woordkuns met sy hantering van die woord as kommunikasiemiddel binne 'n linguïstiese gemeenskap maak so 'n isolering in 'n ivoretoring nie moontlik nie.* (Degenaar, 1973: 156)

Tweedens meen hy dat kuns ter wille van die staat, soos Plato dit voorgeskryf het, ook eensydig is: "Plato is nie net ontrou aan die woordkuns nie, maar ook aan die samelewing, deurdat die staat, as een organisasie, 'n totalitêre greep op die samelewing verkry." Die derde eensydige opvatting lê vir Degenaar in kuns ter wille van 'n bepaalde gemeenskap in die samelewing wanneer dit nasionalisering van die kuns impliseer: "...soos wanneer die nasionalis Verwoerd vir Van Wyk Louw daarvan beskuldig dat sy woordkuns nie Afrikanerhelde-vererend is nie..." (Degenaar, 1973: 156-157).

Brink is dikwels voorgehou as die swartskaaop van tradisionele Afrikanerdom. Clarke (*The Daily News*, 11/5/1979: 3) berig byvoorbeeld: "...the laager has successfully banished him, and the rest of his literary breed, to a distant koppie - from where they bombard the reticent and radical, isolated splendour".

Uit die talle briewe wat persoonlik aan Brink gerig is, is daar egter diegene wat hul dankbaarheid betuig dat hy met sy romans 'n nuwe wêreld vir hulle oopgemaak het - blankes omdat hulle aan gekleurdes nou as mense dink en gekleurdes omdat hulle



befes dat alle blankes nie eenders dink nie (vgl. hfst. 5, 5.1 en Brinkversameling UOVS).

Die debatte wat Brink en die Gilde vanuit die literêre sisteem ontketen het, het die samelewingsisteem in 'n groot mate gedwing om nuwe gesprekke aan te knoop, standpunt in te neem en rekenskap te gee van hulle standpunte. Volgens **Die Burger** (18/7/1977) het skrywers se kritiek op die Afrikaner en sy instellings egter soms veroorsaak dat 'n deel van die samelewingsisteem hulle juis van hierdie skrywers afgesluit het:

*'n Groot deel van die volk het "doof" geword vir die ekstremisties-idealistiese veroordelings in literêre bedrywighede wat politiek geïnspireerd is. Dit sou 'n jammerte wees as dit moet lei tot 'n verwerping van die Afrikaanse skrywers in die algemeen as sou hulle niks meer vir die volk te sê hê nie.*

Op die 1978-Gildeberaad sê Willem de Klerk: "Volgsaamheid van die 'Establishment' in sy politieke en kerklike geledinge is die aard van ons mense." Hierby voeg hy: "Ons hou van gesag en voel veilig as ons in gelid marsjeer"; en: "Agitasie teen die sogenaamde bedorwe letterkunde is mode" (1985: 68).

Gedurende die tagtigerjare word Brink deur van sy landgenote (veral literatore en medeskrywers) bestempel as mak - as die "fat cat" van die establishment wat teer op die vet van die aarde as (bevoorregte) blanke in Suid-Afrika: Dít wat hy in die sewentigerjare gepropageer het, het intussen regeeringsbeleid geword. In hierdie tyd word hy deur linkses verwytdat hy nie werklik aan die stryd deelneem nie, terwyl die establishment-Afrikaner nog steeds die aanvanklike persepsie van Brink as "verraaier", "vreemd" en "verwyderd" behou.

#### **4.6 BRINK SE SIENING VAN DIE AFRIKANER**

Volgens Venter (1983: 54) het iemand in 1707 homself volgens 'n ongeïdentifiseerde koerantberig vir die eerste keer 'n Afrikaner genoem: "Ik ben een Africaander". Die sewentienjarige Hendrik Bibault is later deur die voorsitter van die FAK, prof. Gawie

Cilliers hiervoor vereer deur 'n gedenksteen vir hom te onthul. Scholtz (1980: 113-115) sê pertinent dat Bibault nie die eerste Afrikaner was nie. Hy meen dat die woord Afrikaan of Afrikaan(d)er in die sewentiende eeu gebruik is vir 'n "inboorling" en tot laat in die agtiende eeu is die term "Afrikaner" gebruik vir diegene wat aan die Kaap gebore is. Op die vraag oor wie die eerste Afrikaner was, glo Scholtz is daar nie 'n antwoord nie. Jan Rabie merk by die Somerskool van Sestig op: "Hottentotbasters het eerste die naam Afrikaners gedra" (1973: 162). Vir Verwoerd was die Kleurlinge beslis nie "Afrikaners" nie, terwyl N.P. van Wyk Louw (1986b: 609) in 1957 bruinmense wat Afrikaans praat, beskou as mense wat by die "Afrikaners" hoort. Hy voel selfs dat hulle deel van sy volk is: "Wél het ek 'n innige begeerte - nee 'n hartstogtelike wil - dat my volk, Blank en Bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land sal bly voortbestaan." (Louw, 1986b: 609 en 623). Rabie (1973: 161) het hom só oor hierdie onderwerp uitgelat: "Van die vier en 'n half miljoen met Afrikaans as huistaal word die helfte nie as Afrikaners gesien nie, en arm en stemloos in 'n halfbestaan genaamd tradisie verstoot. Ons bruiner broers." Op die 1975-Gildeberaad sê hy:

*Maar, potverdorrie, ons noem onself tog AFRIKANers, ons taal AFRIKAans!  
Ken ons onself dan nie? Het ons nog nie waarlik 'n identiteit nie? Hoe sien  
andere ons? Dikwels hoor ons die swartman noem ons dom, lui, onopgevoede  
hoere wat Baas genoem wil wees om ons mindervaardigheidsgevoel te  
verberg. (Rabie, 1985: 33)*

Rabie (1973: 164), self 'n Afrikaner, se siening in 'n neutredop lees só: "Afrikaner is vir my veel meer as witman." Ten spyte van hierdie onderlinge verskille in menings binne Afrikanergeleedere, sê Sheila Patterson in 1957 (p. 211) "The modern Nationalist definition of an Afrikaner is a white whose language is Afrikaans, who is a Nationalist in orientation and who is a Calvinist." Sy beskryf die tradisionele Afrikaner se houding as gevaarlik. Hierdie houding waarvan sy praat is:

*...that which sees the African as an enemy on the other side of a frontier, and  
not as a member of society at all. It is this attitude that enables the most  
kindly and humane people to feel satisfied with the system which imposes*

*taxation without representation, moves whole townships arbitrarily from one place to another, restricts the movements of labour-seekers, and in general treats the majority of the population as unwelcome aliens, despite the fact that inseparable economic links have been forged between black and white.*  
(Patterson, 1957: 11)

Brink spreek hom by die 1978-Gildeberaad ook uit teen 'n Calvinistiese stelling wat Connie Mulder ten opsigte van die skrywers gemaak het:

*Nou sê minister Connie Mulder, in 'n omskrywing baie oud in Calvinistiese kringe, dat die skrywer se vryheid soos die vis s'n is: solank hy in die water bly, is hy vry om te swem waar hy wil. Water synde dan hoofsaaklik die ekwivalent van die struktuur van wette wat die owerheid, met goeie en kwade bedoelinge, aan sy gemeenskap opdwing - hoofsaaklik om homself aan bewind te hou in 'n situasie waar dié mag van alle kante bedreig word. Die beeld klink mooi. Maar ek ondervind daar één probleem: 'n mens is nie 'n vis nie.*

Brink sien Afrikaners as 'n volk wat in totale onkunde oor hul eie land verkeer. "Afrikaners weet nie wat met swartes in Suid-Afrika gebeur nie", sê Brink in 'n onderhoud met 'n redakteur van 'n Franse tydskrif (*Die Burger*, 29/5/1980: 10). Brink (1991b: 5) verwys in latere jare weer daarna as hy vertel hoe onder andere Anna M. Louw 'n plaasnovelle (*Onverdeelde uur*) geskryf het sonder 'n enkele bruin of swart karakter daarin, net twee terloopse verwysings na bediendes. Hy wys daarop dat die term "Afrikaner" aanvanklik gebruik is om diegene wat hier gebore is te onderskei van aankomelinge van ander lande. In sy drama *Afrikaners is plesierig* (1973c), spot Brink met die valse waardes van die Afrikaner. Hy beeld die Afrikanergemeenskap as 'n sirkus uit, waar 'n tent opgerig word, oftewel laer geslaan word, om die Kommunisme uit te hou, maar die winde van verandering ry hierdie poging in die wiele.

Brink voer in 'n lesing by die Gilde getiteld "Afrikaans en oorlewing" (1985c: 163-164) aan dat die Afrikaner nog net op vier momente volkseenheid beleef het:

- (a) gedurende die tydperk toe Bibault homself 'n Afrikaner genoem het, toe die Vryburger en Hugenoot teen Willem Adriaan van der Stel 'n gesamentlike stryd gevoer het;
- (b) tydens die verset teen Brittanje 'n eeu later wat sy hoogtepunt in die Groot Trek gehad het;
- (c) gedurende die twee vryheidsoorloë; en
- (d) met die 1938-ossewatrek en 1948 se verkiesingsoorwinning van die Nasionale Party, wat aanleiding gegee het tot 'n nuwe stel wette wat die stemreg van sekere groepe weggeneem het. Die Groepsgebiedewet, die verbod op gemengde huwelike en die persoonskaart is onder andere ook in hierdie tyd ingestel. Hiermee is die "apartheid" van die Afrikaner, sy "uniekheid", bevestig.

Hierdie momente van eenheid is egter volgens Brink telkens opgevolg deur verbrokkeling, verdeeldheid en enkelingskap. Hy voel dat die Afrikaner sedert 1948 die beste in hom onderdruk het en die slegste in hom laat seëvier het: "En deur 'n wesenlike deel van *homself* te ontken, het hy - helaas dikwels sonder om dit selfs nog te weet - 'n gesplete mens geword" (1985c: 166). Brink beskou hierdie Suid-Afrikaanse samelewing as "sick" - 'n samelewing "wat rus op geweld, vrees, onverdraagsaamheid. Dit ly aan isolasie, afsondering en illusies" (*Oggendblad*, 23/2/1973).

Vyftien jaar later wys Brink in 'n artikel in *National Geographic* (1988b: 556-584) daarop dat die "Afrikaner" al verder wegbeweeg van die stereotiepe Afrikanerbeeld, en ontwikkel het tot 'n volk wat in hul eie denke en lewenswyse van die een uiterste na die ander uiterste verskil.

#### 4.7 DIE AFRIKANER AS ENTITEIT BINNE DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSISTEEM

Oor wie en wat die "Afrikaner" is, is daar al baie gestry. Nie net Brink nie, maar ook sosioloë, geskiedskrywers, skrywers van letterkundige werke, joernaliste en sielkundiges het onder andere hulle menings oor Afrikaners as die heersende groep,

en hul verbintenis met sub sisteme soos die godsdiens en politiek gegee. Terwyl establishment-Afrikaners teen Brink te velde trek, word Afrikaners vanuit eie geleedere en van buite sterk veroordeel vir hul opvattinge en optredes. Baie van hierdie opvattinge is gebaseer op die religie.

Prof. E. F. W. Gey van Pittius het in sy boek, **Staatsopvattinge van die Voortrekkers en die Boere**, die vermenging van politiek en godsdiens vasgelê met sy beskrywing van die oortuiging wat by Voortrekkers bestaan het dat besluite wat deur die Afrikanerleiers geneem is noodwendig God se goedkeuring weggedra het. In **Ons Geskiedenisalbum** beskryf E. A. Venter (1983: 27) die Nederlandse vestiging aan Kaap die Goeie Hoop byvoorbeeld soos volg:

*Die stigting van die Nederlandse nedersetting aan die Kaap was 'n geloofsdaad. Daarom verbaas dit ons nie dat Van Riebeeck se eerste daad (nadat hy voet aan wal gesit en die omgewing besigtig het) 'n kragtige gebed was nie... Daarna is elke vergadering van die Raad met 'n gebed geopen.*

Die stranding van die Nederlandse skip, die Haarlem, in 1497 was volgens hom ook 'n "beskikking van die Here".

Alford skryf in sy boek **Religion and Politics** (1985: 321):

*The connection between religion and politics arises as a problem only in nations which are not religiously homogeneous. Classical political thinkers such as Aristotle took it for granted that religious homogeneity was a condition of political stability, and they were right.*

Prof. Willie Jonker (1993), verbonde aan die Departement Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, se artikel in **Tydskrif vir Geesteswetenskappe** kom daarop neer dat die politieke en religieuse sisteme deur al die eeue heen 'n noue verband gehad het. Moodie (1975: IV), 'n geskiedskrywer, sê die volgende:

*The roots of the Afrikaner doctrine of election grew out of the Calvinism of Paul Kruger... The divine agent of the Afrikaner civil faith is Christian and Calvinist - an active sovereign God, who calls the elect, who promises and punishes, who brings forth life from death in course of history.*

Die wit Afrikaner is volgens die burgerlike godsdiens ("civil theology" - sien 4.10.4) as God se uitverkore volk bestempel en word ook in hierdie konteks geplaas deur die sogenaamde Afrikanergeskiedenis. Skoolkinders (wit Afrikanerkinders) is geleer dat die Afrikanerdom 'n skepping van God is en nie mensgemaak is nie: "The civil theology is thus rooted in the belief that God has chosen the Afrikaner people for a special destiny" (Moodie, 1975: 12).

Apartheid word deur wyle P.J. Coertze (1983: 65) as morcel verdedigbaar gesien, ten volle gerugsteun deur die Bybel en geskiedenisboeke. So meen hy byvoorbeeld dat daar geen vriendskaplike verhouding tussen die Khoe-Khoen en die "blanke koloniste" was nie. Coertze, 'n antropoloog en grondlegger van etnologie hier in Suid-Afrika, is in 1907 gebore. Hy skryf in sy boek **Die Afrikanervolk en die Kleurlinge**:

*Die kultuurverskille was te groot. Hulle het die blankes sowel ten opsigte van voorkoms en hul gedrag met weersin vervul. Hulle is met die grootste selfbeheersing verdra en later ook as arbeiders in diens geneem, maar eenwording tussen Protestantse Christengelowiges en vuil, stinkende, liegende en stelende barbare was onmoontlik. (Coertze, 1983: 65)*

Hy verdedig en regverdig apartheid deurgaans met behulp van die Bybel.

#### 4.7.1 Sienings oor die ontstaan van Calvinisme

"Calvin developed his theology from a systematic study of the Bible according to a well formulated plan" (Singer, 1974: VI). Singer (1974: 1) sê voorts dat Calvyn se idees sterk Bybel geïntereerd is en dat God sentraal gestel word in hierdie denkwysse, maar hy beskuldig Calvyn terselfdertyd daarvan dat hy "doctrinal innovations into the main stream of Christian thought" gebring het. Hierdie vernuwing in Christendenke

het na Engelse kolonies van Amerika en Nederland versprei (Singer, 1974: 22). Met verloop van tyd het nuwe denkstrome van Hegel, Kant en Marx hul invloed gelaat op Calvinisme. Calvyn se leerstellinge is volgens Singer (1974: 40) mettertyd gestroop van Bybelse konnotasies wat aanleiding gegee het tot opvattinge wat aansluit by die moderne demokrasie. Hierdie opvatting van 'n moderne demokrasie is egter heeltemal in stryd met die feit dat Calvinistiese Afrikanerleiers ook voorstanders van apartheid was in Suid-Afrika. Die stryd om politiese vryheid in Nederland is volgens Singer deur Calvinisme geïnspireer. "Puritanism, with its legacy from Geneva, lay at the very heart of colonial political thought and practice, not only in New England, but in many of the other countries as well" (Singer, 1974: 42-43). Dit stem nie ooreen met Calvyn se oorspronklike idees en sy sentraalstelling van die wil van God nie, maar die impak van Calvinisme kan nie misgekyk word nie weens die puriteinse ywer om te hervorm in kerk- en staatsaangeleenthede. Omdat Calvinisme sy bybelse konnotasies in die twintigste eeu begin afskud het, het dit die pad oopgemaak na totalitêre regeringstelsels soos ons dit in die apartheidstyd leer ken het.

Calvyn (1509-1564) het sy denkwysie op die Ou-Testamentiese idee van 'n verbond tussen God en sy uitverkore volk gevestig aldus Moodie (1975: 25). Volgens Moodie (1975: IV) is die Calvinistiese denkwysie deur Paul Kruger in Suid-Afrika gevestig en bereik dit sy hoogtepunt in die dertigerjare (Moodie, 1975: 22). Dit moet in gedagte gehou word dat die nasionalistiese Afrikanerkultuur in hierdie stadium reeds etlike mylpale bereik het, soos die stigting van uitgewerye (J.L. van Schaik, 1914, en Nasionale Pers, 1915); die Afrikanerbroederbond het sy ontstaan in 1918 gehad en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909; en verder het Afrikaans in 1925 amptaalstatus verkry (Coetzee, 1990: 13). Blanke heerskappy is gedurende hierdie tyd in Engelse en Afrikaanse publikasies verkondig en in isolasie volvoer. Patterson (1957: 73) konsentreer op pres. Paul Kruger se uitspraak: "In de stem van het Volk heb ik gehoord de stem van God, den Koning der Volken, en ik gehoorzaam."

Volgens Botha (Strauss 1995: 17) het die Nederlandse Calvinis, Kuyper, se invloed op gereformeerdes in Suid-Afrika en veral op S.J. du Toit, reeds in die laaste kwart van die negentiende eeu sigbaar geword. Sy seun, J.D. du Toit (Totius), sou Kuyper,

wat sterk pro-boer was en wat in Nederland self maar min aanhangers gehad het, se leerstellinge wat hy as teologiese student by Kuyper's Free University in Amsterdam opgedoen het, in Suid-Afrika beoefen (Strauss, 1995: 16). Sy invloed sou veral sigbaar wees in die NGK. Die sterk reformatories-georiënteerde blad, **Het Westen**, het in 1911 sy lesers versoek om in die **politieke** spore van Kuyper te trap (Strauss, 1995: 17). Strauss (1995: 12) wys daarop dat Kuyper dikwels teenstrydighede geopper het waar dit oor die gelykheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika gegaan het.

Jare later word liberalisme sterk veroordeel vanuit NG Kerk-geledere ten tyde van 'n kongres oor openbare sedelikheid en liberalisme te Bloemfontein wat in 1965 deur die NGK gehou is. Dr. D.J. Barnard (1965: 32-33) sê op hierdie kongres dat liberalisme wat "al meer in 'n Sataniese rigting ontwikkel" deur Calvinisme oorwin kan word. Calvinisme is volgens hom nie 'n "bepaalde *soort* Christendom nie, maar *die Christendom*. Daarom getuig die geskiedenis van morele verheuenheid waar die Calvinisme posgevat het." Tydens hierdie kongres wy dr. A.P. Treurnicht (volgens Strauss (1995: 27) self 'n aanhanger van die Calvinistiese idees van Kuyper) in sy lesing getiteld **Die liberalisme in die godsdienst** (1965: 13-21) oor die ongewenstheid van liberalisme uit:

*Die liberalis is 'n swak vereerder van sy eie geskiedenis, volksgeskiedenis, dogmageskiedenis, kerkgeskiedenis. Hy wil maar vergewe en vergeet. Die verlede is 'n blok aan die been. Daar moenie grense of differensiasie tussen mense en volksgroepe wees nie. Nie 'n kleurslaghoorn nie, maar die toets van beskawing en persoonlike verdienstelikheid moet tel. Christelik-nasionaal is uit die bouse (as daar 'n bouse is), omdat nasionaal dan nie Christelik kan wees nie. En dit kan dan nie Christelik wees nie, omdat Christelikheid grensloosheid sou wees waarin nasietrots en patriotisme nie geduld word nie. As mense maar net saamkom, saam vergader, saam kerkhou, saam bid, is dit die ideaal - "Christene" ongeag die vraag of hulle een is in die waarheid. Sendelinge het hulle beywer om die swart inheemse kultuur te verryk. Hulle het tyd, geld en arbeid beskikbaar gestel om swart mense geletterd te kry.*



Volgens Oliphant (1992: 517) het hierdie goeie bedoelings van die sendelinge waarvan Treurnicht hier praat egter negatiewe gevolge gehad. Die opvoedkundige rol van hierdie mense was volgens hom gerig teen "imperialisme" en "opvattinge van superioriteit". Hy wys daarop dat dit tot sekere teenstrydighede aanleiding gegee het, soos dat dit Christelikheid as voorwaarde en belofte vir menslike gelykheid gestel het sonder dat sodanige gelykheid noodwendig op staatkundige en sosiale vlak deurgevoer is. Van die eerste literatuur van die inheemse bevolking is dan ook sterk religieus van aard. Die prosaïs Thomas Mofolo, se eerste roman, **Moeti oa Bochabela (Pelgrim na die Ooste)** is byvoorbeeld in 1907 gepubliseer. Es'kia Mphahlele (1992: 45) skryf hieroor:

*Once more we witness the dramatisation of what the African has become after the encounter with the white man, although Mofolo's bias is Christian. Mofolo was subject to missionary censorship, so that the Christian characters of his fiction are strictly programmed to avoid offence to the reader. He began by identifying Europeans with Christian morality.*

Hy beskryf die lang periode wat verloop het voordat Mofolo se **Chaka** gepubliseer is, toe aan sensuur.

*It was suppressed by the missionaries because he invested his hero with human qualities denied him by historians, missionaries and administrators, who saw in Chaka only the unmitigated savagery of a beast. (Mphahlele, 1992: 45)*

**Chaka** is in 1910 voltooi maar vyftien jaar later eers gepubliseer. Uniewording in 1910 beteken politieke ontkenning van die inheemse bevolking. In 1913 word die inheemse bevolking verder gekortwiek deur die Swart Grondwet 27 wat hulle die reg op grondbesit in Suid-Afrika ontsê. Hierdie diskriminerende wetgewing het die South African Native National Council (vanaf 1923 die African National Congress) wat in 1912 gestig is, in beweging gebring (Mphahlele, 1992: 518). In 1923 is wetgewing uitgevaardig wat swart woongebiede ("lokasies") van wit woongebiede geskei het en in 1929 word die paswette ingestel, wat die Swartes se vryheid van beweging aan bande gelê het en swart huisgesinne verdeel het (Giliomee en Schlemmer, 1990: 15-

17). 'n Toenemende mate van ontnugtering tree by die swart (Christen) intelligentsia in omdat hul hoop op gelyke behandeling beskaam is (Mphahele, 1992: 518).

Volgens Patterson (1957: 178) is Suid-Afrikaanse Calvinisme direk oorgeneem uit die sewentiende-eeuse Calvinisme terwyl Calvinisme in Europa sedertdien gegroei en ontwikkel het. Suid-Afrikaanse Calviniste het hulself al hoe meer as die uitverkore volk gesien en as die profete van God se gepredestineerde wil vir die hele Suid-Afrika (Patterson, 1957: 178). Pres. Paul Kruger het sy volk se wil as God se wil gesien, meen Patterson (1957: 199), en het daarmee 'n nuwe betekenis gegee aan Calvinisme - Patterson noem dit "Krugerisme":

*...Afrikaner Calvinist leaders had withdrawn from overt acceptance of Nazism to a form of neo-Krugerism. The modified democracy of Krugerism laid emphasis on the citizen's duties rather than on his rights; and the rule of the law was made subordinate to the word of God, of which the Dutch Reformed Church was naturally the interpreter. (Patterson, 1957: 197)*

Pres. Paul Kruger was egter nie lid van die NGK nie, maar 'n lid van die sterk Calvinisties georiënteerde Gereformeerde Kerk. Die kerk wat die ideologie van apartheid suksesvol uitgedra het, was die NG Kerk: "Several leading clergymen were members of the Broederbond and they soon won acceptance for the policy within the church. The Dutch Reformed Church (DRC), by far the largest Afrikaans church, was most prominent in its advocacy of apartheid" (Giliomee en Schlemmer, 1990: 45).

Die oortuiging dat die wil van die volk die wil van God is, word dus deur die kerk gepropageer, sodat aanvaar word dat die staat deur God geskep is en dat organisasies soos vakbonde of enigiets wat die staat teengaan dus ongewens is. Volgens Giliomee en Schlemmer is dit juis hierdie volksgerigtheid, "these metaphysical beliefs about nationhood", eerder as Krugerisme of Calvinisme wat aan die basis van apartheiddenke lê. Apartheid word deur hulle beskou as iets wat gegroei het uit die vestiging aan die Kaap in 1652 en die industriële tydperk daarna met die ontdekking van goud en diamante toe vorme van dominasie deur die blanke en tekens van

segregasie reeds duidelik waarneembaar geword het. Hulle meen dat Herder en Fichte vir H.F. Verwoerd, Nico Diederichs en ander prominente figure as jong Afrikaners beïnvloed het. Herder en Fichte het gekonsentreer op die metafisiese eienskappe van volke: "It was the metaphysical notions about the centrality of nations in God's creation, rather than the neo-Calvinist ideas, that influenced Afrikaner ideologues" (Giliomee en Schlemmer, 1990: 44). Fichte beskou die nasie as "mistieke uitstraling van die 'oorspronklike' en 'goddelike' lewe" (Olivier, 1988: 49). Binne die volk, wat kontak het met die "oerbronne" van die lewe, kan die individu volgens hierdie beskrywing tot volledige menslikheid groei. Afrikaners wat in Europa gaan studeer het gedurende die twintiger- en dertigerjare van hierdie eeu was aan hierdie denkwys in intellektuele kringe blootgestel. Gerrit Olivier (1988:94) wys daarop dat nasionaal-sosialisme, wat die kweking van volkstrots ten doel het, onder andere die prominente skrywer N.P. van Wyk Louw beïnvloed het:

*En rondom hierdie sentrale mite van die ontwortelde individu wat slegs as volksmens 'n definisie en 'n doel vir homself kan vind, hou die nasionaal-sosialisme 'n totalitêre lewensbeskouing wat - selfs al druis dit in teen aantoonbare feite en oorgelewerde humanitêre waardes - 'n konsekwente selfbeeld en wereldbeskouing aan die mens voorhou.*

Hierdie denkwys is met die verbod op Kennis (1973a) nog steeds aanwesig en het alle Suid-Afrikaanse sisteme beïnvloed. Talle sub sisteme het die eksklusiewe nasionalistiese politieke ideologie uitgedra: "Apart from politicians and academics, newspapers such as **Die Burger** and **Die Transvaler**, the Afrikaner Broederbond and the Afrikaans churches played a major role in persuading Afrikaners that apartheid was a just and sound policy" (Giliomee en Schlemmer, 1990: 45). Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het die NGK die beleid van "differentiation of peoples" nog verder ontwikkel.

Die behoud van die "wit beskawing" het volgens Moodie (1975: 248) daarop neergekom dat die Afrikanervolk gelyk gestel is met die Christelike beskawing. Daarom is rassevermenging as sonde voorgehou. So is apartheid geregverdig. Dr. Koot Vorster, moderator van die NGK en broer van pres. J.D. Vorster ('n selferkende

neo-Calvinis (Strauss, 1995: 18)), het in 'n BBC-onderhoud in 1971 Deuternomium 32:8 aangehaal om apartheid te regverdig. Aan die basis van apartheid lê dus dié Bybelvers wat deur Van der Spuy (1978: 6-7) soos volg aangehaal word:

*Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe hy die mensekinders geskei het, het hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel.*

Strauss (1995: 20) wys daarop dat tydens die sinodes van die die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in 1958 en 1961 Genesis 1,10 en 11 en Handeling 17 vers 26 as "bewyse" voorgehou is vir die wenslikheid van Apartheid. Hierin is Kuiper se denkwysie waar hy die Skrif, Calvinisme, Apartheid en die Afrikaner se nasionale identiteit saamgeknop het, nagevolg (Strauss, 1995: 21).

Pres. J.D. Vorster het ook 'n Bybelvers, naamlik I Konings 1: 36-46, in verband met die wettiging van huisarres genoem:

*En terwyl ek eendag, toe ek besig was om die wetgewing te oorweeg, so deur die Bybel blaai, kom ek op dié onderstreepte gedeelte in my Bybel af. Ek kan nie juis sê dat dit my daartoe beweeg het om in die wetgewing vir huisarres voorsiening te maak nie, maar ek het op die verhaal afgekom omstreeks dieselfdie tyd dat ek tot 'n besluit gekom het. (Aangehaal in D'Oliveira, 1977: 120)*

Van der Spuy (1978: 20) kom tot die volgende gevolgtrekking oor die Afrikaner:

*The religious sentiments of many people - perhaps of most of the people - are decidedly immature. They are self-centered constructions... It is a defense mechanism...the person finds it "useful" in serving his immediate ends. In the Afrikaner system...the Afrikaner's Church had to provide moral justification and divine sanction for Government policies and actions...nationality came first and christianity second. This would fit Allport's description of an immature religious sentiment.*

Giliomee en Schlemmer (1990: 46) wys hoe God se naam gebruik is in kwessies wat met die Woord min te make gehad het: "Instead it took traditional Afrikaner norms as motivation for its decisions." En: "As Afrikaner nationalists, the church leaders believed in apartheid and used scattered texts and the history of Israel to provide some moral justification for their actions."

Degenaar onderskei tussen vier soorte Christene: die hiernamaalse Christen; die status quo-Christen; die rewolusionêre Christen en die tydenootlike Christen. Van besondere belang vir hierdie ondersoek is sy beskrywing van die status quo-Christen wat die status quo politieke standpunt ondersteun en alles wat daarvan afwyk as "onchristelik", ondermynend, afvallig en liberaal ervaar - dit geniet groot aanhang onder nasionalistiese groepe. Nuwe tendense word as gevaarlik ervaar: "Sy dubbele wêreldbeeld kom baie handig in, want sy sub-kultuur is aan God se kant terwyl die kultuur in die algemeen wêrelds en gevaarlik is en gedurig dreig om die geïnkapsuleerde sub-kultuur te oorweldig" (Degenaar, 1974b: 58). Die siening wat hier beskryf is, kom daarop neer dat die wil van God met die status quo verbind word tot voordeel van die betrokke groep terwyl die nasionale leier op 'n voetstuk geplaas word. "Die uitspraak van Rut word Christelik-nasionaal aangewend: U volk is my volk. Die kerk word gebruik om tempel-lojaliteit, grond-lojaliteit en volks-lojaliteit te preek" (Degenaar, 1974b: 59).

F.A. van Jaarsveld (1981: 69) sê in hierdie verband dat die Afrikaanse kerk en skole hierdie tipe Afrikaner met sy sterk Afrikanernasionalisme gekweek het. Patterson (1957: 227) wys op die eensydigheid van geskiedenisboeke in Afrikaanse opvoedkundige sisteme:

*At present, it would seem that the English-speaking child is being increasingly educated to regard himself as part of a larger white South African group. The Afrikaans-speaking child on the other hand is being taught that the Afrikaner is the only true South African.*

Sy wys verder daarop dat die politieke sisteem Afrikaanse opvoedkundige sisteme binnegedring het: "not only by narrow race-consciousness but by party politics." Daar

is enkele Afrikaanse geskiedskrywers soos Coertze (1983) wie se werke spreek van 'n paternalistiese houding teenoor anderkleuriges en wat volgens haar bewys lewer van die groot rol wat Calvinisme speel.

Van der Merwe en ander sosioloë het in 1968 en 1969 'n ondersoek gedoen wat die wit Suid-Afrikaanse elite as tema gehad het. Een van die gevolgtrekkings waartoe hierdie ondersoekspan gekom het, is:

*...in spite of the Afrikaners' emphasis on white equality, there is a strong belief in racial inequality. Afrikaners argue that racial stratification is a spontaneous, natural development based on mutual consensus and is willingly accepted by both upper and lower groups who all know their "place" in society. In terms of this approach the low position of Blacks can be attributed to their inferior ability.* (Van der Merwe e.a., 1974: 94)

H.I.J. van der Spuy (1978: 4) en andere beskryf in die boek, **The psychology of apartheid**, die Suid-Afrikaanse situasie vanuit 'n sielkundige oogpunt en skenk veral aandag aan die rol wat die Afrikanernasie gespeel het en die eienskappe van die Afrikaner. Van der Spuy sien die Afrikaner wat die heersende groep verteenwoordig, as 'n geslote sisteem met die politieke sisteem as spilpunt, waar apartheid gesistematiseer is. Die heersende Afrikaanssprekende blanke reageer volgens hom op velkleur, nie opleiding of godsdiens nie. Van der Spuy (1978: 27) sien hierdie "Afrikaner" as 'n resultaat van Britse onderdrukking - hy onderdruk self. Hy beskou die deursnee Afrikaner as onvolwasse (Van der Spuy, 1978: 26). Die Afrikaner kry ook geweldige kritiek van 'n sielkundige wat sy proefskrif aan die Universiteit van Kaapstad voltooi het. Orpen (1970: 120) meen dat die Afrikaner outoritêre norme geïnternaliseer het "to the point where they form part of their basic personality structure which in turn makes them especially receptive to the prejudiced ideas current in their culture." Van der Spuy (1978: 13) sê die "Afrikanersisteem" lyk in dié verband net soos die tradisionele Kommunistiese sisteem. Vergelyk in hierdie verband Brink se Ope Brief aan die Staatspresident later in hierdie hoofstuk:

*Maar hoeveel keer is u deur die Kremlin geïnspireer? In u staatsbeheer van die ekonomie, u inmenging in produksie en bemarking, u beperkings op die vryheid van spraak, u polisiestaat-metodes? (1987a: 6-7)*

'n Studie deur Orpen (1970: 119-120) het volgens hom bewys gelever dat die Afrikaanssprekende student meer bevooroordeeld was as ander groepe en dat hy/sy ook meer gekonformeer het. Die bevooroordeeldheid van die Afrikaner, sê Van der Spuy (1978: 10-11), is die resultaat van 'n vervolgingswaan, naamlik dat die hele wêreld die Afrikaner vyandiggesind is en dat die Kommuniste die land wil vat. Terwyl die wêreld teen Suid-Afrika is op grond van rassediskriminasie wat wetlik afgedwing word, interpreteer die Afrikaner dit as 'n veldtog teen die Afrikaner self - dieselfde fout wat Van der Spuy (1978: 12) sê Nazi-Duitsland gemaak het. Brink (*Die Volksblad*, 23/2/1989) vra die volgende vraag in hierdie verband: "Sal die Duitsers, wat so erg onder die waansinnige magstrewes van die Nazi-regime gely het, een of ander tyd insien dat die huidige regime in Suid-Afrika in presies dieselfde rigting beweeg?" Harvey Tyson gee in *Editors under fire* hieroor sy mening as jarelange joernalis:

*The cruelty and inhumanity of race classification procedures; of "Immorality" police investigations; of racial segregation in buses and trains, in cafes and even, in extreme cases, in churches and on the city pavements of Pretoria...these follies were exposed so much, so widely and so regularly that the whole nation moved from embarrassment to anger, and then beyond the barrier to a point where the country became desensitised. (Tyson, 1993: 43)*

#### **4.7.2 Die Suid-Afrikaanse samelewing as dinamiese makrosisteem**

Giliomee (1980: 52) wys daarop dat al hoe meer blankes se persepsie oor ander groepe in die land minder diskriminerend van aard word vanaf die sewentigerjare. 'n Openheid kenmerk al meer die Afrikanerdenke. Saambindende faktore tussen verskillende groepe in Suid-Afrika weeg al hoe swaarder by Afrikaanse meningvormers en daar word al minder vanuit hierdie geleedere gepraat van 'n "Godgegewe roeping" om rasseseiking te handhaaf.

Giliomee en Schlemmer (1990: v) glo dat daar deur die jare 'n ontwikkeling by die Afrikaner plaasgevind het sodat Calvinisme en die Voortrekkerverlede nie meer in die laaste dekade 'n werklike rol speel nie.

Die tagtigerjare beleef 'n hervertolking van die Suid-Afrikaanse verlede met werke soos **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede** van F.A. van Jaarsveld (1984), **The making of the South African past** deur C. Saunders (1988) en **The changing past** deur Ken Smith (1988). Geskiedenis kan vanuit bekende ideologiese oogpunte beskryf word wat dui op sekere verdelings in 'n gemeenskap, byvoorbeeld 'n koloniale, 'n imperiale, 'n nasionalistiese, 'n liberalistiese blik. Verskillende invalshoeke op die geskiedenis kan tot teenstrydige interpretasies lei. Die imperiale benadering sal die klem laat val op onder andere beskawing, vooruitgang en Christendom soos verteenwoordig deur Basil Worsfold se werk **History of South Africa**. Die koloniale perspektief vind mens in 'n boek soos **The rise of South Africa** deur G.E. Cory. Imperialisme is veroordeel en die blanke het die middelpunt van die geskiedskrywing gevorm terwyl die swartman as barbare voorgelou is. **The Cape colour question** van Macmillan verteenwoordig 'n liberalistiese benadering wat die klem op die individu se posisie in die groter geheel laat val met 'n sterk element van humanisme daarby, sodat bruin en swart mense se rol in die geskiedenis in sy werk belig word. Vanaf die sewentigerjare is die Suid-Afrikaanse verlede onder die invloed van die Marxisme hervertolk sodat sosiaal-ekonomiese faktore sentraal gestel word (Van Jaarsveld, 1989: 281-283). Van Jaarsveld meen dat swart geskiedskrywers tans besig is om die blanke aan te kla net soos Afrikanernasionaliste se geskiedskrywing dikwels 'n opsomming was van "griewe teen die Engelse" (Van Jaarsveld, 1989: 286). Hy kom tot die gevolgtrekking dat 'n absolute waarheid onbereikbaar is en dat 'n multiperspektiwiese benadering die oplossing is (Van Jaarsveld, 1989: 289).

Dit het al hoe moeiliker geword om oor die Afrikaner te veralgemeen. P.J. Cilliers skryf in 'n artikel met die titel "Afrikaners" (1977: 5) onder meer die volgende:

*A typical Afrikaner is supposed by many, including sometimes himself, to be a strict Calvinist in his theological views, an austere puritan in matters of sexual morals, an uncritical hero worshipper as regards his past, and a*



*passionate son of the soil (even when he is a third-generation city clerk or mineworker). Up to the end of the 19th century, most Afrikaners were indeed conservative agrarians, but secularization, urbanization and social stratification have changed the picture, and intelligent generalization about the modern Afrikaner has become difficult.*

M. Botha wys in 'n artikel in **Tydskrif vir Wetenskappe** (1987: 271) op die isolasie van die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika wat aanleiding gegee het tot 'n situasie waarin groepe mekaar as karikature en stereotipes sien. Stereotiperings gee aanleiding tot skewe en eensydige persepsies wat gebaseer is op veralgemenings sodat alle lede van 'n groep dieselfde eienskappe toegeken word. Diegene wat hulle op stereotipes beroep, sien hulle eie stereotipe as "reg" en alles en almal wat daarvan afwyk as "verkeerd". Terwyl die Afrikaner ander groepe stereotipeer, word die Afrikaner egter self gestereotipeer, selfs deur navorsers (vanuit verskillende vakdisiplines) soos byvoorbeeld Patterson, Van der Spuy, Orpen en Van Jaarsveld.

#### **4.8 BRINK SE ROMANS AS KOMMENTAAR OP DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWINGSISTEEM**

Voor Brink as Sestiger naam maak, skryf hy werke soos **Die meul teen die hang** (1958) en **Eindelose weë** (1960) waarin hy (soos onder andere Jochem van Bruggen) die verwording van waardes onder vreemde invloed as tema gehad het. Dit was eers ná die Sharpeville-onluste in die vroeë sestigerjare dat hy hom geroepe gevoel het om die Suid-Afrikaanse gemeenskap onder die vergrootglas te plaas. Brink se eerste werke na die Sharpeville-insident spreek van 'n bewuswording wat 'n beweging is na werklik betrokke skryf. Hy verken hierdie terrein as Sestiger met werke soos **Lobola vir die lewe** (1962) - 'n hoofsaaklik eksperimentele roman, **Die Ambassadeur** (1963), **Orgie** (1965) en **Miskien nooit** (1967). Hierdie romans spreek van 'n sterk eksistensialistiese ingesteldheid. Dit was eers in die sewentiger- en tagtigerjare dat Brink uitsluitlik betrokke skryf (Van Zyl, 1988: 27). Hy lei hierdie era in met **Kennis** (1973a).

In die sewentigerjare verskuif die klem van elitistiese en estetiese uitings in literêre werke na sosiale betrokkenheid. Sekere Afrikanerskrywers het hulle eie mense se politieke agendas begin bevraagteken. Hierdie kritiese ingesteldheid van die skrywers het die vervreemding met die Afrikanerestablishment net verder verskerp. Brink skryf vanaf die sewentigerjare betrokke literatuur wat kulmineer in 'n aanklag teen apartheid, waarin onder andere diskriminasie en ontkenning van die mees fundamentele menseregte gewoonlik blootgelê word (Renders, 1988: 127). Sy uitsprake teen apartheid vind neerslag in sy romans wat talle sosio-politiese teorieë by monde van die fiktiewe karakters verwoord. Die gefragmenteerde Suid-Afrikaanse samelewing self vind neerslag in Brink se boeke. Op hierdie samelewing reageer Brink ook in die openbaar.

Net soos dit die geval is in **Kennis**, staan liefde oor die kleurgrens binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse politieke werklikheid vóór die afskaffing van die Wet op Gemengde huwelike, sentraal in 'n **Oomblik in die wind** (1975). Kodes wat in hierdie roman uitgesonder word, is "slaaf" (net soos in **Houd-den-bek**) en "vrou" (Milton, **Rapport**, 3/5/1987). In 'n **Oomblik in die wind** beskryf hy die blanke koloniste se aankoms in Suid-Afrika en die daarmee gepaardgaande uitbuiting van die swart Suid-Afrikaner deurdat onder andere grond by hulle afgeneem is.

**Gerugte van reën** (1977) is 'n sleutelroman en 'n toespeling op die apartheidstelsel in Suid-Afrika. Dit gaan in hierdie roman om die verwoesting van 'n individu se lewe as gevolg van die "sisteem", hoewel die hoofpersonasie in 'n groot mate self verantwoordelik is vir hierdie ondergang. In **Gerugte van reën** word 'n Afrikaner en vryheidstryder, Bernard Franken, uitgebeeld as iemand wat glo dat die Afrikaner die geskiedenis van kolonialisme kan verander.

Brink se 'n **Droë wit seisoen** (1979) handel oor sterftes tydens polisieaanhouding. Die lotgeval van Steve Biko, wat deur die Veiligheidspolisie vermoor is, is duidelik herkenbaar in hierdie verhaal. Biko se sterwe is egter in die pers aangegee as dood aan natuurlike oorsake.

Brink stel die kerk in 'n **Droë wit seisoen** voor as 'n instansie wat onder die voorwendsel van medemenslikheid, glo dat bevraagtekening van gesag onchristelik is. Die regering word hiervolgens as instelling van God gesien. Net soos in **Gerugte van reën** betrek Brink die sosio-politiese met die klem op die individu wat die onderspit delf as gevolg van die uitbuiting binne die sisteem en die bevoordeling van die Afrikaner. Die klem val op die onnatuurlike en kunsmatige sosiale opset in Suid-Afrika weens die ideologie van apartheid wat soos 'n mes deur die Suid-Afrikaanse samelewing sny en mense van mekaar vervreem. Aan die een kant is daar die klatergoud van Johannesburg en aan die ander kant die krotbuurte van Soweto waarvoor die Afrikaner sy oë sluit. Hier word die Afrikaner uitgebeeld as 'n mens met 'n egosentriese mentaliteit. Met die ontvangs van die Martin Luther King-toekening vir hierdie werk vertel Brink dat hy sensuur as simptomaties van 'n onderdrukkende bestel ervaar:

*In South Africa censorship forms only part of a large and complicated machinery of repression. And this machinery is itself but a symptom of a deeper sickness, a sickness of the mind; it is a symptom of a psychosis of fear which derives, in a diabolically logical way, from the simple fact that people are kept apart and denied the opportunities of getting to know one another. It is this separateness, this terrible apartheid that goes far beyond the dimensions of politics which to me formed the starting point of **A Dry White Season**. And the cruelties of the surface, however horrifying they may be in their own right, are only signs of that deeper cruelty which denies people the right to put out a hand and touch a fellow man: which, I think, is the ultimate symbolic gesture in the life and thought of Martin Luther King. (Brink, 1983a: 205-206)*

**Houd-den-bek** (1982) is gebaseer op argivale stof oor 'n slawe-opstand in die Bokkeveld vroeë in die negentiende eeu - 'n gegewe wat interessant genoeg voor die verskyning van Brink se boek nooit iewers in (geskiedenis)boeke opgeneem is nie (Le Roux, **Beeld**, 15/4/1982: 26). Volgens Brink is hierdie opstand verteenwoordigend van feitlik alle elemente "wat vandag nog bestanddele van ons Suid-Afrikaanse samelewing uitmaak" (Botha, **Die Transvaler**, 6/5/1982: 11). Omdat hierdie werk van Brink in 'n groot mate leun op argivale stof is dit belangrik dat 'n mens sal kennis

neem van die standpunt dat geskiedskrywing ook maar in 'n groot mate vertelling (narrasie) is. In hierdie verband skryf Van Coller (1988: 197) dat die historikus en die skrywer seker in een belangrike opsig verskil: "...naamlik dat die skrywer se intertekstuele tradisie nie primêr te make het met "waarheid" nie, maar met "egtheid". In hoe 'n mate *die* skrywer (en in die onderhawige geval André Brink) se egtheid by geleentheid ook "waar" is - en dalk waarder - as dit wat geboekstaaf staan in die tradisionele geskiedskrywing, is 'n vraag vir die historikus."

Die tema in **Houd-den-bek** is die slaaf se vrywording. Hierdie werk handel weer eens oor die individu se stryd teen die samelewingsstelsel - wat Brink in sy latere werke so fel onder die loep neem. Die meester/slaaf-verhouding word in **Houd-den-bek** op die spits gedryf in al sy gewelddadigheid. Hiermee gee Brink te kenne dat apartheid verdeel en verneder. Van Coller (1995: 22-31) wys daarop dat Brink juis die plaasroman weens die tradisionele status daarvan binne die Afrikaanse literêre stelsel as "ideologiese wapen" gebruik is teen die patriargale waardestelsel. Volgens hierdie werk genereer die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel noodwendig geweld want dit laat geen vorm van protes en uitdrukking toe nie. Net soos in **Kennis** figureer liefde oor die kleurgrens en onmenslikheid in **Houd-den-bek**. Van Coller (1990/6: 120) koester 'n hoë agting vir die werk, maar meen tog dat die manipulerende aanslag van die boek en die feit dat die politiese strekking van die werk nie goed akkoord is met die meervoudige ek-roman nie, 'n jammer is.

Die herhaling van temas en kodes in Brink se betrokke werke vind 'n mens ook in **Muur van die pes** (1984). Die liefde van 'n bruin vrou vir 'n wit man én 'n swart man word belig. Die wreedaardige optrede van die polisie, diskriminasie, die onregverdigheid van die stelsel en die aard van die Suid-Afrikaanse werklikheid en apartheid, maak hier weer sy verskyning (Van Graan, **The Citizen**, 30/4/1984: 6).

Sy roman, **States of Emergency** (1986), verskyn in Engels en het weer eens apartheid as tema; dit fokus op die Noodtoestand wat in Junie 1986 uitgeroep is. Hierdie semi-outobiografiese werk is ook deels 'n dokumentasie van sy verhouding met 'n student (Maresa), tans sy vrou. Die buite-egtelike verhouding tussen 'n professor en 'n nagraadse student (Melissa) wat groot geweld onder mans geniet, oorheers in

sommige gevalle die politieke tema in die boek (vgl. hfst. 6, 6.6.5). Maresa het die besoek aan Lusaka in 1989 met Brink meegemaak.

In 1991 word **Die kreef raak gewoon** daaraan, met sy meer as 700 bladsye, gepubliseer. Dit is weer 'n politieke roman, met die Noodtoestand van die tagtigerjare as agtergrond. Die vraag wat by die lees van die boek telkens na vore kom, is of geweld verdedigbaar is. Die ellende van die swart townships word uitgebeeld en heelwat Township- en Weskusafrikaans word gebruik. Camus se naam val op in die roman wat wys dat hy steeds 'n sterk invloed op Brink het.

**Inteendeel** (1993) kry oor die algemeen baie goeie resensies en word allerweë as 'n "beter" werk beskou as **Die kreef raak gewoon daaraan**. Die VOC se bewind aan die Kaap is die raamwerk waarbinne hierdie roman, wat in drie dele/reise uiteenval, afspeel. Uit dokumentêre gegewens oor die lewensloop van Estienne Barbier, 'n Fransman wat in 1734 in Suid-Afrika aangekom het, het Brink hierdie verhaal opgebou. Hy het heelwat detail by die dokumentêre gegewens gevoeg om 'n storie te skryf wat spreek van 'n verwickelde problematiek en wat reg laat geskied aan die historiese gebeurde, waaronder ook ons kolonialistiese verlede. Al word die agtiende-eeuse korrupsie op die spits gedryf, het hy die "toepaslikheid op die Suid-Afrikaanse aktualiteit van vandag nie so onverbloemd en emblematies" uitgespel soos in sy vroeëre betrokke werke nie en ook die "seksuele eksesse" bly hier ietwat agterweë (Kannemeyer, 1993: B5). Persone in magsposisies word verspot uitgebeeld, maar die speelse element in hierdie boek word veral ervaar in die wyse waarop die "waarheid" van die storie self deurgaans gerelativeer word.

M. du Plessis (1995: 61-63) toon in haar skripsie aan dat **Inteendeel** 'n postmodernistiese roman is vanweë onder andere die feit dat die klem in hierdie werk geplaas word op sake soos die verbreking van ontologiese grense, die onvermoë van taal om die werklikheid en die geskiedenis weer te gee en die moeilike onderskeid wat getref word tussen waarheid en leuen.

#### 4.9 BRINK SE SIENING VAN DIE INTERSISTEMIESE VERBANDE TUSSEN SKRYWER EN GEMEENSKAP

In *Aspekte van die nuwe prosa* (1974: 116) laat Brink hom baie breedvoerig uit oor die verhouding tussen die literêre en die samelewingsstelsel. Hy sê onder andere dat die gemeenskap 'n organisasie van 'n groot massa mense is, "wat ter wille van praktiese samewerking met gemene delers werk en op sekere voorgeskrewe maniere reageer". Hy verwys na die onderlinge verband tussen subsysteme binne die groter geheel:

*Daar is 'n politieke organisasie, 'n onderwysorganisasie, 'n religieuse organisasie. Elk berus op wette, d.w.s. op reëls waarvolgens gedink en gehandel word. Daar word op voorgeskrewe maniere gereageer op die werklikheid, ter beveiliging van die groep... En nou is daar die kreatiewe enkelinge wat bewustelik in opstand kom teen aanvaarde patrone en konvensies en stelsels. Die gemeenskap hou nie van hulle nie, dryf hulle dikwels uit - omdat hulle die knusse veiligheid van eenderse denke bedreig.*

Brink meen die Afrikaanse skrywer is geneig om die establishment te onderskraag en te konformeer, want: "The fear of rejection is incredibly strong in Afrikaans society" (Brink, 1983a: 77). In *Aspekte van die nuwe prosa* (1974: 53) sê Brink dit is verkeerd om te praat van skrywers wat hul tyd vooruit is, dit is eerder die massa wat "agter" die tyd is.

In 1976 sê Brink dat taal in die gemeenskap gebruik word om te verdoesel, selfs te lieg, terwyl die skrywer dit gebruik om die waarheid bloot te lê (Brink, 1983a: 118). Hy maan die publiek/leser op die 1978-Gildeberaad in sy betoog getiteld *Samisjdat, Tamisjdat, Lamisjdat* soos volg:

*Dit beteken in die eerste plek al dat mens nie 'n skrywer en sy werk moet verwar nie. Wat Breyten as mens, selfs as "politikus" gedoen het, het niks te make met die kwaliteit van sy reaksie op sy totale situasie as digter nie. 'n*

*Samelewing wat hierdie onderskeid kan maak het al gevorder in die beskawing.*  
(Brink, 1985b: 62)

Brink voel die woord is 'n instrument wat meehelp dat die toekoms reg gepraat kan word. Die geskrewe woord, glo hy, het 'n vormende invloed op die gemeenskap (Galloway, 1987b: 289). Op die internasionale skrywersorganisasie PEN se kongres in Stockholm in 1978 sê Brink nie verniet dat 'n skrywer "'n woord vermom as 'n mens" is nie. Hy sê ook:

*Met die aanvaarding dat woorde maskers is, moet hy daardie maskers só versigtig en noukeurig kies, met so 'n ewewig van trots en nederigheid, dat hulle minstens soveel onthul as wat hulle onvermydelik verskuil... Dit volg dus dat selfs wanneer die skrywer sosio-politiese ervaring as sy slagveld kies, sy benadering en manier van handeling radikaal verskil van dié van die politikus of die pamfletverspreider. (aangehaal deur Bruwer (red.) Rapport, 25/6/1978: 19)*

Hy wys op ware insidente wat plaasgevind het en lig dit toe met gebeurde wat volgens hom uit die apartheidsbestel gebore is, gebeurde wat weerstand teen die Suid-Afrikaanse politieke en samelewingsstelsel opgebou het. Brink illustreer een van hierdie insidente wat sprekend van 'n gemeenskap se betrokkenheid by literatuur (as katalisator van rassetenspanning) is: "And during the performance of **People are living here**, when one character on stage accused the other of hiding behind his white skin, the entire audience jumped to their feet and shouted: 'Yes!'" (Brink, 1983a: 88). Brink haal in hierdie verband ook vir Nat Nakusa aan: "Most white South Africans have simply never opened their eyes to the reality of there being other humans beside the whites in this country" (Brink, 1983a: 78).

Brink (1983a: 240-241) beskryf 'n gebeurtenis wat uit hierdie genoemde Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel gebore is:

*In reality, everybody falls victim to the system. A small, pathetic example: in 1902 an Italian man came to South Africa, married a black woman and settled*

*in the Johannesburg suburb of Sophiatown. In the early 1950s, after the death of his wife, he lived with his daughter; but as Sophiatown was now declared "white only" (depriving the many blacks who still possessed houses and land there of their freehold rights), his daughter had to move. They went to another "mixed" suburb. But a few years later this area was declared "coloured" and the old man, then totally blind and more than eighty years old, was not allowed to continue living with his own daughter (who was, of course, "coloured").*

Brink noem nog 'n voorbeeld:

*A coloured orchestra is invited to play at the wedding of a young white couple. They have to obtain special permission from the Department of Community Development. The permit is granted, but upon the condition that the coloured members of the orchestra are separated from the white guests by a fish-net curtain, in order to prevent "mixing". (Brink, 1983a: 128)*

Die feit dat Brink kennis geneem het van die gebeurtenis is in 'n mate 'n weerspreking van persone soos Sheila Patterson en F.A. van Jaarsveld (4.8) se stereotiperings van die Afrikaner. Afrikaanse koerante van daardie tyd het oor soortgelyke gebeurde berig en dit veroordeel. Dit was met die kennisname van gebeurde soos hierdie dat daar 'n verandering in Brink en ander skrywers se politiek-literêre denke ingetree het. Die ivoortoring-benadering van sy eerste werke het verander in 'n benadering waar hy die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel vol konflik en pyn, as vertrekpunt in sy werke het.

In 'n toespraak tydens 'n gradeplegtigheid by die Universiteit van die Witwatersrand gedurende Julie 1980 sê Brink (*University of the Witwatersrand Gazette*, July 1980: 2):

*And in a world demanding exploitation, ideological and territorial expansionism, aggression and repression, the activity of the intellectual may appear not only futile but redundant, a luxury society can ill afford.*



Brink, wat deelgeneem het aan die Dakar-beraad in 1987, woon ook die Lusaka-samesprekings in 1989 by. Na die Lusaka-samesprekings wys hy daarop dat die Letoits, Kerkkorrels en Nataniëls almal 'n kultuurstryd aan die voer is. Hierdie handelinge en uitsprake van Brink moet binne die konteks van die tagtigerjare, waar literatuur na die hele volk uitgebrei word en in die lig van die feit dat die skrywer van tagtig 'n "verstedelike Afrikaner" is, gesien word. Brink beklemtoon dit dat die skrywer by groter georganiseerde strukture van die Bevrydingsbeweging sal moet inskakel ten einde met die breë samelewing in aanraking te kom, 'n breër spektrum van ervaring te verkry en sy medemens te leer ken (Brink, 1989c: 105).

#### 4.10 DIE MEDIA SE ROL IN INTERSISTEMIESE KOMMUNIKASIE

##### 4.10.1 Inleidend

Aan die begin van die twintigste eeu was persvryheid in Suid-Afrika aan die orde van die dag. Die invloedrykste koerantgroep van daardie jare was **Argus**. Koerante onder die beheer van hierdie maatskappy het imperialisme en kapitalisme ondersteun. Swart belange het aandag geniet in **Imvo Sabantsundu** en **Ilanga Lase Natal**. Die bruinman se stem is gehoor in **A.P.O.** en die Indiërgemeenskap het **Indian Opinion** as hul spreekbuis gehad (Cameron, 1992: 222). Afrikanerbelange is uitgedra deur koerante soos **De Volkstem** en **Land en Volk**.

H.F. Verwoerd was in die dertigerjare die eerste hoofredakteur van **Die Transvaler** wat 'n "behoudende, gesuiwerde rigting" ingeslaan het (Venter, 1983: 347). J.C. Steyn (1992: 3) beskryf die beginjare van **Die Burger** en **Die Volksblad** as 'n tydperk wat gekenmerk is deur 'n kragtige ontwikkeling in die Afrikaanse kultuurlewe. Hy wys daarop dat politiek sterk gefigureer het in hierdie koerante; "die Afrikaanse skrywer was in die kolomme van dié koerante 'n vername figuur en die Afrikaanse boek is met agting behandel" (Steyn, 1992: 31). Van hierdie eerste skrywers in Afrikaans "was in murg en been Afrikanernasionaliste" (Steyn, 1992: 32).

Teenoor die situasie waarin die Afrikaanse pers hom bevind, sien Tyson (1993: 70) die rol van die hoofstroom Engelse pers só: "The mainstream opposition press - with

the English language universities and the Black Sash and Progressive Party - fought the system from within the system." Hy vertel deurgaans verhale van intimidasie deur die polisie op joernaliste, van doodsdreigemente, gesnyde bande en koeëls wat voertuie van werknemers van die betrokke koerante getref het (Tyson, 1993: 296-297). Die Engelse pers was meestal anti-Afrikanerestablishment, wat laasgenoemde groep mense met groot wantroue jeens die Engelse pers gevuul het (Van der Spuy, 1978: 35). F.A. van Jaarsveld (1975: 322) meen die Engelse pers het nie veel uitgerig nie: "Since 1948 the press has tried periodically to weaken the governing party by invoking the assistance of 'world opinion' as well as non-Whites, but without success." Harvey Tyson (1993: 11-12) som die situasie waarin die Engelse joernalistieke sisteem hom in daardie jare bevind het só op:

*The waves started hitting the English-language press immediately after the nationalist Government came to power in 1948. The first waves were designed to alienate our Afrikaans readers, many of whom were still anti-apartheid in their political loyalties... Every Nationalist speech from every political platform across the country devoted much of its content to the evils - and the dangers - of the Engelse pers, the English press... Those papers which supported a "broad South Africanism" were attacked from both sides - from the reactionary government for being unpatriotic, and from the radicals for supporting "The System".*

Muller (1990: 759) sê die Nasionale Pers het in die eerste helfde van die twintigste eeu 'n sterk bydrae tot Afrikanernasionalisme gelewer. Hertzog se ideale is deur Nasionale Pers gepropageer, dit het sterk steun aan die Nasionale Party van Malan verleen en dit het "meegehelp om Malan se apartheidsbeleid doeltreffend uit te dra totdat hy, **De/Die Burger** se eerste redakteur, eerste minister geword het" (Muller, 1990: 760). In die vyftigerjare was die Afrikaanse joernalistieke sisteem in 'n groot mate in die hande van kabinetministers en partybeamptes.

Die Afrikaanse pers breek met baie taboes in die Suid-Afrikaanse samelewing in die sestiger- en sewentigerjare, net soos die Afrikaanse skrywers van hierdie era. Hulle maak hulle toenemend los van partypolitieke beleidsrigtings en beskou hulself in 'n

groeïende mate as volksorgane (Kannemeyer, 1983: 225). Ten opsigte van die skrywer was dit veral sake soos die Sharpeville-skieterij in 1960, die verbanning van die ANC, die meegaande arrestasie van Nelson Mandela (en ander leiers) en sensuur wat skrywers met 'n sterk politieke gewete, laat regop sit het. Die 1976-Soweto-opstande verskerp hierdie nuwe gewaarwordinge:

*The terror of uprisings and shootings in Soweto spread like wildfire through the land and elicited angry reactions from writers of all classifications. Literature had now become a significant weapon in the liberation struggle, as part of the "cultural struggle".* (Malan, 1983c: 8)

Volgens Tyson het die Afrikaanse joernalistieke sisteem vanweë die invloed van die politieke sisteem jare lank inligting van die samelewingsstelsel weerhou, waaronder kennis van andersdenkendes en ander bevolkingsgroepe: "Editors of the evolving Afrikaans press...were once totally-controlled party organs...some of them bid for freedom of opinion in 1982" (Tyson, 1993: 365). Hy wys daarop dat die Afrikaanse pers vir vryheid van spraak begin veg het gedurende die laaste jare van apartheid:

*The argument was between Afrikaner Nationalism and (white) South Africanism. But most of white South Africans had an awareness, or at least an uneasy feeling, that reality was elsewhere. And they saw it reflected, if indirectly, in newspapers which correctly portrayed every issue as a squabble over the rights and interests and the future of the black majority.* (Tyson, 1993: 52)

Afrikaanse koerante het meer toeganklik vir verskillende menings geword, sodat sake vanuit verskillende hoeke krities belig is. Die pers is in die later jare toenemend beperk deur Noodtoestandregulasies en verskeie persregulasies. As 'n mens Lane (1986) se werk oor wetgewing en die koerantwese lees, word dit duidelik dat daar teen die laat tagtigerjare meer as honderd statutêre maatreëls was wat persvryheid in die wiele gery het. Tyson vertel van uiters linkse Afrikaanse koerante wat in 1983 ontstaan het. *Saamstaan* was so 'n mondstuk van 'n bruin gemeenskap in die Suidkaap. Hierdie koerant was polities baie uitgesproke met nadelige gevolge: "Its

premises were firebombed, its members frightened or locked up, its 'reporters' assaulted" (Tyson, 1993: 326). **Vrye Weekblad**, met Max du Preez as redakteur, het hom sedert 1988 daarop toegelê om krities te kyk na establishment-instellings. Binne vier jaar het hierdie koerant (later was dit eerder 'n tydskrif) hom sowat vyftig vervolgings op die hals gehaal (Tyson, 1993: 327). Vroeg in 1994 is **Vrye Weekblad** gestaak weens finansiële probleme, maar ook omdat Suid-Afrika 'n nuwe bedeling betree het. Du Preez het 'n aanbod om met **Insig** saam te smelt van die hand gewys (**The Guardian**, 17/2/1994: 13). In 1989 het Brink in Parys 'n bedrag van een miljoen rand gevra om **Vrye Weekblad** te red op die vooraand van dreigende hofsake teen dié blad nadat berigte daarin verskyn het oor moordbendes in die Suid-Afrikaanse polisiemag (**The Star**, 30/11/1989: 1).

Die afkondiging van die Noodtoestand op 12 Junie 1986 het die situasie ten opsigte van die Suid-Afrikaanse joernalistieke sisteem allermens verbeter. Die pers is verbied by enige plek waar oproerigheid is nadat die buiteland beeldmateriaal getoon het wat 'n verleentheid vir die Suid-Afrikaanse owerhede was; kommentaar oor die ontplooiing van veiligheidsmagte en inligting oor aangehoudenes onder die Noodtoestandregulasies is verbied. Hierdie maatreëls is in Januarie 1987 verskerp sodat geen verbode organisasie se beeld in 'n publikasie bevorder of verdedig kon word nie (Du Plessis en Olivier, 1897: 130-131). Saam met die ontbaning van die verbode organisasies in 1990 het baie van die perswette verval en het daar groter persvryheid gekom.

In 1990 kondig pres. F.W. de Klerk aan dat sekere beperkings op media-beriggewing opgehef word.

#### 4.10.2 Brink op die voorblaai

Brink se menings en werke geniet wye publisiteit in die media - hier sowel as in die buiteland. Vergelyk 'n mens 'n paar van die hoofskrifte in die pers in reaksie op **Houd-den-bek** (om één voorbeeld te noem wat eksemplaries is van die reaksie op ander boeke van Brink), lyk die prentjie erg verwarrend: **Die Republiein** (Weideman, 4/3/1983: 7) stel **Houd-den-bek** bekend as "'n Voortreflike roman oor

rassspanning", en Amanda Botha (*Die Transvaler*, 6/5/1982: 11) se subopskrif lui: "Elemente van slawe se opstand vandag nog in SA se samelewing herkenbaar", terwyl Johann Johl (*Beeld* 28/6/1982: 8) tot die slotsom kom dat hierdie agtste roman van Brink "tipies" is. André le Roux (*Beeld*, 15/4/1982: 26) beskou die boek weer as "verstommend". Henriëtte Roos (*Die Vaderland*, 24/6/1982: 26) se resensie volg onder die opskrif: "Blitsverkoper-resep met geweld, seks, politiek en feministiese dialektiek." In die resensie wys sy daarop dat hierdie boek deel is van 'n uiters intensiewe publiseitsveldtog waarin soveel sterk oordele uitgespreek word "wat dit vir die gewone leser moeilik maak om sonder vooroordeel die roman te koop, te lees en vanuit eie insigte te evalueer". Die reaksies is só uiteenlopend dat daar uit die resensies nie 'n samehangende beeld van **Houd-den-bek** gevorm kan word nie. Hierdie uiteenlopende reaksies geld ook vir baie van sy ander werke. In die buiteland word die boek goed ontvang. Dat dit met opskrifte soos "Het verdriet van Zuid-Afrika" (De Graeve, *Laatste Nieuws*, 30/5/1983) bekendgestel word, toon dat daar ook in die buiteland sterk standpunt ingeneem word wanneer 'n werk van Brink ter sprake kom. Alhoewel daar bespiegel word of reaksies vanuit buitelandse sisteme soveel waarde het, spreek uitgewer Koos Human (1984: 60) die mening uit dat die feit dat Brink so goed in die buiteland ontvang word, nie geïgnoreer kan word nie:

*Om te sê dit is net om politieke redes, is volstruisredenasie. Ek dink dit is een van die grootste swakhede by die Afrikaanse kritici dat hulle eenvoudig weier om hulself te ondersoek en hulle af te vra of die fout dalk by hulle lê en dat André 'n baie beter skrywer is as wat hulle dink. Dit is 'n selfversekerde klomp bliksems.*

In 1985 noem Brink teenoor 'n Nederlandse tydskrif dat min. P.W. Botha "Een walgelijk-arrogante man" is (*Onze Wereld*, November 1985: 22). Gedurende 1986/87 bereik Brink se anti-regeringsveldtog 'n hoogtepunt met "'n Ope Brief" (*Stet*, 3/3/1987: 6) aan P.W. Botha. Hierin val Brink die Staatspresident skerp aan. Die brief se politieke betrokkenheid word verskerp deurdat dit in die buiteland op Sowetodag (16 Junie) gepubliseer word. *Die Burger* (11/7/1986: 10) sien hierdie gebaar as 'n openlike uitnodiging aan die Suid-Afrikaanse owerhede om hom in hegtenis te neem. Die Ope Brief volg nadat Brink se korrespondensie met P.W.

Botha op 'n dooie punt uitgeloop het en hy min. Botha laat in 1985 om aanduidings gevra het op grond waarvan hy Suid-Afrika se saak tydens sy besoek aan die buiteland kan bepleit. Volgens Brink was min. Botha se reaksie hierop bot, snedig en sarkasties. Ironies genoeg het Brink met min. Botha se aanstelling as Eerste Minister aanvanklik in die pers laat blyk dat hy weer nuwe moontlikhede sien om kontak met regeringsowerhede te bewerkstellig (**Die Republikein**, 11/1/1980).

Só lui Brink se bitter reaksie op bogenoemde gebeurde in die vorm van die Ope Brief (Stet, 1987a: 6-7):

*Meneer die Staatspresident -*

*In dié land verskeur deur geweld het u wit minderheidsregering en sy agente (Liewe Here, besef u dat ek in één reël drie uitdrukkings gebruik het wat deur die noodregulasies verbied is!) nou daarin geslaag om met arrogansie, onverbiddelikheid en georganiseerde terreurveldtogte teen die onderdrukte meerderheid, die omstandighede te skep waarbinne u 'n Noodtoestand kon uitroep.*

*Klaarblyklik geërger deur die howe, die inmenging van bekommerde individue en organisasies, parlementêre ondersoekspanne, ondernemende joernaliste e.a. wat volgehou het om die waarheid omtrent u benoude regime bloot te lê, het u dit nou reggekry om 'n dodelike stilte rondom u bewind te vestig: nou durf niemand mos verslag lewer oor wat u doen of beplan nie, niemand mag u leuens en euwels ontmasker nie, niemand mag kampvegter word vir diegene wat deur die jongste inkarnasie van die Gestapo onderdruk, vervolgt, uit hul brandende huise gedryf, gefolter of gedood word nie. Nie eens die name van diegene wat daaglik rondom ons "verdwyn" mag gerapporteer word nie.*

*U verseker ons dat u goeie rede daartoe het. "Ek het die feite!" skreeu u nou al sedert verlede Augustus toe u vir die eerste keer, stellig in die vermoede dat u op water kan loop, die Rubicon probeer oorsteek en gesink het. U verwag*

*dat ons u sal glo, maak nie saak hoeveel keer u regime in die verlede vir ons gelieg het nie.*

*Ons het tevore die gehalte van u "feite" ontmasker gesien. U Minister van Polisie het aan die wêreld die feite vertel oor hoe u dapper en omsingelde soldate 'n gewelddadige gepeupel by Uitenhage bedwing het: maar toe u genoodsaak was om 'n geregtelike kommissie van ondersoek in te stel, moes ons hoor dat mans, vroue, kinders en babas in 'n vreedsame optog in die rug geskiet is.*

*Is dit waarom u so hardnekkig weier om ondersoek te laat instel na wat 'n Afrikaanse kommentator beskryf het as "in terms of human suffering and deprivation...the greatest disaster that has struck us this century" (Willem Steenkamp in *The Cape Times*, 17.6.86), waar minstens 50.000 mense dakloos gelaat is deur geweld waarin u "veiligheidsmagte" (sic!), om die minste te sê, 'n twyfelagtige rol gespeel het? Talle beëdigde verklarings deur geestelikes, geneesher e.a. suggereer dat u eie agente deelgeneem het aan die geweld en verbrandings in Crossroads en KTC, deur na bewering selfs op vlugtelingte te skiet en hul skuilings af te brand ten einde die mense te "oorreed" om te verskuif na 'n plek wat u tevore al vir hervestiging aangewys het.*

*As u sulke aanklagte ontken, waarom weier u om 'n regter aan te stel om te ondersoek wat "werklik" gebeur het? U kan my en ontelbare ander nie verkwalik dat ons die ergste glo nie: ons kan ons maar net op u rekord verlaat, sedert die tyd toe u betrokke was by die verwoesting van Distrik Ses.*

*U probeer liggelowige Westerse leiers soos Reagan en Thatcher beïndruk dat u die Groot Hervormer is. Gevolglik skrap u die Wet op Gemengde Huwelike, maar verbied dan getroude mense van verskillende rasse om te woon waar hulle verkies. U beëindig gedwonge hervestiging, maar dan vind toevallighede soos Crossroads plaas om die haveloses aan te spoor om gewillig te verskuif. U skaf die paswette af, maar begin dan tallose swarmense arresteer vir "oortreding" ens. U laat 'n handjievol Bruin en Indiërverteenwoordigers in*

Ek doen 'n beroep op die skrywers van my land om getuents af te lewer in hul werk. Ons sal nie vir goed swyg nie. Ons het die geskiedenis aan ons kant. Ons het die waarheid aan ons kant.

Ek het geen illusties oor wat 'n skrywer, fiesiek gesproke, kan doen nie. Maar u moet ook nie illusties hê oor 'n skrywer se magtelooheid nie. U meen dat u ons jinaal die swye opgele het. U het nie. Daar mag 'n tydelike stilte in die land wees: die soort stilte van tronkmure wat so dik is dat mens nie die bloed binnekant kan sien of die gesmoorde skreue kan hoor nie. Maar daardie bloed, die skreue het 'n mik om deur te syfer tot in die penne van skrywers. laat is!

Waar staan ek as skrywer in so 'n Noodtoestand?

Ek weet maar te goed waar ek staan: die bloie neerskryf van hierdie woorde is 'n misdaad. Ek kan hiervoor gearresteer word. En as dit gebeur, sal u stelling u bes doen om te versker dat mens in Suid-Afrika nie eens weet dat ek onder die onelbare naamloses is wat dageliks verdwyn nie. Maar ek weet ook dat ek nie met my gewere sal kan saamleef as ek my onderwerp aan die geëwonge stilswye nie. Skryf sal ek, praat sal ek, so lank ek asem het: nie net om te sê: "Vaccuse" nie, maar bowenal: "Keer dit in Godsaam voor dit te laat is!"

die parlement toe om sê: "mag te deel", maar die oomblik as hulle weer om te handel u hulle soos skoolkinders - en gaan voort met die weigering. U kondig aan dat u met swart leiers gaan beraadslaag oor die konstitusionele toekoms, maar sorg dan al die ware volksleiers af in die tronk af in aanhouding sit. U vertel die wêreld dat dit 'n vry land is, maar reeds sedert lank vóór die Noodtoestand word die mees vreedsame proteste uitmekaar gemaker. U sê vir ons dat u Christen is, maar smur dan u magte in om traangas op begrafsingsgrangers te vuur sodat die doodskisie in die pad nereggoel moet word. En as ons dan nog sê dat ons u nie kan glo nie, probeer u alle kritiek beëindig deur die Grooi Stilte op ons af te dwing.



*U het joernaliste gesmoor. Die "feite" mag nie vertel word nie, behalwe in die niksseggende of verwronge vorm wat u goedkeur. Maar fiksie het 'n maniere om 'n waarheid dieper as feite oor te dra. Wat nie reguit vertel kan word nie, sal ons op ander manier moet oordra: dit is wat ons skrywers maak. En as ons nie meer mag publiseer nie, sal ons ander uitweë vind om te versprei wat ons gewete aan ons oplê om te skryf. Indien nodig, moet ons nou ons Russiese kollegas se samsjdat begin navolg.*

*U sal seker weer met een van u gebruikelike woede-uitbarstings reageer op die gedagte dat ons Russiese voorbeelde volg. Maar hoeveel keer is u regime al deur die Kremlin geïnspireer? In u staatsbeheer van die ekonomie, u inmenging in produksie en bemaking, u beperkings op die vryheid van spraak, u polisiestaat-metodes?*

*Onlangs het 'n kommissie van ondersoek in Argentinië verslag gelewer van die gruwele wat die vorige militêre bewind gepleeg het om die mag te behou. Dit gee 'n mens koue rillings om daardie verslag te lees, veral in Suid-Afrika waar soveel aanduidings bestaan dat ons besig is om in dieselfde rigting te beweeg.*

*Die Argentynse verslag heet: **Nunca mas: Nooit weer nie.** Watter bedroewende en vreeslike pleidooi skuil daarin, in 'n verflenterde wêreld soos dié waarin ons lewe. Maar dalk is daar tog 'n klein bietjie troos in die wete dat sekere historiese patrone wél herhaal word. Nie net die donkertes nie, maar ook die lig. Die tyd vir Neurenberg mag inderdaad weer aanbreek.*

**Sieg Heil!**

*André P. Brink  
16 Junie 1986*

Hierdie brief lok soos sy boeke en sy ander openbare uitsprake teenstrydige reaksies uit. Die **Oosterlig** (14/7/1986: 4) beskryf Brink se brief as 'n "oorlogsdans" terwyl **Stet** (Maart 1987: 8) die brief "te lig in die broek" bevind. As openbare figuur word

Brink in spotprente uitgebeeld (sien hfst. 2, 2.11) en word sy persoonlike lewe as nuuswaardig bestempel.

#### 4.10.3 Brink se persoonlike lewe haal die nuus

As uiters kontroversiële en nuuswaardige persoon is Brink se persoonlike lewe deur die media oopgevelek. Slegs enkele berigte word hier genoem om 'n idee te vorm van wat die media as nuuswaardig beskou het. 'n Inbraak by sy huis is voorbladnuus in **Die Oosterlig** (17/1/1973: 1). In 1978 berig **Rand Daily Mail** (20/8/1978: 12) dat Penny Rey Coelen Brink beskou as iemand met "sex appeal". 'n Jaar later haal Brink weer die voorbladnuus met sy optrede om 'n "goeie gees" te bewerkstellig op 'n vliegtuig wat in Lissabon vasgekeer was weens moeilikheid met die motore (**Die Vaderland**, 3/10/1979: 1). Later dieselfde jaar plaas 'n Engelse vrouetydskrif, **Fair Lady** (6/12/1979: 96), 'n artikel oor Brink se Victoriaanse huis in Grahamstad. Vele skinderstories oor sy liefdeslewe doen vroeg reeds die rondte. Sy huwelike en egskeidings haal selfs die televisienuus. In 1990 trou hy met sy vierde vrou, sowat dertig jaar jonger as hy, Maresa de Beer (vgl. 4.8). Liebenberg hekel in sy boek, **As die nood hoog is**, met Brink se berekendheid in die beskrywing van seksuele kontak en die onnatuurlike nimfagtige uitbeelding van die vrouefiguur in **States of emergency** (vgl. hfst. 6, 6.6). Brink se belangstelling in die seksuele en die vrouefiguur bring hom kritiek op die hals in sy sestigerwerke, maar meer nog as dit bekend word dat hy vir 'n oorsese sekstydskrif 'n verhaal gestuur het. Sy naakstudies van 'n twaalfjarige meisie met 'n fluit in 'n bos, word ook nie oral goed ontvang nie (**Die Burger**, 18/10/1973: 16). **Rapport** (21/10/1973: 15) het **Fotoboek: Portret van die vrou as 'n meisie**, uitgegee deur Buren-uitgewers in 1973, egter gunstig ontvang.

Brink se persoonlike verhoudings het blykbaar dikwels in sy romans neerslag gevind. So is daar byvoorbeeld aangevoer dat **Orgie** gebaseer is op Brink se verhouding met die digteres Ingrid Jonker, wat in latere jare selfmoord gepleeg het. In 1994 word hierdie verhouding weer aktueel as daar in die pers deur die suster van Ingrid Jonker, mev. Jonker-Bairos, geïmpliseer word dat Brink aanleiding gegee het tot die selfmoord van Ingrid Jonker. Hierdie berig volg nadat daar gevind is dat "sleutelverwysings" na Brink uit die Ingrid Jonker-versameling by die National

English Literary Museum in Grahamstad verwyder is. Brink was deel van 'n liefdesdriehoek met Jack Cope as die ander man in Jonker se lewe. In 'n brief aan Jonker tipeer Cope vir Brink onder andere as "a mean soul" (Van Greunen, **Rapport**, 5/12/1994: 4).

#### 4.10.4 Brink en die SAUK

Brink plaas die Afrikaanse literatuursisteem nie net prominent op die voorblaai nie, selfs die radio en televisie kon Brink en die Afrikaanse letterkunde nie langer ignoreer nie. Nogtans is dit waaroor Brink skryf, dit wat die establishmentsisteem so geskok het, gebeurde wat enigeen wat wil in enige koerant kan lees; gebeurde wat deel is van die gebroke (Suid-Afrikaanse) werklikheid. Misdaadstories, seksberigte en die foto's wat die leserspubliek deur middel van die joernalistieke sisteem bereik, is dikwels meer skokkend as verbode werke wat deel uitmaak van die literêresisteem se beskrywings. Na **Kennis van die aand** verbied is en die Kerkpers **Kennis** die stryd aangesê het, boikot die SAUK Brink. Die gebeurtenisse rondom die verbod op **Kennis** geniet geen nuusdekking deur die SAUK nie (Louis Preller, **Die Burger**, 5/2/1974: 6). 'n Oningeligte regisseur wat Brink om 'n onderhoud genader het, het veroorsaak dat die betrokke uitsending afgelas is (Gous, **Die Transvaler**, 21/4/1980: 2). Carole Charlewood is voor 'n opname deur die SAUK versoek om nie met Brink te praat nie, maar om haar op gematigde Gildelede toe te spits (**Sunday Tribune**, 26/3/1978: 3).

As 'n mens die geskiedenis van die televisie-medium hier in Suid-Afrika navors, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse regeringsowerhede die instel van televisie probeer verhinder het. Terwyl 'n paar Deredewêreldlande reeds oor televisiedienste beskik het, het die Minister van Pos- en Telegraafwese, dr. Albert Hertzog, verklaar: "Dit is net ongeskooldes wat televisiestelle besit." Hy het verder gewys op die nadelige uitwerking van televisie op kykers se oë en op die negatiewe finansiële implikasies van televisie (Kruger, **Die Transvaler**, 8/12/1981: 10). Sommige koerante uit die Afrikaanse pers het hierdie sienings ondersteun. Op 12 Mei 1969 verskyn 'n berig in **Hoofstad** wat televisie as 'n potensieël gevaar vir die Afrikanervolk, sy taal en kultuur - 'n imperialistiese mag waaroor die Afrikaner geen beheer sal hê nie -

uitbeeld. **Die Transvaler** (15/7/1969) het 'n opskrif wat voorspel: "Gevare van beeldradio." In **Hoofstad** (10/9/1969) verskyn 'n berig onder die opskrif "Afrikaner sal TV nie voordelig kan aanwend" waarin voorsien word dat liberale en Kommunistiese invloede die Afrikanerdenke sal beïnvloed.

Hierdie Kommunismespoek is met die burgerlike godsdiens, waar dit nie werklik om die God van die Bybel gaan nie maar eerder om die God van die volk, as vertrekpunt in Suid-Afrika opgejaag weens 'n vrees vir die Engelse sowel as die swart Suid-Afrikaners. Volgens Jonker (1993: 322), 'n teoloog verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch, sluit burgerlike godsdiens aan by "die natuurlike neiging van volke om hulleself religieus te vereer". Kommunisme was 'n gerieflike sondebok omdat dit gelykheid tussen rasse voorgestaan het nes die Britse Imperialiste. Om Kommunisme in die Britse Imperialiste in een asem te noem, was inderwaarheid 'n geval van twee vlieë met een klap (Moodie, 1975: 251). Die Afrikaanse kerke het Kommunisme aan ateïsme gelyk gestel. Hieroor sê Brink (1976b: 24) dat alles wat van die volkstandaard afwyk as Kommunisties gesien word. Hierteenoor stel hy die teendeel: "Wanneer die kunstenaar die stelsel kritiseer, beteken dit nie hy skaar hom by die vyand nie - hy wil eerder mense aan die dink sit met positiewe gevolge." Harvey Tyson (1993: 12-13) bevraagteken die regering se uitgangspunte en optrede onder hierdie omstandighede:

*How could one take seriously a government whose leaders believed that the free world and communist bloc were joined in conspiracy; that television, like the theory of evolution, was the work of the devil? How could you listen to a leader who was once a political organiser in charge of a bicycle chain gang which terrorised election meetings? One eminent member of the government, sporting a then Gallic moustache, was even caught laying a table - or rather laying a junior secretary on a Cabinet table. Others were found, not only with their pants down, but with their arms in the Treasury till. Others went further than State President P.W. Botha, who boasted publicly that if necessary he would tell lies for his country. The whole puritanical and racial philosophy was built on a lie.*

Brink word in 1982, na die verbod op **Kennis** opgehef is, op die TV-program **Verslag** gesien waar hy gesels oor die onderwerp **Word Afrikaans nog gelees?** Dit was egter eers in 1984 dat Brink saam met die Beatles en David Kramer die stempel van aanvaarbaarheid kry. Die totale verbod op onderhoude met Brink word hierdeur opgehef (**Die Vaderland**, 11/4/1984: 14). Hiermee word te kenne gegee dat Brink nie meer as een van die "gevaarlike" skrywers bestempel word nie. Of die gemeenskap Brink in daardie stadium ook so ervaar het, is 'n ander vraag.

Vir Brink is die media van kernbelang. Hy stem in tot TV-onderhoude om die volgende rede: "I feel I must reach out to people who may not know me - to mrs. Booyesen in Naboomspruit" (Boekkooi, **The Star**, 2/4/1984: 7).

**The Star** brei op die redes uit:

*It was significant in other ways as well, for it gave him the chance to tell up to a million viewers that mr P.W. Botha's policy would end in revolution, that the new constitution was a cosmetic exercise, that South Africa has learnt a lot from communism - but also that there was still time for non-violent change in this country.*

Brink spreek in dieselfde jaar egter sy afkeur teenoor Riaan Eksteen (toenmalige Direkteur-generaal van die SAUK) uit oor die manier waarop die SAUK die saak rondom biskop Tutu en die Nobelprys hanteer het. Brink weier dat die SAUK enige van sy werk gebruik alvorens daar apologie by Tutu aangeteken word. Die SAUK weier, waarna Brink aankondig: "Dit is nou 'n volkome egskedding" (**Beeld**, 27/11/1984: 3). Hierna draai die SAUK die rug op Brink.

Oor die beheer van die media sê Tyson:

*Most significant media are run by one of five giant media corporations; if the interlocking and cross-shareholdings are traced back and up to holding companies, it could be fairly said that the huge Anglo American Corporation controls most of the English newspapers in the country, the Afrikaans*

*insurance giant Sanlam controls the Afrikaans press and most of the consumer magazines, and the two jointly control the only independent TV station in the country, M-Net. The South African Broadcasting Corporation (SABC) controls almost every radio station and the remaining TV channels. The SABC is a quango and its control vests in a board appointed by the government via the Cabinet Minister under whom the SABC falls. (1993: 381)*

Met die steun wat Brink in 1988 en 1989 aan die ANC gee, is lede van die joernalistieke en literêre sisteem teen Brink gekant (sien 4.3). In daardie stadium het hy jare lank al noue bande met die ANC gehad. Dr. R.W. Johnson, 'n gerespekteerde Oxford-akademiese, het volgens 'n berig in **Die Volksblad** (17/2/1994) in die Londense **Times** van 16 Februarie 1994 gesê Brink "fladder onseker op die ANC se kantlyn" en dat Brink gesê het hy sal vir die ANC stem, maar nie by die ANC aansluit nie. "Hy is met afgryse vervul deur die onvrysinnige geeste in sy midde", aldus **Die Volksblad**.

Veral sedert die negentigerjare is TV-nuus en die Afrikaanse pers (voorheen is dit net deur die Engelse pers gedek) vol van aanklagte teen die Suid-Afrikaanse polisie, wat Brink se Ope Brief (vgl. 4.10.2) relevant maak. Volgens die nuusmedia word die polisie van ongenaakbare optredes in die toepassing van die Apartheidswet beskuldig. Hieruit blyk dit dat daar al hoe meer getuies na vore kom om te bewys dat die SAP deur die regering as 'n politieke instrument gebruik is. Mense soos Brink wat vroeër jare hierdie tipe kritiek teen die SAP en regering in openbare uitsprake en selfs fiksie geuit het, is summier as verraaiers geëtiketteer (sien hfst. 2). Die sogenaamde Kommunistiese bedreiging is op die spits gedryf. Die SAP is teen Kommunisme ingespan. Verhale van marteling, sterftes in aanhouding en die beskerming wat die polisie steeds in hierdie opsig geniet, maak opslae in die vroeë negentigerjare. Coenie Slabber merk in 'n artikel oor Brink wat sestig word in **Insig** (5/1995: 12) op: "André Brink was en is die oorsaak van baie rooi gesigte onder hoë Afrikaanse mense. Vroeër van woede. Vandag van verleentheid." Hy skryf die teenkanting wat Brink vanuit die geleedere van die Afrikanerestablishment ervaar het eerstens toe aan die feit dat hy so ver vooruit was in sy menings. Tweedens meen hy Brink het die

wind van voor gekry vanuit die genoemde geleedere omdat hy so uitgesproke was ten opsigte van hierdie menings, en derdens omdat hy soveel invloed gehad het.

Slabber (1995: 14) beklemtoon die driftige opstand wat Brink gevoel het by die aanskoue van onreg en die skending van menswaardigheid, en onthou hoe Suid-Afrikaners asem opgehou het in krisistye Brink nie weer eens iets sal kwytraak nie:

*Natuurlik hét hy dan. Klokslag. Ja, een ding kon niemand van André verwag nie: dat hy moet swyg. Veral nie wanneer dit geriefliker sou gewees het om te swyg nie. Omdat, in watter establishment waar ook al, swye een van die belangrikste gedragsvereistes is, was dit dalk wat die Afrikanerestablishment die meeste teen hom gehou het?*

#### 4.11 SAMEVATTING

Volgens die resepsie-estetika is die leser deel van die literêre sisteem wat deur sisteme soos die politiek en godsdiens beïnvloed word (Tynjanov, 1927). Die leser binne sy/haar konteks bepaal self hoe hy/sy 'n teks interpreteer (Foulkes, 1983: 30). Sommige Afrikaners beleef volksvreemde, volksvyandige en volksvervreemdende letterkunde as 'n onderdeel - beplan of onbeplan - van die totale aanslag teen die Afrikaner. Hierdie eng siening binne die establishmentsisteem gee aanleiding tot agterdog jeens die lojaliteit en integriteit van Afrikaanse skrywers wat afwyk van die gestelde norme. Algemene opvattinge wat heers, is dat oor taboe-onderwerpe soos seks in die openbaar geswyg moet word, dat kulturele geslotenheid gehandhaaf moet word en dat die verlede voortgesit moet word.

Suid-Afrika stel die apartheidspolitiek in 'n stadium in toe die res van die wêreld weg van kolonialisme en imperialisme begin beweeg het. Alhoewel Suid-Afrika een van die mees gekritiseerde lande is weens sy rassebeleid, verwerp hy hierdie kritiek van die buiteland en vanuit sy eie literêre sisteme. Van die establishmentsisteem eis hy 'n gesindheid en lojaliteit wat grens aan die waarskuwing: "Don't rock the boat." Uit hierdie verwagtinge wat die politieke sisteem van literêre sisteme het, blyk dit dus dat die doel is om die totale samelewingsisteem te isoleer van die buiteland asook al

die sub sisteem binne hierdie samelewing. Brink het 'n simbool van verset teen die politieke sisteem geword - selfs vir diegene wat nog nooit een van hierdie skrywer se werke gelees het nie. Die morele besware wat teen werke in die sestiger- en sewentigerjare deur politici ingebring is, het egter bewys dat hierdie besware ongegrond was en dat die politieke sisteem nie verantwoordelik is vir die volk se moraliteit nie, alhoewel geleerdes in die tagtigerjare al meer betrokke geraak het by wat as aanvaarbaar beskou is.

Die politieke sisteem het mense wat dieselfde taal praat, na dieselfde kerk gaan, verdeel. Die Suid-Afrikaanse politieke sisteem was van so 'n aard dat hy apartheid oral ingebring het en alles probeer isoleer het wat die ideologie van apartheid probeer teenstaan het. Dit is duidelik dat die politieke sisteem die religieuse sisteem oorheers het terwyl die geskiedenisboeke en politieke toesprake die teendeel probeer bewys het. Terwyl die regering homself en die volk "beskerm" deur middel van sensuur, is die skrywer woedend dat politiek in die vorm van sensuur met morele waardes as dekmantel, bedryf word. Hierdie verskuilde agendas het verhoudings tussen die literêre en die politieke sisteme geknou.

Die politieke sisteem het 'n besonder sterk invloed op die religieuse sisteem gehad. Die vrae wat hieruit ontstaan, is: Hoe word die "wil van God" binne 'n politieke sisteem met sy allesoorheersende ideologie van apartheid, geïnterpreteer? In hoe 'n mate het dit die hele uitleg van die Bybel in kerke geraak? Die kerke het apartheid op Bybelse gronde geregtig - hoe hou dit verband met die betekenis van versoening, naasteliefde en geregtigheid? Die hele konsep van "soewereiniteit in eie kring" het in Suid-Afrika 'n nuwe betekenis gekry, naamlik dat apartheid en interne koloniserings "reg" is. Die vraag is of partypolitiek nie liefs uit die kerk geweier moet word ten gunste van sosiaal-etiese beginsels nie.

Dit is duidelik dat almal wat nie by die "amptelike" norme gehou het nie, uit die laer geweier is. Suid-Afrika het onder pres. P.W. Botha nog verder geïsoleer geraak weens dié mentaliteit. Hierdie outokratiese regeerstyl het vir Brink en ander skrywers nie sin gemaak nie. Brink het hom sterk uitgespreek teen apartheid waardeur etnisiteit die maatstaf in elke lewensverband geword het en waar koloniale reste nog te bespeur



was in die samelwingsisteem in sake soos werkreservering, beperkings rakende grondbesit, diskriminerende onderwys, sowel as aparte hospitale, sportfasiliteite, openbare geriewe ensovoorts.

Dit was juis die politieke sisteem wat 'n wig tussen die skrywers van '60 en '80 ingedryf het. Die polarisasie tussen die Afrikaanse literêre sisteem aan die een kant en die religieuse en politieke sisteem aan die ander kant bereik 'n hoogtepunt in Brink se Ope Brief aan die staatshoof waarin hy tussen die Suid-Afrikaanse regering en die Kommunistiese bewind parallelle trek. Politiek vorm deel van Brink se werke vanaf **Kennis** (1973a). Twee sentrale temas in hierdie romans is verandering enersyds en andersyds ook die vraag na geweldlose of gewelddadige verandering in die "gewelddadige" Suid-Afrikaanse samelewing. Brink stel Suid-Afrika voor as 'n land wat op 'n ramp afstuur terwyl die tyd uitloop. Hierdie waarskuwing is 'n aanklag teen die Afrikaner en rassisme, teen die wit oorheersde samelewing, 'n tema wat in Brink se daaropvolgende werke weer en weer herhaal word.

Net soos dit die geval met sensuur was, oefen Brink binne die samelewingsisteem nie slegs invloed deur sy romans uit nie, maar ook by wyse van publikasies en lesings by die Gilde en ander instellings. Hy word dikwels deur die pers aangehaal en hy sit sy ideologiese perspektiewe uiteen in **Mapmakers** (1983), 'n bundel waarin sosio-politieke en literêr-politieke essays en toesprake vervat is. Van die uitsprake wat dit het oor die verhoudings tussen die literêre sisteem en die samelewingsisteem van Suid-Afrika, word hier aangehaal.

In die tagtigerjare ontbreek 'n politieke onderhandelingskultuur, gestroop van party-politieke inhibisies - selfs ná 'n lang en georganiseerde aanslag uit die Ooste en Weste. Met die ingang van die negentigerjare word daar wel enkele treë in hierdie rigting gegee. Brink se byna onverskrokke betrokkenheid by politiek en gemeenskap - seker in 'n groot mate aangevuur deur die feit dat hy as boekresesent die wydgelese **Rapport** as spreekbuis gehad het - reflekteer in die reaksie van talle lede van die publiek op sy menings. Die feit dat een van sy boeke die eerste was om verbied te word, het 'n sekere persepsie van hom by die Suid-Afrikaanse gemeenskap laat posvat.

In 1993 sê Brink 'hy voel toenemend geïsoleer tussen Suid-Afrikaanse Blankes "and was shunned by Afrikaners more than ever" (*The Citizen*, 30/1/1993: 13). Hy sê sy stryd was nie soseer teen apartheid nie, maar eerder teen outoritarisme. Indien die ANC hom hieraan skuldig sou maak, sê Brink, sal hy hulle ook nie spaar nie.

Die veranderinge wat Brink en van sy medeskrywers gedurende die sewentigerjare gepropageer het, het gedurende die volgende dekades regeringsbeleid geword.

Vroeg in die negentigerjare word dit egter duidelik dat standpunte wat in die verlede sleutelrolle gespeel het, al hoe meer deur die Afrikanerpubliek bevraagteken word. Aspekte wat onder die vergrootglas kom, is die amptelike ideologie wat 'n sekere groep mense die reg gee om oor andere se lot te besluit, geplaas in die lig van 'n pluralistiese demokratiese ideaal. Die Afrikaanse taal was deurgaans deel van die gesprek. In ooreenstemming meet die oop aard van die literêre, politieke, religieuse en samelewingsisteme het die uitbreiding in hierdie sisteme Afrikaans as sisteemgrens van hierdie genoemde sisteme beïnvloed sodat die taal sy grense moes uitskuif om 'n breër Suid-Afrikaanse karakter aan te neem. In die volgende hoofstuk word daar na die rol van Afrikaans en Brink se uitsprake daarvoor gekyk.

## AFRIKAANS AS SISTEEMGRENS

## 5.1 INLEIDEND

DEEP MEADOW  
SOWETO  
10 August 1986

DEAR ANDRÉ P. BRINK

WE HAD A WONDERFUL SERMON THIS MORNING AND SO I DECIDED TO SHOW MY GRATITUDE TO LIFE BY WRITING TO PEOPLE WHO HAD HELPED ME IN MY THINKING AND YOU ARE ONE. I READ YOUR NOVEL "INSTANT IN THE WIND" IN ENGLISH AND AFRIKAANS AND ALTHOUGH IT WAS HEAVY READING I CRIED FOR THE TRAGEDY OF HUMANITY. OH, SO MUCH LOVE WAS SPILLED IN VAIN IN THIS COUNTRY. I WANT TO BECOME A MINISTER AND OH I WISHED I COULD BE IT IN AFRIKAANS! I HAVE SO MUCH TO TELL THE AFRIKANERS MY FUTURE IS SIMPLY BOUND UP WITH THEIRS. PERHAPS I THINK THEY ARE THE MOST VALUABLE PEOPLE IN SOUTH AFRICA BECAUSE I THINK THEY LOVE THIS LAND MUCH MORE THAN THE BRITISH. BUT THEY DON'T KNOW HOW TO LOVE, THEY DON'T KNOW THAT INSTANT IN THE WIND! DURING A RECENT WINTERSCHOOL I HAD THE FANTASTIC PLEASURE TO LISTEN AND TO MEET ONE OF THE VERY BEST OF THEM: FLIP STRIJDOM OF RAND AFRIKAANS UNIVERSITY. PERHAPS YOU KNOW HIM BECAUSE HE SPEAKS (SPOKE) WITH ENORMOUS APPRECIATION ABOUT YOUR WORK. IN ANY CASE HE SPEAKS YOUR KIND OF LANGUAGE AND HE REALLY AWAKENED IN ME A COMPASSION FOR AFRIKAANS PERHAPS IT'S THE ONLY MODERN LANGUAGE WHICH WILL ONE DAY PENETRATES THE MYSTERIES OF MY PEOPLE. THERE IS SOMETHING AFRICAN IN IT. I FIRST NOTICED IT IN YOUR BOOKS. THERE'S SOMETHING WITCHY - EERY - EATHY IN IT EVEN WHEN IT COMES TO THE MOST INTIMATE SEXUAL DESCRIPTION. HOW WOULD I LOVE TO MASTER IT THAT WAY! I MEAN THE LANGUAGE! BUT ALL JOKES TO AN END: MAY THE LIGHT OF ZION SHINE ON YOU, ANDRÉ P. BRINK AND MAY YOU BE PROLIFIC IN YOUR WRITING.

ROMAN DIBSZ

Chris Barnard (Steyn, 1980: 342) se woorde sluit by hierdie brief van Dibs aan: "Daar is dinge in verband met Suid-Afrika, sekere teksture, en atmosfeer en gevoelens, wat net in Afrikaans onder woorde gebring kan word." Ook N.P. van Wyk Louw het 'n belangrike uitspraak oor die Afrika-aard van Afrikaans gemaak. Afrikaans kan volgens hom "...oor elke riffel en vou van die nuwe wêrelddeel" sluit. Hierby voeg hy: "En so het Afrikaans in staat geword om hierdie nuwe land uit te sê soos geen ander Europese taal nie" (Louw, 1986b: 182). Jan Rabie (1985: 34) praat oor die aardseheid van die bruin Afrikaners se taal op die 1975-Gildeberaad:

*Trap stewige boerepote nie ook vas in Fanagalo nie? Ek hoor ook die tsotsis in die nuwe swart stede praat al meer 'n soort Afrikaans - wat anders is dit as hulde aan die grond en die littekens van ons taal, veral bruiner Afrikaners se mees aardse taal.*

By die 1982-Gildeberaad spreek Brink die mening uit dat die apartheidsideologie Afrikaans "gekoloniseer" het om daarvan 'n "wit" taal te maak om die "Afrikanersaak" te steun. Hy voel Afrikaans sal sterf as dit aan die establishment verbind word en dit 'n museumstuk is (Brink, 1985c: 168-169). (Meer hieroor by die volgende punt.)

Dieselfde roman waaroor Dibs dit in sy brief het, naamlik 'n **Oomblik in die wind**, word egter heel anders deur 'n ander leser ervaar. Hierdie briefskrywer, Van der Mark van Randburg (**Beeld**, 18/4/1978: 8), sê: "A.P. Brink, grootbaas van die Skrywersgilde, gebruik woorde en taal wat vir my ('n gebore Hollander) uiters vreemd voorkom." Hy wei dan verder in sy brief uit oor die gebruik en betekenis van "hortjie" en "luik". Hy het dit hier teen hoe Afrikaans as gebruikstaal aangewend word.

Op die 1981-Gildeberaad druk Etienne Leroux sy verwardheid ten opsigte van Afrikaans en sy sprekers soos volg uit: "Verskil ons voorkomste en kultuur s6 dat ons, ten spyte van die gesamentlike taal, tot verskillende wêreld behoort? Behoort Afrikaanssprekendes in die R.S.A. tot afsonderlike volke? Ek betwyfel dit" (Leroux, 1985b: 149). En tog lyk dit of sogenaamde Afrikaners inderdaad tot verskillende

wêreld behoort. Afrikaanssprekendes vorm nie 'n eenheid nie. Hulle is divers in afkoms, denke (oor hul taal en ook in die algemeen) en verspreid oor die hele spektrum van regs na links in hul politieke sienings (soos reeds uit die vorige hfst. geblyk het). Van die belangrikste kwessies wat veroorsaak het dat Brink en die Gilde hulle met die stand van Afrikaans (vgl. 5.3) bemoei het, was die volgende: Afrikaans en Afrikanernasionalisme is aan mekaar gekoppel; Afrikaans is deur 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse samelwing as koloniserend en eksklusief beleef - selfs deur sy eie sprekers; Afrikaans is gestigmatiseer as die taal van die onderdrukker; die politieke sisteem het met die apartheidsbeleid verdere beperkinge op Afrikaans gelê. Brink het met sy skryfwerk en uitlatings in die openbaar Afrikaans probeer los maak van al hierdie stigmas wat aan die taal kleef.

## 5.2 BRINK SE UITLATINGS OOR AFRIKAANS

'n Brief van Brink word op 30 Junie 1967 in **Die Transvaler** gepubliseer waarin hy praat van die Sestigters se werk as "die groot avontuur van 'n jong taal en 'n jong volk". Hy glo dat die Afrikaanse literatuur 'n groot toekoms voor hom het. In die eerste instansie glo hy sensuur versmoor Afrikaans (Haxton, **Sunday Tribune**, 27/11/1977: 20). Baie ander skrywers was en is dit met hom hieroor eens. In 1936 het N.P. van Wyk Louw (1986a: 11) reeds gewaarsku: "As ons by 'n letterkunde van skoolboeke en burgerlike sentimentjies bly, sal ons 'n smaad onder die volke wees en ons taal sal uit hierdie land verdwyn." John Miles sê op die 1979-beraad:

*Wat met die Afrikaanse letterkunde aan die hand van staatsensuur gebeur, is maar die spreekwoordelike toppie van die ysberg. Daaronder skuil die hele mentaliteit van afkamping van die Afrikaanse wêreld, begrensing - let wel, nie ter wille van Afrikaans nie, maar ter beveiliging van die ideologies-nasionalistiese Afrikaner en sy stoflike besit. (Miles, 1985: 102)*

In **Beeld** (5/7/1979: 12) voer Brink aan dat die Afrikaanse skrywers: "'n lewensmoontlikheid vir die hele Suid-Afrikaanse literatuur waarborg: en wat Afrikaans spesifiek betref, wil ons help sorg dat die taal toegelaat word om so groot te wees as die wêreld van al sy sprekers - nie net van één kleur of één ideologie nie".

'n Hindernis wat op die weg van hierdie ideaal lê, is volgens Brink die assosiasie van Afrikaans met apartheid. Hy beskou dit as 'n gevaarlike situasie, want:

*This could lead to tragedy. Consequently it becomes imperative that Afrikaans writers should be made more aware of the enormous social responsibility they have to bear in addition to their normal human conscience as writers. They have to prove to the world that the Afrikaans language can - and must - be something different from the language of apartheid. (Brink, 1983a: 89)*

T.T. Cloete (s.d.: 1) het dit in die Broederbondstuk (waarna verwys is in hfst. 2, 2.10) teen Brink en Breytenbach omdat hulle "...nie meer ter wille van die Afrikaanse taal en ter wille van 'n Afrikaanse literatuur skryf nie maar ter wille van 'n politieke, sosiale en godsdienstige rewolusie". Hy pleit hier vir 'n letterkunde wat die Afrikanersaak dien en verwyt Brink dat hy Afrikaans 'n "bastertaal" en 'n "wapen" noem tydens sy 1973-Somerskooltoespraak.

Brink se uitlatings oor apartheid en sy standpunt dat sensuur Afrikaans doodmaak, vind binne 'n konteks en tyd (na die 1976-opstande) plaas waarin die Kleurling en die stedeling al meer Engels begin praat. Engels wen al meer veld as besigheidstaal wat beteken dat Afrikaans se ekonomiese voordele aan die afneem is.

Tydens die sestigste herdenking van die amptelike erkenning van Afrikaans (1985) is daar druk bespiegel oor die toekoms van die taal. Brink se mening hieroor is:

*Die Afrikaanse taal het slegs 'n toekoms as hy gepraat word deur meer mense as die aantal ondersteuners van die huidige bewind, as hy gepraat word deur die rewolusionêre Bruimmense van die Kaap. (Die Vaderland, 29/5/1985: 2)*

Aan die ander kant wys hy op die wêreldwye tendens in lande met twee amptelike tale waar die skrywer die taal wat geografies, polities of andersins beperk word, verruil vir die wêreldtaal wat dan die ander amptelike taal is. So het Adam Small byvoorbeeld in 'n stadium net in Engels gepubliseer. Selfs Brink se *States of Emergency* verskyn net in Engels. Brink se aanvaarding van die pos as dosent in

Engels aan die Universiteit van Kaapstad in 1990, kan geïnterpreteer word as 'n kans om die groter konteks van 'n Suid-Afrikaanse letterkunde te bevorder. Brink gaan voort om in Afrikaans en Engels te skryf. Die feit dat hy in Engels skryf, kan nie noodwendig beskou word as 'n daad waar Brink Afrikaans vir Engels verruil nie, "intendeel"!

### **5.3 DIE STAND VAN AFRIKAANS: PERSPEKTIEWE VANUIT GILDEGELEDERE**

Omdat Afrikaans in hierdie ondersoek as sisteemgrens dien en omdat Brink en die Gilde hulle bemoei het met die stand van Afrikaans, is dit belangrik dat daar kortliks gekyk sal word na die geskiedenis en die stand van Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel. Aan die begin van die twintigste eeu, toe Engels as 'n groot bedreiging ervaar is, is daar reeds oor die toekoms van Afrikaans bespiegel: "Terwyl Engels in die administrasie en die onderwys van die Kaapkolonie oorheers het, het groot vraagtekens oor die toekoms van die Afrikaner se taal gehang" (Zietsman, 1992: 84). Sal Afrikaans oorleef? het sedert die tagtigerjare 'n mode- en 'n knop-in-die-keel-vraag geword. Vrae wat aan die orde van die dag is, is of Afrikaans 'n vryemarkstelsel sal oorleef. Is staatsinmenging in taalsake wenslik? Kan Afrikaans deur wetlike beskerming aan die lewe gehou word? Tydens hierdie bespiegelings is Afrikaans se toekoms dikwels verbind met politieke toekomsprospektiewe en met die moontlikheid dat politieke dominasie deur die blanke tot 'n einde sal kom - 'n vrees vir die oorheersing van die gekleurdes.

Afrikaans staan veral in die spervuur van onenigheid en verdeeldheid ná die Soweto-onluste in 1976, die jaar waarin die Transkei onafhanklik geword het en Afrikaans sy amptelike status daar inboet, waar Afrikaans duidelik gestigmatiseer is as die taal van die onderdrukker; as 'n taal wat in die kinders van Soweto se kele afgedruk is. Hierdie daad is deur diegene wat daardeur geraak is, beskou as 'n manier om swartes vir 'n ondergeskikte plek in die samelewing op te voed. Engels het volgens hierdie persepsie meer gebruikswaarde as Afrikaans (Zietsman, 1992: 84). *Saturday Star* (22/5/1976) berig, nog voor die opstande plaasgevind het, dat:

*Teaching in black schools must now be 50-50 English and Afrikaans. It is stipulated that general science and certain practical subjects will be taught in English, while arithmetic, maths and social studies will be taught in Afrikaans. The ruling is being enforced, regardless of whether the students can comprehend English or Afrikaans and irrespective of whether the teachers are competent to teach in the stipulated language. All this, too, in schools with a desperate shortage of teachers qualified to teach in another language.*

Die opstand het vele oorsake gehad, maar die faktor wat aangevoer is as rede vir die protesoptrede was die besluit van die Regering dat Afrikaans die voertaal moes wees van twee nie-taalvakke op sekondêre vlak in swart skole. Die opstand was onder meer 'n reaksie op die Bantoe-onderwyswet.

Leerlinge van Phefeni Laerskool in Soweto het in Mei maand 1976 reeds begin staak oor die Afrikaanskwessie (*The Star*, 21/5/1976). Slagspreuke soos "Kill Afrikaans" het opgeklink. Oornag moes sommige onderwysers hul vakke in 'n ander taal aanbied. Die politieke sisteem het hier dus op taalterrein tussenbeide getree. Afrikaans as taal van die maghebber probeer sy posisie verbeter deur nie-moedertaalsprekers te dwing om dit te gebruik. Brink verskerp geleidelik sy aanvalle teen die apartheidsregime in hierdie jaar van die Soweto-onluste. By die Gildeberaad van 1976 sê Brink dat die skrywers ondergronds sal moet publiseer omdat sensuur en veranderde omstandighede hulle daartoe dwing.

*In these circumstances the Black Month of June 1976 dawned in South Africa. Angered by the "inertia" of their parents, inspired by the possibility of real success, frustrated - among many other things - by an education system forcing them to learn many subjects through the medium of a third language, Afrikaans (which had already to them, become "the language of the oppressor"), and finally considering that, live or die, they really had nothing to lose, the youth of the sprawling black conglomeration of Soweto (denied even the dignity of being called a "city", since the inhabitants are only "tolerated" by the whites and their very existence as citizens is denied) went into action. Violence erupted all over the country.*



Hierna is Afrikaans nie meer die onderwystaal van swartes nie.

John Miles se vrac in hierdie verband op die 1979-Gildeberaad dwing nie net die skrywers wat deel is van die Afrikaanse literêre sisteem is nie, maar ook die samelewingsisteem, tot nadenke: Word 'n taal deur 'n ander taal bedreig of word dit deur 'n lewensbeskouing bedreig? Word dit deur 'n ideologie bedreig? Voel 'n mens iets ter wille van die taal self? Op laasgenoemde vraag reageer hy self. Hy voel dat taal 'n mensgebonde ding is: "Wanneer jy vreesbevange voel oor jou taal, gaan dit om vrese oor 'n natuurlike lewensruimte vir jou as weerbarstige mens" (Miles, 1985: 96). Hy voel 'n taal word bedreig wanneer dit sy sprekers verloor. En dit hang volgens hom weer saam met die politieke situasie waarin die "Afrikaner" met die rasse-konsep vereenselwig word.

Jan Rabie doen op die 1982-Gildeberaad 'n beroep op die lede om oor Afrikaans te waak. Die taak van die Gilde is volgens hom om "dit 'n liggaam te maak wat 'n openheid aan Afrikaans gee en gestalte daaraan gee dat Afrikaans baie groter en ryker is as 'n wit vel" (Botha, *Die Transvaler*, 18/9/1982: 6). Hy wil Afrikaans nie in die hande van sektariese en uitvoerende liggame wat namens Afrikaans optree, laat nie. Hy noem in hierdie verband die FAK (wat in 1929 gestig is as kultuurliggaam vir die Afrikanerbroederbond wat op sy beurt gestig is om o.a. Afrikaans te bevorder), die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging wat Afrikaans help uitbou het) en die Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dian Joubert (1985: 85) roer hierdie saak reeds op die 1979-beraad aan waar hy praat van **belangepolitiek** wat bedryf word deur politieke partye, kultuurorganisasies, vakunies en akademies wat regte en voorregte eksklusief wil hou. In die plurale Suid-Afrika lei belangepolitiek volgens Joubert tot die politisering van kultuurareas. Hierby sluit hy sensuur in as 'n situasie waarin letterkunde onder staatsbeheer geplaas is. Oor dié saak is die skrywers dit met hom eens. Daarteenoor is **samewingspolitiek** gerig op daardie doelstellings wat die hele samelewing bevoordeel.

Tydens dieselfde beraad opper Fanie Olivier die feit dat Afrikaanse kultuurorganisasies net blanke lede het, wat ongelukkig die idee skep dat die Afrikaanse kultuur die alleenreg van blankes is. Dit is veral hierdie groepe wat hul besig hou met die

behoud en toekoms van Afrikaans. Hierdie eksklusiwiteit wat Afrikaans omring, sluit aan by Joubert se toespraak oor politieke werklikhede waarin hy onder andere sê:

*Die opsetlike insleep van taalhandhawing by die regverdiging van die voortsetting van blankes se politieke bevoorregting moet end kry. Taal moet die enigste identiteit word wat as identiteit verdedig word. Daar moet ook en veral in Afrikaans beweeg word na 'n voortbestaan in geregtigheid. Afrikaans moet ook die taal van bevryding, van mondigheid in 'n volwasse samelewing word. (Joubert, 1985: 90)*

Volgens hom kan Afrikaans as instrument in die politieke stryd gebruik word - Afrikaans moet net nie 'n politieke prioriteit word nie.

Maar hoe voel die bruinmense oor Afrikaans? 'n Dosent, Gerald Hoffberg, sê op die 1981-beraad: "Afrikaans is vir my mooi. Ek praat dit. Maar ek sal nie baklei vir Afrikaans nie. Ek sal nie doodgaan vir Afrikaans nie. Maar die dag as ek doodgaan, sal my laaste woorde in Afrikaans wees" (Greyling en Albrecht, **Die Vaderland**, 7/4/1981: 7).

Wat Richard van der Ross as rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland op die 1982-beraad met die tema **Het Afrikaans die Afrikaner ontgroeï?** sê, sluit hierby aan: "Ons het nie die Afrikaanse taal of enige ander taal nodig om te oorlewe sodat ons oor vyftig jaar nog kan bestaan nie." Hierby voeg hy: "Ons soek nie 'n kruik soos Afrikaans om te oorlewe nie. Moontlik sal ons later meer gebruik maak van 'n swart taal. Ons wil nie deel van die blanke volk wees nie en vrees nie ondergang nie" (**Die Burger**, 11/9/1982: 9). Gedurende hierdie jaar brei die Kaapse tak van die Afrikaanse Skrywersgilde hulle veldtog om Afrikaans te bevorder landwyd uit. So word Afrikaanse tydskrifte en boeke aan swart skole geskenk en die behoefte aan kursusse vir Afrikaansonderwysers geniet aandag.

Gerwel (1985a: 189) meen aan die wortel van die troostelose toekomsprospektief van Afrikaans lê "die FAK en ASG en ander gevreesde GAT's se gesanik oor die voortbestaan van Afrikaans".

Daar is op hierdie 1982-beraad tot die gevolgtrekking gekom dat Afrikaans nie eksklusief wit moet wees nie en dat die hand na swart en bruin Afrikaanssprekendes uitgereik moet word. Daar blyk nogtans nie eenstemmigheid te wees oor die aard van die gevare wat Afrikaans vorentoe mag bedreig nie. Brink (1985c: 163, 168) waarsku dringend dat Afrikaans van die ideologie van die apartheidsestablishment losgemaak moet word, anders sal Afrikaans vorentoe saam met die ideologie móét ondergaan.

Brink word aangehaal waar hy sê hy glo Afrikaans sal oorleef, maar nie as amptelike taal nie. Hy meen dit sal baie druk van Afrikaans verwyder. Hy word in hierdie verband twee jaar later weer aangehaal in *New Nation* (21/2/1992: 10): "Released from its political constraints and stripped of the stigma of having to be the official language of an abhorrent ideology, it would be liberated to take its place among the indigenous languages of the country." Hierdie uitspraak van Brink moet gesien word in die lig van bewerings dat Afrikaanse taalhandboeke en woordeboeke 'n "wit" Afrikaans gebruik; dat Afrikaans 'n apartheidstaal is; dat slegs die "wit" deel van die geskiedenis van Afrikaans op skool bestudeer is en dat Standaardafrikaans die "wit" variëteit ('n subsisteem binne Afrikaans dus) verteenwoordig. Volgens Kramarae en andere (1984: 18) hou die totstandkoming van die standaardtaal en politieke mag met mekaar verband. Na die Afrikaner aan bewind gekom het, is Afrikaans op vele terreine bevoordeel tot die 1976-Soweto-onluste die taal 'n groot slag toegedien het.

Brink voel dit is noodsaaklik dat lede van onder andere die ANC en ander linkse groepe ook Afrikaans moet praat, "want uiteindelik sal dit waarskynlik hulle wees wat sal besluit watter taal in die land gepraat gaan word" (Kromberg, *Die Vaderland*, 29/5/1985: 2).

Reeds met sy stigting was die Gilde se bestaan pertinent aan dié van Afrikaans gekoppel. Terselfdertyd was daar ook pogings om met die "Afrikaans" in Afrikaanse Skrywersgilde weg te doen. Brink stel op die 1984-Gildeberaad voor dat die Gilde Skrywersgilde /Writers' Guild moet heet. Sy voorstel word nie aanvaar nie, al is daar Engelse lede teenwoordig. Hierdie besluit hang saam met die feit dat Afrikaans en sy letterkunde die Gilde se grootste verantwoordelikheid is. Sou die naam na die Suid-Afrikaanse Gilde verander word, sou die Gilde te veel hooi op sy vurk hê. Buitendien het die ander tale in Suid-Afrika hul eie skrywersverenigings (*The Star*,

17/7/1985: 14). Pres. F.W. de Klerk se toespraak op 2 Februarie het nuwe vroe oor Afrikaans se toekoms laat ontstaan. Vanaf 1994, met die aankondiging dat Suid-Afrika elf amptelike tale sal hê, skiet kommer weer op oor die toekoms van Afrikaans en word Engels weer deur talle Afrikaners as die groot bedreiging ervaar. Universiteite en ander tersiêre instansies verengels in so 'n mate dat dit lyk asof Engels die oorheersende onderrigtaal van baie tradisioneel Afrikaanse universiteite sal word. Briewekolomme bevat in hierdie jaar heelwat getuienis van die kommer wat by die publiek heers oor die stand en die toekoms van Afrikaans. Hans du Plessis (1991: 473) lê klem daarop dat die toekoms van Afrikaans ten nouste saamhang met die getal eerste- en moedertaalsprekers - hoe groter die getal sprekers, hoe rooskleuriger die toekoms van die taal.

Brynard berig in *De Kat* van April 1987 dat Indiërs Afrikaans geleidelik begin verruil vir Engels. In dieselfde jaar wys Steyn in *Insig* (1987b: 12) daarop dat Afrikaanse advertensies veel skaarser as Engelse advertensies is. Die gebruiksfrekwensie van Afrikaans as besigheidstaal het afgeneem en daar is 'n duidelike agteruitgang van Afrikaans in die uitsaaiwese - soos TV4, Radio 5 en M-Net - te bespeur. Nogtans toon die 1980-sensus dat Afrikaans die (amptelike) taal is wat die meeste in Suid-Afrika gepraat word. Agt-en-veertig persent van die totale bevolking praat Afrikaans teenoor 44 persent wat Engels praat (Prinsloo, 1987: 24). 'n RGN-ondersoek in 1977 onder die leiding van P. Scheffer het aan die lig gebring dat die meerderheid Afrikaanse publikasies deur oppervlakkige en skadelose verhale gekenmerk word en dat meer Afrikaanssprekendes Engelse verhale lees as wat Engelssprekendes Afrikaanse verhale lees (*Die Transvaler*, 3/10/1977: 11).

Op die 1990-Gildeberaad sê Antjie Krog dat die Afrikaanse voorgeskrewe werke op skool Afrikaans doodmaak (*Die Burger*, 15/10/1990: 11). In 1992 stel die Gilde sy standpunt oor Afrikaans: dat Afrikaans belangrik vir die skrywers is; dat die Gilde indringend maar onemosioneel aan gesprekke oor Afrikaans wil deelneem; en dat die volle Afrikaanse spraakgemeenskap se kulturele belange bevorder moet word. Die Gilde beklemtoon dit dat Afrikaans sedert die vyftigerjare reeds die taal van verset is en dat Afrikaans relevant gehou moet word (*Beeld*, 13/7/1992: 1). Die 1993-Gildeberaad sit die gesprek oor Afrikaans voort as hulle 'n voorlegging aan die SAUK

doen waarin hulle vra op watter grondslag taalbalanse bepaal word; die Gilde beklemtoon ook dat gelyke behandeling van Afrikaans naas ander tale, met inagneming van die wye gebruik van Afrikaans, belangrik is. Die Gilde stel voor dat radio-taalverdeling op streeksbasis moet dien en dat lisensiehouers se taalvoorkeure bekend gemaak moet word. Hierdie inligting behoort dan Afrikaans se posisie in die taalbeleid te bepaal (**Die Volksblad**, 3/11/1993: 11).

#### 5.4 INTERAKSIE TUSSEN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM EN DIE POLITIEKE SISTEEM

Langenhoven, skrywer van die volkslied, *Die Stem*, en vertaler van gesange en psalms, beskryf op die Akademiesitting in 1914 - in die tyd voor die sogenaamde Afrikaner aan bewind gekom het - "Afrikaans as die één enigste **witmans-taal** wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie" (Zietsman, 1992: 197). Hierdie (rassistiese) uitspraak hang saam met die tydperk van Afrikanernasionalisme en die bewuswording van die "wonder van Afrikaans". Hierdie tydperk en die gees van Afrikanernasionalisme word vasgevang in 'n boek saamgestel deur Du Buisson met die titel **Die wonder van Afrikaans** (1959). By die lees van hierdie boek is dit duidelik dat Langenhoven se uitspraak gebou is om die eksklusiwiteit van die eie en 'n uitvloeisel van wat Jan Rabie as die revolusie van Afrikaans in 1873 beskou. Rabie (1978) som die gebeurde só op: "Uit die revolusionêre geesdrif van die Paarlse Patrioters vanaf 1873, uit die towermag van 'n kleine gedig soos *Winternag*, 1906, is die spiere van die Nasionale Party gebore." N.P. van Wyk Louw was nie baie gemaklik met Langenhoven se definisie van Afrikaans nie en in 1959 vat hy die aard van Afrikaans só saam:

*Afrikaans is die taal wat vir Wes-Europa en Afrika verbind; dit suig sy krag uit dié twee bronne; dit vorm 'n brug tussen die groot helder Weste en die magiese Afrika - die soms nog so ónhelder Afrika; hulle is albei groot magte, en wat daar groots aan hulle vereniging kan ontspruit - dit is miskien wat vir Afrikaans voorlê om te ontdek. (Louw, 1986b: 182)*

Brink (1991b: 5) meen Langenhoven se ideaal om van Afrikaans 'n "witmanstaal" te maak, het geslaag: "die taal was nie net blank nie, maar fallokraties". Hy wys daarop dat mense soos Small en Petersen in later jare weer die taal vir hulle teruggeneem het van die oorheersers. Brink beskou hierdie proses as die dekolonisering van Afrikaans (Brink, 1991b: 7).

Skryfwerk in Afrikaans was van die begin af in 'n mindere of meerdere mate deel van die kultuur- en politieke stryd. Volgens Zietsman (1992: 40) was die Anglo-Boereoorlog vir Afrikanernasionalisme en vir Afrikaans 'n wendingspunt. Groot skrywers soos Langenhoven, Celliers, Totius, Malherbe en Preller het by die stembus gehelp. Die leuse "Die taal is heel het volk", kombineer taal en politiek. Zietsman (1992: 197) wys daarop dat Bruin bydraes tot Afrikaans in hierdie tyd "feitlik doodgeswyg" is. "In hierdie raamwerk het die Afrikanersentriese en blanksentriese beskouing van Afrikaans sterker na vore getree, met Hollands wat nog stuiptrekkend voortgekwyn het" (Zietsman, 1992: 197). Hierna het kultuurorganisasies soos die Akademie, die FAK, die ATKV en die Broederbond tot stand gekom.

*Dit het hand aan hand gegaan met die politieke ideaal van D.F. Malan se gesuiverde Nasionale party sedert 1934 om saam te bring wat saam hoort en die Broederbond se offensiewe om die Afrikaners ekonomies te red, op te hef en 'n "regmatige" aandeel vir Afrikanerkapitaal in die stedelike ekonomie te verwerf. (Zietsman, 1992: 198)*

In hierdie tyd lê skrywers hulle daarop toe om te stig en te leer. Die platteland, plaaslewe, oop ruimtes en alles wat daarmee saamgaan, word besing deur skrywers soos Toon van den Heever, Boerneef, C.G.S. de Villiers, J.F.W. Grosskopf en Eitemal in die veertiger- en vyftigerjare. Hierdie werke raak selde groot lewensvrae aan (Kannemeyer, 1983: 15-16).

Vroeg in die negentiende eeu is vrengelsingspogings in werking gestel: kennis van Engels was 'n vereiste vir 'n aanstelling in die staatsdiens terwyl dit in die twintigerjare die taal van die hof word. Hollands word uit die skole geweer terwyl Skotse predikante ingevoer is. In daardie stadium was daar sowat agt keer meer

Nederlandssprekendes as Engelssprekendes en bitter min van die Nederlandssprekendes kon Engels praat (Patterson, 1957: 51). Ponelis (1992: 121) wys daarop dat 'n groot groep Engelse (veral mans) in die Afrikaanse taalgemeenskap opgeneem is in die negentiende eeu. Hy meen die invloed van Engels op Afrikaans was net so drasties as die Kaapse invloed op Nederlands.

Vanaf die jare 1870 het Afrikaners hulle begin verset teen die doelbewuste verengelsing wat in 1813 begin het. Hierdie verengelsingproses het veral die jong mense in skole en kerke geraak. Na die Tweede Vryheidsoorlog het hulle daarop aangedring dat hulle in hul eie taal aangespreek word en hul ouers het dikwels onder haglike omstandighede skole gestig waar die kinders in Afrikaans onderrig kon word (Steyn, 1987a: 1-22). Een van die redes hiervoor was dat die Engelse die tradisionele Afrikaner openlik geminag het, wat onder andere in literêre werke (vgl. hieronder) tot uiting gekom het. Zietsman (1992: 137) voel egter dat die verengelsinggevaar deur die Afrikaner en die kerk oordryf is.

Die boer is in Engelse boeke soos **I came and saw** van Douglas Blackburn beskryf as iemand wat hom skuldig maak aan "korrupsie en omkoperij, (hy) los sy vrou en kinders en doen steeds 'the most palpably silly and criminal things' soos 'blackmailing his friend, playing fast and loose with all kinds of women'" (Steyn, 1987a: 150). Sheila Patterson (1957: 19) verwys in haar boek **The last trek** na die negatiewe persepsies wat by die skrywe van haar boek aan die boere gekleef het, nadat hulle aan die begin van die eeu as helde in Europa en Amerika beskou is: "The gallant little nation that went down before a mighty empire" (Patterson, 1957: vii). Die grensboere van die agtiende eeu is deur sommige Engelse soos generaal Dundas in sterk taal veroordeel as "troublesome" en beskuldig van "cruelty" en "treachery", ook as mense wat "cunning" is (Patterson, 1957: 19). Dit is hierdie persepsies en blatante kritiek wat in baie gevalle oorleef het en wat volgens Patterson veroorsaak het dat "the Boers" kritiek swaar verwerk.

'n Brief van ene Theo Ferreira in **The Friend** is 'n reaksie op 'n boek van John Ogg, **Piet Plessis, a Backveld Boer**, waarin die Afrikaner beskryf is as vuil, mense wat stink - hulle was hulle gesigte net wanneer hulle dorp toe gaan (Steyn, 1987a: 152).

Dieselfde voorstelling van die Afrikaner kry 'n mens te lese in *War, wine and women* deur H.P. Lamont wat onder die skuilnaam Wilfred Saint-Mondé geskryf is. Die meeste Voortrekkers is by monde van die fiktiewe karakter Danesford "illiterate Boers, surly and morose. Their favourite pastime was begetting children, both with their wives and their numerous black concubines" (Steyn, 1987a: 41). Die vraag is geopper af 'n skrywer by monde van 'n fiktiewe karakter sulke dinge kan kwytmaak. Vier studente het menceer Lamont, 'n dosent in Frans aan die Universiteit van Pretoria, geteer en veer waarna hy erken het dat hy die boek geskryf het. Hy het sy werk verloor. Langenhoven voel dit is nodig dat die Afrikaner sy eer moet beskerm (Steyn, 1987a: 178). Die vraag wat nou ontstaan het, was hoe 'n volk "sy eer" beskerm!

Lamont se boeke is daarna verbied en hy is stil-stil die land uit. Die *Burger* het op 6 Augustus 1932 'n spotprent van Lamont met sy boek wat oor die see vaar, geplaas. Volgens die onderskrif was dit die beste uitweg vir hom (Steyn, 1992: 44). Steyn kom tot die gevolgtrekking:

*Die groot boekpolemieke van destyds het op die Afrikaanse publiek meer indruk gemaak as debatte oor ernstige letterkundige werke. Dit blyk uit die groot aantal briewe wat oor 'n lang tydperk verskyn het, asook die talle geldelike hydraes tot die 1932-fonds om die teer-en-veerders te verdedig. Koerante soos Die Burger (met dr. A.L. Geyer as redakteur) en Die Volksblad (met dr. A.J.R. van Rhyn as redakteur) het die norme van fatsoenlikheid en ordentlikheid bevestig, en die ontluistering, selfs belastering, van die Afrikaner met mag teëgegaan. Die Langenhoven-Preller-Geyer-Van Rhyn-Pienaar-benadering het bo die Leipoldhouding geseëvier wat waarskynlik gevolge gehad het vir die standpunte wat veral kerknense in latere boekestryde sou inneem. (Steyn, 1992: 52)*

Teen hierdie agtergrond het Langenhoven (sekerlik onbewustelik) op sy beurt in sy uitspraak oor Afrikaans as witmanstaal egter die feit dat Afrikaans in daardie stadium die primêre taal van 'n groot groep gekleurdes was, geïgnoreer. Jaap Steyn se *Tuiste in eie taal* (1980) bring nuwe insigte ten opsigte van die oorsprong van Afrikaans en Afrikaanse taalbewegings. In hierdie omvangryke studie wys hy daarop dat Afrikaans



die eerste keer deur nie-Afrikaners as kultuurtaal gebruik is. 'n Mens kry die eerste Afrikaans te lese in 'n geskrif vir die Moslem-geloof, die sogenaamde **Bajaanmoeddiën**, geskrif in Arabiese skrif deur die Moslem-leier - sjeik Abu Bekir Effendi - wat in 1879 in Konstantinopel gedruk is nadat dit lank in handgeskrewe vorm in die Kaap gesirkuleer het (Steyn, 1980: 136). Theo du Plessis wys daarna op die Afrikanersentriese benadering in die tradisionele taalgeskiedenis-handboeke. In 'n artikel wat in **Tydskrif vir Letterkunde** (Mei 1988: 77) verskyn, verwys hy na werke wat die volgende beweer: dat die eerste Afrikaanse boek deur L.H. Meurant geskrif is; dat die Afrikaanse **Patriot** die eerste Afrikaanse nuusblad was terwyl **De Bode Genadendal** reeds meer as tien jaar vroeër sy ontstaan gehad het; dat die eerste Afrikaanse skool in 1882 in Daljosafat opgerig is, terwyl die feit dat reeds bestaande Moslemskole waarin Afrikaans die voertaal was, geïgnoreer is.

Daar bestaan vandag verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans. Daar is byvoorbeeld die uitgangspunt dat Afrikaans 'n witmanstaal as bron het en 'n ander standpunt wil dit hê dat Afrikaans in wese die taal van die bruinmens is. H.J.J.M. van der Merwe (1970: 36) wys daarop dat daar aan die begin van 1800 reeds twee variëteite van Afrikaans bestaan het, naamlik wat hy noem 'n "Boere-Afrikaans" en 'n "Maleier- of Hottentot-Afrikaans". Skrywer Chris Barnard (1989b: 54) skryf in aansluiting hierby oor die herkoms van Afrikaans: "In sy vroegste begin was Afrikaans die Fanagalo van huisbediendes." Hy wys daarop dat Afrikaans daarom die naam van "kombuistaal" gekry het en dat baie Afrikaners dit as te platvloers vir Boekevat beskou het. Later sou die Afrikaner praat van die "wonder van Afrikaans". Die verskillende hipoteses het wel raakpunte. Die teorieë val hoofsaaklik uiteen in die volgende hoofrigtings, naamlik: vreemde invloede (kreolisering); spontane ontwikkeling van sewentiende-eeuse Nederlands: 'n kombinasie van die twee sienings; "vreemdelinge" wat Nederlands probeer praat; die uitbou van 'n Nederlandse dialek; die vermenging van 'n paar Nederlandse dialekte. Baie van die teorieë oor die ontstaan van Afrikaans is gegrond op sosiologiese gegewens en met 'n gebrek aan wetenskaplikheid. J.L.M. Franken, G.S. Nienaber, J. du P. Scholtz, J. Smuts J.E. Loubser en E.H. Raidt was mense wat hulle vroeg reeds met die ontstaan van Afrikaans bemoei het. Hulle het die wording van Afrikaans gesien as Sewentiende-

eeuse Nederlands wat op Suid-Afrikaanse bodem 'n geleidelike verandering ondergaan het sodat daar nie juis sprake van dramatiese herstrukturering is nie.

Achmat Davids (1994: 110) beskou Afrikaans as die produk van akkulturasie waarvan kreolisering een van die produkte is. Volgens hom het die invloed van vreemde tale op Nederlands die grammatika ook beïnvloed en die "siel van Hollands" verander (1994: 118). Hy skryf akkulturasie toe aan die sosiale opset aan die Kaap en die verskillende tale en kulture wat in kontak met mekaar gekom het. Die vroeë Kaapse samelewing het bestaan uit die VOC-amptenare, slawe, die vry bevolking en die ontstamde Khoi. Ook Hans du Plessis (1994: 128) lê sterk klem op die verankertheid van Afrikaans in Afrika. Ponelis (1988: 119) sien Afrikaans as produk van Nederlands sowel as kreools. Volgens hom is Afrikaans die resultaat van ingrypende taalverandering (taalversteuring) weens kontak met vreemdtaliges teenoor die "normale" verandering waaraan tale oor die algemeen onderworpe is.

'n Briefskrywer van Johannesburg wat lyk asof dit J.C. Steyn kan wees (J C S, **Rapport**, 3/2/1974: 12), skryf hoe daar op 'n Kaapse Sinode in die tyd van die **Patriot** se ontstaan besluit is om 'n veldtog te begin om die **Patriot** te beveg en te waarsku teen die "hotnotstaal". In dieselfde trant het 'n predikant in 1880 die **Patriot** en daarmee saam die "hottentottaaltjie" uitgeskel as: "Die nietige, verraderlijke, verfoeilijke, oproerige, tweedracht stokende, ellendige, barbaarsche, hottentotsche **Patriot**" (Rabie, 1978). Zietsman (1992: 26) vertel hoe Afrikaans vanuit Engelse geleedere op grond van sy sprekers geminag is. Daar is vernederend na Afrikaans verwys deur dit 'n "mongrel language"; 'n "hotch potch" taal; "undignified gabble"; "ox-waggon vernacular"; cacophonous jumble"; 'n "up-country" taal en 'n taal wat by "peasants" pas, te noem. Brink wys daarop dat die stigma van "kombuistaal" en "patois" bly kleef het aan Afrikaans in die tweede helfte van die negentiende eeu omdat die sprekers van Afrikaans toe in 'n groot mate bruinmense was.

Die enigste taal waarin baie Afrikaners gevoel het hulle God kan aanbid, was Nederlands (Zietsman, 1992: 48), tog was daar Afrikaners wat "protesloos aanvaar of daarop aangedring het dat hul kinders Engels en slegs Engels leer" (Zietsman, 1992: 85). Baie Afrikaners wat sterk gekant was teen die ontwikkeling van Afrikaans

as skryftaal en die taal van die Bybel, was bang dat Hollands dan 'n vreemde taal en Engels die skryf- en spreektaal sou word terwyl Afrikaans dan moontlik tot die kombuis "teruggedryf" sou word (Zietsman, 1992: 98).

Baie van die volkskrywers se werke het op hulle beurt Kleurlinge in hul eie taal aanstoot gegee met ongevoelige stereotiperings, soos byvoorbeeld: "'n Hotnot stink, steel en suip" (Gerwel in Steyn, 1980: 276); "Kaffers stink"; of: "Hulle het dik, lelike lippe" (Le Roux, 1988: 110). Die Engelse is weer "rooinekke" genoem. Dieselfde stereotipering kom ook in die Engelse taal voor, byvoorbeeld "coon" en vir Kleurlinge en vir Afrikaners is daar skeldname soos "hairybacks" en "rockspiders". Talle politieke sienings van gekleurdes het die saak vir Afrikaans verder bemoeilik. Min. Connie Mulder het in 1973 by 'n kongres van die ASB (Afrikaanse Studentebond) byvoorbeeld die volgende gesê:

*Die stelling dat die Kleurling 'n bruin Afrikaner is, is op valse gronde gebaseer. Die feit dat hy die taal praat, gee hom nog geen aanspraak om lid van die volk te wees nie. Hy kan wel aansoek doen om 'n lid te word, maar dan het die Afrikaner nog die reg om ja of nee te sê. (aangehaal in Steyn, 1980: 277)*

#### **5.4.1 Die politieke sisteem lê beperkinge op Afrikaans**

J.C. Steyn (1980: 277) kom tot die gevolgtrekking dat dit apartheid is wat 'n wig tussen die Afrikaanssprekende Kleurling en die blanke ingedryf het. Die politisering van 'n taal is egter nie 'n nuutjie in Suid-Afrika nie. In 1881 speel 'n voorval hom af wat deur meer as 'n eeu se woelinge rondom die politisering van Engels voorafgegaan is: 'n Groep Afrikaners eis dat hulle in Hollands aangespreek word tydens 'n lesing oor die Transvaalse oorlog - 'n oorlog waar Engels die taal was van diegene wat Transvaal ingeval het (Steyn, 1987a: 25).

Dit is betekenisvol dat 'n Afrikaanse woord soos "apartheid", gebore uit onder andere ons politieke situasie, wêreldwyd gebruik word. Hierdie woord word met die Nasionale Party se oornamie in 1948 geassosieer. Hierna word Afrikaans met die

"onderdrukker" vereenselwig - as 'n "boelie-taal" wat met amptelike optredes verbind word. Steyn (1980: 293) vertel die staaltjie van 'n huisvrou in Soweto wat tydens 'n byeenkoms van 'n Calvinistiese studiekekring prontuit gesê het dat die enigste "Afrikaners" met wie sy te doen kry, "dié is wat hul plig doen deur die wette toe te pas" - in Afrikaans: "So we get to hate the language because we always get shouted at in Afrikaans", het sy bygevoeg. Ironies genoeg het premier Vorster in 1968 gesê die Nasionale Party het Afrikaans en die Afrikaner tot stand gebring (Gerwel, 1985b: 41). Jeanne Goosen (Hoofstad, 10/7/1975: 3) sluit by Steyn aan met haar uitspraak:

*Afrikaans dra die las van die leiers om sy nek. Ons behoort aan 'n taal van veiligheidspolisie, onderwysers, politici en taalfesmanne.*

*'n Skuld is op dié taal gelaai deur ons voorouers. Dis 'n taal wat aan die mense wat dit lees en skryf, behoort. Ons was tot dusver te na aan partypolitiek.*

Hierdie sienswyse val binne die raamwerk van Rabie se betoog by die eerste Gilde van 1975 dat Afrikaans 'n taal is van die polisie, skoolmeesters en ander "boelies" (Rabie, 1985: 37). Oliphant (1992: 520) wys daarop dat baie Swart Skrywers in Engels skryf omdat Afrikaans gestigmatiseer is. Hein Willems skryf in *Stilet* (1993: 63):

*Die siening op "Afrikaans" en die "Afrikaanse letterkunde" impliseer onmiddellik 'n relasionele verhouding: dié van wie geapproprieer is, dié wat "gemarginaliseer" is en dié wat doodgeswyg is.*

Hy voel dat Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde elitêr en "blank-sentries" is. Hy sien Afrikaans as die produk van geslagte "Afrikaner-kultuurmakelaars" soos dominees, joernaliste, politici en letter- en taalkundiges.

In hierdie verband gee Steyn (1980: 281) die eer aan Breyten Breytenbach dat hy homself "geoffer" het om Afrikaans te help bevry van die stigma van "verdrukkerstaal". Hierdeur het Breytenbach bewys dat Afrikaners nie stereotiep

onderdrukker is nie: Dat daar Afrikaners is wat teen die gruweldade van ander Afrikaners gekant is. Met die 1989-Lusakasamesprekings van skrywers en die ANC sê Brink dat die ANC Afrikaans goedgesind is (Slabber, **Rapport**, 16/7/1989) en Brink herhaal dit in 1993 nadat Breytenbach te kenne gegee het dat 'n mens die ANC nie met Afrikaans kan vertrou nie (Bylae by Nasionale Koerante, 16/11/1993). Ook die Gilde sluit hulle by hierdie gesprek aan. Een van die belangrikste funksies van die Gilde was nog altyd die bevordering van Afrikaans. Op die 1976-beraad praat Gerwel (1985b: 43) in sy toespraak, getitel **Afrikaner, Afrikaans, Afrika van die krag van Afrikaans op grond van sy politieke en ekonomiese basis**. Hy spreek die hoop uit dat Afrikaans naas ander inheemse tale soos Zulu sal staan op grond van sy vitaliteit en nie weens "politieke boeties" wat weë vir die taal baan nie.

Die 1977-Gildeberaad handel oor Afrikaans in Afrika. In hierdie lesings kom Afrikaans se verbondenheid met die politieke sisteem onder die loep. Die volgende jaar maak Brink in 'n mosie beswaar teen die verminking van Afrikaans deur die owerheid, en Audrey Blygnaut wonder of die monument vir Afrikaans nie eintlik 'n monument vir Afrikanernasionalisme is nie (**Die Volksblad**, 18/3/1978: 5). Met die tussenkoms van die Noodtoestand word Afrikaans verder gestigmatiseer.

Dit is duidelik dat daar uit verskillende kampe vir en oor Afrikaans baklei word. In die proses is daar establishment-Afrikaners geïdentifiseer wat kenmerkend is van die sigbare verwyderdheid tussen Afrikaners, oor taal, politiek, godsdiens en ander sub sisteme. Terwyl die regering die radikale skrywe van Afrikaanse skrywers afkeur, trek mense soos Jan van Eck (**Deurbraak**, Oktober-November, 1979: 20) te velde teen die establishment-Afrikaner. Hy wys op die invloed wat hierdie Afrikaner op Afrikaans het:

*Die meedoënlose en skrikwekkende gereeldheid waarmee sekere establishment-Afrikaners deesdae optree teen Afrikaanse skrywers soos André P. Brink, toon 'n poging om die nuwe Afrikaner - sowel as sy groeiende, en in toenemende mate volwasse taal, Afrikaans, te vernietig of dan ten minste stadig te versmoor.*

*Die rede hiervoor is eintlik voor-die-hand-liggend. Vir dekades het die establishment-Afrikaner, en dan veral die leiersgroep, 'n totale wurgende houvas op die Afrikaner se denke en optrede gehad. Vir hulle was politieke haasskap egter prioriteit nommer een. In die mate dat die Afrikaanse taal Afrikaner en Afrikaner saamgesnoer het in een homogene eenheid, het Afrikaans vir die establishment-Afrikaner bloot 'n handige instrument geword om die politieke mag te behou.*

Hy wys daarop dat soos die Afrikaner ontwikkel en meer volwasse geword het, so het die denkrigting binne wit Afrikanergeledere dienooreenkomstig meer divers geword - en dít word in die letterkunde weerspieël. Maar die establishment-Afrikaner vrees die beïnvloeding wat van hierdie skrywers en Afrikaners met hul "oop denke" kan uitstraal, want oop denke lei onvermydelik tot die bevraagtekening van die bestaande orde. Van Eck sien in hierdie "supersensors" die vyand van die Afrikaanse taal.

Gerwel (1985a: 193) hou hierdie twee soorte "Afrikaners" op die 1982-beraad aan die beraadgangers voor. Aan die een kant stel hy die Afrikaner wat hom ideologies om 'n eksklusiewe ideaal skaar. Die ander Afrikaner stel hom oop teenoor die wêreld. Hy beskou laasgenoemde Afrikaner as die een wat "mondig" geword het. Hy wys daarop dat die bruinman in die tagtigerjare as volksgenoot gesoek word en dat Afrikaans weer eens hierin sentraal staan. Afrikaans word dus weer vir politieke doeleindes aangewend. Kultuurorganisasies onthou skielik weer van dié Afrikaanssprekendes waarvan daar vir baie jare vergeet is. Vir jare lank het die blanke Afrikaans deur 'n apartheidsbril bekyk. Afrikaans is aan Afrikanernasionalisme gekoppel en daar is op Standaardafrikaans, die variëteit wat die blanke praat, gekonsentreer, terwyl Afrikaans in 'n groot mate die taal van die mense in stryd, die slaaf is. Standaardafrikaans is ook in 'n stadium Algemeen Beskaafde Afrikaans (ABA) genoem en ander variëteite/subsisteme is dikwels as "swak" taal bestempel. Dit wil egter voorkom of die ander variëteite gaandeweg al meer status kry sodat van die woorde in woordeboeke opgeneem kan word en dat meer Afrikaanse stories in ander variëteite hul verskyning sal maak. Wanneer sodanige werke voorgeskryf word, kan dit tot 'n nuwe kanonvorming aanleiding gee. Ponelis (1992: 107) wys baie pertinent daarop dat Standaardafrikaans nie gelyk aan Afrikaans met sy

verskillende registers en variëteite is nie. Standaardafrikaans is maar één variëteit van Afrikaans. Webb (1995: 154) sien in die multikulturele onderrig van Afrikaans 'n oplossing van probleme soos onder andere taalgebaseerde manipulatie, diskriminasie en uitbuiting.

Die puriteinse ingesteldheid van apartheid het veroorsaak dat ander sub sisteme beïnvloed is. Hierdie suiweringsdrang was nie net sigbaar in die religieuse sisteem met sy eensydige moraliteit nie, en in die samelewing wat apartheid ondersteun het nie, maar ook in taalaangeleenthede. Afrikaans, wat as sisteemgrens in hierdie ondersoek dien, word ook hierdeur geraak in die vorm van taalpurisme in die vasklou aan die Europese wortels van Afrikaans in die vasstelling van wat 'n "korrekte"/"suiwer" Afrikaans is.

#### 5.4.2 Afrikaans word tot die stryd opgeroep

Op die 1984-Gildeberaad beskuldig Hein Willemsse (1985: 228) die Afrikaanse letterkunde van 'n enorme aandeel in apartheid en Afrikanernasionalisme. Die taal is volgens hom teen Britse imperialisme en ander onreg ingespan - dit was as 't ware die taal van die "peasant". Teen hierdie agtergrond omskryf hy Afrikaans se posisie in 1984:

*Afrikaans is die taal van arm en gedomineerde mense. Afrikaans is nie net die versterkte beeldspraak van die politieke sy van die heersersorde nie. As Afrikaans die taal van arm, gedomineerde mense is, is dit ook die taal van mense in stryd. Afrikaans is inderdaad die taal waarmee ons ons in 'n sosiale, politieke en ekonomiese stryd oproep.*

In aansluiting hierby sê Wilhelm Liebenberg (vgl. Pieterse, 1988: 39), dosent aan die Universiteit van die Witwatersrand, dat Afrikaans 'n verandering van "verdruckerstaal" na "taal as deel van die verset" ondergaan het. Hy roep skrywers op tot die bedinging van 'n alternatiewe bestel.

Tydens die Dakar-beraad van 1987 waar Suid-Afrikaners (waaronder Brink) met die ANC in gesprek getree het, vra die betrokke Suid-Afrikaners hulself die vraag af wat hulle te doen staan op politieke front. Die idce van 'n Afrikaanse koerant wat die demokrasie bevorder, word deur 'n beraadganger, Chris Louw, in sy artikel in *De Kat* (1987: 38) genoem.

Op die Grahamstadse fees van 1988 blyk dit duidelik dat jong Afrikaanse kunstenaars krities ingestel is ten opsigte van die Suid-Afrikaanse samelewing, die politiek van hierdie land en les bes die Afrikaner-establishment. Van die temas op hierdie fees is vervreemding, die maatskaplike stand van vroue, die verstedelike Afrikaner in Hillbrow, politiek en die eiegeregtigde samelewing. *Insig* (Augustus, 1988: 57) se opskrif "Afrikaans klap die sweep" som die situasie raak op. Alternatiewe Afrikaanse musiek en die alternatiewe Afrikaanse pers, soos die koerant *Vrye Weekblad*, bring nuwe funksies vir Afrikaans.

Intussen het die term "alternatiewe Afrikaans" reeds sy inslag gevind. Geen uitsluitel is nog gevind oor presies wat alternatiewe Afrikaans is nie; meestal impliseer dit wel 'n "oop" en "vrye" Afrikaans. (Terwyl al meer stemme teen die einde van tagtig vir die sogenaamde "alternatiewe Afrikaans" opgaan, verniy Brink die term.) Afrikaans is in die negentigerjare nie net die taal van die onderdrukker nie, maar ook van die onderdrukte, terwyl Engels die taal van die elite is. Engels het nooit werklik gekreoliseer soos Afrikaans nie. Alternatiewe Afrikaans is die Afrikaans wat deur al die sosiale lae sny en die werklike geskiedenis van Afrikaans in ag neem as 'n taal wat uit Europa, Asië en Afrika kom.

In 1989 hou Steyn (pp. 42-43) hom besig met die vraag na die status van Afrikaans in 'n toekomstige staatkundige bedeling. Hy vrees 'n houding waar leiers die volgende gesindheid openbaar: "Ons gaan met 'n oop gemoed na die onderhandelingsstafel, ons gaan op niks aandrang nie, ons gaan so gaaf moontlik wees"; hy verwoord sy bedenkinge hieroor só: "met so 'n houding sal ons niks behou nie." Hy voel taalfunksies moet nie ter wille van gewildheid prysgegee word nie. Hy maak vyf voorstelle ten opsigte van 'n taalbeleid: Hy wil 'n terugkeer na taalgelyke beregtiging vir die elektroniese media sien; daar moet maatreëls in die taalbeleid



ingebou word wat verhoed dat staatsinstellings van hierdie taalgelykheid afwyk; hy voel Afrikaanse en tweetalige universiteite en teknikons moet nie gedwing word om te verengels nie - iets wat kan gebeur as groot getalle swart studente Afrikaanse universiteite toe gaan; 'n integrasiebeleid moet nie onoordeelkundig toegepas word nie en 'n taalbeleidliggaam moet op die been gebring word wat sal sorg dat taalwetgewing toegepas word. Theo du Plessis lug sy mening in 'n brief in die *Insig* van Desember 1989 (p. 6):

*Om in hierdie stadium dus amptelike status vir Afrikaans as 'n ononderhandelbare in die Suid-Afrikaanse politiek te stel, soos prominente meningsvormers tans doen, is nie net onproduktief nie, maar eintlik irrelevant.*

In 1990 verklaar dr. Gerrit Viljoen, as Minister van Staatkundige Ontwikkeling, in die *Insig* van Maart, dat Afrikaans 'n ononderhandelbare saak is. Theo du Plessis voel dat Afrikaans veel meer daarby sal baat wanneer dit met iets soos die Breë Demokratiese Beweging geassosieer word, eerder as met 'n "eensydige Afrikanerbewind" wat Engels in elk geval as simbool van bevryding sal laat voortleef.

#### 5.4.3 Verdeeldheid binne die Afrikaanse literêre sisteem

Die gesprek oor Afrikaans, van sy verlede tot sy toekoms, kry momentum in die tagtigerjare en duur nog steeds voort. Toekomstvisies van Afrikaans het vervleg geraak met die politieke toekoms van Suid-Afrika. 'n Verdeeldheid in Afrikaanse geleedere ten opsigte van politiek en Afrikaans is duidelik sigbaar. Volgens Zietsman (1992: 201) sou dit egter 'n ooreenvoudiging wees om hierdie "soms sterk vloebare opinies in waterdigte politieke of ander raamwerke in te pas". Volgens hom glo die regse Afrikaners dat 'n opbloeï in Afrikanernasionalisme ook 'n opbloeï in Afrikaans teweeg sal bring (Zietsman, 1992: 202). Die Afrikaners wat hervormingsgesind is, wil die taal oopgooi vir alle landgenote en wil juis wegbeweeg van 'n laertreksituasie (Zietsman, 1992: 203). Hy sien F.W. de Klerk se ontbaning van die ANC en ander revolusionêre organisasies op 2 Februarie 1990 as 'n daad wat dit vir die Afrikaner noodsaaklik maak "om die kring groter te trek, want die uurglas vir Afrikanerheerskappy loop vinnig leeg" (Zietsman, 1992: 204). Tydens 'n kongres

oor taal en stryd wat aan die Universiteit van Durban gehou is, is die volgende teenstrydighede geopper (Grobler, 1989: 44): Aan die een kant is Afrikaans as die taal van die bevryder voorgelê. So byvoorbeeld sê R. van den Heever: "Taal is wat uit die monde van die gepeupel kom en nie wat die taalfilosowe dink daaruit behoort te kom nie."

Ander sien Afrikaans as neutraal: M.C.J. van Rensburg sê taal is nie 'n besitting nie, maar 'n gebruiksartikel. "Afrikaans is dus nie 'n bevrydingstaal nie, of 'n protesttaal of 'n werктаal nie, maar kan gebruik word as 'n bevrydings- of protes- of werктаal" (Grobler, 1989: 44). Die taal Afrikaans is dus nie iets anders as bloot Afrikaans nie; maar dit kan wel *gebruik* word as om te bevry, te protesteer ensovoorts. Charles Malan (Grobler, 1989: 44) voel ook dat Afrikaans te swaar dra aan 'n las waarvoor mense verantwoordelik is: "Dit maak dus nie sin om Afrikaans self vir stigmatisering verantwoordelik te hou nie; diegene wat verantwoordelik is vir die misbruik daarvan, moet aan die kaak gestel word."

Die dualiteit wat Afrikaans omgewe, word deur Jan Esterhuyse (Grobler, 1989: 44) opgesom: "Wanneer ek Afrikaans hoor, hoor ek die taal van apartheid, maar as ek op die Parade loop, hoor ek hemelse musiek."

Teen 1994 - met Suid-Afrika wat elf amptelike tale het - word die stryd om Afrikaans se "regmatige" plek in die uitsaaiwese en op universiteite nog steeds en selfs heftiger as ooit tevore gevoer. Afrikaanse koerante plaas gereeld berigte en briewe waarin daar kommer oor die status en die toekoms van Afrikaans uitgespreek word. 'n Opskrif in *Die Volksblad* van 28 Mei 1994 lui só: "Afrikaans beslis al minder op TV gepraat." Vanaf 1996 verval die Afrikaanse akroniem "SAUK" sodat net die Engelse "SABC" behou word. Dit gaan gepaard met 'n drastiese afskaling van Afrikaans op die SABC se kanale.

## 5.5 SAMEVATTING

Na Afrikaans aanvanklik deur die Afrikaner self as 'n "hotnotstaal" uitgekryt is, het 'n groot verandering in gesindheid teenoor die taal ingetree. Dit is veral politiek en

ideologie wat Afrikaans laat gedy het. Die Suid-Afrikaanse politieke sisteem het veroorsaak dat Afrikaans byna 'n eeu lank deur die Afrikaner beskou is as die taal wat eksklusief aan hom behoort. Dit is met hierdie beeld wat Brink en ander Afrikaanse skrywers in die sewentigerjare wou breek.

Om in Afrikaans te skryf was van die begin af in 'n mindere of meerdere mate 'n gepolitiseerde handeling. Die eerste Afrikanerskrywers is deur die Afrikanerleiers ingespan om Afrikaans as volks- en ampstaal gevestig te kry. Daarna het Afrikaans die taal van menige koerant en tydskrif, die radio, televisie, toneel, liedjies, en handboeke vir skole en ander opvoedkundige inrigtings geword. Die politieke sisteem se bemoeienis met Afrikaans het tot gevolg gehad dat Afrikaans binne verskillende sisteme in die Suid-Afrikaanse samelewing (joernalistiek, opvoedkundig, literêr, ens.) gedy het. Afrikaans het sy grense eksklusief om Afrikanerbelange getrek.

In die sestigs lui Brink en ander 'n nuwe era in vir die Afrikaanse letterkunde. Afrikaans word egter die middelpunt van die kleurtwis in 1976 - net 'n jaar ná die Gilde gestig is en die taalfees (wat Afrikaans se 50-jarige bestaan as amptelike taal herdenk het). Ná hierdie onluste word daar dikwels met pessimisme oor die toekoms van Afrikaans bespiegel. Die swartman se beeld van Afrikaans en die stereotipe Afrikaner versleg in die jare hierna, ook by sommige van dié wie se moedertaal Afrikaans is. Daar ontstaan 'n tendens om Afrikaans se geskiedenis in 'n nuwe perspektief te plaas en te herskryf. Dit is duidelik dat sisteemverskuiwing binne die grense van Afrikaans plaasvind, want al hoe meer mense begin besef dat taal nie die alleenbesit van 'n sekere groep mense is nie.

Binne Afrikanergeledere begin denke al meer divers raak - ook oor Afrikaans. Daar is 'n opvallende kloof tussen Afrikaners, wat in 'n groot mate aan politiek toegeskryf kan word. In die tagtigerjare is daar byvoorbeeld diegene wat gesprekke met die ANC voorstaan terwyl ander hewig daarteen gekant is. Daar is diegene wat voel Afrikaans moet kragdadig beskerm word terwyl ander dit nêr práát. Daar is diegene wat die "witchy-eery-earthly" Afrikaans van Brink waardeer en ander wat dit verafsku. Daar is Qwa-Qwa en Bophutswana waar Afrikaans amptelike status het, terwyl Namibië verengels. Daar is mense wat die sogenaamde Kleurling nie as "Afrikaner"

aanvaar nie en ander wat glo dat almal wat Afrikaans in hul huise praat, "Afrikaners" is. Die tagtigerjare ontken 'n oorlog oor idees, ideologieë, ras, godsdiens, taal ensovoorts. Die opkoms van die alternatiewe pers (wat die bestaande orde bevraagteken) word enersyds as vyande en deur ander as bevrydend begroet. Feitlik alles wat "anders" is, word afwysend hanteer deur die establishment. Daar moet besluit word of alternatiewe Afrikaans ook 'n bestaansreg het. Daar is besin oor taalbeplanning en die statutêre beskerming van Afrikaans, sowel as die depolitisering van Afrikaans. Die groot kwessie is: moet Afrikaans uit die politieke arena gehaal word deur sy amptelike status in te boet? Vyande én vriende van Afrikaans beywer hulle daarvoor om Afrikaans te depolitiseer. Vanaf 1990 word nuwe rolle vir Afrikaans gesoek.

Brink laat hom deurgaans uit oor Afrikaans. Hy en die Gilde neem vanaf sy ontstaan deel aan die polemieë oor Afrikaans se toekoms. Hulle kom tot die slotsom dat die Afrikaanse taalgemeenskap meer as net die tradisionele Afrikaner insluit, dat belangepolitiek moet terugstaan vir samelewingspolitiek ten einde Afrikaans van ondergang te red. Teen die einde van die tagtigerjare is dit duidelik dat daar kragte werk om Afrikaans, synde instrument van die apartheidsstelsel, uit te brei om 'n breër Suid-Afrikaanse karakter aan te neem, want die Afrikaanse wêreld met sy patriargale gesagstrukture het vir sekere Suid-Afrikaners 'n gehate opset geword. Daar word groot druk op alle Afrikaners, taalhandhawers en -puriste geplaas. Daar moet gewaak word dat die behoudendheid en puriteinse ingesteldheid van die Afrikaner nie die taal smoor deur dit te klinies te wil hou nie. Die hele idee van poststruktuuralisme is juis dat dit verklaar dat verskille aanvaarbaar is - mense hoef nie almal eenders te wees of eenders te dink nie. Die Gilde voel dat die taalhandhawers en die betrokke instansies in hierdie verband moet skietgee. Brink self verruil sy pos as dosent in Afrikaans by die Universiteit van Rhodes vir 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad waar hy Engels doseer. Die aanvaarding van hierdie pos kan binne die konteks van sy groeiende Afrika-gerigtheid gesien word. Tomaselli en Muller (1992: 477) sien die posisie van die Afrikaanse skrywer binne 'n Engelse konteks só: "The most critical Afrikaans writers and critics have tended to gravitate towards English language campuses where the environment is more sympathetic to their cause, for example André P. Brink and Ampie Coetzec." 'n Mens sou 'n saak kon uitmaak vir 'n breë

Suid-Afrikaanse sisteem omdat die verskillende literature relasies met mekaar toon. Die geografie sal dan as grens dien en nie taal (soos dit in hierdie ondersoek geld) nie. Daar word tans oor die posisie van Afrikaans besin as 'n taal van Afrika en nie net van die blanke Afrikaner nie. Afrikaans is besig om sy grense uit te brei om alle Afrikaanssprekendes in te sluit.

Ten opsigte van die estetiese ideologie wat net 'n klein groep ingeligte lesers betrek het, het daar in die tagtigerjare 'n beweging nog nader na die volk toe gekom waar die teks nie as 'n eksklusiewe artefak beskou word nie, maar as kulturele besit van almal. In die volgende hoofstuk word daar op intrasistemiese kommunikasie binne die Afrikaanse literêre sisteem in die tagtigerjare gekonsentreer.

# BRINK EN SY MEDESKRYWERS

### 6.1 INLEIDING

Sake soos Brink se persoonlike lewe, maar veral sy vetes in die media met medeskrywers en politici is in 'n sisteembenadering betekenisvol omdat dit bepalend is ten opsigte van die waardebeplanning en interpretasie van sy werk. Foucault (1979) heg byvoorbeeld heelwat waarde aan die outeursnaam omdat dit volgens hom saamhang met die vorm wat die diskoers gaan aanneem.

As 'n mens kyk na die laat tagtigerjare word Brink deur 'n paar skrywers en literatore as deel van die establishment beskou. Terwyl hy koloniserende bestry, koppel van die jonger skrywers in die tagtigerjare van sy sienings aan koloniale reste (Liebenberg, 1989a: 95) en van sy kollegas skinder dat hy sy koloniale herehuis in Grahamstad opgegee het omdat dit te na aan die raserige swart busstasie was (*The Star*, 2/4/1984: 7). Vergelyk in hierdie verband ook Brink en Liebenberg se vete soos uiteengesit onder punt 6.6.4 van hierdie hoofstuk.

So erg is die teenstrydigheid in die reaksies wat hy ontlok dat daar in die tagtigerjare 'n skisofreniese rol aan Brink toegedig word - aan die een kant as rebel en volksvyand en aan die ander kant as 'n mak establishment-skrywer wie se tyd uitgedien is. Charles Malan (1986: 12) meen Brink is naas Breytenbach "die enkele Afrikaanse skrywer wat die meeste a-rasionele (en irrasionele) reaksies by die publiek én akademië uitgelok het". Sy vetes in koerante met ander skrywers, literatore, politici en kerkleiers, asook sy geskille binne die Afrikaanse Skrywersgilde, is as "oorloë" en in soortgelyke aggressiewe en emosionele terme beskryf.

In die tagtigerjare skryf Brink sy eerste boek wat nié in Afrikaans verskyn nie, naamlik *States of emergency*. Sy vlotheid in Engels skryf hy toe aan die feit dat sy ma op een Engelse dag per week aangedring het (Britz, 1993: 92). Ook ander Afrikaanse skrywers voor hom publiseer in Engels: Uys Krige, C. Louis Leipoldt en

Eugene Marais. Aan die begin van 1990 aanvaar hy 'n pos aan die Universiteit van Kaapstad as dosent in Engels. Na 'n onderhoud met Brink skryf Etienne Britz in **De Kat** (1993: 90): "En hy sit hiér omdat ten minste één groot Afrikaanse universiteit hom nooit as professor in Afrikaans wou aanstel nie - al was hy naas Opperman en Van Wyk Louw die suksesvolste skrywer/letterkundige wat Afrikaans ooit opgelewer het." Ook Coenie Slabber laat hom hieroor uit in **Insig** (1995: 12) as hy beskryf hoe Brink "deur manipulasie uit belangrike poste en ampte gehou is" - selfs al was hy die "vanselfsprekende kandidaat".

Brink se insig dat twee literature langs mekaar kan bestaan, en sy ontwikkeling in albei die genoemde tale, stel hom in staat om ewe gemaklik in Afrikaans en Engels te skryf. Cloete (1992: 334) laat hom soos volg hieroor uit:

*In die huidige tyd in Suid-Afrika, veral sedert die Sestigters, is daar sterk gesindhede vir 'n literêre internasionalisme of bo-nasionalisme, juis by die skrywers wat soms ernstig op inheemse toestande gerig is (Brink, Breytenbach).*

Brink se veelbesproke maatskaplike betrokkenheid en sy bydrae tot die stand van die Afrikaanse literêre sisteem soos dit vandag daar uitsien, durf nooit onderskat te word nie. Hier word daar veral gedink aan sleutelgebeurtenisse soos die ontbanning van **Kennis van die Aand in Magersfontein, o Magersfontein!** Met die onderskrywing van die ANC se boikotaksies in 1989 by die Watervalberaad in Zimbabwe deur Brink en ander skrywers, waaronder 'n aantal Gildelede, word die gesprekvoering van die skrywers met die ANC en verdeeldheid tussen skrywers voorbladnuus van menige koerant. Die Gilde se besluit in 1990 om by die gemeenskap en demokratiseringsorganisasies betrokke te raak, het verdere verdeeldheid in Gildegeledere veroorsaak (**Beeld**, 24/3/1990: 8). Op 2 Februarie 1990 gee F.W. de Klerk met sy toespraak tydens die parlementêre openingsrede vir Brink en andere by implikasie gelyk as hy onder meer die ANC ontban. Die spreekwoordelike Berlynse muur tuimel dus nie net ten opsigte van skrywers en uitgewers nie, maar die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap kry nou volgens Ton Vosloo (**Die Volksblad**, 7/4/1990:

6), Besturende Direkteur van Nasionale Pers, die geleentheid om aan die debat rondom die toekoms van Suid-Afrika deel te neem.

Dit is duidelik dat die ideologiese kloof tussen Afrikaners vanaf die sestigs wyeer geword het en dat daar sedert die sestigerjare heelwat verandering op politieke, kulturele en staatkundige gebied plaasgevind het in Suid-Afrika. Norme en waardes het aansienlik verskuif - nie net op bogenoemde gebied nie, maar ook op die Afrikaanse literêre front. Tot aan die einde van die sewentigerjare was norme moreel-eties gekleur. Hierdie norme was deel van die denkraamwerk van 'n groepie Afrikaners wat hulleself as die hekwagters van die sedes van die Afrikanervolk gesien het.

Die vervreemding tussen skrywers onderling, wat eweneens in die sestigerjare ontspring het, en die beskuldigings wat hieruit volg, sowel as die naamnoemery - byvoorbeeld "Wit liberaal", "mafia", "landsverraaiers" - in persoonlike aanvalle, woed nog voort in die tagtigerjare.

Daar is dus nie net 'n vervreemding tussen die skrywer en die establishmentsisteem, skrywer en die politieke sisteem, die skrywer en die religieuse sisteem nie, maar ook tussen die jong Afrikaanse skrywer van die tagtigerjare en die ouer skrywer, sowel as tussen die Afrikanerskrywer en die swart skrywer. Die verwydering tree in só 'n mate in dat Hein Willems (Die Transvaler, 30/3/1984: 2) praat van 'n "tweede Afrikaanse letterkunde", en hierdie letterkunde staan volgens hom aktief in die stryd teen die heersende politieke sisteem.

Vervreemding binne die literêre sisteem is veral opmerklik met die Watervalberaad in 1989 en daarna, toe skrywers uit die Gilde begin bedank en mekaar oor en weer van politiekery of onbetrokkenheid verdink (Beeld, 24/3/1990: 8). So byvoorbeeld beskryf Joan Hambidge in 'n brief die boikot as sensuur (Die Suid-Afrikaan, April 1990: 4) terwyl onder andere Brink die boikot ondersteun.



## 6.2 DIE JONGER AFRIKAANSE SKRYWER

Die tendens dat die jonger skrywers hulle vervreemd van die ouer skrywers voel, steek sy kop reeds tydens die 1981-Gildeberaad uit. Terwyl Brink nog besig is om die jonger skrywers tot verantwoordelikheid te maan en hulle te inspireer om die "waarheid" te skryf, verklaar die jong skrywers dat hulle hul vervreemd voel van die formele strukture van die establishment. Hierdie skrywers van die komplekse dekade van tagtig voel hulle ook vervreemd van die establishment-skrywer, waar Brink met sy "mak" seksuele beskrywings en politieke handeling hom ook, volgens die jonger garde, bevind. Ook Jaap Boekkooi (*The Star*, 2/4/1984: 7) sien Brink, sedert sy boeke ontban is, in hierdie lig:

*There he is, comfortably off (he sold his first million books a long time ago), a professor at Rhodes with lots of invitations for speeches, and that ultimate in South African status symbols, a gentleman farmer.*

Dramaturg Chris Pretorius erken rondborstig dat hy nie die Afrikaanse letterkunde ken nie - dit pla hom ook nie en hy gee nie vir Afrikaans om nie (*Die Transvaler*, 6/4/1981: 4). Om die waarheid te sê, die jong skrywer erken hy word veel eerder deur die hedendaagse popmusiek as deur die ouer skrywers beïnvloed (*Van Rensburg, Die Vaderland*, 5/9/1984: 7).

Met 'n skok moes die skrywers wat die Gilde van die begin meegemaak het - waaronder Sestigters wat taboe-onderwerpe nie as taboe hanteer het nie, die kleurgrens tussen swart en wit help afbreek het en die pad na Afrika oopgebreek het - van die jonger garde verneem dat hulle "oud" geword het; dat hulle werk irrelevant is en die volk nie meer aanspreek nie. Die jong skrywers begeer ook hulle eie en onafhanklike tydskrifte en uitgewerye.

Alhoewel die jonger skrywers na meer informaliteit soek en hulle van die ouer garde vervreemd voel, is daar tog 'n herkenbare gespletenheid binne hierdie jong geleedere te bespeur. Daar bestaan uiteenlopende belangstellings te midde van dieselfde behoefde om weg te breek van die ou sisteme sodat skrywers elkeen 'n eie koers

inslaan. Daar is ook 'n gevoel van onsekerheid en selfs 'n mate van ontnugtering met die ou formele strukture. Daar is dié wat hul geroepe voel om na die volk terug te keer soos M.C. de Jongh en M.C. Botha, terwyl skrywers soos Chris Pretorius, Dan Roodt en André le Roux - net soos die Sestigters - hulle weer met die eksperimentele wil bemoei. Sommige werke word deur vormvernuwing gekenmerk en bronne van beïnvloeding is pop, punk, jazz, Dada en beat (Malan, 1982b: 59). Daarom skop baie van hierdie skrywers daarteen dat hulle onder die naam "Tagtigers" saamgebondel word - hulle beskou hulself as individualiste. Die klem is op uniekheid en verskeidenheid. Te midde van hierdie verskeidenheid is daar sekere gemeenskaplikhede te bespeur wat in 'n aantal nuwe sub sisteme binne die Afrikaanse letterkunde gegroep kan word: Die "gay" letterkunde tree byvoorbeeld baie sterk op die voorgrond by Koos Prinsloo, Johann de Lange en Joan Hambidge; die grensoorlog (grensliteratuur) is nog 'n tema wat tagtig kenmerk (Alexander Strachan, Etienne van Heerden, Louis Krüger, George Weideman); die kabaretgenre geniet voorkeur by André Letoit, Casper de Vries, Pieter van der Lugt en Hennie Aucamp, waar oorlogs- en "gay" temas weer eens opduik; Afrika is die tema in van Daniël Hugo en Theunis Engelbrecht se werke. Maar dit is veral die kortkuns wat Tagtig kenmerk (Botha, 1989: 37).

Van die Tagtigers beskou hul werk as tydsdokumente wat verslag lewer van die dwingende werklikheid. Alexander Strachan (1985: 80) definieer betrokkenheid ook binne hierdie raamwerk: "literatuur wat aanduiding gee dat dit bewus is van die probleme van sy tyd." Hy sien betrokkenheid dus los van politieke betrokkenheid soos Brink dit gedefinieer het by die Somerskool van 1973. Vir die jong skrywer van Tagtig gaan dit meer om ingewikkelde geheelstrukture en die aktualiteit van hier en nou saam met die geskiedenis wat daardie aktualiteit onderlê. Die tendens dat daar van 'n elitistiese of intellektuele benadering tot literatuur en die werklikheid weg beweeg word, oorheers die toneel. Strachan voel tog dat die afwesigheid van sensuur in die tagtigerjare beteken dat die jonger skrywers hulle op literêre gehalte kan toespits sonder om die behoefte te ervaar om "so skokkend te skryf dat jou boek verbied word en hy só die aandag trek" (Strachan, 1985: 80). Etienne van Heerden (1981: 7) skryf vroeg in die tagtigerjare dat jong skrywers hulle vervreemd voel van "formele strukture" en wil "wegbreek van die letterkunde"; dat hulle bande wil breek

met die "banvloek van die uitgewerye", "bekgevegte" en "kleinburgerlike papierstorms". Sekere van hierdie ideale van die jong skrywers het egter nie gerealiseer nie. Brink en 'n paar van die jong skrywers het tydens hierdie dekade in 'n hewige polemiekie betrokke geraak (vgl. hfst. 6, 6.5).

Die skrywers van tagtig skryf meer relevant, die leser word blootgestel aan 'n "harde" joernalistieke skryfstyl en filmiese detail geniet voorkeur (Grosskopf, *Insig*, 1988: 36). Hulle laat hulle nie deur die establishment voorskryf nie. Maatskaplik relevante vrae soos die volgende word nou gevra: Watter doel het 'n skrywer met sy/haar skryfwerk? Vir wie skryf hy/sy? Waarom skryf hy/sy?

Daar kom groter erkenning vir die sogenaamde ontspanningslektuur in die tagtigerjare. Letoit sê nie verniet nie: "Ek wil 'n audience hê. Commercial is nie 'n vloekwoord nie" (De Swardt, 1988: 18), want in die tagtigerjare is daar in die literatuur 'n beweging nader na die volk toe en 'n besef dat nie almal dieselfde leesbelangstellings het nie. Daar is ook 'n besef dat nie alle leesaksies op die letterkunde hoef uit te loop nie. Leeskringe skiet soos paddastoelie op. Die feit dat die gewone leser se smaak buite die hoë letterkunde - wat vir die algemene publiek "te akademies en uit pas met dinge is" - se raamwerk val, dwing die leser al meer op die voorgrond (Galloway, 1982: 141). Die publiek is betrokke by literatuur in die vorm van dié luisterliedjie, TV-drama en ander pop-literatuur. Lede van die publiek skaam hulle ook nie meer vir hulle smaak soos vroeër nie en voel ook nie meer so erg minderwaardig dat hulle nie die hoë kunste geniet nie. Die ivoortoringbenadering in die letterkunde vind net nie meer aanklank by die gewone leser nie. Die estetiese ideologie het geleidelik plek begin maak vir sosio-politieke vrae aangaande magsoosposisies, wie die literêre norme bepaal en of ander norme nie gesoek moet word nie. Kulturele kodes soos manlik, Westers, heteroseksueel, en selfs skriftelike literatuur word al meer bevraagteken (Malan, 1990a: 32).

Die stem gaan gedurende die tagtigerjare ook in die pers en op konferensies toenemend op vir meer toeganklike literatuur. Die gedagte dat verhale wat te esoteries is die "gewone" leser vervreem, vat in literatuursubstelsies al hoe meer pos (De Villiers, Pretorius, *Rapport*, 5/4/1981: 20). In die sewentigerjare is allerhande

stigmatiserende name aan die skrywer van toeganklike leesstof gekoppel: skrywers van ligte leesstof, prulskrywers, praatjieskrywers of traktaatjieskrywers (Van Tonder, *Die Transvaler*, 30/3/1978: 10). Skrywers van ontspanningslektuur en die skrywers van literatuur vir ingeligte lesers het hulle in dié jare dikwels ook vervreemd van mekaar gevoel. Gedurende die tagtigerjare word die situasie omgekeer sodat die skrywer van letterkundige werke saam met akademici as intellektuele synde binne 'n ivoortoring en dus verwyderd van die werklikheid beskou word. Gerrit Olivier (*Vrye Weekblad*, 10/3/1989: 6) betoon sy afkeer van hierdie (verhewe) "spesie". Malan (1983c: 14-15) wys daarop dat baie Afrikaansdepartemente van onderriginstansies ongelukkig nie van hierdie nuwe tendense kennis neem nie, maar net ingestel is op die voortsetting van "ou waardes", terwyl die nuwe tendens vra dat die kunswerk nie meer net struktureel geanaliseer moet word nie. Daar moet op meer as net die komposisie en tegniek in die boek gelet word. Gedurende die tagtigerjare word literêre werke deur 'n paar literatore aan nuwe norme gemeet; sosio-kulturele en/of sosio-politieke kodes behoort volgens hulle ook aandag te geniet.

Die skrywers van tagtig verteenwoordig 'n era waarin postmodernisme en postapartheid die nuwe werklikheid is. Hierdie skrywers wil iets sê en in die proses beter kontak met hul leserspubliek maak. Die leser van gewilde lektuur geniet nou groter erkenning by akademici en resesente. Daar is reeds sprake van kuns ter wille van die (onderdrukte) gemeenskap, maar hierdie skrywers dink nie aan hulself in die drastiese terme van 'n Derde Taalbeweging nie, soos die pers reeds dikwels hierdie groep se aktiwiteit beskryf het (Van Rensburg, *Die Vaderland*, 5/9/1984: 7). Hulle wil bloot aktief betrokke raak by die "volk". Ettienne van Heerden (*Beeld*, 26/3/1983: 2) wys daarop dat baie skrywers wat in die tagtigerjare gedebuteer het, die "militarisering van die samelewing" aan eie lyf gevoel het. Hierdie skrywers het volgens hom 'n afkeer aan 'n uniform, hetsy letterlik of figuurlik in die vorm van formele literêre aktiwiteit soos prystoekennings. Brink (*Rapport*, 4/12/1983: 43) antwoord hierop dat die nuwe geslag skrywers besig is om 'n hele nuwe betekenis aan die geskiedenis en die gebeurde om hulle te koppel. Die term "grensliteratuur" het binne die Afrikaanse literêre sisteem 'n hewige debat ontketen. Brink voel dat die grenskonsep vreemd aan Afrika met sy nomadiese kultuur is. Alhoewel grensliteratuur baie ooreenkomste met die tradisionele oorlogsliteratuur het, is dit vele

opsigte uniek. Ondersoeke oor grensliteratuur duur nog voort (Van Coller, 1992: 153), maar dan veelal in vergelykende verband.

Die Gilde word deur die jong groep skrywers van onbetrokkenheid beskuldig. In 'n brief aan **Rapport** (Waarnemer, 3/2/1985: 26) beveel die brieffskrywer aan dat die Gilde meer vir die gemeenskap kan doen deur betrokke te raak by aktiwiteite soos ondertekende persverklarings waarin skrywers hulle distansieer van die Regeringsbeleid, en voeg ook by: "Die Gilde blyk meer haak-en-steek as koeltebos te wees. Sy wortels is so diep in die middel-sestigstydperk dat hy in die midde-tagtigs 'n eksistensiële krisis beleef - 'n siekte wat die jong boompies op 'n afstand hou."

Die eerste koppeling van die Afrikaanse literatuur aan Marxisme gebeur in Ampie Coetzee se boek **Marxisme en die Afrikaanse letterkunde**. Hierdie publikasie verskyn in 1984. Coetzee beskuldig Afrikaanse skrywers daarvan dat hulle die huidige politieke sisteem uitbuit, dat die Afrikaanse skrywers kapitaliste is wat deur hulle werk niks meer te sê het nie. Hiervolgens sien die moderne Afrikaanse skrywer die kern van die problematiek, die materiële omstandighede van karakters binne 'n sekere historiese konteks, nie raak nie (Olivier, **Rapport**, 2/9/1984: 29).

In hierdie verband word veral Brink skerp gekritiseer. Hy beklee in daardie stadium van die magtigste posisies binne die kanoniseringsbedryf in die establishment-letterkunde as resesent van **Rapport**, samesteller van die Groot Verseboek en redakteur van **Standpunte**. 'n Broeiende storm in linkse Afrikanergeledere kom in **Stet** tot uitbarsting. Dan Roodt, redakteur van **Stet**, wil in 1986 hê Brink se **Standpunte** moet geboikot word, want:

- \* dit staan in diens van die Nasionale Party;
- \* J.C. Steyn, redaksielid, se sogenaamde "neo-nazistiese" standpunt besmet die blad;
- \* die herkoms van die blad is bedenklik;
- \* die redaksie bestaan slegs uit blankes;
- \* **Standpunte** sal minimaal onder Brink verander (**Die Vaderland**, 3/3/1986: 18).

Hiervolgens is Brink nie links en radikaal genoeg nie: Sy verbintenis met Human en Rousseau (as filiaal van Nasionale Pers wat deel is van die bestel) is olie op die jong skrywers se vuur. Gerrit Olivier het die wiel hier aan die rol gesit met sy verklaring dat Brink se Ope Brief (hfst. 4, 4.10.2) 'n "pose" is en dat hy in werklikheid met die Regering saamheul (Slabber, **Rapport**, 10/1/1988: 17).

In 'n brief aan **Rapport** (17/1/1988: 28) onder die opskrif: "Moet ons Brink 'n heilige verklaar" wil Gerrit Olivier weet watter waarde individuele uitbarstings binne 'n Noodtoestand het.

Brink wat in sommige van sy resensies dit teen skrywers het wat vir die breë publiek skryf, word deur Dan Roodt daarvan beskuldig dat hy tipiese slapbandboekverhale skryf - 'n skrywer van blitsverkopers (**Die Volksblad**, 5/10/1985). Brink word hiermee as deel van die establishment verklaar - iemand wat óór 'n situasie en nie uit 'n situasie skryf nie. Die "Tagtigers" se literatuur wat oor die grensoorlog handel en met die omstrede term "grensliteratuur" benoem word, is daarenteen volgens Strachan, (Greyling, **Die Vaderland**, 18/7/1985: 5) tydsdokumente wat gebore is "uit binne-in die situasie" te wees. Hierdie aantying is nie 'n nuwe een nie. C. Louis Leiopldt het in die dertigerjare in 'n onderhoud vir **Die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring** van 1936 gesê dat W.E.G. van Wyk Louw en ander digters oor dinge skryf "wat hulle self nog glad nie ondervind het nie" (Steyn, 1992: 85).

In 'n brief van 17 Maart 1989 skryf Brink in **Vrye Weekblad** dat die "mafia" met verdraaiings werk; dat hulle soms onder skuilname opereer en dat Gerrit Olivier die leier van die groep is. (By 6.5 word weer aandag aan botsings tussen Brink en Olivier gegee.)

Binne die konteks van 'n uiters verwarrende situasie waar verskillende skrywers en literatore uiteenlopende eise stel, versoek Elsa Joubert (1985: 138) tydens die 1981-Gildeberaad dat skrywers tog nou ook nie gedwing moet word om verstaanbaar te skryf nie:

*Wat dan van die skrywers wat hulle tyd ver vooruit is en eers begryp word lank nadat hulle dood is? Wat daarvan dat 'n mens dikwels ingroei in 'n skrywer; 'n boek of gedig wat eers onverstaanbaar was, begryp soos jy ouer, meer belese en ryker aan ervaring word?*

Tydens dieselfde beraad verwys Etienne Leroux in hierdie verband na **Raka** wat eers "onverstaanbaar" was maar later vir skole voorgeskryf is. Hy gebruik Verwoerd wat **Pluimsaad** "volksvreemd" gevind het as nog so 'n voorbeeld (Leroux, 1985b: 152).

Die Afrikaanse literêre sisteem word in die tagtigerjare volgens Galloway (1987a: 148) al meer gesien as 'n tekensisteem wat in wisselwerking met ander sisteme verkeer. Daar is 'n bewuswording dat literatuur nie van sy kontekste losgesny kan word nie. Die publiek word deur middel van literatuur bewus van sekere maatskaplike realiteite, soos die bestaan van verskillende groepe en verskillende denkwyses binne Afrikanergeleedere self. 'n Gildelid, Rosa Keet, skryf hierdie verskeidenheid binne "Afrikanergeleedere" toe aan die feit dat Afrikaners as meer diverse mense begin ontwikkel het; dat hulle 'n leef-en-laai-leef-houding begin inneem het (Galloway, 1982: 142).

Hier dink 'n mens byvoorbeeld aan die Alternatiewe Afrikaanse Musiekbeweging waarin Johannes Kerkerrel 'n kultusfiguur geword het. André Letoit raak ook gedurende die tagtigerjare by die alternatiewe musiekbeweging betrokke met die kasset **Ver in die ou Kalahari**. Hy skryf **Stuidpunt-jazz** wat as 'n "alternatiewe" Groot Trek-roman beskou kan word (Greyling, 1988: 49). Uit W.D. Burger (1991) se verhandeling oor hierdie werk, is dit duidelik dat 'n mens hier te doen het met 'n postmodernistiese teks wat die rug keer op eenheid. Hierdie alternatiewe Afrikaanse kuns hang saam met die opkoms van 'n volkskultuur of alternatiewe kultuur wat ook "peoples' culture" genoem word. Volgens Bredenkamp (1989: 46) toon hierdie stryd teen apartheid groot ooreenkomste met die tradisionele Afrikaner se stryd vroeër om kulturele emansipasie. Hierdie diversiteit binne die tradisionele Afrikanersisteem hou verband met die verwyderdheid tussen Afrikaner en Afrikaner.

### 6.3 DIE SWART SKRYWER

In 1981 ontbind PEN omdat die swart skrywer nie saam met die wit skrywer om die tafel wil sit nie: hulle voel hulle moet swart solidariteit soek in die ontwikkeling van 'n eie siening. Hierdie tendens is 'n algemene verskynsel in die Suid-Afrika sedert die sewentigerjare:

*Swart apartheid is vandag 'n groeiende tendens onder die swart jeug. 'n Belowende swart student het die geleentheid gehad om 'n uitgesoekte private kerkskool by te woon. Hy het geweier omdat hy niks met die "whities" te make wou hê nie. (Bert Ferreira van die Transvaler, soos aangehaal deur Steyn, 1980: 297)*

By wit en swart skrywers is daar 'n behoefte om die Suid-Afrikaanse werklikheid tot op die been oop te skryf. Terwyl die swart skrywers hoofsaaklik versetliteratuur publiseer, huldig die voorste Afrikaanse en Engelse skrywers volgens Malan (1983c: 18-19) 'n ruimer opvatting van betrokkenheid as die Sartreanse engagé-begrip waar die klem op die sosio-politieke stellingname geplaas word: "...daar is 'n groter sin vir die komplekse geheelstrukture in die land, vir die totale aktualiteit wat in die geskiedenis ingebed lê en vir die lotsverbondenheid tussen groepe in die land".

Die swart skrywer het die politiek as tema met die stad (net soos die jong skrywer van tagtig) en die township as agtergrond. Die Soweto-gebeurde van die sewentigs dien nog steeds as vertrekpunt in hierdie tydperk van politieke en kulturele hervorming. In die tagtigerjare is 'n kulturele boikot deur die African Literature Association tydens 'n kongres in New York teen Suid-Afrika ingestel en die wit kieserskorps stem in 1983 vir die nuwe bedeling wat van kultuur 'n "eie saak" maak (Galloway, 1987a: 141). In 1987 word COSAW (Congress of South African Writers), 'n nie-rassige kongres van Suid-Afrikaanse skrywers, gestig. Hierdie vereniging het jong skrywers die geleentheid gegee om te publiseer en werksinkels by te woon.

*Die groei van die arbeidersbeweging het weer gelei tot die vestiging van kultuurafdelings in vakbonde. Hierdie twee dimensies, nl. die populêre*



*inklusiewe nie-rassige benadering en die werkersperspektief, het 'n nuwe gees in die literatuur geblaas. Die protesinslag is vervang deur die nosie van weerstand, waarmee daar gepoog is om uit die diverse literêre tradisies 'n breë Suid-Afrikaanse literatuur te skep waaraan alle Suid-Afrikaners deel kan hê. (Oliphant, 1992: 523)*

Andries Oliphant (1992: 515) vind die skeiding tussen "wit" en "swart" literatuur "absurd". Die rede wat hy hiervoor aanvoer, is dat dit Blankes was wat aanvanklik Sotho en Xhosa dramas geskryf het. Blankes was ook verantwoordelik vir die ontstaan van geskrewe literatuur in inheemse tale in die tydperk 1820-1920. Jan Rabie (**Die Burger**, 30/7/1985: 30) wys daarop dat die nuwe generasie bruin skrywers, in teenstelling met die ouer bruin digters soos Adam Small, S.V. Petersen, P.J. Philander en Lionel Sheldon, hulle van die wit literêre establishment distansieer, net soos die jong wit skrywers.

Die eerste literatuur van die inheemse tale was Christelik-moralisties van aard. Die tydperk vanaf 1920-1942 word gekenmerk deur stedelike literatuur. Stemme van protes van ontugterde swartmense, in 'n tydperk toe kapitaal en apartheid parallel geloop het en talle wette die lig sien om Nasionaliste hul dominasie te help behou, het teen hierdie sosio-politieke verdrukking opgeklink vanaf 1942 tot 1970. Protes- en Swartbewussynsliteratuur sien die lig tussen 1970 en 1982 waarna werkers- en weerstandsliteratuur volg. Die koloniale era in Suid-Afrika met sy blanke nedersettings, 'n kapitalistiese stelsel en die instel van apartheid het noodwendig vervreemding tussen swart en wit ingebring. Diegene wat nie mag stem nie, voel daar word op grond van velkleur teen hulle gediskrimineer. Verstedeliking en industrialisasie het volgens Oliphant (1992: 519) 'n ontstammingsproses by swartmense tot gevolg gehad. Hy verwys na Rolfes Dhlomo se boek **An African Tragedy** (1928) wat vertel van die vernietigende gevolge wat verstedeliking vir die inheemse volke ingehou het. Vanaf 1942 tot 1970 word die stem van protes al hoe sterker in die swart skrywers se werke. Hulle skryf binne die konteks van wit heerskappy en die institusionalisering van diskriminasie wat in konflik kom met swart nasionalisme. Reeds vanaf die vyftigerjare word swart skrywers deur politieke optrede gekortwiek om te skryf. Swart Skrywers se boeke is verban sodat 'n hele

korpus Suid-Afrikaanse literatuur uitgewis is ter wille van wit establishment-kultuur. Talle van Suid-Afrika se voorste skrywers is teen die einde van die vyftigerjare as ongewens verklaar waarna hulle die land verlaat het: Dennis Brutus, Alex La Guma, Lewis Nkosi, Kereopatse Kgotsisile, Es'kia Mphahlele het roem in die buiteland verwerf terwyl hulle onbekend en ongelees in Suid-Afrika was. Joernaliste is aangehou sonder dat daar enige klag teen hulle gelê is (Rapport, 16/12/1984: 17).

Weerstand teen die Suid-Afrikaanse regering, opstand in die land en 'n swart nasionale bewustheid ontwaak onder swart studente onder die leiding van Steve Biko. Hulle verenig hulle in 1969 in SASO (South African Students' Organization). Saam met organisasies soos die Black Allied Workers' Union word daar gewerk in die rigting van swart selfstandigheid. Die doel van die organisasie is om die swartes se selfvertroue te herstel, ná die situasie van verdrukking. Die Swartbewussynsbeweging, waarmee die jong stedelike swarte grootgeword het, het van krag tot krag gegaan en uiteindelik gekulmineer in die Soweto-onluste (Galloway, 1987b: 92). Hierdie bewussyn verwerp volgens Oliphant (1992: 521) die paternalisme van blanke liberaliste, die verdrukking van wit supremisiste en is in opstand teen die besluit om Afrikaans as onderrigmedium in swart skole in te stel. Hierdie swart nasionalisme word dikwels met Kommunisme verwar. In hierdie verband is dit interessant om te besin oor wat nasionalisme is. Steyn (1987a: 7) behandel 'n aantal aspekte van volksnasionisme en wys op die gevoel vir jou "eie mense" wat by sulke mense bestaan:

*Die "eie mense" is meestal mense van die eie taal en dikwels mense van die eie ras, maar die opvattinge oor wat "eie" is, kan verander, en die meegevoel met mense in nood wat oorspronklik nie as "ons mense" of "my mense" beskou is nie, sou aan 'n nuwe (variant van) nasionalisme ten grondslag kan lê. Natuurlik is geen menslike strewes suiwer nie. Onselfsugtigheid en offervaardigheid kan gepaard gaan met wraakgedagtes teen die vyand en ongeduld oor en selfs straf vir die swakkeres in eie geledere.*

Nasionalisme is volgens Boahen (1987) en Hanf (1981) 'n natuurlike veskynsel onder gekoloniseerdes. Die tydperk van protesliteratuur van swart skrywers val saam met

die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 wat gevolg word deur 'n reeks apartheidswette soos die Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiedewet (albei in 1950 ingestel), die Wet op Bantoe-onderrig (1953) en die paswette (1958). In 1950 word die Kommunistiese Party verbied en in 1960 die ANC. Daarmee saam word protesliteratuur van die swart skrywers verban. Skrywers soos Es'kia Mphahlele, Peter Abrahams en Alex la Guma laat as ballinge hulle boodskappe in die buiteland versprei.

Ten opsigte van die letterkunde verwerp die swart skrywer die Westerse literêre samehange. Chapman (1987: 178) sê in hierdie verband:

*Soweto poets are in real ways the products of Bantu Education. This policy of vernacular instruction, up to and including the first year of high school, has resulted among blacks in a lowering of the standard of subjects such as mathematics and English. As Dr. Verwoerd, the then Minister of Native Affairs, stated to the Senate in 1954: "There is no place for him [the Bantu] in the European community above the level of certain forms of labour."*

Hierdie uitspraak sluit aan by die kenmerke van 'n gekoloniseerde land (vgl. hfst. 4). Soweto-poësie verteenwoordig inderdaad "people's struggle" - die stryd waarvan die jong tagtigerskrywer ook so baie praat. Literatuur wat in hierdie tyd nuwe groeipunte verteenwoordig, is Soweto-literatuur, versetliteratuur, Afrikaanse literatuur van die Cape Flats deur die Kleurling en "Exile literature" deur skrywers wat teen apartheid en sensuur gekant is (Wishart, **Business Day**, 5/1/1988: 3). Dit is hierdie skrywers wat in die tagtigerjare in die hart van die Suid-Afrikaanse situasie staan. Hein Willems se **Angland**, wat die hartseer gees van hierdie era vaslê, word in 1981 gepubliseer. Afrikaans en Engels word dikwels saam gebruik. Van die skrywers wat in hierdie tyd 'n Afrikaans skryf waarin nuwe stemme gehoor word, is Vincent Oliphant, Achmat Dangor, Willie Adams, Leonard Koza, Patrick J. Petersen en Frank Anthony. 'n Mens kan dit as 'n ontwikkeling vir Afrikaans beskou waar die taal in nuwe kanale gestuur word. Oliphant (1992: 521) som die stryd van hierdie tydperk op:

*Na die repressie van die sestigerjare en die mislukte binnelandse gewapende stryd van die ANC, heers daar 'n bedrieglike toestand van sosio-politieke stabiliteit. Dit wil aanvanklik voorkom asof swart mense weens die repressie gepassifiseer is tot aanvaarding van blanke eksklusiwiteit en heerskappy van die Nasionale Party.*

Hy wys daarop dat 'n tekort aan naskoolse opleiding en die toename in getalle van die swart stedelike werkersklas binne die konteks waar daar nie aan hulle politieke aspirasies voldoen kon word nie, aanleiding gegee het tot die onrus in die sewentigerjare. Serote is een van die Soweto-digters wat in die sewentigerjare met bundels soos *Tselo* en *No baby must weep* uitdrukking gee aan intense woede, frustrasie en bitterheid. Dit is dieselfde tyd waarin Adam Small *Distrik Ses* publiseer. Die werk van hierdie tydperk ondersteun nie noodwendig deurgaans dieselfde perspektief nie sodat gesigspunte ryk en geskakeerd is.

Brink stel op die 1981-Gildeberaad 'n mosie voor waarin hy sy kommer uitspreek oor die swart skrywer se funksies wat in hierdie land bemoeilik word. Hy wys daarop dat nadat 'n enkele gedig deur 'n swart skrywer in 'n literêre tydskrif verskyn het, skrywer deur die Veiligheidspolisie besoek is (*Oggendblad*, 18/4/1981: 7).

Brink stel in 1984 by die Gilde weer 'n mosie in wat die swart skrywer raak. Hierdie mosie volg na Jan Rabie 'n brief namens die Gilde aan die Skotaville-uitgewers, 'n alternatiewe uitgewery wat hulle op swart literatuur toespits, gerig het. In die mosie distansieer die Gilde hulle van hierdie brief weens ongelukkige interpretasies wat aan die brief geheg kan word. Brink het dit hier veral teen die paternalistiese aanspreekvorm in Rabie se brief (*Beeld*, 31/3/1984: 5).

Gedurende die tagtigerjare het die groci van die arbeidersbeweging meegehelp in die vestiging van kultuurafdelings in vakbonde. Populêre kommersiële drama beleef 'n bloeitydperk. Protes is vervang met weerstand en 'n beweging in die rigting van 'n Suid-Afrikaanse literatuur. Alhoewel die establishment-Afrikaner Brink blykbaar nog nie as establishment-skrywer aanvaar nie, word die ouer blanke skrywer vanuit Kleurlingeledere as deel van die establishment beskou - as skrywers wat 'n baie nou

band met die heersende orde het. Hierdie siening is heeltemal in ooreenstemming met die jong wit skrywer van tagtig se siening van die "ouer skrywer". Hein Willemse staan daarby dat die skryfdaad nie van die ekonomiese en politiese daad losgeknoop kan word nie. Net soos die ander tagtigerskrywers voel hy dat die skryfdaad deel van die stryd moet wees (Willemse, 1985: 227).

#### 6.4 DIE LUSAKA-SAMESPREKINGS MAAK OPSLAE

Die Lusaka-samesprekings van sowat veertig skrywers met die ANC veroorsaak 'n skeuring tussen hierdie skrywers en die Afrikaner-establishment in 1989. Antjie Krog en haar ma Dot Serfontein, wat na die samespreking-insident uit die Gilde bedank, bevind hulle hierna in verskillende kampe soos **Beeld** (27/7/1989) dit in 'n berig onder die opskrif "moeders en dogters" uiteensit. Brink skaar hom by die jonger skrywers - en 'n hele paar lede van die Gilde blykbaar ook. Die Gilde self distansieer hulle in 1989 van die kulturele boikot.

Uit die 1987-Dakarberaad wat Brink en sommige lede van die Gilde steun, en die 1989-Lusakasamesprekings van sowat veertig skrywers (waaronder Brink) met die ANC, het dit duidelik geword dat sommige skrywers en literatore vir hulself 'n rol in die politiek sien. Ampie Coetzee en James Polley het 'n vollengte dokument van hierdie emosiebelaaide ontmoeting, gereël deur IDASA (The Institute for a Democratic Alternative for South Africa) die lig laat sien. Die werk is in 1990 gepubliseer en heet **Crossing Borders: Writers meet the ANC**. Die skrywers By hierdie beraad ondersteun die kulturele en die akademiese boikot en beywer hulle vir die afskaffing van apartheid, die wettiging van die ANC en ander politieke organisasies, die opheffing van die Noodtoestand, die vrylating van politieke gevangenes, die onttrekking van troepe uit swart woonbuurte en die afskaffing van wetgewing wat regmatige politieke bedrywighede onwettig maak (Le Roux, **Die Burger**, 12/7/1989: 4). Net 'n jaar later word aan etlike van die veertig plus skrywers se versoeke voldoen as pres. F.W. de Klerk by die parlamentsopening aankondig dat die ANC en ander politieke groepe ontban is, die Noodtoestand gedeeltelik opgehef is, politieke gevangenes vrygelaat sal word en dat sekere beperkings op media-beriggewing opgehef word. Volgens 'n berig op 4 Februarie

1990 in **Rapport** het Brink afgesien het van sy mening dat pres. F.W. de Klerk besig is met "'n gesofistikeerde politieke speletjie" en dat hy na sy geskiedkundige toespraak meen dat pres. De Klerk erkenning en samewerking van alle kante moet kry. Brink sê ook weer eens dat die wette op groepsgebiede en bevolkingsregistrasie afgebreek moet word. Hy stel voor dat "opruimingswerk" gedoen moet word ten einde 'n nuwe samelewing daar te stel. Later in 1990 besluit die Gilde dat hulle hul gaan beywer vir die opheffing van die kulturele en die akademiese boikot (**Die Burger**, 15/10/1990).

Dit is vir 'n groep Afrikaanse skrywers belangrik dat Afrikaans van rassistiese konnotasies losgemaak word en verteenwoordigend is van 'n gedeelde kulturele identiteit. Vanuit die letterkundige wêreld het 'n lewendige briefwisseling gevolg in Afrikaanse koerante. Skrywers is onder andere daarvan beskuldig dat hulle een soort sensuur vir 'n ander soort sensuur verruil en dat hulle "linkse fasciste" is (**Die Burger**, 13/7/1989). Proff. A.P. Grové en T.T. Cloete is onder diegene wat die beraadgangers skerp gekritiseer het. Grové meen dat dit 'n honderd jaar se werk op die Afrikaanse literêre front ten opsigte van kultuurbou afbreek. Cloete sê dit waarmee die ander besig is, verteenwoordig 'n soort sensuur en weens sy deelname aan sensuur weet hy hoeveel skade dit kan berokken (Munnik, **Vrye Weekblad**, 21/7/1989).

Brink verras as hy en 'n paar medeskrywers, waaronder ook Wilhelm Liebenberg en Gerrit Olivier, met wie hy in 'n hete polemiekie betrokke was (vgl. o.a. 6.6.4), saam die kulturele boikot in 1989 daadwerklik ondersteun. Die verklaring na die konferensie met die ANC lui:

*Alle skrywers teen apartheid behoort aangemoedig te word om aktief deel te neem aan demokratiese, kulturele en ander organisasies wat hulle tot die vernietiging van apartheid verbind het.* (Le Roux, **Die Volksblad**, 17/7/1989:

2)

Hierdie stelling sluit indirek aan by Ampie Coetzee, hoogleraar in Afrikaans aan die UWK, se gevoel dat die skrywer van tagtig begaan is oor die teks in plaas van die

werklikheid (**Die Burger**, 10/7/1989: 4-5), en ook by Liebenberg se betoog (vgl. 6.6.4).

Brink beskou hierdie kulturele boikot nogtans as heeltemal verwyderd van sensuur soos dit onder andere sy **Kennis van die aand** geraak het. Hy voel die kulturele boikot en die Afrikaanse skrywer se doel hiermee is nie om literatuur te boikot nie, maar om die apartheidsregime te isoleer (Munnik, **Vrye Weekblad**, 29/7/1989: 9). Hiermee verval van sy argumente wat hy voorheen teen Liebenberg aangevoer het: "...van wanneer af - buiten nou in Stalin se USSR - moet die letterkunde oplossings vir die politiek aanbied?" (Brink, 1989b: 97).

Daar is talle uitsprake na die Lusaka-voorval wat die verband tussen skrywers, literatuur en die gemeenskap in instellings binne die gemeenskap raak. Etienne van Heerden (**Die Burger**, 10/7/1989: 2) sê, as een van die skrywers wat die Lusaka-beraad bygewoon het, in hierdie verband die volgende:

*Die Afrikaanse skrywer moet ter wille van sy daaglikse brood sy arbeid verkoop in instellings waarin hy ongemaklik voel. Die skrywer is verbind aan liggame wat die hegemonie in stand hou. Hulle werk vir koerante soos **Rapport**, **Die Burger** en **Die Transvaler**. Hulle werk vir uitgewers van die **Nasionale Persgroep**; hulle saai uit vir die SAUK en gee klas aan universiteite waar die universiteitsowerhede apartheid-opvoeding voorsien.*

In daardie stadium was universiteite reeds vir swart en bruin studente oopgestel en die mediese professie was reeds geruime jare oop vir swartmense (Giliomee en Schlemmer, 1990: 23).

Die skrywers wat Lusaka toe was, verwelkom die ANC se beleidsdokument oor die kulturele en akademiese boikot wat in Mei 1989 deur die ANC aanvaar is. Hierdie dokument was 'n hersiening van die bestaande (totale) boikot wat toe selektief gemaak is. Hierdie boikot kom daarop neer dat die regime op kulturele gebied geïsoleer moet word en dat alle vorme van progressiewe Suid-Afrikaanse kultuur en verteenwoordigende Suid-Afrikaanse literatuur bevorder word. Volgens Jeanne

Goosen (**Die Transvaler**, 17/7/1989: 8) impliseer dit dat diegene in die akademie wat hulle solidariteit jeens sommige riglyne van die ANC betuig het, sal probeer om Afrikaanse departemente te herstruktureer en dat dit 'n distansiering is van die Afrikaner wat in die ideologie van kapitalisme, apartheid en teksgesentreerde estetika staan.

**Rapport** (16/7/1989: 7) berig oor die volgende punte waaroor daar eenstemmigheid op die beraad was:

- \* Daar moet gestreef word na 'n enkele nasionale literatuur waartoe bydraes uit al die landstale op 'n gelyke basis verwelkom word. 'n Nuwe departement vir Suid-Afrikaanse letterkunde kan heelwat daartoe meewerk.
- \* Ten einde soveel moontlik van die bevolking en veral die duisende ongeletterdes in die land op literêre gebied te bereik, moet skrywers hulle meer bemoei met die mondelinge tradisies, gelettertheidsleesstof, kinderlektuur, ensovoorts.
- \* Skrywers sal hul aktiewe medewerking aan hegemonesse magstrukture soos groot uitgewerye, die SAUK en eksklusief-blanke Afrikaanse kultuurorganisasies krities moet oorweeg - ook bekronings deur die instellings. Alternatiewe instellings moet geskep en bevorder word.
- \* Om gelykberegting te verseker, sal daar aktief teen die ongelykheid van alle sektore in die samelewing geveg moet word, in die besonder dié van vroue.

**Die Burger** interpreteer die ANC se beleidsdokument as 'n boikot wat gemik is op "liggame, instellings en kulturele werkers wat 'die stelsel van blanke minderheidsoorheersing verdedig, aanmoedig en versterk'" (13/7/1989: 5). Op bladsy 12 van dieselfde uitgawe lewer **Die Burger** kommentaar dat die skrywers met hierdie samesprekings 'n "gevaarlike weg" inslaan en dat die ANC nou die arbiter is oor



watter Suid-Afrikaanse skrywers na die buiteland mag reis en watter buitelanders na Suid-Afrika mag kom.

*Van dieselfde skrywers wat in die verlede die hardste teen sensuur in "die establishment" geskreeu het, hang nou die onvryheid van die ANC se kulturele boikot aan... Dit maak van die stryd wat hulle teen onreg in Suid-Afrika voer 'n totale klug.*

Brink was in 1989 in die buiteland toe hy in buitelandse dagblaaie aangehaal is en die nuus van die Suid-Afrikaanse televisie gehaal het met sy verklaring dat hy eerder onder die ANC se leierskap sou wou staan as onder die "prehistoriese Botha-regering". Hy stel sanksies voor en het dit teen lande wat in lonende handel met Suid-Afrika belangstel en sodoende die vrugte van rassesseiding en -uitbuiting pluk (Die Volksblad, 23/2/1989).

Te midde van hierdie uitkringende vervreemding soek die skrywers in Afrikaans kontak met ander Suid-Afrikaanse skrywers. Dit lyk asof baie lede van die Gilde hulle in die tagtigerjare bereid verklaar vir groter openheid in hierdie verband. Daar is 'n voorstel van Brink op die 1984-beraad dat die Gilde voortaan Skrywersgilde/Writers' Guild moet heet. Daar is selfs met die gedagte van 'n Azanian Guild gespeel.

Dat die Afrikaanse letterkunde in 'n mindere of meerdere mate nog altyd met politiek verweef is, is 'n feit wat soos 'n paal bo water staan. Maar in die tagtigs is dit nie net politieke gevangenes soos Breyten Breytenbach wat deur hul skryfkuns 'n barometer van politieke omstandighede daarstel nie - ook ander skrywers gee rekenskap van sosio-politieke gebeurde. Hierdie betrokke literatuur het die land en sy skrywers in vele opsigte verdeeld gelaat. Alhoewel sensuur ten opsigte van Afrikaanse letterkunde in hierdie tyd onder leiding van prof. Kobus van Rooyen aansienlik verslap, bly 'n paar werke van swart skrywers nog steeds verban. Selfs met die vrylating van Mandela in 1990 en Louis Pienaar wat die nuwe "sensuurbaas" word, lyk dit of sensuur sal dien om pornografie en werke wat politieke geweld bevorder, in die wiele te ry.

Oor die Afrikaner in die tagtigerjare sê J.C. Steyn (1980: 250):

*Daar kom tans al hoe meer iets anders by: 'n ideologiese kloof tussen Afrikaners oor 'n hele aantal sake, maar veral oor kleurdiskriminasie en die posisie van die blankes in 'n nuwe bedeling.*

Daar kom onder andere verwydering tussen die ouer skrywers soos Brink en ander Sestigters en die jonger skrywers van Tagtig. Die jong skrywers sien die ouer skrywers as deel van die establishment terwyl die jonger skrywer juis wil wegbreek van die establishment. Letoit (Galloway, 1987a: 146) sien dit as die resultaat van verstedeliking waar die jong skrywer skryf sonder dat "hy ooit van C.M. van den Heever gehoor het of 'n plattelandse somer beleef het". Hulle skrywery is dikwels 'n verslagdoen van die Suid-Afrikaanse werklikheid soos hulle dit beleef.

Galloway (1982: 21) plaas die situasie waarin kuns hom oor die algemeen gedurende hierdie tyd bevind op 'n breër grondslag:

*Die vergestaltung van 'n byna patologiese angs, vereensaming, verontmensliking en seksualiteit in fet-realistiese besonderhede, is aan die begin van tagtig nie tot die skryfkuns in Suid-Afrika beperk nie. Dieselfde tendens is byvoorbeeld in die beeldende kuns te bespeur.*

In 1988 wys Kobus van Rooyen retropektief op die groei wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap deurgegaan het en die groeiende funksie van literatuur in die gemeenskap se volwassewording:

*The Afrikaner community had to move from a pastoral environment which, for obvious reasons, was not exposed to the arts and literature, to an urban environment in which these things are part of daily life. (The Citizen, 25/11/1988: 2)*

Die jonger Afrikaanse skrywers bevind hulle in die negentigerjare in 'n postrevolusionêre Suid-Afrika waar die publiek hul min steur aan die gay- en die

feministiese temas en ander diskoerse binne literêre geleedere. In hierdie tyd is dit die skrywers self wat mekaar bykom in boekpolemieke, resensies en artikels.

## 6.5 OORSIG OOR BRINK SE ROL AS KRITIKUS BINNE DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM

Hier word slegs oorsigtelik gekyk na Brink se rol as kritikus ten einde die polarisering binne die Afrikaanse literêre sisteem verder te onderstreep. As kritikus het Brink 'n belangrike rol in die kanoniserings van die Afrikaanse literatuur gespeel. Brink se verbintenis met **Rapport** as kritikus en sy rol as kanoniseerder in hierdie verband is so omvattend dat dit 'n studie op sy eie regverdig. As 'n mens kyk na die sirkulasiesyfer van **Rapport** en die rol van hierdie koerant in die kultuur, besef 'n mens dat Brink 'n bepalende invloed moes gehad het op terreine wat wyer loop as net die Afrikaanse literatuursisteem.

Soos dit reeds in hoofstuk 4 onder punt 4.1 aangetoon is, het sy kritiese uitsprake hom egter heelwat kritiek op die hals gehaal en hy word gewaarsku dat hy as die "Big Brother" van die Afrikaanse letterkunde 'n geweldige sterk invloed uitoefen binne die Afrikaanse literatuursisteem. Dit sluit aan by Even-Zohar (1990: 15) se mening dat kanoniserings 'n uitoefening is van (outoritêre) mag (vgl. hfst. 1, 1.4.2). Baie skrywers en letterkundiges het Brink se aggressiewe trant teenoor werke wat nie uitgesproke betrokke is nie as voorskryflike ten gunste van sy voorkeur vir betrokke skrywe ervaar. In die sewentigerjare skryf Jeanne Goosen (**Hoofstad**, 3/3/1976: 15): "'n Hele aantal skrywers, veral van die jonger Sewentigers wat in die afgelope jaar of drie dikwels onder die 'pietsende tong' van **Rapport** se resensent, prof. André P. Brink moes deurloop, het nou 'n letterkundige oorlogslied teen hom aangehef." Rialette Wiehahn stel insgelyks Brink se goedkeuring van 'n werk gelyk aan die "pouslike seën" terwyl Brink se afkeuring vir haar sinoniem met die "pouslike banvloek is" (**Die Burger**, 20/7/1985: 6). Vergelyk in hierdie verband ook Cloete se aanklag teen Brink (hfst. 2, 2.10).

In die Novemberuitgawe van **Tydskrif vir Letterkunde** (1975) val Gerrit Olivier Brink se reputasie as kritikus aan. Olivier beskou Brink as 'n baie invloedryke

kritikus en daarom glo hy moet Brink se subjektiewe en dikwels onregverdigte boekresensies onder bespreking kom. Hy wys op Brink se herhaalde en soms ongevraagde kritiek op medekritici, veral T.T. Cloete en A.P. Grové, en op sekere instansies en sensuur. Olivier kom tot die gevolgtrekking dat dit toe te skryf is aan die rol wat hierdie skrywers en instansies in die verbod op **Kennis** gespeel het. Olivier verwys in dié verband na resensies van Brink oor **Die kwikstertjie** van Jan Scholtz, **Where white is the colour where black is the number** van Wopko Jensma, Welma Odendaal se **Getuie vir die naaktes** en J.M. Coetzee se **Dusklands**. Olivier wys verder daarop dat Brink vir Cloete en Grové verdag maak in besprekings van Johan de Jager se **Haggadâ vir 'n wit Afrikaan** en **Losgoed** van Bartho Smit. Olivier lewer veral skerp kritiek op Brink se bysleep van werke en sake wat nie ter sake is nie.

F.I.J. van Rensburg het van dieselfde ondervinding met Brink getuig. In 'n brief in **Rapport** (23/6/1985), verwys Van Rensburg na Brink se resensie in **Rapport** (26/5/1985) oor 'n digbundel deur Letoit in **Rapport** van 26 Mei dieselfde jaar. In hierdie resensie suggereer Brink dat Van Rensburg se studieverlag oor sensuur deur die RGN gesubsidieer is. Van Rensburg ontken dat hy geld vir die verslag ontvang het en noem Brink se bytrek van hierdie saak "in handboekvoorbeeld van abortiewe kwaadwilligheid".

Olivier (1975: 72) verwys ook na Brink se skimpe, sarkasme en arrogansie waardeur hy aanvalle op persone en instansies loods in sy resensies. Hy bevraagteken Brink se siening van betrokkenheid en spreek die vermoede uit dat dit Brink se literêre oordeel beïnvloed. Olivier voorsien dat "aanhangers van betrokkenheid wat as kritici optree" die werk "in terme van een of ander sosio-politieke of religieuse doelstelling van hulle eie sien". Olivier meen dat Brink se kritiek in hierdie verband misplaas is in resensies oor **Duiwel-in-die-bos** en **Mahala** (Chris Barnard) en **Na die geliefde land** van Schoeman. Olivier meen verder dat Brink karakterisering in sy boekbesprekings afskeep. Brink antwoord op Olivier se besware dat 'n resensie in 'n koerant gaan verskil van 'n boekbespreking in 'n vaktydskrif (Van Heerden, **Oggendblad**, 13/12/1975: 1). Olivier beperk hom nie tot Brink se resensies nie, maar bevraagteken ook Brink se gesag as akademikus. Hy vermoed dat **Aspekte van die nuwe prosa**

en **Aspekte van die nuwe drama** van Brink se werke is wat oppervlakkig oor die letterkunde beweeg.

Drie maande later kom van die jong skrywers weer in opstand teen Brink se resensies. **Hoofstad** (Goosen, 3/3/1976: 15) het navraag by 'n paar skrywers gedoen en die oorwoë mening was dat Brink skrywers in die resensies verneder en beledig en die skrywers teen mekaar "afspeel". Ia van Zyl wei in haar opstel in **Donker weerlig** (1988) ook uit oor Brink as kritikus. Sy wys op J.C. Kannemeyer en L.S. Venter se waardering vir Brink se kritiese betrokkenheid, maar sy meen Brink maak hom skuldig aan subjektiwiteit en teenstrydighede in sy kritiek. Sy meen dat Brink as strukturalis dekonstruktivisties handel en in die proses verskillende denkstrome aanhang sonder om dit met mekaar te versoen (1988: 32). Van Zyl gebruik 'n paar Brinkresensies van werke van Schoeman (**Na die geliefde land**, **Die noorderlig**, **Die somerpaleis** en **'n Ander land**), Anna M Louw (**Op die rug van 'n tier**), Eleanor Baker (**Weerkaatsings**) en Ronél Johl (**Kritiek in krisis**) in hierdie baie negatiewe blik op Brink as kritikus. Sy val Brink aan op grond van sy "radikaliteit".

Op Gildeberade en in die pers is Brink ook dikwels daarvan beskuldig dat slegs betrokke werke goeie resensies uit sy pen ontlok. Tog blyk dit uit **Voorlopige Rapport** (1976a) en **Tweede voorlopige Rapport** (1980a) dat hy "suiwer literêre" werke van onder andere Karel Schoeman en Aucamp hoog aangeprys het en ander "betrokke" werke afgekam het. Brink sê dat hy dit as 'n fout sien om 'n werk op grond van sy betrokkenheid goed of af te keur. Op die 1979-beraad spel Brink dit byvoorbeeld uit dat hy nie verwag dat 'n ieder en 'n elk betrokke literatuur moet skryf nie. Hy eis wel dat elke skrywer die stuk waarheid wat deur sy ervaring tot hom gekom het, sal weergee.

N.P. van Wyk Louw (1986a: 217) spreek die kwessie van kritikus wees aan in 1952 en vra: "Waar dit dan in 'n vurige polemieks so verward toegaan, en waar die uitslag en die nut self so onseker is, kan iemand wel die vraag vra: Moet daar ooit *kwaai* kritiek wees? Moet alle kritiek nie liever rustig betogend, ontledend, wees nie: 'n geduldige wys op foute maar tog ook 'n aanmoediging tot verbetering; 'n lei en lok, in plaas van 'n slaan en dryf?" Hy waarsku: "Skrywers het dikwels iets meer as die

gewone menslike ydelheid in hulle; skrywers óór skrywers meestal nog heelwat meer" (1986a: 217).

In 1963 laat Brink hom in 'n artikel oor kritiek in *Sestiger* (1963b, 11) ook uit oor kritici. Hy voel dat kritici wat in die twintigerjare hul merk gemaak het en in die dertigerjare verwyet is dat hulle uit voeling geraak het, in die sestigerjare nie werklik in staat is om oor die eksperimentele werke, wat vinnig besig was om opgang te maak, te oordeel nie. Die ander tipe kritici wat Brink in hierdie artikel uitsonder, is diegene wat "immoreel" gelykstel aan "onliterêr"; kritici wat alles wat nuut is, ophemel en kritici wat die ou werke ophemel omdat die nuwe werke soveel aandag geniet (1963b: 11-12). Brink meen dat kritici nie hul werk doeltreffend kan verrig sonder 'n deeglike kennis van die Russiese Formaliste nie. Volgens Brink het die klem in literatuurkritiek in die sestigerjare verskuif van die inhoud van 'n teks na die struktuur van 'n teks.

In die tagtigerjare het Brink wegbeweeg van elitisme:

*Oor "goeie" en "swak" literatuur, sê hy voorts dat die idee dat iets net goed is as dit deur 'n sekere elite verstaan word, 'n "totaal ongelukkige" verskynsel is. (Koos Prinsloo, Die Burger, 28/11/1985: 29)*

Tydens 'n kongres by die Universiteit van Port Elizabeth in Maart 1990, gee Brink (*Oosterlig*, 14/3/1990) te kenne dat kuns van politieke nuttigheidsoorwegings losgemaak moet word en dat letterkunde vir almal toeganklik moet wees en nie net vir 'n paar literatore nie. Hy meen dat die begrip "esteties" herdefinieer moet word en dat die onderskeid wat daar tussen hoë en middelmooitliteratuur bestaan, uitgeskakel moet word. Hy glo dat literatuurkritiek ook op die gewone leser toegespits moet word. Brink sê dat literatuur en kultuur nie die speelbal van die politiek mag wees nie en dat kuns wat daarop uit is om 'n ideologie te bevorder, op 'n mislukking uitloop. Hy meen dat die stryd-literatuur "goeie" en "swak" tekste kan insluit, terwyl estetiese tekste politiek kan betrek, maar nie noodwendig nie. Brink stel hier die kwaliteit van die teks bo die politieke boodskap:

*...ook teen maklike, oppervlakkige teenstellings soos tussen "politieke" en "estetiese" tekste moet ons op ons hoede wees. Die twee sluit mekaar immers nie uit nie. Die goeie strydteks - en daar is verbasend baie daarvan in die geskifte wat ons swart landgenote oor die jare voortgebring het - kan wel dikwels "swak literatuur" wees. Omgekeerd, hoef die "estetiese" teks nie 'n eksplisiete politieke lading te dra nie: maar ás hy so 'n lading het, hoef dit aan sy kwaliteit tog nie afbreuk te doen nie!*

Ook Hambidge sê by hierdie kongres dat daar nie 'n onderskeid tussen literatuursoorte getref moet word nie. Sy voel wel dat daar 'n onderskeid tussen lesers aangetoon kan word sodat mens van populêre en meer gevorderde lesers kan praat (Oosterlig, 14/3/1990). In 'n artikel in *Insig* (Mei 1990: 46) sê Hambidge: "Daar is wat my betref nie 'n verskil tussen populêre en hoë letterkunde nie; wel een tussen populêre lesers en gesofistikeerde/elitistiese lesers. Selfs 'n James Bond-riller of 'n liefdesverhaal kan in die hande van 'n ingewyde leser meer word as net 'n populêre teks." In 'n artikel wat oor grensliteratuur handel, vergelyk Van Coller (1990a: 86) E- en O-literatuur met mekaar. Hy kom tot die gevolgtrekking dat O-literatuur onder andere patriotisme, godsdiens en heldwees verheerlik. Lojaliteit en die vrou in 'n ondersteunende rol tuis is onder andere nog kenmerke van ontspanningsliteratuur. 'n Kritiese houding teenoor die politiek en godsdiens is van die temas wat die leser by E-literatuur aantref. Van Coller se mening staan lynreg teenoor Hambidge s'n naamlik dat geen egte O-literatuur vir alle lesings vatbaar is nie.

In 1983 gee 'n paar persone hul mening oor die stand van die Afrikaanse literatuurkritiek in *Standpunte* se Oktoberuitgawe. Ina Gräbe spreek haar uit ten gunste van 'n waardeoordeel op grond van die strukturele eenheid van die boek, dat die verband tussen geskiedenis en die roman aandag moet geniet en dat die leser se reaksie op die roman as vertelling ook verreken moet word. Daniël Hugo glo letterkundige maatstawwe moet by die beoordeling van 'n werk geld en nie ideologiese opvattinge nie. In hierdie verband verwys hy na Grové se inleiding tot *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* met die tipering van die Sestigters as politieke aktiviste wat daarop uit is om die regering te ondermyn (p. 16). Brink (*Standpunte*, 1980b: 33) het die boek ook geresenseer en laat blyk dat "Van der Mafia" hier aan

die werk was. Truida Lijphart sien die goeie literêre kritikus as iemand wat waardeoordele uitspreek en wat vir hierdie doel wyd belese moet wees en nie noodwendig literatuurwetenskaplik goed onderlê hoof te wees nie (p. 21). C.J.M. Nienaber wys op teenstrydige waardeoordele van letterkundige werke wat die kritiek van die Afrikaanse letterkunde kenmerk en wat die publiek se vertroue in resensente se menings kan skaad (p. 28). Henriëtte Roos wonder of resensies in die praktyk 'n groot rol speel en wys op die hoogdrawendheid van die Afrikaanse literatuurkritiek (p. 38). Henning Snyman meen dat sake soos woordbetekenis, sinsbetekenis, die gespreksituasie en sosio-linguïstiese aspekte meer aandag by kritiek moet geniet (p. 39). Elders sê Ronèl Johl (1987: 45) kritiek moet die bestaande strukture bevraagteken op 'n regverdige wyse wat reg laat geskied aan die komplekse Suid-Afrikaanse situasie:

*Dit is 'n kritiek wat daarna streef om die voortdurende beweging binne hierdie gegewe konteks te begelei in die rigting van 'n dinamiese ewewig op die verskillende terreine en tussen die verskillende vlakke, waarbinne die grootste moontlike vryheid bewerkstellig kan word.*

Fokkema en Ibsch gee 'n goeie uiteensetting oor literatuurkritiek en hoe dit verskil van literatuurwetenskap. Hulle verdeel literatuurwetenskap in teoretiese en vergelykende groepe, terwyl hulle literêre kritiek/resensies koppel aan waardeoordele waar hulle onderskei tussen akademiese kritiek, kritiek in vaktydskrifte en dag- en weekbladresensies. Hulle skryf verskillende funksies toe aan die literatuurwetenskaplike en die resensent. Die resensent moet volgens hulle 'n oordeel vel (Fokkema en Ibsch, 1992: 29). Hierdie oordele wat op sekere waardes gebaseer word, sal uiteraard konfrontasies uitlok en tot lewendige besprekings aanleiding gee. Resensies haal literatuur uit die ivoortoring en plaas dit binne die algemene publiek se belangstellingsveld. Die wetenskaplike se veld behels volgens Fokkema en Ibsch ook meer as net 'n struktuuranalise. Waar die resensent norme stel waarvolgens hy/sy werke beoordeel, moet die wetenskaplike norme beskryf en verklaar (Fokkema & Ibsch, 1992: 31). Sy/haar taak is analities van aard. Verskillende waardeoordele en interpretasies word teen mekaar opgeweeg en die historiese konteks word in berekening gebring, terwyl die oordeel van die wetenskaplike op die agtergrond is.



Die teks word gesien as deel van die kommunikasieproses tussen die skrywer en die leser sodat die teks binne hierdie kontekste bestudeer word (Fokkema & Ibsch, 1992: 31-32).

Ampie Coetzee (1988: 16) lê veral klem op die meerduidigheid van die "scriptible" teks waar nie net gevra moet word wat die betekenis van die inhoud sou wees nie, maar ook *hoe* betekenis gevorm word of gevorm is. Vir hom is die relasies tussen die teks en die sosiale basis en die teks en die historiese en die teks en die leser van kernbelang. Hierdie relasies is vir hom veel belangriker as norm-kritiek. Hy het dit veral teen die "parasitiese" aard van die normatiewe kritiek waar 'n kritikus se rasionalisasies in sy teks die literêre teks (as gasheerteks) "impotent" kan laat. Hy som die beoefenaar van die normatiewe kritiek se rol op as: "die arbiter van smaak" (1988: 18). Coetzee stel voor dat die kritikus eerder moet verduidelik as interpreteer. Die kritikus moet nie herhaal wat in die teks staan nie, maar moet iets meer oor die werk sê waarby die proses van teksproduksie dan betrek sal word. Dit is juis die "stiltes in die teks" wat ondersoek moet word.

Dit is duidelik dat daar in die tagtigerjare nie eenstemmigheid bestaan oor hoe 'n literêre werk beoordeel moet word nie. Daar bestaan die tradisionele siening dat die teks outonoom is en dat die leser sekere objektiewe waardes uit die teks moet affei. 'n Ander siening beskou betekenis as relatief en bring die leser en/of die konteks in berekening. Waardeoordele verskil ook van kritikus tot kritikus. Daar is diegene wat glo 'n teks moet op grond van literêre norme beoordeel word, terwyl daar nog steeds 'n groepie is wat moraliserende kritiek, waar etiese maatstawwe geld, voorstaan. Kritiek van letterkundige werke blyk 'n onderwerp te wees wat nog vele debatte gaan uitjok. Brink se kritiek van letterkundige werke het dikwels sentraal gestaan in debatte wat sprekend was van verdeeldheid binne die geledere van die skrywers en die kritici. Hy was self deel van die polarisering op die gebied van die rol en funksie van die skrywer, die resensent en die literêre kritikus. Hy verteenwoordig hiermee die polarisering binne die literêre sisteem en die totale Suid-Afrikaanse konteks.

## 6.6 BRINK SE BOTSINGS MET ANDER AFRIKAANSE SKRYWERS

In hoofstuk 2 (2.3) is daar onder andere gefokus op die hewige debat in **Kol** wat Brink en Bartha Smit betrek het. Met **Standpunte** as die spilpunt, het daar later weer vele konfliktsituasies ontstaan waarby Brink betrokke was. In die tagtigerjare word **Standpunte** gestaak - ironies genoeg omdat Nasionale Pers Brink te radikaal gevind het. In 1974 het Brink 'n ongepubliseerde hoofstuk uit **Kennis** aan P.G. du Plessis, toe nog 'n redaksielid van **Standpunte**, gegee.

*Du Plessis se mening was dat dit "nie goed is nie - net nóg 'n sekstoneel". Hy het dit teenoor [W.E.G.] Louw genoem, en teen die einde van 1974 het die Stellenbosse redaksielede (Louw, Opperman, Harvey en Le Roux) dit ná 'n direksievergadering bespreek. Hulle was eenparig in hul oordeel dat die publikasie van die stuk, wat Brink self nie vir **Kennis** kon of wou gebruik nie, op 'n skending van "redaksionele privilegie" neerkom. Louw het op 4 Desember 1974 in 'n brief aan Du Plessis geskryf Brink se stuk is "pure moedswilligheid" en "deel, miskien, van sy aksie 'om die ou spul oop te skiet'". (Steyn, 1992: 430)*

In 1986 het Brink twee artikels ("Standpuntjies" en "Noodtoestand op Witgatworteldraai") voorgelê vir publikasie in **Standpunte**. Hy wou hiermee politieke standpunt inneem ten tyde van die Noodtoestand wat die regering daardie jaar aangekondig het. Die meerderheid van die redaksielede was gekant teen die publikasie van die artikels (Steyn, 1992: 439). 'n Ander artikel van hom, "'n Literêre noodtoestand", het 'n skerp aanval op die regering geloods en het ook negatiewe reaksies by die redaksielede ontlok, maar is tog later in 1986 se Augustus-uitgawe gepubliseer. Dit is net hierna dat Nasionale Boekhandel besluit het om **Standpunte** nie meer te horg nie. Daardie Augustus-uitgawe was dan ook die laaste uitgawe van **Standpunte**. Brink het dit as moord op **Standpunte** beskryf, gepleeg deur Nasionale Pers en die blad se direksie. Brink kon hom nie daarmee vereenselwig dat die bates van **Standpunte** aan die uitgewerye van Nasionale Pers beskikbaar sou word nie. Steyn wys daarop dat **Standpunte** sy fondse te danke gehad het aan die subsidie van die Nasionale Pers en dat die bates uiteindelik gebruik is vir publikasies buite die

Nasionale Boekhandelgroep (Steyn, 1992: 441). Steyn gee 'n volledige uiteensetting van die gebeurde rondom **Standpunte** in 'n hoofstuk in **Boekewêreld** getiteld "Die Nasionale Boekhandel en Standpunte" (pp. 417-422).

### 6.6.1 Brink en Breytenbach

Alhoewel Brink vir Breytenbach in die pers en by uitgewers in die bresse getree het (vgl. **Boekewêreld** van Beukes (1992: 231-236)) en alhoewel Brink en Breytenbach 'n vriendskap (selfs deur die tronkmure heen) deel, het hulle ook in die openbaar haaks geraak.

Die pers het soms die idee geskep het dat Brink Breytenbach vyandiggesind is. Rakende die eerste Breytenbach-verhoor interpreteer Galloway (1987b: 288) dat Brink Breytenbach verwyt het en daarna om verskoning gevra het. Nogtans het hierdie twee skrywers te midde van al hierdie publisiteit goeie vriende gebly. Wat Brink in die proses wou deurgee, is dat hy evolusie (bo revolusie) voorstaan en dat die woord in der waarheid sterker as die swaard is (**New Review**, 1976: 3-8), ná hy in sy 1970-opstel "Mahatma Gandhi today" laat deurskemer het dat hy die skryfdaad as stalmaat van geweld in die bevrydingstryd sien. Brink het hom heelwat kritiek op die hals gehaal met sy uitsprake oor geweld. Sy siening oor geweld het soos van sy ander sienings oor 'n tydperk van sowat vyftien jaar gefluktueer. Hy word in 1973 weer in hierdie verband in **Die Vaderland** (23/2) aangehaal na 'n lesing getiteld: "The need for social and educational reform", wat hy die vorige dag by die Universiteit van die Witwatersrand gelewer het: "Wanneer daar 'n situasie ontstaan waarvan die verandering geweld noodsaak en daar word teruggedeins van die aanwending van geweld, is dit lafhartigheid." Brink sê hy glo nie in geweld nie, maar dat hy aanvaar dat daar tog situasies kan ontstaan waar geweld die enigste uitweg is. Brink skryf sy veranderde houding toe aan 'n ontwikkeling in sy uitkyk vandat hy uit Parys teruggekeer het in 1969. Hy sien dit as "a change in approach, not convictions" (**Sunday Times**, 30/5/1976). Na die geweld van die Soweto-opstande in 1976 stel Brink in 'n stuk getiteld: "After Soweto" die pen bo die swaard, 'n mening wat Brink in 1983 met die publikasie **Mapmakers - Writing in a state of siege** nog handhaaf, naamlik dat geweld niks kan oplos nie. Alhoewel hy geweld onder sekere

omstandighede as onafwendbaar beskou, sien hy die skryfdaad nou as die draer van die "waarheid", 'n manier om die publiek ingelig te hou.

Oor geweld, liberalisme en skrywers sê Brink in 1987 voorts die volgende:

*...daar skuil ook 'n kiem van verrotting in die liberalisme: 'n geloof in broederskap kan jou gewoon rou - en veral gewelddadige - werklikhede laat miskyk; 'n verbondenheid aan ideale, "causes", kan jou blind maak vir die vlees-en-bloed van mense; op sy ergste is die Wit Liberaal 'n paternalis. Juis die opstand teen liberalisme kenmerk hyvoorbeeld die beste en rypste werk van Nadine Gordimer. (1987b: 288)*

In 1988 word Brink weer in hierdie verband in die **Sunday Star** (15/5) aangehaal: "Apartheid has driven the ANC to counter-violence. I abhor violence but accept that, sadly, there are times it can't be avoided." Op 'n profetiese noot gaan hy verder en voorspel: "I am convinced that at the first genuine sign of readiness from the government to negotiate peacefully for a shared future of this country, the ANC will respond with alacrity and generosity" (**Daily Dispatch**, 14/5/1988). Sy dubbelsinnige houding teenoor geweld word deur medeskrywers raakgesien. Alhoewel 'n mens Brink se verskillende sienings moontlik as bloot 'n meerkantige houding kan sien, is hy as kompromisloos en radikaal met 'n skisofreniese streep beskryf. Sy meerkantige uitkyk gee aanleiding tot uiteenlopende vertolkings van sy intensie.

'n Volgende rusie geniet geweldige prominensie. Na Brink in 1984 Breyten se gevangenisvertelling met die titel **The true confessions of an Albino terrorist** geresenseer het, ontstaan daar weer konflik tussen hierdie twee prominente figure. Breyten (**Rapport**, 20/5/1984: 31) antwoord Brink: "Ek is maar 'n dommerige ou tronkvoël, nie so sharp met die kaalkoningspelery of met intellektuele blik-aspaai nie - maar ek voel tog die professor lees iewers te diep tussen die lyne, of so nie sê hy te min." Brink (**Rapport**, 20/5/1984: 31) antwoord sarkasties: "Mens raak regtig so ver agter hier duskant. Maar dis nou ook die voordeel van Parys: Jy is...ver weg van al die nare werklikhede van apartheid..." Ook hierdie rusie was kortstondig en die vriendskap het dit oorleef.

## 6.6.2 Brink en Adam Small

Adam Small se teenaanval in 1980 na Brink sy **Heidesee** (1979) geresenseer het, loop van die jonger skrywers se kritiek later in die tagtigerjare teen die ouer skrywers vooruit. Small voel Brink raak persoonlik met die opmerking: "Small se opset is smaller (no pun intended) as Llewellynn s'n." Hy praat van Brink se "oordonderende mening" en sê: "Prof. Brink het dit ook oor die politiek - weer soos die soort witman wat kwansuis baie erger voel oor my lot (as een van die nie-wittes) as wat ek skynbaar self voel. Ek vind in elk geval prof. Brink se radikalisme heel interessant" (**Rapport**, 20/1/1980). Brink reageer in die volgende **Rapport** dat Small se werk aan plagiaat van Llewellynn grens en dat Small self persoonlik raak. Hierop reageer Small die week daarna dat Brink wat nie "eerste-orde-ervarings" soos Small beleef het nie, hom aanspreek soos 'n "halfwasse Hotnotjie".

## 6.6.3 Brink en P.G. du Plessis

In **Rapport** van 24 Maart 1985 het Brink in sy boekresensiekolom P.G. du Plessis se **Vereeniging**, **Vereeniging** afgetakel as 'n "futlose aborsie", dit vergelyk met 'n tienerjarige beginner se "tweedehandse" poging en tot die gevolgtrekking gekom dat daar in hierdie werk "hoogdrawend twak" gepraat word.

Hierop antwoord Du Plessis die volgende week in **Rapport** in 'n ope brief (31/3/1985) Brink só:

*Beste André*

*Dankie vir die resensie (oor Vereeniging, Vereeniging, verlede week.)*

*Die mense vra my of ek kwaad is vir jou. Ek sê nee. Vir kinders, bekwaaldes na gees en liggaam, en André P. Brink, word 'n mens mos nie kwaad nie.*

*Dis 'n kwessie van toerekenbaarheid. Almal wat jou stuweling ken, weet mos darem. Die afgelope aantal maande het ek gesien jy gaan weer ly, want ek het die omgekeerde peristalse in jou slukderm sien opruk: eers met die grootste verdediging van Baker, daarna met jou dubbele afkraak van Schoeman...*

*Toe Karel nou in elk geval heengaan en 'n handjievol pryse wen, het ek geweet, nou kom hier stortings.*

*Ek sê vir die mense: Julle moet André ook verstaan. Jare se lensiesop is swaar op die maag en iets moet uit. Verder sê ek dat dit tog ook moeilik moet wees om daardie enkele roman nou vir iets soos die negende keer te sit en oorskryf (en elke keer 'n nuwe titel uit te dink.)*

*Die mense moet verder ook verstaan: om so onder Anthonissen se mantel in jou kleinheid te-woel-en-smoor moet 'n bedompige gespartel afgee.*

*Jy moet rustig word, want daar's soveel dinge wat jou behoort te laat lekker voel. Jy is ons meester van gemiddeldheid en dit is tog ook al iets, en om terug te wees tussen jou duisend tydskrif-kortverhale en die pre-Loholafase, is darem nie niks nie. Dan het jy nog die literêre maneuever waarmee jy die kritiek vervang, om jou besig te hou, en die tweedehandse politieke verontwaardiging om op te ry. Die tyd is aan jou kant. Wat vandag die nabootsing van deernis is, kry jy dalk in die volgende establishment in.*

*Intussen kan jy op die ordentlikheid van jou swygende slagoffers teer as jy weer 'n slag raakgesien wil word. Soos by Jaap Steyn...se Beterboek.*

*Tog pla een ding my in jou resensie: Dat die grootste huidige en voortdurende eksponent van die tydskrif-Cliché uit die vyftigerjare, myne nie goed vind nie. Dit maak seer.*

*Maar ek sal streef. Ek belowe. Ek sal ook nog die dramatiese hoogtes van jou "Settlers" haal, al wat dit hoe lank, en dalk beleef ek ook eendag 'n ekskretiese fase om Kootjie Emmer se langwerpige humor te kan uitpers.*

*Miskien word ek ook nog 'n groot eksponent van die selfherhalings. Naief-politiek (waarheen ek volgens jou vorder), en kan ek my bral tot jou kwetsende hoogtes voer.*

*Ek kan nie onthou waar nie, en om al die produkte van jou ywer na te gaan, is onmoontlik - omdat elke miljoen woorde verwarrend baie soos die volgende miljoen woorde is - maar ek dink jy't een keer gesê 'n kritikus leef uiteindelik net met sy literêre gewete saam.*

*Ek dink aan jou in jou eensaamheid.*

*P.G. DU PLESSIS*

Met hierdie brief het P.G. du Plessis die laaste woord in 'n besonder kortstondige polemiekie gekry.

#### **6.6.4 Brink en P.J. Haasbroek**

Na Brink **Die jaar nul** deur Haasbroek negatief geresenseer het, reageer Haasbroek in **Rapport** (21/6/1987: 11). Hy beskuldig Brink van hoogdrawendheid in sy resensie, met die waarskynlike doel om mense te probeer beïndruk en voeg by dat Brink betrokkeheid by politiek predik, maar dat Brink self niks teen apartheid uitgerig het nie. Hy meen Brink geniet in die proses die voordele wat die meegaande publisiteit en geld bring. Haasbroek raak persoonlik met opmerkings soos: "Jy was nog altyd Mills en Boon in lewende lywe, André." Hy noem Brink verder onder andere "oppervlakkig", "grootdoenerig" en "geniepsig snedig".

#### **6.6.5 Brink en Wilhelm Liebenberg**

In die tagtigerjare bereik kritiek deur die jong skrywers teen Brink 'n hoogtepunt. Hierdie tydperk word oor die algemeen gekenmerk deur hewige debatte in literêre kringe. Brink begin 'n debat in **De Kat** se April-uitgawe in 1989 as hy 'n brief aan die "literêre mafia van die Noorde" rig. Hy het dit spesifiek teen die ideologiekritici van die Universiteit van Wes-Kaapland en die Witwatersrand wat volgens Brink besig is om vir hulle 'n magsbasis te vestig onder die voorwendsel dat hulle die literatuurbeskouing van outoritêre denke wil suiwer. Brink verwys in hierdie artikel

daarna dat hy self dikwels die teiken is van hierdie "Mafia", wat self nie die "geringste duikie" aan apartheid besorg het nie, in hul pogings om "'n onderliggende establishment-ideologie" in sy en ander anti-apartheidskrywers se werk te onthul. Brink sê hy besef dat elke sent wat hy bestee die establishment ondersteun en dan vra hy wat moet hy doen: emigreer? Hy noem nie name nie, want dit gaan volgens hom om 'n "verskynsel". Wilhelm Liebenberg (1989a: 95) reageer hierop:

*En wat is hierdie verskynsel waaroor hy so tekere gaan? Is dit werklik iets wat bestaan? Ek glo dit eenvoudig nie. Hierdie conspiracy theory waarmee hy alle linkses in die Noorde wat die dekonstruksie ontgroei het en vir Brink durf kritiseer tot 'n destruktiewe en agterbakse mafia verklaar, is vergesog.*

Hy het dit teen Brink wat aangewese is op die woord en niks anders nie, met ander woorde hy beskou Brink as 'n skrywer wie se skrywe los staan van politieke ontwikkelings. Liebenberg (1989a: 95) sien Brink as iemand wat "koloniale reste" met hom saamdra. Brink antwoord in dieselfde uitgawe van *De Kat*: "Natuurlik is daar in my, soos in jou, nog veel van die 'bourgeois' oor, nog heelwat 'koloniale reste': soos ek in die bewuswording vorder - 'n pad sonder einde - hoop ek om steeds meer daarvan af te skud." Brink vra vir Liebenberg: "van wanneer af - buiten nou in Stalin se USSR - moet die letterkunde oplossings vir die politiek aanbied? Dis sulke uitgangspunte wat die Mafia gevaarlik maak." Brink (1968a: 3) het skrywers wat bewus is van politieke knelpunte en tog nie daarvoor skryf nie om "liewer nie aanstoot te gee nie", maar eerder streef om op die "estetiese toe te spits", self teen die einde van die sestigerjare as skisofrenies beskryf.

Brink (1989b) verwys na die "benouende verskynsel" in die literatuur waar "closet-skrywers" wat nog niks beduidends op literêre of politieke vlak gelewer het nie, die septer wil swaai. Dit gaan nie vir hom daarom om skrywers by die naam te noem nie, maar om die "nes" oop te krap. Hy verwys na skrywers wat:

*wat ons literatuur probeer ondergrawe en/of oorskryf en wat volgens 'n program van verdraaiings, gedeeltelike verswygings en doelbewuste leuens vir*



*hulself 'n dubieuse klein magsposisie probeer verower. Maar dis die soort kierang wat op die ou end braai. (1989b: 97)*

Hierop antwoord Liebenberg (1989b: 5) dat dit sy goeie reg is om van Brink te verskil. "As hy my dit nie wil gun nie, is dit hy wat die gevaar loop om 'Stalinisties' te wees." En: "Al wat ek probeer sê het, is dat skrywers wat self praktiese ervaring van die politiek het, miskien beter sal weet waaroor dit gaan as hulle daarvoor skryf!" In dieselde uitgawe wonder Marianne de Jong of die hele debat op die ou end tog nie maar net gaan "om status, rolle en mag van literatore binne die Afrikaanse literatuurdiskoers" nie. Sy vra: "Is Liebenberg se aandrang op meer werklikheid' nie juis tipies van die 'liberale humanisme' en van die 'koloniale reste' wat hy Brink voorhou nie?" (1989b: 4). De Jong skryf in Junie 1989 se *De Kat* dat onder andere Brink nie in staat is om uit die "closet" te ontsnap nie. Brink antwoord hierop in die *De Kat* van September dieselfde jaar (p. 103): "Die skrywer staan nooit 'net' binne nie; nooit 'net' buite nie; dit is deel van sy aard, of sy seën of sy vloek." In 1990 sê De Jong (*Beeld*, 1/2/1990: 4) dat Brink onbetrokke is by politiek. Sy spreek die vermoede uit dat Brink oor politiek skryf omdat dit hom as Blanke Suid-Afrikaner met 'n skuldgevoel beter laat voel en omdat sy werke se tema in die populêre smaak van die buiteland val, "en daarby dan nog die goeie reputasie op te bou dat die regering nie van hom hou nie". Sy erken dat dit mode geword het om Brink verdag te maak en sy keur dit af as dit op die vlak geskied waarop dit die vorige jaar deur Liebenberg gedoen is. Brink (1991b: 2) verwys later weer neerhalend na die Skrywer van Tagtig se "Little Jack Horner-sindroom (See what a clever boy am I) in hul aangryp van die Postmodernisme."

Rondom die begin van die negentigerjare kom die konflik tussen Brink en Liebenberg op 'n heel ander, meer persoonlike vlak tot uiting. J. Pauw berig in *Vrye Weekblad* (1/6/1989: 3) dat *States of emergency* 'n weergawe van Brink se persoonlike lewe is. Na aanleiding van 'n egskedingsooreenkoms met sy derde vrou, Alta, mag Brink se boek nie in Suid-Afrika versprei word nie. Die boek handel oor 'n liefdesverhouding tussen 'n professor en 'n student en die vervreemding tussen die professor en sy vrou. Die gebeure in die verhaal word weerspieël deur die feit dat Brink sy vrou in werklikheid verlaat het vir 'n student met merkbare ooreenkomste

met die vroulike hoofkarakter in *States of emergency*. Die liefdesintriges word voltrek te midde van politieke oproer in Suid-Afrika. Liebenberg steek in 'n publikasie. As die nood hoog is, die draak met veral Brink se voorstelling in *States of emergency* van die vrouefiguur as 'n onskuldige meisie. Liebenberg se boek is 'n reaksie op *States* en beeld die vrouefiguur in teenstelling met Brink uit as 'n slet en 'n opportunist. Liebenberg wat onder Brink gewerk het by Rhodes Universiteit, het erken dat hy vóór Brink 'n verhouding met die vierde vrou van Brink gehad het en dat hy haar dus persoonlik ken (*Sunday Times*, 14/3/93: 3).

## 6.7 DIE GILDE SE FUNKSIE GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

Terwyl die Gilde midde-in die sensuurstryd van die Afrikaanse boek gestaan het, is daar bitter min probleme voorsien vir die voortbestaan van die Gilde. Met die verslapping van sensuur wat kort hierna intree, sit die pers egter in afwagting om te kyk hoe die Gilde se verloop, indien dit sou voortbestaan, in die toekoms daar gaan uitsien, aangesien die Gilde volgens die heersende publieke mening nou in hul doel geslaag het. Wat nou? wil die pers, wat gluide maak dat die Gilde se toekoms in die weegskaal is, in 1984 weet. Fanie Olivier verwoord die Gilde se vasgevangenskap en koersloosheid in 1985:

*Dis al asof die Gilde nou te groot geword het vir die lawaaierige en lastige opskop, te bedees en verantwoordelik vir drukkes om die draai; amper groot genoeg vir 'n regte establishment Kongres met genoeg koekies en koeldrank en akademiese en intellektuele vrotier.* (Olivier, 1985: 144)

Die jonger skrywer begin die Gilde as 'n establishment-instelling sien, vasgevang in 'n situasie waar die Gilde sy eie voortbestaan in die wiele ry.

Dit is miskien betekenisvol dat Brink, John Miles, Jan Rabie en Chris Barnard afwesig was op die 1985-beraad. Die pers het dit uitbastaan. Die Gilde word in hierdie jaar as onbetrokke voorgedou deur *Die Vaderland* (5/8/1985: 14) in 'n opskrif van 'n

berig wat lees: "Skrywers speel viool terwyl Soweto brand." Die vraag wat die pers en lede van die gemeenskap in die vroeë tagtigerjare vra is of die Gilde nog 'n bestaansreg het na die verslapping in sensuur. Hierdie vraag hou verband met die feit dat die Gilde uit teenreaksie op die sensuurbedeling ontstaan het. Gedurende die later jare lyk dit asof die Gilde in 1986 by 'n kruispad gekom het ten opsigte van politieke betrokkenheid en die rol van die Afrikaanse literatuur in die konflikproses. Alhoewel Brink by hierdie beraad afwesig is, lê hy die Ope Brief aan die Gilde voor. Die Gilde aanvaar dit as 'n beraadstuk. Brink dien daarbenewens 'n mosie in dat die Gilde in die lig van die Noodtoestand 'n beroep op die skrywers moet doen om hulle nie tot stilswye te laat intimideer nie (**Die Suidwester**, 18/7/1986: 5).

Nie net Brink nie, maar ook P.G. du Plessis, Chris Barnard en Dolf van Niekerk bly van die 1986-beraad weg. Op hierdie beraad is stemme van nuweling op die Gildetoneel soos Danny Tjongarere, Otilie Abrahams en Anne-marie Haywood gehoor. **Die Vaderland** (Van Tonder, 11/7/1986: 18) bespiegel: "Of die bekendes weens hul welslae die Gilde nie meer nodig het nie, en of hulle uit protes wegbly omdat die organisasie nie na hulle wense verander het nie, is die vraag." Die Gilde, word voorspel, sal in dié beraad 'n keerpunt bereik.

Dit gebeur dan ook dat die Gilde dié jaar veel meer opsigtelik in 'n linker- en 'n regtervleuel verdeel is (**Hugo, Die Volksblad**, 16/7/1986: 12). Die gevoel by baie lede was dat dit 'n nuttelose organisasie geword het wat hom skuldig maak aan ambivalente doelstellinge. In die proses word die Gildelede daarvan beskuldig dat hulle nie alles in die stryd werp om die nog verbode nie-Afrikaanse boeke onthef te help kry nie, dat hulle mekaar net onderling help en nie die leser in gedagte hou nie. Daarna word 'n lys van verbode Engelse werke aan die lede gegee (**Pro Faan, Die Vaderland**, 3/3/1986: 22). Breytenbach en M.C. Botha spreek hul teen die nut van die Gilde uit en het dit veral teen die makker houding jeens sensuur. In hierdie stadium bestaan die Gilde uit sowat 120 - 130 lede (**Le Roux, Die Burger**, 19/7/1986: 9). Gedurende die daaropvolgende jaar bedank Coenie Slabber, Koos Prinsloo, Lucas Malan, Jeanne Goosen en Alexis Retief (**Le Roux, Die Burger**, 9/7/1987: 6).

Die kondonering van twee lede se lidmaatskap het veroorsaak dat Brink in 1986 gedreig het om te bedank. Hierdie dreigement volg ná 'n mosie aanvaar is dat proff. L.S. (Louis) Venter en P.H. (Piet) Roodt wat in die Appèlraad op Publikasies se Deskundige Komitee dien, as lede mag aanbly (Grobler, **Tempo**, 18/7/1986: 4). Anna M. Louw teken kaspie aan en herinner die lede daaraan dat sy elf jaar tevore as lid van die Gilde geskors is weens haar betrokkenheid by die Raad op Sensuur (Slabber, **Rapport**, 13/7/1986: 2). Die volgende jaar distansieer sy haar van die Gilde se mosie om samesprekinge met die ANC in Dakar te hou.

In dieselfde jaar verwys die jong skrywer André le Roux (**Die Burger**, 15/7/1986: 9) na die Gilde as "die Gidconsgilde" en sê: "...die Afrikaanse Skrywersgilde het 'n henneparty vir **has been** Sestigters geword". In 1987 kla Gerrit Olivier dat die Gilde nie "volgens die reëls en regulasies van 'n organisasie" te werk gaan nie. Die Gilde maak volgens hom nie 'n politieke keuse nie. In daardie stadium was die Gilde nog verdeeld oor die kondonering van twee van sy lede wat op die adviesraad van die Appèlraad oor Publikasie gedien het (**Die Burger**, 11/7/1987: 3). Hierdie beeld verander heeltemal in 1989 onder Jeannette Ferreira se leiding as sy haar met die ANC se voorgestelde kulturele boikot vereenselwig. Van die ouer skrywers het intussen gaandeweg van die Gilde weggebly, alhoewel onder andere Elize Botha, Chris Barnard, Braam de Vries, Jan Rabie, Marjorie Wallace en Wilma Stockenström op die 1989-beraad aanwesig was. Charles Malan is hier tot die nuwe voorsitter van die Gilde verkies. Van die jonger garde soos Wilhelm Liebenberg, Gerrit Olivier, en Marlene van Niekerk was ook teenwoordig. Alhoewel die grondwet ietwat gewysig is sodat die Gilde hom na dese beywer vir "die vestiging en instandhouding van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese Suid-Afrika waarin sensuur en kulturele isolasie opgehef en spraak- en skryfvyheid verseker word", kom die Gilde nie tot 'n vergelyk oor hoe die opheffing van die kulturele isolasie geïnterpreteer moet word nie. Die Gilde besluit om enige beslissing oor die kulturele boikot tot die volgende jaar uit te stel tot tyd en wyl genoegsame kennis rondom die onderwerp ingewin is (Odendaal, **Die Suid-Afrikaan**, Februarie 1990: 35-36). Met hierdie oënskynlike nuwe wending wat die Gilde neem, blyk dit duidelik dat die laaste woord oor die Gilde nog lank nie gespreek is nie; dat die voortbestaan van die Gilde in hierdie stadium nog nie bevestig, maar ook nie ontken kan word nie. Dis egter 'n ope vraag

of Brink in die toekoms weer 'n rol in die Gilde sal speel - selfs al neem 'n mens die Gilde se ontstaansgeskiedenis in ag.

Brink het 'n groot aandeel in die Gilde gehad. Die *Financial Mail* (20/5/1988: 63) beskryf sy rol in die Gilde só:

*He was a moving force in the Afrikaans Skrywersgilde and fought the authorities on behalf of all the writers of Southern Africa. The man has, without doubt, explored the condition of South African society more persistently than any other Afrikaans writer.*

Gedurende 1989 kom daar 'n wending in die Gilde se beeld as "onbetrokke" - 'n organisasie wat in *rigor mortis* verkeer, met die pers se berigte dat die Gilde hom met die Breë Demokratiese Beweging wil identifiseer. Die voorsitter van die Gilde, Jeanette Ferreira is, soos reeds genoem, een van dié wat samesprekings voer met die ANC by Lusaka. Sy voel die Gilde moet hom met die Breë Demokratiese Beweging identifiseer. Talle skrywers asook 'n groot deel van die pers is gekant teen die samesprekings met die ANC. Baie verwyte word heen en weer geslinger en dit lyk of misverstande aan die orde van die dag is. Ferreira (1989: 28) reageer op die kommentaar van 'n joernalis wat aanvoer dat die Gilde met die ANC verbind wil word:

*Dit wil dan voorkom of die kommentaarskrywer nie daarvan bewus is nie, of wil wees nie, dat die ANC en die BDB twee aparte bewegings is wat elkeen sy eie strategieë uitgewerk het om gemeenskaplike doelstellings te bereik en dat die BDB hoofsaaklik van die ANC daarin verskil dat hulle nie-gewelddadig sry.*

Slegs 'n handvol Gildelede is na die Lusaka-beraad genooi. Een van die ongenooïdes is Chris Barnard (1989a: 29), wat klaarblyklik diep teleurgesteld hieroor is en opmerk:

*'n Suid-Afrikaanse skrywer wat vandag sê hy wil nie met sy eie ore hoor wat die ANC te sê het nie, kan vergeet dat enigiemand sy weergawe van die Suid-Afrikaanse werklikheid ernstig sal bejeën. Want hy het homself by voorbaat gediskwalifiseer as objektiewe getuie.*

'n Groot deel van die joernalistieke en die samelewingsstelsel het nie genoeë geneem met die nuwe rigting wat sommige van die lede van die Gilde inslaan nie.

Willem de Klerk (1985: 73) waarsku by die 1978-Gildebieraad dat dit wêreldwyd die geval is dat skrywers die individuele aksent verteenwoordig en dat hulle hulle teen die onreg van die stelsel verson. Die volk daarenteen bevind hulle binne die raamwerk van die magstrukture wat daarop ingestel is om die stelsel te bewaar.

Die kwynende Afrikaanse Skrywersgilde se uitgediende rol in 'n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing word in Maart 1996 bevestig met die stigting van die Afrikaanse Skrywersvereniging. Wasserman berig in **Beeld** (15/5/1996: 7) dat skrywers wat nie meer tuis voel in die Gilde nie onder die leierskap van Patrick Petersen en ten tyde van 'n besoek deur 'n paar Nederlandse en Vlaamse skrywers aangekondig het dat 'n nuwe begin gemaak word ná die bevryding van Suid-Afrika. Interessant genoeg word die wens by hierdie nuwe vereniging uitgespreek om oor talle grense heen hande te vat, maar die taal Afrikaans word in die naam nog as subsisteesgrens aangedui.

## 6.8 SAMEVATTING

Die Afrikaanse literêre stelsel is 'n oop stelsel wat voortdurend verander. Die Afrikaanse literatuur is sedert die begin aan vernuwingsonderwerp en lesers se verwagtingshorisonne het met verloop van tyd verskuif. Normdeurbrekende werke soos dié van Sestig en Sewentig lok aanvanklik kontroversie vanuit verskillende stelsels (religieus, politiek, kultureel) uit, maar gedurende later jare kry dit die stempel van aanvaarbaarheid.

Brink spreek sy bedenkinge baie sterk teen die dubbele standaarde en onreg binne die Suid-Afrikaanse politieke sisteem uit. Sy voorstelle word jare later regeringsbeleid. Soos die regering eger links beweeg het in die later jare, het Brink steeds voor gebly. Hy bevind hom wel nader aan pres. F.W. de Klerk as aan pres. P.W. Botha, maar identifiseer hom veel sterker met die ANC.

Binne die Afrikaanse literêre sisteem het skrywers in die sewentigerjare antwoorde gesoek op tergende vrae wat Jan Alleman huiwer om in die gesig te staar. Swart skrywers se werke verteenwoordig eger ook 'n nuwe ontwikkeling in Afrikaans, aangesien Afrikaans hierdeur tot die stem van die onderdrukte verhef word. Die jong skrywers van Tagtig en die swart skrywers toon 'n ongeduld met die ouer skrywers en deel 'n politieke verwynt teen die "oues". Die letterkunde wat hieruit volg, word ook die Tweede Letterkunde in Afrikaans genoem wat as 't ware 'n letterkunde téén apartheid is. Die begrip "apartheid", wat ná 1948 deel van die Afrikaner se denke en leefwyse geword het, kom fel onder skoot by hierdie skrywers. Net soos die tradisionele Afrikaner versetverse geskryf het onder die Britse koloniale oorheersing, só protesteer die swarte nou teen die Afrikaner wat die magsposisie het. In albei hierdie gevalle was daar konflik tussen die politieke en die literêre sisteme.

In die tagtigerjare word anti-apartheidskrywer André P. Brink, wat in die sewentigerjare bekendheid verwerf het as die skrywer van verbode boeke, van die een kant daarmee gekonfronteer dat hy in sy resensies voorkeur aan betrokke literatuur gee, en 'n landsverraaier is, en van die ander kant word hy daarvan beskuldig dat hy nie betrokke genoeg is nie - dat hy deel van die "heersende orde" is. Brink beweeg deur stadions waarin hy as verraaier van die Afrikanergemeenskap beskou word tot waar hy in die tagtigerjare bloot 'n "establishmentskrywer" is, aldus die jong skrywers van tagtig. In 1989 skaar Brink hom na 'n hewige debat tog by hierdie jong skrywers. Oor hoe polities-maatskaplik 'n skrywer behoort te skryf en handel, word daar in 1989 nog ernstig bespiegel. Skrywers bevind hulle in hierdie opsig in verskillende kampe. Die ongeveer veertig skrywers, waaronder Gildelede en Brink, wat die omstrede Lusaka-beraad bygewoon het, loop - net soos met hul besoek aan Dakar - deur onder die pers, medeskrywers en die publiek. Hulle word onder andere

daarvan verdink dat hulle geweld voorstaan en self sensuur toepas deur middel van die ondersteuning van die kulturele boikot.

In aansluiting by die jonger skrywers se mening dat Brink 'n establishmentskrywer is, is dit inderdaad so dat Brink wit en bevoorreg is en indirek voordeel getrek het uit apartheid. Hy beklee etlike "magsposisies" in die establishmentsisteem en die omvangryke getal vertalings van sy werke-teen-apartheid het hom finansiell bevoordeel. Hy word verder beskuldig (net soos hy ander beskuldig het) van prulskrywery terwyl die tagtigs wel 'n beweging van "terug na die volk" toon. Die tagtigerjare beleef 'n kritiese blik op literatuurkritiek. As Brink nie verdink word van prulskrywery nie dan word hy beskuldig daarvan dat hy in 'n "ivoortoring" sit. In die middel- tot die laat tagtigerjare lyk dit volgens die pers of Brink geen skrywersvriende het nie. Dit is egter net enkele individue wat aanvalle loods. Brink, wat bekend én berug is vir sy felle kritiek jecns medeskrywers, word nou self die teiken van kritiek vanuit hierdie geleedere.

Gedurende die tagtigerjare dryf politiek 'n wig tussen die jonger en die ouer skrywers van die Gilde in. Die jonger geslag eis dat die politieke sisteem in Suid-Afrika aangeval moet word. Hierdie tydperk val saam met 'n verslapping in sensuur en radikale politieke gebeurde soos die uitroep van die Noodtoestand in 1986, wat hier en in die buiteland in die brandpunt van belangstelling staan. Die Gilde voel dit het 'n nuwe vyand in die vorm van die Noodtoestand wat nuwe maatreëls, wat inderwaarheid meer ingrypend as die Wet op Publikasies is, in werking gestel het. Die Gilde besluit om by die Staatspresident, mnr. P.W. Botha, beswaar aan te teken teen die Noodtoestand met die voorstel dat enige proklamasie wat vrye meningsuiting in die wiele ry, teruggetrek moet word. Dit hinder die Gilde dat niemand weet hoe lank die regulasies gaan duur nie (Prinsloo, *Beeld*, 11/7/1986: 2). Waar formele en informele beperkings op spraakvryheid nog bestaan, beywer die Gilde hom daarvoor om dit af te skaf, maar sensuur blyk 'n saak te wees waarvoor mense moeilik eenstemmigheid bereik.

Die Gilde, wat uit protes gebore is en van te veel politieke betrokkenheid beskuldig is, en Brink wat in 'n groot mate vir hierdie geboorte verantwoordelik was, word nou



daarvan beskuldig dat hulle nie protes aanteken nie. Hulle word verwyrt vir 'n gebrek aan literêr-politieke doelstellings. Grafskrifte word oor die Gilde geskryf. Die 1989-beraad hou egter die vooruitsig van 'n nuwe wending vir die Gilde met sy botsende politieke belange in. Oor die gevolge van so 'n wending word daar in hierdie jaar druk bespiegel. Vrae wat gestel word deur onder andere die media, handel oor die Gilde, ideologie en die bevrydingstryd. Uit berigte in die media klink dit nie meer na dieselfde "saai" vereniging wat "oud" en "uit pas" geraak het nie. Die verwickelinge op politieke front 'n paar maande later, plaas die gebeurde van die 1989-Gildeberaad en die Lusaka-samespreking egter in 'n heel ander perspektief, sodat die vereniging minder rebels, amper establishment, voorkom. Die kloof tussen die "ouer" en die "jonger" skrywer het wyer geword. Die Gilde word as lewensmoeg en onbetrokke voorgelou en Brink word as die "fat cat" van die establishment gesien. In 1990 wil dit nogtans voorkom asof die Gilde 'n nuwe tydvak betree.

"Afrikanerdenke" raak in die tagtigerjare al meer divergerend en so ook die literatuur, sodat daar deur sommige van Ontspanning- (O-literatuur), hoë letterkunde (Elite-literatuur) en "alternatiewe" literatuur gepraat word wat die uiteenlopende behoeftes van die Afrikaner van Tagtig duidelik illustreer.

Die hele dispuut rondom die Afrikaanse literêre sisteem wat hom binne die joernalistieke sisteem as arena afgespeel het - nie net onder skrywers nie, maar ook onder lede van die samelewingsisteem en ook nie net rondom **Kennis** nie, maar ook rondom die hele sensuurbestel, Afrikaans en sy toekoms en die Afrikaanse letterkunde se interaksie met die politieke en religieuse sisteme - illustreer die lewenskragtigheid van die Afrikaanse letterkunde as sosiale kommunikasiesisteem en spieëlbeeld van groei en verandering binne Afrikanergeleedere. In hierdie verandering het Gildelede, en veral Brink, wat tot en met 1990 voortdurend nuusmakers is, geen geringe rol gespeel nie. Brink is 'n skrywer en 'n akademikus wat geen klip onaangeraak gelaat het in sy blootlegging en soeke na wat hy glo die waarheid is nie.

## HOOFTUK 7

# SLOTHOOFSTUK

As Sestiger verkeer Brink en van sy Afrikaanse medeskrywers in konflik met die Afrikanerestablisment. Hierdie skrywers verskuif die klein binne die Afrikaanse literêre sisteem in die sestigerjare van die plaaslike na die internasionale. As skrywer, vertaler en teoretikus verryk Brink die Afrikaanse literêre sisteem met nuwe idees wat hy vanuit buitelandse literêre sisteme invoer. Die ingeburgerde opvattinge van die Afrikaner wat in die Sestigerwerke herooreweg word in taboe-temas, het groot belangstelling by die joernalistieke sisteem gewek. Die aandag wat die media aan hierdie werke gegee het, het bygedra tot die kontroversie wat die werke omhul het.

Vanaf die sewentigerjare neem Brink die voortou om rekenskap van ander Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe in die Afrikaanse letterkunde te gee. Sy intense bemoeienis met reg en geregtigheid op politieke vlak veroorsaak dat sy werk dikwels 'n eensydige aanklag is teen die Afrikaner en teen die wit oorheersde samelewing. Hierdie aanklag is 'n tema wat in Brink se daaropvolgende werke telkens herhaal word. Brink se literêre werke van hierdie tydperk, wat in hoofstuk 2 bespreek word, is verweef met die sosio-politieke konteks, veral die rassituasie. Hy het hom nie net binne die literêre konteks teen die Suid-Afrikaanse politieke sisteem verset nie, maar ook buite die literêre konteks. Brink het hom sterk uitgespreek teen apartheid. Op hierdie wyse het hy meegehelp om die Afrikaanse literêre sisteem deel te maak van die liberalisering- en dekoloniseringstryd. Hy haal in hierdie verband dikwels die nuus met sy kontroversiële werke en openbare uitsprake.

As regerende groep wat veilig voel in hul denkwysse bestaan daar in hierdie stadium egter min behoefte by die meerderheid Afrikaners om aan nuwe invloede blootgestel te word. Die gevolg hiervan was dat skrywers van die sewentigerjare wat die Suid-Afrikaanse politieke sisteem in hulle werke aanval, deur die Afrikanerestablisment beleef is as mense wat die waardes van die volk ondermyn. Die Suid-Afrikaanse samelewingsstelsel waar demokrasie vir net een deel van sy bevolking geld, was in

'n groot mate die rede vir die optrede van Afrikaners teenoor onder andere Brink. Hierdie optrede is tipend van 'n politieke sisteem waar interne koloniserings die land verdeel. Die koloniseerder misken die regte van die gekoloniseerde en sensuur weerhou op sy beurt inligting van die publiek met die gevolg dat die lesers oningelig is oor hul omringende omstandighede. Teen die agtergrond van hierdie situasie is dit dus nie vreemd nie dat **Kennis van die aand**, wat bedoel is om 'n klein uitgelese gehoor te bereik, verbied word sonder dat daar aanvanklik redes vir die verbod aangevoer is. Hierdie ingryping in die Afrikaanse literêre sisteem deur die politieke sisteem in die vorm van sensuur skep die indruk dat **Kennis** op grond van sy onsimpatieke voorstelling van die Afrikaner, sy politiek en die veiligheidspolisie verbied is. Die sensuurstelsel van die sestiger- en sewentigerjare onder leiding van Mulder en Kruger was uiters inkonsekwent. Die geskiedkundige verbod op **Kennis** en die reaksies daarop wys leemtes in die samelewingsstelsel en die literêre sisteme uit. Hierdie boek het die sensuurbedeling in 1974 voor 'n gedugte toets te staan gebring: die kunsaspek van Afrikaanse werke wat internasionaal aansien verwerf het, word aanvanklik deur sensore hier te lande geïgnoreer.

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare is daar polarisasie tussen die Afrikaanse literêre sisteem se skrywers wat krities kyk na die Suid-Afrikaanse samelewing in hul werke aan die een kant en die politieke, religieuse en die establishmentsisteme aan die ander kant. Terwyl die regering homself en die volk "beskerm" het deur middel van sensuur, is die skrywer ontevrede dat politiek in die vorm van sensuur met morele waardes as dekmantel, bedryf word. Hierdie verskuilde agendas wat met sensuur gepaard gegaan het, het verhoudings tussen die literêre sisteem en die politieke sisteem geknou. Die kerke het apartheid op Bybelse gronde geregverdig en was onder die voorbode om **Kennis** in 'n negatiewe lig te stel. Skrywers wat hierdie houdings bevraagteken het, is hoofsaaklik deur persone binne die politieke en die religieuse sisteem verdag gemaak. Enkelinge binne die literêre sisteem en die media het hieraan meegedoen. Lede van die Afrikanerestablishment het meestal as volgelingen gefigureer waarin hulle hul leiers van die onderskeie sisteme se dikwels moraliserende betoë nagepraat het. Dit is opmerklik hoe reaksies vanuit die establishmentsisteme in die sestiger- en sewentigerjare op Brink se betrokke werk hoofsaaklik moralisties en ideologies gekleur was.

Daar is in 'n geringer mate ook polarisasie binne die Afrikaanse literêre sisteem self te bespeur in die totstandkoming van die Gilde en Taurus wat in die sewentigerjare weggebreek het van die literêre establishment. Die ontstaan van beide die Gilde en Taurus as subsisteme van die Afrikaanse literêre sisteem, was 'n direkte gevolg van die verbod op Brink se **Kennis** wat gelei het tot polarisering binne die geleedere van Die Afrikaanse Skrywerskring. Die radikale Kringledegroep het die Afrikaanse Skrywersgilde gestig om die onkoste wat met die verbod gepaard gegaan het te probeer delg en om 'n forum te skep vanwaar hulle hulle teen sensuur kon uitspreek. Die "ondergrondse" uitgewery Taurus, wat gestig is met die doel om sensuur te omseil, is met die ingesamelde geld gefinansier en om Brink se volgende werk, 'n **Oomblik in die wind**, te publiseer. Taurus verteenwoordig 'n verdere uitbreiding in die literêre sisteem en 'n daad wat spreek van opstand teen die Suid-Afrikaanse politieke sisteem. Die onderdrukking van menings in die vorm van sensuur het dus aanleiding gegee tot die ontstaan van nuwe subsisteme binne die literêre sisteem.

**Kennis** word eers in 1982 ontban en in hierdie dekadetree daar 'n verslapping in die "woedende literatuur" van die sewentigerjare in. In hierdie dekadetree word daar uitsluitel bereik oor onder andere die waarskynlike leser en ouderdomsperke wat die kunswerk ten goede kom. As oop sisteme het die politieke en samelewingsisteem ook veranderinge ondergaan. Die verslapping in die sensuurstelsel teen die tagtigerjare, wat die tema is van hoofstuk 3, gaan hand aan hand met die publiek se groter verdraagsaamheid. Gedurende die tagtigerjare het norme in die Suid-Afrikaanse samelewing verander wat 'n groter mate van verdraagsaamheid oor 'n wye terrein by die Afrikaner bewerkstellig het. Blatante vorms van apartheid soos aparte ingange vir verskillende bevolkingsgroepe en reservering van publieke fasiliteite het teen die sewentigerjare begin verdwyn. Teen hierdie tyd het heelwat ander skrywers behalwe Brink apartheid aangeval sodat betrokke werke in Afrikaans meer aanvaarbaarheid geniet. Binne hierdie veranderende omstandighede in Suid-Afrika, waar die politieke en die religieuse sisteme geweldige sisteemverskuiwings begin ondergaan het, staan die Gilde en Brink vir 'n hele paar jaar sentraal. Op politieke gebied het die Gilde dit duidelik gemaak dat hulle sekere eise aan die regering stel. Brink het 'n groot rol in die Gilde gespeel tot die middeltagtigerjare. Die Afrikaanse Skrywersgilde het dit onder andere teen persepsies gehad soos dié van die moeilik omskrewe "gemiddelde

leser" wat voorgestel is as 'n soort engeltjie wat min met die gebroke werklikheid uit te waai het. Gildelede was ook ontevrede daaroor dat die kunswerk nie in sy geheel beoordeel is nie en dat 'n ouderdomsperk buite rekening gelaat is. Brink en die Gilde beveg sensuur en die gevolglike vertraging in die groei van die inheemse letterkunde - wat dikwels polities geïnspireer is maar onder 'n lagie moraliteit verskuil is - hand en tand. Die wyse waarop die Gilde as prominente skrywersvereniging die inhiberende en inkonsekwente sensuurbedeling openlik beveg en politieke eise stel (in die hoedanigheid van die enigste Afrikaanse kulturele organisasie wat apartheid deurgaans verdoem), het gesagsinstansies duidelike kennisname gegee dat hier iets is wat aandag verdien.

Hierdie protesaksies het aanvanklik 'n teenreaksie ontketen, want hoe meer skrywers hulle in die politiek begewe het en hulle teen die establishment uitgespreek het, hoe meer werke is verbied. In die proses het harde woorde geval wat dikwels in persoonlike aanvalle ontaard het waardeur die saak self benadeel is. Die Gilde betrek die konteks waarin die Afrikaanse letterkunde hom bevind en is sodoende politiek-maatskaplik betrokke met sy debatte oor die toekoms van Afrikaans, die bestryding van apartheid, die ondersteuning van Brink se Ope Brief aan die President en die betrokkenheid van baie lede by samesprekings met die ANC. In die sewentigerjare is die Gilde deur die establishment as radikaal gesien, maar in die tagtigerjare word dieselfde Gilde daarvan verdink dat dit deel is van die establishment. Nes Brink verteenwoordig die Gilde die polariserende magte in Suid-Afrika.

Hoofstuk 4 handel oor die opvallende kloof tussen Afrikaners wat in 'n groot mate aan politiek toegeskryf kan word. Terwyl die sestiger- en sewentigerjare se groot botsings binne Afrikanerkringe gekenmerk is deur konflik *tussen* sisteme, beleef die tagtigerjare botsings tussen Afrikaners *binne* die sisteme self.

Dit word duidelik uit hoofstuk 5 dat nie net die samelewingsstelsel sowel as die politieke en religieuse sisteme 'n uitskuif van hul bakens ondergaan het nie, stelselverskuiwing het ook binne die grense van Afrikaans plaasgevind. Al hoe meer mense begin beseft dat taal nie die alleenbesit van 'n sekere groep mense is nie. Binne Afrikanergeledere begin denke al meer divers raak oor Afrikaans. Teen die einde van

die tagtigerjare is dit duidelik dat daar kragte werk om Afrikaans, synde instrument van die apartheidsisteem, uit te brei om 'n breër Suid-Afrikaanse karakter aan te neem, want die Afrikaanse wêreld met sy patriargale gesagstrukture het vir sekere Suid-Afrikaners 'n ongewenste opset geword. Dit was veral politiek en ideologie wat Afrikaans vroeër hierdie eeu bevoordeel het. Die sterk invloed wat van die politieke sisteem uitgegaan het, het veroorsaak dat Afrikaans byna 'n eeu lank deur die Afrikaner beskou is as die taal wat eksklusief aan hom behoort. Die swartman se beeld van Afrikaans en die stereotiepe Afrikaner versleg in die jare hierna, ook by sommige moedertaalsprekers van Afrikaans. Daar ontstaan 'n tendens om Afrikaans se geskiedenis in 'n nuwe perspektief te plaas en te herskryf in die tagtigerjare. Brink het in die apartheidsjare die Afrikaanse taalgemeenskap as veel wyer as net die tradisionele Afrikaner beskou. Hy het gevoel dat belangepolitiek plek moet maak vir samelewingspolitiek ten einde Afrikaans van ondergang te red.

Gedurende die tagtigerjare verdeel die politieke sisteem die Gilde as subsisteem van die Afrikaanse literêre sisteem. Die jonger geslag eis dat die politieke sisteem in Suid-Afrika aangeval moet word. Gedurende die tagtigerjare het die literêre sisteem reeds so evolueer dat die jonger skrywers nuwe diskoerse voer en die ouer skrywers soos Brink se werk as irrelevant ervaar. Die jong skrywer van Tagtig wil wegbreek van gevestigde strukture waarin Brink as kritikus, dosent en skrywer gevestig is en 'n gesaghebbende figuur verteenwoordig in die literêre sisteem. Die skrywer van die tagtigerjare het nie meer die hekwagters en sedebewakers van die sestigerjare en die sewentigerjare om mee rekening te hou nie. Sensuur speel feitlik geen rol meer nie. Die heersende politieke sisteem word vanaf die laat tagtigerjare al minder rigied en voorskrywend sodat skrywers teen 'n heersende ideologie te velde kan trek sonder om veel aandag te trek. Met die bewindoorname van die ANC in 1994, geld 'n nuwe, meer demokratiese ideologie.

In hoofstuk 6 word daar aandag gegee aan die polarisasie tussen Afrikaanse skrywers in die dekade van tagtig wat veral sigbaar geword het in die polemieke tussen die jonger en die ouer skrywers. Die verskille in opinies voer in die tagtigerjare 'n stryd om dominasie in die literêre sisteem in onder andere die vorm van die **De Kat**-polemieke gedurende 1989. Interessant genoeg word anti-apartheidskrywer André P.

Brink aan die een kant daarmee gekonfronteer dat hy in sy resensies voorkeur aan betrokke literatuur gee, en 'n landsverraaier is, en van die ander kant word hy daarvan beskuldig dat hy nie betrokke genoeg is nie - dat hy deel van die "heersende orde" is. Menings oor hom fluktueer tussen "verraaier" en "establishmentskrywer". Brink is hier in Suid-Afrika verwyt dat hy teenstrydige standpunte in sy letterkundige en politieke uitkyk handhaaf. Die kritiek wat hy hom op die hals gehaal het, was egter ewe verstommend teenstrydig en verteenwoordig die verdeeldheid binne Afrikanergeledere. Hierdie verdeeldheid is deel van 'n veranderende Suid-Afrika waar verskillende sisteme in die proses is om hul grense te verskuif. Uit die teenstrydige reaksies wat Brink en sy werke ontlok het, is dit duidelik dat hy die polariserings in die voorafgaande drie dekades binne die genoemde sisteme en sub sisteme verteenwoordig. Met dieselfde felheid waarmee hy die hekwagters van die Afrikaner se sedes en apartheid aanval, word hy deur die establishment-Afrikaner aangeval. Die teenstrydighede waarvan Brink beskuldig is, verteenwoordig op sy beurt 'n reëlmatige ontwikkeling in ooreenstemming met 'n drasties veranderende omgewing en 'n meerkantige houding waar hy alle standpunte teen mekaar opweeg.

Brink se ontwikkeling ten opsigte van sy menings, wat dikwels teenstrydig was, was die oorsaak dat hy dikwels as 'n "manteldraaier" aangesien is. Hy vergestalt die polariserende kragte en die stereotiepe sienings binne Suid-Afrika; hy staan self met een voet binne die establishment en die ander voet binne radikale groeperings. Vanaf die sestigerjare gebruik verskillende skrywers establishmentinstellings om establishmentopvattinge te bestry. Dit is inderdaad so dat Brink wit en bevoorreg is en indirek voordeel getrek het uit apartheid. Hy bekleed etlike "magsposisies" in die establishmentsisteem en die omvangryke getal vertalings van sy werke-teen-apartheid het hom finansiël bevoordeel. Met die verbod wat Brink se werk binne die Afrikaanse literêre sisteem opgelê word, die publisiteit wat hy daaruit kry en die aard van sy werke, slaag hy daarin om buitelandse literêre sisteme, wat ideologies aansluiting by sy temas vind, deur middel van vertalings van sy werke binne te dring. As gevolg van onder andere hierdie vertalings is Brink meermale in die buiteland vir sy werk en standpuntname vereer as in Suid-Afrika.

Van Wyk Louw, iemand wat self met tye volksgebondenheid bepleit het en later liberale nasionalisme voorgestaan het, gee in 1951 sy mening oor "intellektuele" persone, soos Brink inderdaad hy uitstek is. Louw wys daarop dat 'n intellektueel sy opvattings wysig met verloop van tyd:

*Sommige mense vind dit klaarblyklik baie maklik om een vaste standpunt in te neem op wat hulle die gebied van die praktiese politiek sou noem; 'n intellektuele mens nie deurgaans nie. Wanneer dit in die politiek gaan om 'n volk wat verdruk word, 'n groep aan wie nasionale regte - veral taal- en kulturele regte - ontsê word, dan is die redelike mens geneig om nasionalis te word; wanneer hy egter binne 'n volk gebore is wat soos 'n selfsugtige mens alleen sy eie regte laat geld - ook teenoor ander volke - dan word hy internasionalis... Wanneer hy merk dat die groot massa - selfs 'n arm en onderdrukte massa in sy stryd om die bestaan die vryheid van die aparte lede van die massa bedreig, dan word hy individualis of liberalis. Telkens, waarskynlik, sal hy van front verander, al na gelang van die gevaar wat vir hom op die oomblik die dreigendste lyk. En tog sal hy geen manteldraaier of opportunis wees nie. (1986a: 420)*

Alhoewel André P. Brink daarin slaag om Afrikaanse literatuur maatskaplik relevant te maak, was sy werk verbind aan Westerse belange wat aspekte soos Westerse meerderwaardigheid en koloniserings insluit, ofskoon hy daarteen baklei het. Hy illustreer die ambivalensie van die Westerse intellektueel. Hierdie ambivalensie is in 'n groot mate verantwoordelik vir die feit dat hy deur kritici as "manteldraaier" beskryf is. Sy obskure liefdeslewe en die gehalte van sy romans lok ook vele kritiek uit. Uit hierdie studie word dit duidelik dat Brink homself sien as iemand wat 'n lang pad van bewuswording moet loop. Op hierdie weg wat hy inslaan, moet hy self van koloniale reste ontslae raak. Hierdie proses verg 'n voortdurende heroerweging van menings synde deel van 'n ewoluerende politieke sisteem waar alle Suid-Afrikaners in hul diversiteit dieselfde ervaring deel, naamlik koloniserings en die oorgang na 'n industriële en 'n stedelike samelewing.



Die slotsom waartoe 'n mens kom in hierdie ondersoek wat diachronies en sinchronies na Brink se uitsprake en reaksies rondom **Kennis** gekyk het, is dat die politieke, religieuse en kultuursisteme in die sestiger- en sewentigerjare dikwels afwysend gestaan het teenoor kuns wat omstrede inligting sirkuleer waardeur die staat, kerk en kultuurliggame hulle bedreig gevoel het. Van hierdie werke is summier verbied wat gevolglik die samelewingssteeem oningelig gelaat het. Dit is weens hierdie oningeligtheid dat die idee in die gemeenskap dienoooreenkomstig posgevat het dat die skrywers daarop uit is om die staat te ondermyn. Hierdie wanpersepsie veroorsaak dat die gemeenskap hul skerp oor Brink se werke waarin hy die die polisie en die Afrikaner negatief uitbeeld, uitgelaat het. In 'n tyd waarin die Suid-Afrikaanse geskiedenisboeke eensydig geskryf is, word Brink beskuldig van eensydigheid in sy fiktiewe werke. In die negentigerjare, twintig jaar na **Kennis** verbied is, word dit uit berigte in die media duidelik dat dit wat Brink oor die polisie geskryf het, al die tyd in die kol was. Hy laat hom veral uit oor polisieoptredes en die dood van gevangenes in polisieaanhouding in onder andere 'n **Droë wit seisoen** en **Kennis**. Die redes vir die optrede van die tradisionele Afrikaner, die kerk en politici kan gesoek word in die Suid-Afrikaanse opset. Hierdie opset waar demokrasie vir net een deel van die samelewingssteeem geld, is tiperend van 'n politieke steeem waar interne koloniserings 'n land verdeel. Die koloniseerder misken die regte en die menswaardigheid van die gekoloniseerde op gewelddadige wyse (waarin die polisie dilwels 'n hoofrol gespeel het). Die politieke steeem het mense wat dieselfde taal praat en aan dieselfde kerk behoort, verdeel. Die Suid-Afrikaanse politieke steeem was van so 'n aard dat hy apartheid oral ingebring het en alles probeer isoleer het wat die ideologie van apartheid probeer teenstaan het. Brink waarsku sy mede-Afrikaners in die openbaar sowel as in sy romans teen hierdie omstandighede. In die proses bots Brink veral met mense aan die ander kant van die politieke spektrum wat hulle siening van die waarheid met dieselfde drif as hyself verdedig. Hy het met sy uitsprake en werke, wat heelwat negatiewe kritiek uit verskillende sisteme ontlok het om verskillende redes, meegehelp om die Afrikaanse literêre steeem deel te maak van die liberalisering- en dekoloniseringsstryd.

In die negentigerjare kyk die denkende Afrikaner met ontsteltenis terug na sy nog onlangse politieke verlede. Terwyl die gaping tussen Afrikaner en Afrikaner (wat nou

nie meer die politieke mag het nie) al hoe wyer trek en regstellende aksies aan die orde van die dag is, klink Brink se vroeëre waarskuwings soos profesieë en word sy voorspellings een vir een waar. Sy verdoemde kontroversiële uitsprake vanaf die sewentigerjare oor die Afrikaner is 'n spieël waarin laasgenoemde hom in die negentigerjare al hoe duideliker herken.

Berigte, artikels en briewe uit koerante kom grotendeels uit die André P. Brinkversameling van die Departement Afrikaans aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die INEG (Instituut vir Eietydse Geskiedenis) -versameling van dieselfde instansie. Persoonlike dokumente en buitelandse koerante waarna verwys word, is ook in die Brinkversameling opgeneem. Weens die omvattende aard van die koerantmateriaal wat geraadpleeg is, word dit nie in die bibliografie opgeneem nie. Verwysings in die ondersoek is van so 'n aard dat die stof maklik opspoorbaar is.

## BIBLIOGRAFIE

### BOEKE, LESINGS, REFERATE, TYDSKRIFTE.

ADHIKARI, M. 1989. **Slavery and coloured identity.** Paper delivered on Cape Slavery and after. Conference held at The University of Cape Town.

ADHIKARI, M. 1996. **Straatpraatjies: Language, politics and popular culture in Cape Town 1909 - 1922.** Pretoria: J.L. van Schaik.

ALFORD, R.R. 1985. Religion and politics. In: Robertson, R. (ed.). **Sociology of religion.** Middlesex: Penguin Books Ltd., pp. 321-332.

ALINK, H. 1979. **Die algemeen morele uitsprake in lesersreaksies op "Kennis van die aand".** (Werkstuk o.l.v. T. Lijphart, 18 Mei. Brinkversameling, UOVS).

BAL, M. 1990. Visual poetics. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. (eds.). **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics.** Michigan: The University of Michigan.

BARNARD, D. J. 1965. **Die liberalisme in die moraal.** In: Conradie, D. J. (voors.). 1965. *Die liberalisme. Kongres oor openbare sedelikheid.* NG-Kerk, OVS. 3-4 Sept., pp. 22-33.

BARNARD, CHRIS. 1973. *Die Afrikaanse kortverhaal.* In: Polley (red.). **Die Sestigters. Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse studies van die Universiteit Kaapstad. 13 - 16 Feb.** Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 90-100.

BARNARD, CHRIS. 1985. *Oor blindes, dowes en een-oë.* In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 22-24.

BARNARD, CHRIS. 1989a. *Nadat 'n mens kultuurboikotte afgeraai het: wat bly dan oor?* *Insig* Sept.: 29 & 44.

BARNARD, CHRIS. 1989b. *Afrikaans was dalk sonder arm wittes net 'n bruin taal.* *Insig* Nov.: 54.

BARNARD, S.S. 1979. **Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief.** Durban: Butterworth.

BARTHES, ROLAND. 1975. **The pleasure of the text.** (Miller, R. transl.). New York: Hill & Wang.

BARTHES, ROLAND. 1977. **Image - music - text.** (Heath, S. transl.). New York: Hill & Wang.

BLOOM, H. 1979. **Deconstruction & criticism.** London: Routledge & Kegan Paul.

BOAHEN, A. ADU. 1987. **African perspectives on colonialism.** London: James Currey.

BOSHOFF, A. 1985. (red.). *Die Afrikaner se hoop leef*. Pretoria: Afrikaner - volkswag.

BOTHA, M. ELAINE. 1987. Interkulturele verhoudinge met spesiale aandag aan die toekoms van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 27(4) Des.: 267-274.

BOTHA, RIANA. 1989. Kroonprins van Tagtig en veilig genoeg vir pryse. *Insig* Sept.: 37.

BOUDON, R. 1986. *Theories of social change. A critical appraisal*. (Whitehouse, J.C. transl.). Cambridge: Polity Press.

BREDENKAMP, FRANCOIS. 1989. Só kry SA nuwe beleid vir kultuur. *Insig* Sept.: 46.

BREYTENBACH, BREYTEN. 1984. *The true confessions of an albino terrorist*. Emmarentia: Taurus.

BRINK, ANDRÉ P. 1958. *Die meul teen die hang*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

BRINK, ANDRÉ P. 1960. *Eindelose weë*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

BRINK, ANDRÉ P. 1963a. *Die ambassadeur*. Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1963b. Kortsluiting in die kritiek. *Sestiger* 1(1) Nov.: 11-16.

BRINK, ANDRÉ P. 1964a. Abel Coetzee sprak nuwe sprook. *Sestiger* 1(2) Feb.: 70.

BRINK, ANDRÉ P. 1964b. Seks en religie. *Standpunte* 18(2) Des.: 58-60.

BRINK, ANDRÉ P. 1965a. *Orgie*. Kaapstad: John Malherbe.

BRINK, ANDRÉ P. 1965b. Redaksionele kommentaar. *Sestiger* 2(3) Mei: 4-8.

- BRINK, ANDRÉ P. 1968a. Tussen sestig en sewentig. **Kol 1(1)** Aug.: 2-5.
- BRINK, ANDRÉ P. 1968b. Antwoord aan Smit. **Kol 1(3)** Okt.- Nov.: 4-6.
- BRINK, ANDRÉ P. 1970. **Some aspects of culture and apartheid**. Johannesburg: Spro-cas.
- BRINK, ANDRÉ P. 1973a. **Kennis van die aand**. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BRINK, ANDRÉ P. 1973b. Die konteks van sestig. Herkoms en situasie. In: Polley (red.). **Die Sestigers. Verslag van die simposium oor die Sestigers gehou deur die Departement Buitenuurse studies van die Universiteit Kaapstad. 13 - 16 Feb.** Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 15-31.
- BRINK, ANDRÉ P. 1973c. **Afrikaners is plesierig: 'n feestelike deurmekaarspul**. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BRINK, André P. 1974. **Aspekte van die nuwe prosa**. Pretoria: Academica.
- BRINK, ANDRÉ P. 1975a. **Oomblik in die wind**. Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.
- BRINK, ANDRÉ P. 1975b. **Lobola vir die lewe**. Kaapstad: Human & Rousseau.
- BRINK, ANDRÉ P. 1976a. **Voorlopige Rapport. Beskouings oor die Afrikaanse literatuur van Sewentig**. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- BRINK, ANDRÉ P. 1976b. Die kuns is aanstootlik. **Standpunte 29(4)** Aug.: 17-28.
- BRINK, ANDRÉ P. 1979. **'n Droë wit seisoen**. Emmerentia: Taurus.
- BRINK, ANDRÉ P. 1980a. **Tweede voorlopige Rapport. Nog beskouings oor die Afrikaanse literatuur van Sewentig**. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1980b. Die pous in die blikkasteel - opmerkings n.a.v. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. *Standpunte* 33(5) Okt.: 33-42.

BRINK, ANDRÉ P. 1980c. *Gerugte van reën*. (Tweede uitgawe.) Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1981. *A dry white season*. London: W.H. Allen.

BRINK, ANDRÉ P. 1982a. *Miskien nooit*. (Tweede uitgawe.) Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1983a. *Mapmakers. Writing in a stage of siege*. London: Faber & Faber.

BRINK, ANDRÉ P. 1983b. Censorship and literature. In: Coggin, T. (ed.). 1983. *Censorship: a study of censorship in South Africa by five distinguished authors*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations, pp. 37-54.

BRINK, ANDRÉ P. 1984. *Muur van die pes*. Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1985a. *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1985b. Samisjdat, tamisjdat, lamisjdat. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 52-67.

BRINK, ANDRÉ P. 1985c. Afrikaans en oorlewing. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 162-169.

BRINK, ANDRÉ P. 1985d. *Waarom literatuur?* Kaapstad: Human & Rousseau.

- BRINK, ANDRÉ P. 1986a. **Aspekte van die nuwe drama**. Pretoria: Academica.
- BRINK, ANDRÉ P. 1986b. **States of emergency**. London: Faber & Faber.
- BRINK, ANDRÉ P. 1987a. Ope brief aan die Staatpresident. **Stet** 4(3) Mrt.: 6-7.
- BRINK, ANDRÉ P. 1987b. Die dubbele werklikheid. In: Malan, C. (red.). 1987. **Ras en literatuur**. Pinetown: Sigma Press, pp. 226-238.
- BRINK, ANDRÉ P. 1988a. **Adamastor**. Kaapstad: Saayman & Weber.
- BRINK, ANDRÉ P. 1988b. The Afrikaners. **National Geographic** 174(4) Okt.: 556-584.
- BRINK, ANDRÉ P. 1988c. Die nuwe sensuur. **De Kat** Aug.: 98-99.
- BRINK, ANDRÉ P. 1989a. Ideologie, letterkunde en mafia. **De Kat** Apr.: 92-93.
- BRINK, ANDRÉ P. 1989b. Antwoord aan die Mafia. **De Kat** 4(10) Mei: 96-97.
- BRINK, ANDRÉ P. 1989c. Kringe om JOE HALL, & Kremetartekspedisie. **De Kat** 5(3) Sept.: 100-105.
- BRINK, ANDRÉ P. 1990. **Skrywer, leser, teks en konteks**. Kongres by Universiteit van Port Elizabeth. Maart.
- BRINK, ANDRÉ P. 1991a. Art and freedom; aesthetics redefined. **National Cultural Seminar**. University of Stellenbosch. Mei.
- BRINK, ANDRÉ P. 1991b. Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie. **Tydskrif vir Letterkunde** XXIX(4) Nov.: 1-12.



BRINK, ANDRÉ P. 1991c. **Die kreef raak gewoon daaraan.** Kaapstad: Human & Rousseau.

BRINK, ANDRÉ P. 1992. Betrokke literatuur, pp. 38-41. Nouveau roman (Nuwe roman), pp. 345-347. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr.

BRITZ, ETIENNE. 1993. Kapsie teen wat verkeerd is. **De Kat Des.:** 90-93.

BRYNARD, KARIN. 1987. Die taal is net vir brood-en-botter. **De Kat Apr.:** 68-70.

BRYNARD, KARIN. 1989. Wie durf swem in die Heer se see? **Insig Apr.:** 24-25.

BUNTING, B. 1964. **The rise of the South African Reich.** Baltimore Md.: Penguin Books.

BÜRGER, C. 1980. **Tradition und Subjektivität.** Frankfurt am Main: Suhrkamp.

BURGER, W.D. 1991. **Suidpunt-jazz van André Letoit: die lees van 'n postmodernistiese prosateks.** Ongepubliseerde verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

CAMERON, TREWHELLA (ed.). 1992. **A new illustrated history of South Africa.** Johannesburg: Southern Book Publishers.

CARPENTER, G. 1937. **Church, state and society in Central Africa: Some sociological concomitants of government and missionary policy in Central Africa, with a special reference to education.** Ph.D. Yale University.

CARTER, GWENDOLEIN. 1958. **The politics of inequality. South Africa since 1948.** London: Thames and Hudson.

- CHAPMAN, M. 1987. Soweto Poetry: Socio-literary phenomenon of the 1970's. In: Malan, C. (red.). 1987. *Ras en literatuur*. Pinetown: Sigma Press, pp. 175-184.
- CHAPMAN, M. GARDNER, C. & MPHAHLELE, ES'KIA (eds.). 1992. *Perspectives on South African English literature*. Parklands: Ad. Donker (Pty) Ltd.
- CILLIÉ, P.J. 1977. Afrikaners. *Standpunte* 30(1) Feb.: 4-13.
- CLINGMAN, S. 1988. *Nadine Gordimer. The essential gesture: Writing, politics and places*. Johannesburg: Taurus.
- CLOETE, T.T. s.d. *Verseliteratuur onder die sestiger- en sewentigerskrywers*. Ongepubliseerde studiestuk. (Brinkversameling, UOVS).
- CLOETE, T.T. (red.). 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Goodwood: Nasou Beperk.
- CLOETE, T.T. 1992. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- CLOETE, T.T. 1992. Literatuurgeskiedskrywing, pp. 262-270. Literatuurkritiek, pp. 270-273. *Nasionale literatuur*, pp. 333-337. In: *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- COERTZE, P.J. 1983. *Die Afrikanervolk en die Kleurlinge*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- COETZEE, AMPIE. 1984. *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Kasselsvlei: Kampen.
- COETZEE, AMPIE. 1988. *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- COETZEE, AMPIE. 1990. *Letterkunde & krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Bramley: Taurus.

COETZEE, AMPIE & POLLEY, JAMES. 1990. **Crossing borders: Writers meet the ANC.** Bramley: Taurus.

COGGIN, T. (ed.). 1983. **Censorship: a study of censorship in South Africa by five distinguished authors.** Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

CONRADIE, D. J. (voors.). 1965. **Die liberalisme.** Kongres oor openbare sedelikheid. NG-Kerk, OVS. 3-4 Sept., pp. 9.

COPE, JACK. 1982. **The adversary within: dissident writers in Afrikaans.** Kaapstad: David Phillip.

CORY, G.E. 1965. **The rise of South Africa.** Cape Town: Struik.

CRISTOPHER, A.J.C. 1984. **Colonial Africa.** London: Croom Helm.

CULLER, J. 1981. **The Pursuit of signs: Semiotics, Literature, Deconstruction.** London: Routledge & Kegan Paul.

DAVIDS, ACHMAT. 1994. Afrikaans - die produk van akkulturasie. In: Olivier, Gerrit & Coetzee, Anna. 1994. **Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans.** Halfweghuis: Southern Boekuitgewers pp. 110-119.

DE BERG, HENK. 1992. Literatuur als sisteem. Wat zegt Luhmann? **Forum der Letteren. Tijdschrift voor taal- en letterkunde** 33(2) Jun.: 114-126.

DEGENAAR, J.J. 1973. Die verhouding tussen letterkunde en samelewing. In: Polley, J. (red.). 1973. **Die Sestigters. Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad. 12-16 Feb.** Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau, pp. 152-160.

DEGENAAR, J.J. 1974a. Die 'self' en die 'ander' in die politiek - 'n etiese verkenning. **Standpunte XXVIII(1)** Okt.: 1-9.

DEGENAAR, J.J. 1974b. Die Christen in die politiek. *Standpunte* XXVIII(2) Des.: 55-61.

DEGENAAR, J.J. 1985. *Ideologie, vervreemding en woordkuns*. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 123-136.

DEGENAAR, JOHAN. 1988. Immoraliteit word selektief bekyk. *Insig* Mrt.: 51.

DEGENAAR, JOHAN. 1993. Diskoerse van menseregte. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 33(4) Des.: 239-250.

DE JONG, MARIANNE. 1983. 'n Kritiese beskouing van die standverskille tussen teks en leser, veral by literatuuronderrig. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. *Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics*. Michigan: The University of Michigan.

DE JONG, MARIANNE. 1989a. 'n Ander Afrikaanse letterkunde. *Marxisties en sosiaalgerigte teksopvattinge in Afrikaans*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

DE JONG, MARIANNE. 1989b. (Brief). Debat sonder onderwerp. *De Kat* Jun.: 4.

DE KLERK, W. 1985. Die kragte agter sensuur. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 68-74.

DE LANGE, M. 1993. *The muzzled muse: literature and censorship in South Africa 1963-1985*. Ongepubliseerde proefskrif, The City University of New York.

DE LANGE, M. 1995. Boekbespreking. *Forum der Letteren* 36(2) Jun.: 142-144.

- DE MAN, P. 1979. **Deconstruction and criticism**. London: Routledge & Kegan Paul.
- DERRIDA, JACQUES. 1967/1978. Writing and difference. London: Routledge & Kegan Paul. ☺
- DERRIDA, JACQUES. 1976. **Of grammatology**. (Spivak, G.C. transl.). London: The Johns Hopkins University Press.
- DE SWARDT, C. 1988. 30 pyn of pret? **De Kat** 3(8) Mrt.: 15-21.
- DE VILLIERS, D.P. 1976. Sensuur en die Afrikaanse letterkunde. **Standpunte** 29(1) Feb.: 11-16.
- Die Afrikaanse Patriot**. 'n Faksimilee-weergawe van die eerste jaargang, 1876. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers Beperk.
- DHARESHWAR, V. 1990. The predicament of theory. In: Kreiswirth, M. & Cheatham, M. **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics**. Michigan: The University of Michigan.
- DHLOMO, R.A. 1928. **African tragedy**. Lovedale: Lovedale Institution Press.
- D'OLIVEIRA, JOHN. 1977. **Vorster - die mens**. Johannesburg: Perskor.
- DREYER, P.S. (red.). 1977. **Afrikaner-liberalisme**. Arcadia: Boekenhout-Uitgewers (Edms.) Bpk.
- DU BUISSON, M.S. (samest.). 1959. **Die wonder van Afrikaans**. Johannesburg: Voortrekkerpers, Beperk.
- DU PLESSIS, HANS. 1991. Die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Botha, T.J.R. 1991. **Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde**. Pretoria: Academica.

DU PLESSIS, HANS. 1994. Taalkontakvariasie in Afrikaans. In: Olivier, Gerrit & Coetzee, Anna. 1994. **Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans.** Halfweghuis: Southern Bockuitgewers pp.

DU PLESSIS, M. 1995. Inteendeel as postmodernistiese<sup>A</sup> teks. Ongepubliseerde skripsie ter voltooiing van gestruktureerde M.A., Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

DU PLESSIS, P.G. 1973. Argument teen 'n windmeul. In: Polley, J. (red.). **Die Sestigters. Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad. 12 - 16 Februarie.** Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 79-89.

DU PLESSIS, THEO. 1988. Politiek en die ontwikkeling van Afrikaans. **Tydskrif vir Letterkunde** 26(2) Mei: 75-80.

DU PLESSIS, W. & OLIVIER, N. J. J. 1987. Pervryheid - quo vadis? **Tydskrif vir Geesteswetenskappe.** Suid-Afrikaanse Akademie vir wetenskap en Kuns 27(2) Jun.: 121-131.

DU PLOOY, HEILNA & VILJOEN, HEIN. 1992. **Benaderingswyses in die literatuurwetenskap.** In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 25-38.

DU TOIT, ANDRÉ. 1983. The rationale of controlling political publications. In: Coggin, T. (ed.). **Censorship: a study of censorship in South Africa by five distinguished authors.** Johannesburg: S.A. Institute of Race Relations, pp. 80-129.

DUVENHAGE, G.D.J. 1978. **Imperialisme en Nasionalisme: Kerngeskiedenis van Suid-Afrika. 1886-1948.** Johannesburg: McGraw-Hill Bockmaatskappy.

EAGLETON, TERRY. 1985. Ideology and scholarship. In: McGann, Jerome J. (ed.). **Historical studies and literary criticism.** Madison: The University of Wisconsin Press, pp. 114-125.

- ECO, UMBERTO. 1976. **A theory of semiotics**. Bloomington: Indiana University Press.
- ECO, UMBERTO. 1979. **The role of the reader**. Bloomington: Indiana University Press.
- ECO, UMBERTO. 1983. **The role of the reader. Explorations in the semiotics of texts**. London: Hutchinson.
- EMERY, F.E. (ed.). 1981. **Systems thinking, Volume I**. Harmondsworth: Penguin Books.
- ERLICH, V. 1980. **Russian Formalism. History - Doctrine**. The Hague: Mouton.
- EVEN-ZOHAR, ITAMAR. 1979. Polysystem theory. **Poetics today** 1(1-2), pp. 287-305.
- EVEN-ZOHAR, ITAMAR. 1990. Polysystem studies. **Poetics today** 11(1), pp. 9-85.
- FAUCONNIER, G. 1981. **Aspects of the theory of communication**. Pretoria: Academica.
- FEKETE, J. 1990. Literary/cultural theory, value and postmodernity. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics**. Michigan: The University of Michigan.
- FENSHAM, F.C. 1984. Die Afrikaanse Skrywerskring. Vyftig jaar. **Tydskrif vir Letterkunde** 12(4) Nov.: 1-8.
- FERREIRA, JEANETTE. 1989. Kamerade aan boord deur hek drie. **Insig** Sept.: 28.
- FOKKEMA, DOUWE & IBSCH, ELRUD. 1992. **Literatuurwetenschap & cultuuroverdracht**. Muiderberg: Dick Coutinho.

FOUCAULT, M. 1979. What is an author? In: Harari J.V. (ed.). **Textual Strategies: Perspectives in post-structuralist criticism**. Ithaca: Cornell University Press.

FOURIE, PIETER. 1988. 'n Weerligafleier vir konflik word gesoek. **Insig Mrt.**: 53-54.

FOULKES, A.P. 1983. **Literature and propaganda**. London: Methuen.

GALLOWAY, F. 1982. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1980**. Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

GALLOWAY, F. 1983. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1981**. Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

GALLOWAY, F. 1985. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1982**. Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

GALLOWAY, F. 1987a. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1983**. Pretoria: HAUM-Literêr.

GALLOWAY, F. 1987b. **Breyten Breytenbach: Die skrywer as openbare figuur**. Ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

GALLOWAY, F. 1989. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1984**. Pretoria: HAUM-Literêr.

GALLOWAY, F. 1990. **Breyten Breytenbach as openbare figuur**. Pretoria: HAUM-Literêr.

GELDENHUIS, P.B. 1977. **Pornografie, sensuur en reg**. Johannesburg: Lex Patria-Uitgewery.



GERWEL, G.J. 1985a. Afrikaans - 'n toekomspektief. In: Malan, C. & Smit, B. **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 189-194.

GERWEL, G.J. 1985b. Afrikaner, Afrikaans, Afrika. In: Malan, C. & Smit, B. **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 40-51.

GILIOMEE, HERMANN. 1980. Die krisis van Afrikaner-identiteit. **Standpunte** 33(5) Okt.: 43-55.

GILIOMEE, HERMANN & SCHLEMMER, LAWRENCE. 1990. **From apartheid to nationbuilding.** Cape Town: Oxford University Press.

GLICKSBERG, CHARLES I. 1972. **Literature and society.** The Hague: Marthinus Nijhoff.

GOUWS, TOM. 1992. **Paradigms lost. Semi-making fictions in the Africanisation of Afrikaans.** Intreerede, Universiteit Bophuthatswana. 5 Maart.

GRÄBE, INA. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte** XXXVI(5). Okt.: 9-14.

GREYLING, ALETTA. 1988. Toorberg eersdaags in Engels. **Insig** Des.: 49.

GRIMM, G. 1977. **Rezeptionsgeschichte.** München: W. Fink.

GROBLER, HILDA. 1989. A. P. Grové kap na jong skrywers, kritici. **Insig** Jun.: 38 & 44.

GROMYKO, A. and KANE-BERMAN, J. 1991. **The Moscow papers: The USSR and South Africa. Similarities, problems and opportunities.** Johannesburg: SA Institute of Race Relations.

GROSSKOPF, S. 1988. 'n Tagtiger-'road-show'. *Insig* Sept.: 36-37.

HAASBROEK, P.J. 1986. *Die jaar nul*. Pretoria: HAUM-Literêr.

HALL, JOHN A. 1979. *The sociology of literature*. New York: Longman.

HAMBIDGE, J. 1990. Hoë en literêre boeke verskil g'n: alles hang van die leser af. *Insig* Mei: 46.

HANF, T. WEILAND, H. & VIERDRAG, G. 1981. *South Africa: The prospects of peaceful change. An empirical enquiry into the possibility of democratic conflict regulation*. London: Rex Collings.

HERZFELD, M. & MELAZZO, L.(eds.). 1988. *Semiotic theory and practice: Proceedings of the third international congress of the IASS Palermo; 1984. Volume I + II*. Berlin: Mouton de Gruyter.

HEYNS, J.A. 1985. Die skrywer en die kerk. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 106-116.

HOLLY, M. 1990. Vision and revision in the history of art. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. *Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics*. Michigan: The University of Michigan.

HUGO, D. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. *Standpunte* XXXVI(5) Okt.: 15-21.

HUGO, D. 1984. Woord en geweld by André Brink. *Standpunte* 37(3) Jun.: 35-38.

HUGO, D. 1989. Die tagtigers. *Tydskrif vir Letterkunde*. XXVII(1) Feb.: 33-34.

HUGO, D. 1992. Histories-sosiologiese benadering. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 167-168.

HUMAN, KOOS. 1984. In gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25e bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers. **Tydskrif vir Letterkunde XXII(4)** Nov.: 52-62.

HUMAN & ROSSEAU, 1990. **Etienne Leroux: Magersfontein, o Magersfontein! Die dokumente**. Kaapstad: Human & Rousseau.

HUTCHEON, L. 1990. Fringe interference: Postmodern border tensions. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics**. Michigan: The University of Michigan.

ISER, W. 1974. **Der Appelstruktur der Texte**. Konstanz: Konstanzer Universitätsreden 28.

JAUSS, H.R. 1967. **Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenschap**. In: Buursink et al. reds. 1978. **De wetenschap van het lezen**. Assen: Van Gorcum.

JOHL, RONÈL, 1987. Gedagtes oor volk en kritiek in die tagtigerjare. In **Spits** 3(1) Jul.: 32-45.

JOHNSON, PAUL. 1988. **Intellectuals**. London: Weidenfeld & Nicholson.

JONES, MANINA, 1990. The avenues of speech and silence. Telling difference in Joy Kogawa's *Obasan*. In: Kreiswirth, M. & Cheetham, M. **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics**. Michigan: The University of Michigan.

JONKER, W. D. 1993. Demokrasie en godsdiens. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe**. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 33(4) Des.: 319-327.

JORDAAN, G. 1940. *Só het hulle gesterf!* ( Hutton, M.C. vert.). Kaapstad: HAUM-boekhandel.

JOUBERT, D. 1985. Ons politieke werklikhede. In: Malan, C. & Smit, B. *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 84-94.

JOUBERT, Elsa. 1985. 'n Bietjie geestesenergie. In: Malan, C. & Smit, B. *Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 137-140.

KANNEMEYER, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur II*. Pretoria: Academica.

KANNEMEYER, J.C. 1993. Brink-roman in die klas van sy bestes. *Insig Sept.*: B5.

KEUNING, D. 1973. *Algemene sisteemteorie, sisteembenadering en organisasietheorie*. Leiden: H.E. Stentert Kroese.

KLOPPER, H.B. 1987. *Mediareg*. (Vierde Uitgawe.) Pretoria: J.L. van Schaik.

KÖNIG, A. 1989. Apartheid het SA in sulke geselskap laat beland. *Insig Sept.*: 22-23.

KRAMARAE, C. et. al. 1984. Introduction: toward an understanding of language and power. In: Kramarae, Schultz & O'Barr (eds.), pp. 9-22.

KRAMER, N.J. & DE SMIT, J. 1977. *Systems thinking. Concepts and notions*. Leiden: Marthinus Nijhoff Social Sciences Division.

KREISWIRTH, M. & CHEETHAM, M. (eds.). 1990. *Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics*. Michigan: The University of Michigan.

KRITZINGER, J.N.J. 1990. Wit bevryding: 'n Teologiese perspektief. **Die Suid-Afrikaan Jun.**: 30.

LANE, W. 1986. **Kelsey Stuart's newspaperman's guide to the law.** Durban: Butterworth.

LANGLAND, E. 1984. **Society in the novel.** London: The University of North Carolina Press.

LASLET, P. & RUNCIMAN, W.G. 1972. **Philosophy, politics and society.** (Second series). Oxford: Basil Blackwell.

LEFEVERE, ANDRÉ. 1977. **Literary knowledge. A polemical and programmatic essay on its nature, growth, relevance and transmission.** Assen: Van Gorcum.

LEFEVERE, ANDRÉ. 1981-1982. Wetenskapelike studie van literatuur. **Streven** 49(10), pp. 941-947.

LERNER, L. 1982. **The literary imagination: Essays on literature and society.** Sussex: The Harvester Press.

LEROUX, ETIENNE. 1962. **Sewe dae by die Silbersteins.** Kaapstad: Human & Rousseau.

LEROUX, ETIENNE. 1976. **Magersfontein, o Magersfontein!** Kaapstad: Human & Rousseau.

LEROUX, ETIENNE. 1984. In gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25e bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers. **Tydskrif vir Letterkunde** XXII(4) Nov.: 52-62.

LE ROUX, ETIENNE. 1985a. Credo van 'n skrywer - 'n toekomstblik: Die reg om te sê Nee! In: Malan, C. & Smit, B. **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 75-79.

LE ROUX, ETIENNE. 1985b. Vervreemding tussen leser en skrywer. In: Malan, C. & Smit, B. **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 149-153.

LE ROUX, ANDRÉ. 1980. **Te hel met ouma: 'n fotoverhaal**. Emmarentia: Taurus.

LE ROUX, FRANS. 1988. Die mens agter die stereotipe. **De Kat** Feb.: 110.

LEWIS, VALERIE. 1966. André P. Brink on sex. **Standpunte** 20(1) Okt.: 58-60.

LIEBENBERG, W. 1989a. Wie word verdink? **De Kat** Mei: 95-97.

LIEBENBERG, W. 1989b. (Brief). Skrywer en werklikheid. **De Kat** Jun.: 4-5.

LIEBENBERG, W. 1993. **As die nood hoog is**. Groenkloof: HOND.

LIJPHART, T. 1981. Kennis of pure leuens? **Standpunte** 34(1) Feb.: 59-66.

LIJPHART, T. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte** XXXVI(5) Okt.: 21-24.

LINDENBERG, A. 1982/51. André P. Brink. In: Nienaber, P.J. (red.). **Perspektief en profiel**. Johannesburg: Perskor, pp. 675-698.

LOADER, J.A. 1988. Die wol om die waarheid van die volksedes. **Insig** Sept.: 58-59.

LOMBARD, JEAN. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte** XXXVI(5) Okt.: 24-27.

LOUW, ANNA M. 1956. **Onverdeelde uur**. Bloemfontein & Kaapstad. Nasionale Boekhandel.

LOUW, CHRIS. 1987. Dakar - 'n persoonlike verslag. **De Kat** Sept.: 37-43.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1941. **Raka**. Kaapstad. Nasionale Pers.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1958. **Swaarte- en ligpunte**. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1972. **Die pluimsaad waai ver**. Kaapstad: Human & Rousseau.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1986a. **Versamelde prosa 1**. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Bpk.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1986b. **Versamelde prosa 2**. Kaapstad: Human & Rousseau (edms.) Bpk.

LUCAS, C. 1972. **The partition and colonization of Africa**. New York: Howard Fertig.

MACMILLAN, W.M. 1968. **The Cape colour question: A historical survey**. Cape Town: A.A. Balkema.

MALAN, C. 1982a. Voorwoord in: Galloway, F. 1982. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1980**. Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

MALAN, C. 1982b. Die Afrikaanse letterkunde vandag; in vergelyking met die situasie 'n halfeeu gelede. **Tydskrif vir Letterkunde** XX(3) Aug.: 55-60.

MALAN, C. 1983a. Goeie gewilde prosa - 'n terreinbeskrywing. **Tydskrif vir Letterkunde** XXI(3) Aug.: 14-27.

MALAN, C. (red.). 1983b. **Letterkunde en leser. 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoek.** Pretoria: Butterworth.

MALAN, C. 1983c. Voorwoord in: Galloway, F. 1983. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1981.** Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

MALAN, C. 1985a. Skrywer versus politikus. In: Malan & Smit, B. (reds.). 1985. **Skrywer en gemeenskap.** Pretoria: HAUM-Literêr.

MALAN, C. 1985b. Voorwoord in: Galloway, F. 1985. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1982.** Johannesburg: Ad. Donker (Edms.) Beperk.

MALAN, C. 1986. André P. Brink en ideologie: uit die ivore toren na die strydperk. **Standpunte** 39(1) Feb.: 12-19.

MALAN, C. 1987a. Voorwoord in: Galloway, F. 1987a. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1983.** Pretoria: HAUM-Literêr.

MALAN, C. (red.). 1987b. **Ras en literatuur.** Pinetown: Sigma Press (Pty) Ltd.

MALAN, C. 1988a. Nie veel is geleer uit heksejagte. **Insig** Mrt.: 54-55.

MALAN, C. 1988b. Bobbejaan klim die berg. **Insig** Sept.: 46-48.

MALAN, C. 1989. Voorwoord in: Galloway, F. 1989. (samest.). **S.A. Literature / S.A. Literatuur 1984.** Pretoria: HAUM-Literêr.

MALAN, C. 1990a. Die ideologie van eenheid by die konseptualisering van die Suid-Afrikaanse letterkunde. **Stilet** II(2) Sept.: 25-40.

MALAN, C. 1990b. Politiek? Ja, nog altyd. **Insig** Jun.: 12.



MALAN, C. & SMIT, B. (reds.). 1985. **Skrywer en gemeenskap**. Pretoria: HAUM-Literêr.

MARITZ, M. 1939. **My lewe en strew**e. Pretoria: Die skrywer.

MEER, FATIMA. 1988. **Higher than hope: Rolihlahla we love you**. Johannesburg: Blackshaws (Pty) Ltd.

M.E.R. 1945. **Na vaste gange**. Kaapstad: Nasionale Pers.

MILES, J. 1978. **Donderdag of Woensdag**. Emmarentia: Taurus.

MILES, J. 1985. Afrikaans: sy gebruikers en manipuleerders. In: Malan, C. & Smit, B. **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 95-105.

MILTON, LAURA. 1988. Erotiek en seksualiteit in 'n Oomblik in die wind. In: Senekal, Jan. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink**. Kenwyn: Juta lit., pp. 229-260.

MOFOLO, THOMAS. 1925. **Chaka**. Morija: Morija Sesuto Book Depot.

MOODIE, T DUNBAR. 1975. **The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion**. Los Angeles: University of California Press.

MORRIS, C. 1971. **Writings on the general theory of signs**. The Hague: Mouton.

MPHAHLELE, ES'KIA. 1992. Landmarks of literary history: A black perspective. In: Chapman, M., Gardner, C. & Mphahlele, Es'kia. 1992. **Perspectives on South African English literature**. Parklands: Ad. Donker (Pty) Ltd., pp. 37-59.

MULLER, PIET. 1989. Verby apartheid se seer en terug. **Insig Sept.**: 10-11.

- MULLER, C.F.J. 1990. **Sonop in die suide**. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- NETHERSOLE, REINGARD. (ed.). 1991. **Emerging literatures**. New York: P. Lang.
- NIENABER, P.J. 1951. **Perspektief en profiel**. Johannesburg: Perskor.
- NIENABER, C.J.M. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte XXXVI(5) Okt.:** 28-31.
- NIENABER, G.S. (samest.) 1984. **Vroeë opvattinge oor Afrikaans as taal**. Johannesburg: Perskor.
- OLIPHANT, ANDRIES WALTER. 1992. Swart literatuur in Suid-Afrika. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 514-525.
- OLIVIER, GERRIT. 1975. 'n Eerste verkenning van enkele aspekte van André P. Brink se kritiese werksaamhede. **Tydskrif vir Letterkunde** 13(4) Nov.: 66-81.
- OLIVIER, GERRIT. 1985. Die skrywersgilde sit vasgevang. **De Kat** Sept.: 144.
- OLIVIER, GERRIT. 1989. Die verantwoordelike debat. **Stet** 5(4) Mei: 2-4.
- OLSEN, S.H. 1987. **The end of literary theory**. New York: Cambridge University Press.
- ORPEN, C.E.M. 1970. Authoritarianism in an "authoritarian" culture: the case of Afrikaans-speaking South Africa. **The Journal of Social Psychology** Volume 81, first half. Massachusetts: The Journal Press. June: 119-120.
- PARSONS, T. 1985. Religion and the problem of meaning. In: Robertson, Roland (ed.). 1985. **Sociology of religion**. Middlesex: Penguin Books.

PATTERSON, SHEILA. 1957. *The last trek. A study of the Boer people and the Afrikaner nation.* London: Routledge & Kegan Paul Ltd.

PETERSON, A. 1969. *Albert Camus.* New York: Frederick Ungar Publishing Co.

PIENAAR, HANSIE. 1984. Die mites van sensuur. 2(2) Apr.: 5-8.

PIETERSE, HENNING. 1988. Skrywersgilde skop nog sterk. *Insig* Aug.: 38.

POLET, S. 1972. *Literatuur als werklikheid. Maar welke?* Amsterdam: De Bezige Bij.

POLLEY, J. (red.). 1973. *Die Sestigters. Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad. 12-16 Februarie.* Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

PONELIS, F.A. 1988. Afrikaans en taalversteuring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 28(2) Jun.: 119-149.

PONELIS, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In: Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid.* Pretoria: J.L. van Schaik.

PRETORIUS, RÈNA. 1972. *Die begrip intellektueel by N.P van Wyk Louw.* Publikasiereeks nr 26. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria: J. L. van Schaik.

PRETORIUS, W. 1984. *Storm Sevenster.* Johannesburg: Perskor.

PRETORIUS, W. 1989. Die verskuilde sensuur. *De Kat* Feb.: 90.

PRINSLOO, KAREL. 1987. 'n Taalplan vir Suid-Afrika? *Insig* Sept.: 24-25.

PUTH, G. (red.). 1989. **RSA 2000. Gesprek met die toekoms 9(2)**. Pretoria: Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

RABIE, JAN. 1956. **Een-en-twintig**. Kaapstad & Amsterdam: Balkema.

RABIE, JAN. 1958. **Ons die afgod**. Kaapstad & Amsterdam: Balkema.

RABIE, JAN. 1973. Skrywer en samelewing. In: Polley, J. (red.). **Die Sestigers. Verslag van die simposium oor die Sestigers gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad. 12 - 16 Februarie**. Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 161-164.

RABIE, JAN. 1978. Afrikaans en die Nasionale Party. (Brinkversameling, UOVS). Februarie.

RABIE, JAN. 1985. Is dit ons erns - in Afrika? In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). **Skrywer en gemeenskap. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 30-39.

RABIË, JAN. 1987. Minder Europa, meer Afrika. In: Malan, C. (red.). 1987. **Ras en literatuur**. Pinetown: Sigma Press (Pty) Ltd.

READINGS, B. 1990. Why is theory foreign? In: Kreiswirth, M. Cheetham, M. **Theory between the disciplines. Authority / Vision / Politics**. Michigan: The University of Michigan.

REILY, EILEEN. 1991. **Major political events in South Africa. 1948-1990**. New York: Factson File.

REITZ, F.W. 1984. Het "Barbaarsche Patois" (1880). In: Nienaber, G.S. (samest.) 1984. **Vroeë opvattinge oor Afrikaans as taal**. Johannesburg: Perskor.

RENDERS, L. 1988. **De apartheid op de korrel: De geëngageerde romans van André P. Brink.** In: Senekal, Jan. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink.** Kenwyn: Juta lit., pp. 119-133.

RIDGE, STANLEY G.M. 1981. New South African writing 1978-79. **Standpunte** 34(4) Aug.: 22.

RIES, ALF. 1989. Unieke situasie in SA politiek. **Insig** Mei: 9-10.

RILEY, EILEEN. 1991. **Major political events in South Africa, 1948-1990.** New York: Facts of File.

RIVE, R. 1982. Books by black writers. **Staffrider** 5(1), pp. 12-15.

ROBERTS, D.F. 1987. Television in the information revolution. **RSA 2000. Gesprek met die toekoms** 9(2). Pretoria: Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, pp. 18-23.

ROBERTSON, ROLAND (ed.). 1985. **Sociology of religion.** Middlesex: Penguin Books Ltd.

ROODT, PIET. 1987. Die Gilde: 'n Onmoontlike moontlikheid. **Insig** Sept.: 61.

ROOS, HENRIETTE. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte** XXXVI(5) Okt.: 34-38.

ROSS, R. 1983. **Cape of torments. Slavery and resistance in South Africa.** London: Routledge & Kegan Paul.

ROUSSEAU, LEON. 1978. Sensuur: 'n Uitgewer se siening. **Standpunte** 31(6) Des.: 54-56.

ROSSOUW, MABEL. 1991. **Ideologie en taalhandeling in enkele romans sedert 1980.** Ongepubliseerde proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

ROSSOUW, MABEL. 1992. Lesertipes. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 250-255.

RUDOLPH, H. 1984. **Security, terrorism and torture. Detainees' rights in South Africa and Israel: A comparative study.** Cape Town: Juta & Co. Ltd.

SATHYAMURTHY, T.V. 1983. **Nationalism in the contemporary world. Political and sociological perspectives.** London: Frances Pinter (Publishers).

SAUNDERS, C. 1988. **The making of the South African past: major historians on race and class.** Kaapstad: Philip.

SATRE, JEAN-PAUL. 1948. **Existentialism and Humanism.** (Mairet, P. transl.). London: Methuen.

SCHOLTZ, J. DU P. 1980. **Wording en ontwikkeling van Afrikaans.** Kaapstad: Tafelberg.

SCHOLTZ, M.G. 1992. Roman. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 437-446.

SEGERS, R.T. 1978. **The evaluation of literary texts: an experimental investigation into the rationalization of value judgments with reference to semiotics and esthetics of reception.** Lisse: Peter de Ridder.

SENEKAL, JAN. 1983. **Resepsie - 'n terreinverkenning.** In: Malan, C. (red.). 1983. **Letterkunde en leser. 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke.** Pretoria: Butterworth.

SENEKAL, JAN. 1987. Literatuuropvatting: 'wese' en 'waarhede' van 'n nuwe literêre teorie. *Acta Academica* Reeks c no. 12. Bloemfontein: UOVS.

SENEKAL, JAN. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink.** Kenwyn: Juta lit.

SEROTE, M.W. 1975. **No baby must weep.** Johannesburg: Donker.

SEYFFERT, M.C.A. 1970. **Die vrouekarakters in die "eksperimentele" prosa van André P. Brink.** Ongepubliseerde verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

SINGER, C.G. 1974. **John Calvin: His roots and fruits.** Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.

SLABBER, COENIE. 1995. 'n Profeet wat nie hoef te bloos. *Insig* Mei: 12-14.

SMALL, ADAM. 1974. **Oos Wes Tuis Bes, Distrik Ses.** Kaapstad: Human & Rousseau.

SMALL, ADAM. 1979. **Heidesee.** Johannesburg: Perskor.

SMIT, B. 1964. Abel Coetzee en die drogbeeld van die Sestigters. *Sestiger* 1(2) Feb.: 1-9.

SMIT, B. 1968. André P Brink tussen sestig en sewentig. *Kol* 1(1) Aug.: 5-8.

SMIT, B. & MALAN, C. (reds.). 1985. **Skrywer en gemeenskap.** Pretoria: HAUM-Literêr.

SMITH, GRAHAME. 1984. **The novel and society: Defoe to George Elliot.** London: Batsford Academic and Educational Ltd.

SMITH, J.A. 1939. **Ek rebelleer!** Kaapstad: Nasionale Pers.

SMITH, KEN. 1988. **The changing past: Trends in South African writing.** Johannesburg: Southern Book Publishers.

SMITH, M.E. 1988. Die vorming van 'n verwikkelde weefwerk: teksproduksie van Kennis van die aand. In: Senekal, Jan. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink.** Kenwyn: Juta lit., pp. 200-212.

SMUTS, J.P. 1993. "Liefs nie op straat nie" (John Miles). **Tydskrif vir Letterkunde** XXX(3) Aug.: 104-110.

SNYMAN, N.J. 1969. **Misvattinge oor die literatuur in Afrikaans soos weerspieël in vier polemieke - 'n historiese oorsig.** Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria.

SNYMAN, HENNING. 1983. Die Afrikaanse literêre kritiek vandag. **Standpunte** XXXVI(5) Okt.: 39-42.

STEENBERG, D.H. 1972. **Sestigerproblematiek: Aanleiding tot 'n Christelike literatuurbeskouing en kritiek.** D.litt.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

STEENBERG, D.H. 1975. **Sestigerproblematiek.** Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A: Geesteswetenskappe, no 20.

STEENBERG, D. H. 1982. Literatuur en konteks. **Tydskrif vir Letterkunde** 20(1) Febr.: 36-47.

STEENBERG, D. H. 1992. Literatuur en lewensbeskouing. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 260-262.



- STEENKAMP, E. 1941. **Helkampe**. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- STEYN, J.C. 1980. **Tuiste in eie taal**. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.
- STEYN, J.C. 1987a. **Trouwe Afrikaners**. Goodwood: Tafelberg.
- STEYN, J.C. 1987b. Afrikaans kwyn onder privatisering. **Insig Okt.**: 12-14.
- STEYN, J.C. 1989. Afrikaans in die politieke magstryd. **Insig Mei**: 42-43.
- STEYN, J.C. 1992. (Beukes, W.D., red.). **Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990**. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- STOCKENSTRÖM, WILNA. 1978. **Die laaste middagmaal: 'n toneelstuk**. Johannesburg: Taurus.
- STRAUSS, JOHAN. 1988. Die reg as bewaker van sedes. **Insig Mrt.**: 52-53.
- STRAUSS, P.J. 1995. Abraham Kuyper, Apartheid and the Reformed Churches in South Africa in their Support of Apartheid. **Theological Forum XXIII(1) Mrt.**: 4-27.
- STRACHAN, ALEXANDER. 1985. Die Suid-Afrikaanse prosa vandag: ingesteldheid in die tagtigerjare. **Tydskrif vir Letterkunde XXIII(4) Nov.**: 79-81.
- SWANEPOEL, C.F. 1991. Suid-Afrika: Afrika-letterkunde. **Tydskrif vir Geesteswetenskappe 31(2) Jun.**: 172-184.
- THOMPSON, J. B. 1984. **Studies in the theory of ideology**. Los Angeles: University of California Press.
- THOMPSON, L.M. 1966. **Politics in the Republic of South Africa**. Boston: Little, Brown and Company.

TOERIE, BAREND J. 1987. Die loonstraf verwyf oor Gilde. **Die Suid-Afrikaan** Jan.: 40.

TOMASELLI, K. 1989. **Rethinking culture**. Bellville: Anthropos Publishers.

TOMASELLI, K.G. & MULLER, J. 1992. Literary encounter and cultural studies: from text to context. In: Chapman, M., Gardner, C. & Mphahlele, Es'kia. 1992. **Perspectives on South African English literature**. Parklands: Ad. Donker (Pty) Ltd, pp. 475-483.

TREURNICHT, A. P. 1965. Die liberalisme in die godsdiens. In: Conradie, D. J. (voors.). 1965. **Die liberalisme**. Kongres oor openbare sedelikheid. NG-Kerk, OVS. 3-4 Sept.: 13-21.

TYNJANOV, J. 1927. Über die literarische Evolution. In: Striedter J. (Hrsg). **Texte der russischen Formalisten**. München: Fink, pp. 433-461.

TYNJANOV, J. 1971. On literary evolution. In: Matekja, L & Pomorska, K. **Readings in Russian poetics: Formalist and Structuralist views**. Cambridge: MIT Press.

TYSON, HARVEY. et al. 1993. **Editors under fire**. Sandton: Random House.

UNGERER, C.E. 1969. Aspekte van die prosa van André P. Brink met besondere verwysing na die vernuwings-elemente in sy jonger romans. Ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Pretoria.

URE, JOHN. 1977. **Prince Henry the navigator**. London: Constable.

VAN COLLER, H. P. 1988. Die historisiteit van die literêre werk met verwysing na **Houd-den-hek**. In: Senekal, Jan. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink**. Kenwyn: Juta lit., pp. 166-199.

- VAN COLLER, H. P. 1990a. Afrikaanse literatuur oor die gewapende konflik in SWA. *Acta Academica* 22(4) Des.: 74-91.
- VAN COLLER, H. P. 1990b. Magersfontein: die dokumente. *Tydskrif vir Letterkunde* XXVIII(4) Nov.: 87-89.
- VAN COLLER, H.P. 1990/6. *Tussenkoms*. Pretoria: HAUM.
- VAN COLLER, H. P. 1992. Grensliteratuur. pp. 153-156. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- VAN COLLER, H.P. 1995. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die polotiek en sosiale werklikhede in Suid-Afrika. *Stilet* VII(2) Sept.: 22-31.
- VAN DER ENT, H. 1982. *Literatuur en christelik perspektief*. Nederland: Uitgeverij Bockencentrum B.V. 's-Gravenhage.
- VAN DER LINDE, I. 1990. Politieke ontvlugting nou in kerk te bespeur. *Insig* Apr.: 19-20.
- VAN DER MERWE, C.N. 1994. *Breaking barriers: Stereotypes and the changing values in Afrikaans writing 1875-1990*. Amsterdam: Rodopi.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. (red.). 1969. *Inleiding tot die taalkunde*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- VAN DER MERWE, H.J.J.M. 1970. *Herkoms en ontwikkeling van Afrikaans*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- VAN DER MERWE, H.W., ASHLEY, M.J., CHARTON, N.C.J. & HUBER, B.J. 1974. *White South African elites*. Cape Town: Juta & Company Ltd.

VAN DER MERWE, P.P. 1983. Leser, letterkunde en sensuur. In: Malan, C. (red.). 1983. *Letterkunde en leser. 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke.* Durban: Butterworth, pp. 153-170

VAN DER SPUY, H.I.J. (red.). 1978. *The psychology of apartheid: A psychosocial perspective on South Africa.* Washington DC: University Press of America, Inc.

VAN DER WALT, P.D. 1973. Die prosa van die Sestigters. In: Polley (red.). *Die Sestigters. Verslag van die simposium oor die Sestigters gehou deur die Departement Buitemuurse Studies van die Universiteit van Kaapstad. 13 - 16 Feb.* Kaapstad: Human & Rousseau, pp. 42-49.

VAN DER WATT, Flip. 1987. Kerkskeuring: Die Afrikaner se kos! *Insig* Aug.: 14.

VAN HEERDEN, ERNST. 1969. *Nasionalisme en literatuur.* Intreerede aan die Universiteit van die Witwatersrand. 3 Oktober. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

VAN HEERDEN, ETIENNE. 1981. Is die Tagtigters vervreemd? *Tydskrif vir Letterkunde* XIX(2) Mei: 7-9.

VAN HEERDEN, ETIENNE. 1994. Die skrywer as historiograaf. *Tydskrif vir Letterkunde* XXXII(3) Aug.: 1-15.

VANHESTE, BERT. 1981. *Literatuursociologie: Teorie en metode.* Assen: Van Gorcum.

VAN JAARSVELD, F.A. 1975. *From Van Riebeeck to Vorster. 1652 -1974. An introduction to the history of the Republic of South Africa.* Johannesburg: Perskor Publishers.

VAN JAARSVELD, F.A. 1981. *Wie en wat is die Afrikaner?* Kaapstad: Tafelberg.

- VAN JAARSVELD, F.A. 1984. **Omstrede Suid-Afrikaanse verlede: Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk.** Johannesburg: Lex Patria.
- VAN JAARSVELD, F.A. 1989. Hervertolking in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. **Tydskrif vir geesteswetenskappe.** Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. 29(4) Des.: 279-290.
- VAN LUXEMBURG, J. e.a., 1985. **Inleiding in de literatuurwetenschap.** Muiderberg: Dick Coutinho.
- VAN RENSBURG, A.P.J. 1979. **Die nuwe Afrika.** Pretoria: HAUM-Literêr.
- VAN RENSBURG, C. S. 1987. Dramadepartemente sleg in kollig. **Insig Nov.:** 14.
- VAN RENSBURG, F.I.J. 1990. **Sensuur: Die stryd om 'n vrye verantwoordelike letterkunde.** Johannesburg: Perskor.
- VAN ROOYEN, J.C.W. 1978. **Publikasiebeheer in Suid-Afrika.** Kaapstad: Juta & Kie, Beperk.
- VAN WYK, A.J. 1969. **Die kolonialisering van Afrika.** Pretoria: Afrika-instituut van Suid-Afrika.
- VAN WYK, 1986. Biografie van André P. Brink. (Brinkversameling, UOVS).
- VAN WYK, AT. 1991. Verraaiers of redders van die Afrikaner? **Insig Feb.:** 10-11.
- VAN ZOEST, AART. 1978. **Semiotiek: over tekens, hoe ze werken en wat we ermee doen.** Baarn: Ambo.
- VAN ZYL, I. 1988. Die "fenomeen" André P. Brink: Teoretikus / Skrywer / Kritikus. In: Senekal, Jan. (red.). 1988. **Donker weerlig: Literêre opstelle oor die werk van André P. Brink.** Kenwyn: Juta lit., pp. 12-39.

VENTER, E.A. 1983. **Ons geskiedenisalbum: bakens op die pad van Blank Suid-Afrika aangebied in woord en beeld.** Potchefstroom: E.A. Venter.

VERWOERD, E. 1985. 'n Oproep tot deelname. In: Boshoff, A. (red.). 1985. **Die Afrikaner se hoop leef.** Pretoria: Afrikanervolkswag.

VILJOEN, H.M. 1985. **Die Suid-Afrikaanse romansisteesem anno 1981. 'n Vergelykende studie.** D.Litt.-proefskrif. Potchefstroom: Wetenskaplike bydraes van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Reeks A55: Geesteswetenskappe.

VILJOEN, H.M. 1992. Evaluering (literêre), pp. 110-117. Sisteesem (literêre), pp. 495-497. Literatuursosiologie, pp. 275-280. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr.

VILLA-VICENCIO, C. 1988. **Trapped in Apartheid.** Cape Town: David Philip Publishers.

VISSER, NICK. 1992a. Censorship and literature. In: Chapman, M., Gardner, C. & Mphahlele, Es'kia (eds.). 1992. **Perspectives on South African English literature.** Parklands: Ad. Donker (Pty) Ltd, pp. 484-496.

VISSER, NICK. 1992b. Fictional projects and the irruptions of history: Mongane Wally Serote's **To every birth its blood.** In: Chapman, M., Gardner, C. & Mphahlele, Es'kia (eds.). 1992. **Perspectives on South African English literature.** Parklands: Ad. Donker (Pty) Ltd, pp. 422-433.

VODICKA, F. 1964. The history of the echo of literary works. In: Garvin, P.L. (ed.). **A Prague school reader on esthetics, literary structure and style.** Washington: Georgetown University Press.

VODICKA, F. 1976. **Die Struktur der literarischen Entwicklung.** München: Fink.

VON BERTALANFFY, L. 1973. **General System Theory**. Middlesex: Penguin Books Ltd.

WEBB, VICTOR. 1995. Die multikulturele onderrig van Afrikaans. In: **'n Man van woorde: Feesbundel vir Louis Eksteen**. Pretoria: J.L. van Schaik.

WELLEK, R. and WARREN, A. 1954. **Theory of literature**. London: Jonathan Cape.

WILLEMSE, HEIN. 1985. Poësie se nie-hegemoniese vorm. In: Malan, C. & Smit, B. (reds.). 1985. **Skrywer en gemeenskap**. Pretoria: HAUM-Literêr, pp. 227-230.

WILLEMSE, HEIN. 1993. Die beeldvorming van Piet Uithalder in die A.P.O. (1909-1922). **Stilet** V(2) Sept.: 63-76.

ZIETSMAN, P.H. 1992. **Die taal is gans die volk**. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

## OPSOMMING

Uit hoofstuk 1, wat die teoretiese raamwerk van hierdie ondersoek as tema het, word dit duidelik dat hierdie studie hom toespits op die teksesterne. Die teksinterne van Brink se werke is 'n terrein wat al deeglik uitgetrap is deur vele navorsers. Meer as twintig verhandelinge en proefskrifte oor teksinterne aspekte van Brink se werke het reeds die lig gesien.

Daar word in hierdie ondersoek gefokus op die rol wat Brink gespeel het van ongeveer 1960 tot 1990 binne die Afrikaanse literêre sisteem en sisteme wat in interaksie met die Afrikaanse literêre sisteem was. Die interaksie tussen die literêre sisteem en die politieke, religieuse en samelewingsisteme word deurgaans betrek.

In hoofstuk 2 word daar aandag gegee aan die geskiedkundige feit dat Brink se **Kennis van die aand** (1973) die eerste Afrikaanse verbode roman na die 1963-wetgewing is. Met hierdie werk het Brink 'n aandeel gehad aan die polariserings binne die Suid-Afrikaanse sisteme, waarna tradisionele beskouings in Afrikanerkringe al meer onder bespreking gekom het. Brink en ander skrywers sowel as die media neem die funksie van die kerk oor om die gemeenskap se gewete aan te spreek. Tydens die noodregulasies in die apartheids-era en in die tyd toe perssensuur op sy hewigste was, het die skrywer dit op hom/haar geneem om die publiek in te lig oor die toestande in die land waaroor die media moes swyg. Sodoende het die letterkundige werke nuwe funksies bygekry. Die inmenging van die Staat in die vorm van die verbod op **Kennis** het direk aanleiding gegee tot die ontstaan van subsisteme binne die Afrikaanse literêre sisteem. Die verbod op **Kennis** gee byvoorbeeld aanleiding tot die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde. Die Gilde het dikwels as verhoog gedien vir Brink se uitsprake.

Hoofstuk 3 gee 'n blik op hoe die strewe na nasionale eenheid vanaf die middel sewentigerjare al meer versplinter het in uiteenlopende politieke belange, sosiale verantwoordelikhede, kerklike aangeleenthede, verskillende toekomsvisies oor Afrikaans en oor hoe nuwe stemme oor sake soos volk en kultuur opgegaan het. Die grense rondom die Afrikanersisteme het in die proses al verder uitgeskuif (vgl. hfst.



4), wat 'n onmiskenbare uitwerking op die Afrikaanse literêre sisteem gehad het. In die tagtigerjare is die Afrikaanse literêre sisteem in groter wisselwerking met die ander sisteme.

Hoofstuk 5 handel oor Afrikaans as sisteemgrens. In die negentigerjare lyk dit of die grense van die Afrikaanse sisteem ook uitgeskuif word om ander vorme van Afrikaans te akkommodeer. Afrikaans kry al meer die kleur van 'n taal van opstand. Met die amptelike status van elf tale in Suid-Afrika vanaf 1994 ontstaan die vraag of Afrikaans sy dominasie op die gebied van literêre sisteme in die land gaan inboet.

As skrywer, letterkundige, vertaler, denker, vernuwer, nuusmaker, internasionale figuur, kortom as fenomeen, het Brink gedurende die afgelope sowat twee dekades geweldig teenstrydige reaksies ontlok as gevolg van sy innoverende denke. Die teenstrydige reaksies verteenwoordig die verdeeldheid in Afrikanergeledere. Van Brink se werke het kulturele, etiese en sosio-politieke implikasies ingehou wat polariserings binne die media, die kerk en die publiek tot gevolg gehad het. Hierdie polariserings kan nie los gesien word van die konfliktsituasie wat deel is van 'n ewoluerende politieke sisteem nie. Brink se vernuwings en radikale uitsprake in die apartheidsera van die sestiger- en sewentigerjare, en sy deelname aan die Lusaka-samesprekings in die laat tagtigerjare dra by tot die verskuiwing van bakens sodat nuwe gesprekke oor die literêre sisteem en die sisteme wat daarmee in interaksie is, gevoer kon word. In die sestiger- en sewentigerjare is die verdeeldheid hoofsaaklik tussen die verskillende sisteme en in die tagtigerjare binne sisteme self.

Die kontroversie wat Brink al so lank omring, die heftige aard van reaksies en polemieke in die media verteenwoordig nie net die polariserende kragte binne Suid-Afrika se verskillende sisteme en subsisteme nie, maar ook die stereotipe sienings binne die verskillende Afrikaanse sisteme.

## SUMMARY

It is evident from chapter 1, which sets out the theoretical framework of this research, that the focus will be placed on the extratextual domain. The intratextual aspects of Brink's works constitute a field that has already been researched thoroughly by numerous students. More than twenty dissertations and theses have been published on this subject.

This investigation concentrates on the role Brink played from about 1960 to 1990 in the Afrikaans literary system and systems that interacted with it. The interaction between the literary system and the political, religious and social systems is taken into account throughout the research.

Chapter 2 focuses on the historical fact that Brink's *Kennis van die aand* (1973) was the first Afrikaans novel banned after the 1963 legislation. With this work, Brink contributed to the creation of polarisations within the South African systems, as a result of which traditional views in Afrikaner circles increasingly came under discussion. Brink and other authors, together with the media, took over the church's function of addressing social conscience. During the period of emergency regulations in the apartheid era and the time when press censorship was most stringent, authors took it upon themselves to inform the public about the conditions in the country which the media were not allowed to disclose. In this way, literary works gained new functions. The State's interference in the form of the ban on *Kennis* gave rise directly to the emergence of subsystems within the Afrikaans literary system. For example, the ban on *Kennis* resulted in the establishment of the Afrikaanse Skrywersgilde, which often served as a platform for Brink's views.

Chapter 3 shows how, from the middle seventies, the striving for national unity increasingly split up into divergent political interests, social responsibilities, ecclesiastical matters and different visions of the future of Afrikaans. New voices were heard about matters such as nation and culture. In the process, the boundaries surrounding the Afrikaner system were gradually extended (see chapter 4), which had

an unmistakable influence on the Afrikaans literary system. In the eighties, there was greater interaction between the Afrikaans literary system and the other systems.

Chapter 5 deals with Afrikaans as system boundary. In the nineties, it seems that the boundaries of the Afrikaans system are also being extended to accommodate other forms of Afrikaans. Afrikaans is being perceived increasingly as a language of rebellion. The fact that eleven languages were granted official status in South Africa in 1994 means that Afrikaans may have to surrender its dominance in the field of literary systems in the country.

As a writer, literator, translator, theorist, innovator, newsmaker and international figure, in fact, as a phenomenon, Brink's innovative thinking elicited extremely conflicting reactions during the past two decades, which were characterised by numerous changes. These conflicting reactions represent the deep divisions in Afrikaner ranks. Some of Brink's works had cultural, ethical and socio-political implications that created polarisations within the media, the church and the public. These polarisations are an integral part of the conflict situation that arises from an evolving political system. Brink's innovative ideas and radical views during the apartheid era of the sixties and seventies and his participation in the Lusaka talks in the late eighties, contributed to a change in course so that new discussions could take place about the literary system and the systems interacting with it. In the sixties and seventies, the division lay mainly between the different systems, and in the eighties within the systems themselves.

The controversy that has surrounded Brink for so long, the vehement nature of reactions and polemic issues in the media not only represent the polarising forces at work in South Africa's different systems and subsystems, but also the stereotypical views within the different Afrikaans systems.

